University of Cape Town

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

# Spieël in 'n raaisel

University of Cape Town

**Rachelle Greeff**

*The story is everything.*

Carl Gustav Jung

*For now we see through a glass, darkly.*

Paul the apostle

University of Cape Town

## Een

Toe hulle oor Saldanhabaai vlieg, kantel die vliegtuig na regs. Wim kliek sy veiligheidsgordel vas; hulle land oor tien, twaalf minute.

Hy kyk verby die Taiwanese meisie wat van Heathrow langs hom by die venster sit en haar gladde hare kam. Sy kry 'n digitale kamera uit die sak by haar voete sonder om haar oë van die reghoekie glas langs haar te haal en bêre die haarborsel in sy plek. Tussen die donker borsels sit skilfers.

Hy moet effens vorentoe leun om verby haar te sien. Vir 'n oomblik is die staalhawe in die kajuitvenster geraam. Nege, tien visserskuite stip die water. 'n Eiland, bar en droog, sit soos 'n vrat. Die 747 se skaduwee glip oor die lagune se stil vlekke. Die silwerwit dele is sandbanke; hy weet, hy het al hier geseil. Regs lê visserhuisies, drie lotte, waar mens soms koeie in die vlak seewater sien wei: Churchaven, Stofbergsfontein, Skrijwershoek. Die afskynsel van die vliegtuig is 'n pterodaktiel. Hy span sy membraanvlerke oor die Jurassiese moeras waar meeue nou onsigbaar sweef.

"You happy you home?" vra die Taiwanese meisie toe hulle die soom van die strandveld oorsteek en Wim sy oerreptiel agterlaat. Die lagune stop nie skielik nie, hy onthou, dit syfer weg in die hoogwaters en springgetye se opdrifsel op die sand. Hier is die see 'n meer en sy uitspoegsels beskeie: skerwe seepampoentjie, flertse seegras groen en wit, 'n seesterretjie se veer, die knyper van 'n krap.

Die opkomende herfsson tint nog net die boonste kranse van Tafelberg. Die vinnig veranderde lig laat die berg dryf soos 'n Noorkapper onder seegras en skulp.

"I'm not sure." Dis die waarheid, maar hopeloos te intiem. Hy kry onmiddellik spyt, en slaan 'n ander koers in en sê die spits kop regs is Leeukop; die linkerbergie Duiwelspiek.

"But it is the Table Mountain?" Sy wil doodseker wees voor sy haar kamera lig.

Ja, ja. Table Mountain.

University of Cape Town

Wim is 'n grafiese kunstenaar wat toenemend konsentreer op spotprente. Al is hy jonk, nog nie dertig nie, verplaas hy reeds baie van dit wat hy sien in sy kop na wit papier. Op dié reghoekige velle raak die kleine grotesk, die letsel belaglik, die gewigtige verspot. Asof hy die werklikheid eers moet vervorm en dan kan verteer. Wanneer hy teken, vlieg sy hande, gewigloos, net millimeters bo die papier. Dan praat hy nie. En niks aan hom - nie die vorm van sy mond of die uitdrukking in sy oë - spot nie.

Hy was vir amper drie jaar uit die land. In dié tyd het hy met die hulp van kontakte gewerk waar hy kon: Köln, Amsterdam, Londen. In Rome het hy meesterklasse bygewoon by Toni Domenica, veteraan van grafiese spotters. "A new democracy," het Domenica verklaar, "deserves the honour of being mocked incessantly. The artist must be the tootache, mal di dente. You have to return."

In Italië het sy ma vir hom kom kuier. Dit was meer as 'n jaar gelede. Hulle het 'n Fiat gehuur en vir twee weke deur die land gereis. Van Rome tot in Firenze en vandaar verder suid, na die Cinque Terre waar kusdorpies aan kranse hang. Van hier is hulle weer binneland toe om uiteindelik aan te kom in Milaan, waar sy ma materiaal wou kry en 'n bepaalde modevertoning bywoon. In Lerici (waar die digter Shelley, volgens hul toeristebrosjures, verdrink terwyl hy seil) het hulle stry gekry. Sy ma wou nie hoor wat hy vir haar probeer sê nie. Jy kan kwalik dinge versteek as jy vir veertien dae saam met iemand reis in 'n klein motortjie, drie maaltye per dag saam eet en onder dieselfde dak slaap. Iewers moes hulle selfs 'n kamer deel. Hy het nie vir haar geskreeu of haar aan haar skouers geskud totdat haar nek klap nie - dis die beelde wat voor sy blinde oë geflits het - maar sy hande het onbeheersd gebewe. Soos die ou man wat hy eenkeer in die biblioteek gesien het. Die man het probeer om 'n boek uit die rak te haal, maar sy hand het bly wegspring van die boek se rug. Toe het hy sy linkerhand opgelig om sy regterhand te help. Hy sal dit nooit vergeet nie: die hortende dans van die twee hande. My een hand, het hy gedink, is my woede; die ander my onvermoë.

University of Cape Town

Eers in Venesië, waar dit heeltyd gereën het, het die spanning weggesyfer. Die massas grys waterwolke van bo uit die hemel en van onder uit die kanale het hulle nog nader aan mekaar gedruk. Hier het sy 'n belofte gemaak. Of sy dit gehou het, sal hy nou sien. Nee, nie sien nie, geleidelik agterkom.

Toe die vliegtuig land, kan die deure nie oop nie. Presies hoekom word nie gesê nie, net verskoning gemaak vir die vertraging. Die meeste van die mense pak die paadjies ongeduldig toe. Daar's niks wat hom jaag nie. Hy bly sit, en die wêreld van sy terugkeer draai voor hom soos die film gisteraand in die ruim bo Afrika.

Voor hy laas hier weg is, het hy en sy ma gaan fliek en agterna gaan koffie drink. Voor die glaskas met die koeke het hulle getwyfel, maar uiteindelik besluit op twee verskillende snye dat hulle mekaar s'n kan proe. Hulle het weer gelag oor die Joego-Slawiese dwergbruid van die fliek wat onder 'n boks rondkruip en só vir ewig ontsnap van haar onuitstaanbare bruidegom. Hierna het hulle by die vensters van die winkelsentrum verbygedrentel; hul eintlike mikpunt die boekwinkel. 'n Ordinêre ma en haar gewone seun.

Eers agterna het hy besef dis weer sulke tyd.

Sy't 'n rustige, redelik sagte stem. Mense sê sy's stil. Nie skaam nie, net iemand wat nie onnodig praat nie, maar een van die voortekens is juis versteek tussen die vokale en die tweeklanke, die woorde en die frases wat sinne maak. Om dit op te tel, moet jou luister soos papier tussen twee Lego-blokkies kan inskuif.

Dis of sy aanvanklik méér praat, ook ietwat vinniger. Sy sal hom nie een keer nie, maar twee of drie keer vra of hy genoeg geëet het. Of hy, as hulle by die huis is en dis oggend, goed geslaap het. Oorbewus van sý behoeftes; hare skynbaar op die agtergrond.

Maar dalk het jy jou tog alles verbeel, en dis hoekom jy niks vra nie.

"Kom ons gaan eet 'n pizza by Philip," het hy voorgestel, dis nou ná die fliek en die koek en die boekwinkel, op pad huis toe. Nie omdat hy verder wil

University of Cape Town

kuier nie, maar om haar uit die huis te hou. Buite, tussen mense, weg van haar bed.

"Nee, nie vanaand nie, Wim, miskien môre, ek't eintlik net lus vir lê en lees. Ek is moeg."

Mens beplan nie 'n pizza nie, Ma, dis iets spontaans. Môre is ek nie lus vir 'n pizza nie. Dis wat hy wil sê, maar bly stil. Beter om stil te bly. Nie te torring nie. Nie te. Anders. Die volgende dag staan sy laat op.

Sy ma is 'n couturier. Kleremaker, noem sy haarself.

As jong meisie was sy 'n ontwerper in die garderobe van 'n toneelgeselskap. Maar toe hy 'n baba was, so is hy vertel, het sy vir haarself by die huis begin werk.

Hy weet sy het eenkeer, toe hy en Anja in die laerskool was, 'n ontwerpersprys gewen. Foto's van haar en haar werk was in koerante, en 'n televisiespan het hul huis lawaaierig met kameras en ligte op wiele ingevaar. Die wieletjies het hom geboei, so ook die sigaret wat nooit korter geword het nie in die kameraman se mond. Die bohaai was oor die soort rok wat jy gewone mense nooit sien dra nie: 'n skepping vir 'n onwaarskynlike lewe waar ingangshalle buitensporig is en trappe wyd om die uitklokkende stuk ten beste af te wys. Hy en Anja het die video eenkeer as tieners weer uitgekrap en gekyk. Die model het trap vir trap ondertoe beweeg; jy kan nie eintlik sê "loop" nie. As sy in 'n kamerjas was, sou jy kon dink haar verkleurmanpas verklap 'n pynlike beensiekte.

So ver hy weet, het sy nie weer aan só iets deelgeneem nie. Maar haar etiket was van tyd tot tyd op die modeblaaie; nie dat sy ooit iets daarvan gemaak het nie. Sy't haar werk met niks meer as haar eie naam gemerk nie - hanna. Met 'n klein h.

Haar werkkamer is nou nog die groot vertrek met die bay window en die bedrukte plafon. Dit was oorspronklik sy pa se slaapkamer, voor sy pa sy ma geken het, en is net links van die voordeur soos jy inkom.

University of Cape Town

Hier help Abbie sy ma. Sy's die seamstress wat al vir die afgelope hoeveel jaar elke weekoggend agtuur met haar eie sleutel by die voordeur inkom en stil agter haar naaimasjien in die werkkamer inskuif. (Mense moet haar Abbie noem, sê sy altyd. Maar wanneer sy die telefoon antwoord, is sy Abdya; asof ander reëls dan geld.) Sy sit op 'n kussing om by die masjien by te kom, en onder die tafel rus die voetjie van die masjien weer op 'n houtblok dat sy ook daar kan bykom. Haar voete is so klein sy koop haar skoene by die kinderafdeling, en kla soms oor die "kinderagtige" skoene waarmee sy moet tevrede wees. In Italië het Hanna vir haar twee paar skoene gekoop. Delikaat en fyn, maar regte grootmensskoene.

Abbie se transistorradiotjie speel daglank saggies langs haar naaimasjien. Sy weet hoe lank watter liedjie waar lê op die trefferlys, kan jou sê hoe die weer môremiddag sal wees, wat die temperatuur is van die water in die Seepuntse swembad asook die lugtemperatuur by die Kaapstadse Internasionale lughawe. Sy sal die eerste een in die huis wees wat sou hoor as die president vir "toetse" in die hospitaal opgeneem word.

Wanneer 'n kliënt inkom, draai sy die volume af. Dan verloop die buitewêreld net saggies, ruisend, naas haar linkerelmboog. Jy hoor dit as jy daar by haar is by die masjien. Die kopdoek wat haar hare volledig bedek en haar skaam glimlag is misleidend. "Mevrou de Villiers is vandag darem weer lekker vol orders," sal sy skerp reageer terwyl Mevrou de Villiers se parfuum nog in die vertrek draal, lank voor sy ma iets sal sê.

Abbie is 'n paar jaar jonger as sy ma. Nadat haar verloofde, toe sy agttien was, in die see by Macassar verdrink het, het sy haar nooit weer aan 'n man gesteur nie, maar soms wonder hy. "Almal het vir my gesê dis die wil van Allah, maar ek het vir hom gesê hy moetie daar gaan swem nie, die strome is te sterk en hy kan nie swem nie."

Elke oggend tienuur eet Abbie haar toebroodjies, toegedraai in waspapier wat sy oor en oor gebruik tot dit sag is soos lap. Dit doen sy in die kombuis of die eetkamer; nooit naby haar werk nie. Middagete gaan maak sy

vir haar 'n koppie tee en eet 'n vrug. Drie-uur neem sy weer tee, en was haar hande, soos na elke aanraking met kos, voor sy weer agter die Bernina inskuif.

Abbie is soos haar kopdoeke: sekuur, netjies, onopsigtelik.

As sy ma laat lê, gaan Abbie aan. Verreweg die meeste werk aan kledingstukke word in die kliënt se afwesigheid gedoen, en dis sy wat stik, pars, knope aanwerk, blinkers plak of vaswerk, some insit, lostorring en wéér aanmekaar stik - sonder om ooit te mor - omdat die kliënt 'n nuwe gril het. Dis ook sy wat tee, koffie of water aandra (in dun porselein en fyn glas) vir kliënte wat dit verwag of daarom vra.

Sy ma loop agter materiaal aan en blaai deur dik buitelandse modeboeke met bladsy op bladsy kwasdun meisies wat vreemd afwesig verby jou uit die glanspapier staar. Sy sny ook patrone, pas en pamperlang haar kliënte, tydsaam, elkeen na behoefte. Sy is iets tussen 'n haarkapper en 'n masseur en 'n sielkundige, hoewel sy sê dis veel eenvoudiger: "Ek laat mense vir 'n tydjie goed voel, dis al."

Sy werk net met vroue. Toe sy destyds vir haarself begin werk het, het sy ook nog mans aangetrek, het sy hulle vertel. Maar dit het nie lank geduur nie. Sy voel maar net gemakliker tussen vroue, het sy eenkeer verduidelik, g'n sinistêre rede. "Ek weet hoekom 'n vrou soms 'n mooi lap sal naloop voor sy 'n nuwe voordeurmatjie koop, en op 'n ander keer haarself afskeep terwyl sy gee en gee vir almal om haar. Mans? Ek weet nie."

Dis of sy vergeet hy is ook 'n man.

Hy hoor haar as sy dit sê. 'n Sagte stem, hiermee het hy grootgeword. Hy registreer wanneer iemand te skielik te hard praat. Iemand wat op 'n selfoon in die openbaar praat sodat almal rondom elke woord kan hoor, is alles wat sy ma nie is nie.

Voor Abbie die hanna-etiket in die binnekant van 'n kledingstuk werk, voltrek 'n uitgesponne proses wat begin met 'n gesprek tussen sy ma en haar kliënt. Sy luister stip terwyl die kliënt praat en beduie. Vra net enkele vrae, maak kort nota's en trek potloodlyne op 'n blanko vel papier met die naam en adres en kontaknommers van die kliënt bo-aan in pen. Hierna help sy die vrou

University of Cape Town

uit haar klere, 'n opgestopte hangertjie gereed vir die afgeskilde klere. Die kliënt staan in 'n broekie en 'n bra, miskien kouse, terwyl sy ma se hande en maatband vlugtig om haar borste en heupe en af teen die binnedy gly. Sy weet haar kliënt voel nou waarskynlik weerloos, dis hoekom sy so gou as moontlik werk; sonder om haastig te lyk. Sy maak nooit, veral nie nou nie, aanmerkings oor hoe die liggaam naby aan haar eie lyk nie. Sy maak wel begrypende geluide wanneer die kliënt intieme besonderhede (die skryneriglheid om 'n tepel; ongemak oor 'n maag wat al papper word) uitlap in die vertrek wat ruik na tekstiel en vertroeteling. Wanneer met 'n volgende sessie aangepas word, omsirkel sy ma die kliënt spelde in die mond, maatband om die nek. Nou kyk sy krities. Soms roep sy Abbie nader en beduie. As jy iets die moeite ag, dan doen jy dit perfek, glo sy. Daarom is haar troosklanke nou anders, meer afgetrokke, maar haar hande om en oor die vroueliggaam altyd onteenseglik lig.

Wim weet al hierdie dinge, want die ure van sy kleintyd (eers net syne; toe ook van sy sussie, Anja) het oorgeslaan in hierdie vertrek met die teëltjieskaggel in skakerings van groen en swart. Hy kan 'n hele oorlog voer - voetsoldate, ruiters, skutters, kanonniers - uit die ronde knope-blik met ou koningin Victoria se kappie-gesig op die deksel. Hy ken die tekstuur van verskillende materiale, nes die gewigverskil in sy handpalm van 'n vol tolletjie gare en een wat leeg is. In sy geheue gekerf, is die buitelyne van meer vrouefigure as wat hy kan onthou. Hy weet hoe 'n vrou uit haar halflyfonderrok trap. Hoe party onderarms ligter is as die res van 'n vrou se vel, en lyk soos babavel. Ander is stowwerig wit gepoeier, party stoppelrig swart. Hy weet hoe sweet in 'n oogwink donker uitwaaier op 'n nuwe rok. (Die gerusstellende register van vlekoplossings, hetsy vir sweet, melk of bloed, kan hy aframmel soos 'n mantra.) Die heupbene van 'n maer vrou teken hy toe-oog. So ook die uitval van vleise, sidderend soos jellie sonder tint of kleur, uit 'n bra.

Sy en Anja se beste sitplek was die dwarsbalkie onder sy ma se groot houtsnyerstafel wat skuins van voor op loop na agter. Bietjie soos sy pa se tekentafel. Wanneer hulle daar gesit het, het hulle geglo hul ma se mense sien

University of Cape Town

hulle nie. Partykeer het sy gesê hulle moet net eers 'n bietjie buite gaan speel; sy roep hulle nou-nou weer, toe. Dan was sy besig met dieselfde mense van wie hulle 'n volgende keer weggehol of agter haar bene ingedruk het as dié nou meteens kindergeselsies probeer maak.

Baie van die kliënte kom al vir jare; vreemdelinge onreëlmatig tussen-in. Vir wie maak jy die deur vandag oop?

Maar Abbie, soos die huis, is onveranderd.

Wanneer sy ma laat opstaan, bad sy lank. Hierna maak sy oproepe uit haar kamer en nie, soos gewoonlik, van die telefoon in die voorportaal nie. Sy hou die deur van haar kamer, en haar werkkamer, dan toe. Teen middagete - en dis so vreemd sy sal aandring dat hulle saam eet - sal hy oorkant haar sit en sy sal hom belangstellend uitvra oor wat ook al, die dag se nuus bespreek, selfs lag. En hierna sal sy sê sy moet gaan rus, sy't sleg geslaap laasnag.

Maar hom bluf sy nie. Vir hom dra sy 'n masker van maas.

Die vlug was geskeduleer vir twintig oor ses, maar dis byna sewe-uur toe hy haar tussen die wagtendes opmerk. Sy is alleen. Hy is bly Adriaan is nie by nie. Nie dat hy gedink het Adriaan sou so vroeg vir hom opstaan nie. Nie vir hom nie, en waarskynlik ook nie vir sy ma nie. Hy het lankal besluit die vriendskap tussen Adriaan en sy ma is onewewigtig. Waar is hy wanneer sy hom nodig het? Maar sy ma, dit het hy al hoeveel maal gesien, is altyd daar wanneer Adriaan 'n fool van homself maak agter een of ander jong nommer aan en sy cocktail van Prozac en vonkelwyn (sjampanje in 'n goeie maand) nie meer help nie.

En daar is sy.

Sy eerste, eerlike, reaksie is bly. Dis my ma daardie, die een wat anders, beter, as die ander vroue lyk. Ingehoue, eenvoudig, apart.

Sy lyk rustig. Sy is nie, soos baie van die mense om haar, in drafskoene en sweetpak en slaap nog in die hare nie. Maar haar steenkleur broek en baadjie staan ook nie uit nie. Niks oordadigs, niks om aandag te trek nie. Sy't

University of Cape Town

Hulle gesels meestal oor Anja en sy pa. Dit was sy pa se plan dat hy en Anja hom in Europa ontmoet voordat hy terugkom Suid-Afrika toe. "En hoe gaan dit met haar? Wat is haar planne?"

"Goed, dit gaan met haar goed. Dit klink of sy weer hordes vriende gemaak het. Sy't ook weer gewig aangesit, maar dit pla haar blykbaar nie. Ek dink haar plan is om maar te bly reis solank daar werk is, geld is. Ek weet nie. Sy't niks gesê van terugkom nie. Ek dink sy's op pad terug Sinai toe."

Sy suster se manier van doen is nie syne nie. Sy is nooit alleen nie. Daar is altyd mense wat saam met haar kuier, saam reis, saam werk. Al haar planne sluit mense in. Hy wonder of sy al ooit in haar lewe vir meer as 'n dag en 'n nag lank op haar eie onder een dak was.

"Maar sy sê vir jou baie, baie groete, Ma. Sy't vir jou 'n stuk Griekse lap gestuur en foto's en sulke ander goetertjies."

"En jou pa?"

"Ag, jy weet hoe hy is. Soos altyd toe onder werk. Sy werk is sy selfopgelegde exile, het ek nou besluit. Time-out bestaan nie in sy woordeboek nie. Maar hy doen opwindende goed." Hy vertel haar van sy nuutste projek wat sy pa hulle gaan wys het, 'n ultra-moderne kantoorkompleks. Die oorspronklike gebou op die terrein, 'n wapenfabriek uit die Tweede Wêreldoorlog, is geïnkorporeer.

Hy weet wat haar volgende vraag gaan wees.

"En het hy iemand, iemand spesiaals?" Nou draai sy haar kop weg van hom en kyk deur die passasiersruit. Asof sy die antwoord wil, maar ook nie wil hoor nie.

"Dit weet ek nie. Daar was niemand saam met hom nie, niemand wat by hom bly nie."

Dit is waar. (Oor die kondome wat hy in sy pa se slaapkamerkas gesien het, sê hy niks. Dit beteken nie noodwendig iets nie. Hy het 'n trui uit die kas gaan leen, sy pa het beduie waar dit is, en sy oog het toevallig daarop geval. Hy't half sleg gevoel en gewens hy het dit nie agter die hip flask opgemerk nie.)

University of Cape Town

Hy is dus verlig, want as hy wel iemand van betekenis saam met sy pa ontmoet het, sou hy nie vir sy ma daaroor kon lieg nie.

Omdat hy partykeer die enigste middel van kommunikasie tussen hulle is, is hy die een wat sien hoe die feite wat hy oordra, seermaak. As jou ouers uitmekaar gaan, dit het hy vroeg geleer, is jy die boodskapper van pyn.

Sy ma se huis, die een waarin hy grootgeword het, is 'n draai-van-die-eeu semi in Observatory, 'n kompakte klein voorstad wat tot in die laat-agttienhonderds, sommer nou die dag, 'n ry koringplase aan die Liesbeek was. 'n Beek, het sy pa vir hom verduidelik, is 'n riviertjie in Nederlands. "Vergeleke met Europa is ons riviere eintlik maar strome," het hy hulle vertel toe hulle eendag, soos baie dae, langs die rivier gaan stap het. "Onthou jy van Swede?"

Nee, hy was te klein. Hy't vae herinneringe en daar's natuurlik die foto's, maar in sy eie geheuebank is daar nie riviere nie, wel ander lappe water.

Daardie dag met sy pa het die wit koepel van die sterrewag tussen die bome aan die oorkant van die rivier uitgesteek. Hy was nog nie in die skool nie. Sy pa het sy hand vasgehou. 'n Vrou het krummels vir 'n plaat seevoëls gevoer.

Die naaste stuk berg aan Observatory is Duiwelspiek, wat hy aan sy Taiwanese reisgenoot uitgewys het. Wat hy nie vir haar gesê het nie, is dat sy pa vir hom op 'n ou Hollandse kaart gewys het Duiwelspiek is eers Windberg aan die seekant en Duiwekop aan hul landkant genoem.

'n Dorp gebeur nie net nie, is hy geleer. Net so is die plan van 'n stad of voorstad nie toevallig nie. "Ons dorp is gemaak na die berg," het sy pa eers na die weste beduie en dan oos, "die vloei van die Liesbeek, 'n takrivier van die Swartrivier, die sterrewag, die koms van die spoorlyn." Naas dit wat nou die stadskom is, het Jan van Riebeeck sy verkenners eerste na die vrugbare Liesbeek-vallei uitgestuur, en die Khoi moes padgee voor die Europeërs. Om hulle af te skrik het hy onder meer 'n fort gebou, Koringhoop. 'n Vroeë bastion, so glo sy pa, van segregasie.

University of Cape Town

Waar dié fort gestaan het, is vandag Mowbray-stasie en die wydlopige, lawaaierige terminus van township-busse en -taxi's. Dít beteken vir Wim meer as Van Riebeeck se blanke koringdrome of sy pa se bitter woorde, want hy ry dikwels die kort afstand van Observatory middestad toe met 'n taxi. Sy ma sê hy's mal om dit te doen.

Nie die hele voorstad nie, maar sommige strate is uitermate gesog. Skilders, skrywers, universiteitsdosente, chefs, mense wie se gesigte jy herken van sien in die media. Deesdae is dit ook 'n gesogte heenkome vir Franssprekende immigrante uit Afrika; aantreklike donker mense. Maar sy ma, en vroeër sy pa, was nog maar altyd daar.

Die hoofstraat is 'n smal grys kloof tussen dubbelverdiepings en plat skakelgeboue. Dis 'n bont plek van klubs, eetplekke, kroeë, gesondheidswinkels, antiekwinkels met geroeste koekblikke tot ongeskonde jonkmanskaste, die hardewarewinkel wat Meneer Alperstein van voor die Tweede Wêreldoorlog het en die peppermentgroen Ford Thunderbird wat bedags altyd op dieselfde plek geparkeer is. Uit Lower Main Road graat systrate: 'n Eduardiaanse huis waarin ry op ry flotasietenks rus in 'n wolk van Engelse sout, 'n familie-slaghuis, die NG Kerk se blyplek vir familielede van pasiënte wat in Groote Schuur opgeneem word, 'n plek wat tuinstoele maak sodat dit van die begin oud en geroes lyk. Sypaadjies is nooit regtig skoon nie, al sien jy altyd council-werkers met besems en groot swart sakke. Miskien omdat die strate nooit regtig gaan slaap nie. Laataand strek tot etlike ure anderkant middernag.

Hy hou hiervan, hoewel hy selde deel is van die kom en gaan. Hy verkies om net te sit en kyk. Hy gaan dikwels na sy vriend Philip se pizza-plek, maar daar's ander ook: Obz Café, Diva's, die een waar die grys wolhaarkat op die tafels lê en Elaine se Portugese eetplek op die hoek. Agter al die ruite loop mense. Hulle praat met hul klere en hul hare: dreadlocks, snippers, borsels. Oranje (soos die ou vlag) of strepe peppermentgroen. Gebleik. Ou hippies wat nou grys word; die leer van hul stewels en hul vel ewe wind- en sonverweer.

University of Cape Town

Bergies oral. Studente - die universiteit is nie ver nie en die mediese skool binne loopafstand - wat almal eenders soek na andersheid.

Sy pa was slim om destyds hier te koop. Toe was die plek minder mode, meer afgetakel. Die huis was goedkoop, is gerestoureer en is lankal afbetaal. Volgens sy ouers se egskeidingsooreenkoms is dit sy, Anja en sy ma s'n. Tog beskou hy dit steeds primêr as hare.

Hy trek in in die oprit, onder die petria-prieël wat nou kaal is. Dis herfs; die violet blomme kom eers weer in die lente. Hy sien dadelik die huis is geverf. Sy ma bly steeds by naaswit, maar dié keer is die vensterrame 'n rare bruinpers.

"Hoekom nie, het ek gedink. Solank dit net nie daardie holruggeryde Kaaps-Hollandse groen is nie. Of die pampoengeel van elke tweede huis deesdae nie. Dink jy dit werk? Dis aubergine wat ek bietjie donkerder laat maak het met swart."

"Interressant. Nie sleg nie. Het jy dit onlangs laat doen?"

"Pas. Hulle het Vrydag klaargemaak. Dit het baie langer geneem as wat ek beplan het, want daar kom toe uit die bloute reën net toe ons dink die hitte brand ons almal uit. Sjoe, dit was ongelooflik warm dié somer, Wim, ek het mos vir jou geskryf. Sien jy hoe die berg gebrand het? Ek het vir jou knipsels van die brande gehou; dit het vir dae aaneen soos Armageddon gelyk. Kom, kom ons maak vir jou koffie. Wat van ontbyt? Het jy iets geëet op die vliegtuig?"

Jy kan nie in sy ma se huis, of haar teenwoordigheid wees, sonder dat sy jou wil voer nie. Dis een van haar mees innemende en terselfdertyd mees irriterende eienskappe. Anja sê dis daaroor dat sy vet is: "Sy maak mos vir jou kos voor sy vir jou vra hoe dit met jou gaan."

Anja is reg. Kleintyd, wanneer hulle 'n stamp of 'n skraap gekry het, het sy ma na die seerplek omgesien en dan verder getroos met 'n koekie of 'n lekkertjie. Iets wat hulle nie elke dag sou kry nie, want sy't toegesien dat hulle van jongs af rég eet. Sy self eet versigtig: vars vrugte en groente, elke dag

University of Cape Town

slaai, vis, selde rooivleis en gedurig 'n koppie kookwater byderhand. En tog, sporadies, wyk sy oordadig af van haar voedingsgebooie. Dan regisseer sy 'n ete wat soomloos vloei van die begin, via die boeiende middel en, nes jy weet jy't nou genoeg gehad, 'n grand finale wat niemand om die tafel kan weerstaan nie. Komplimente soos applous. Met al die props van kerse, servette, pragtige glase, en niks, niks buite rekening gelaat nie. En die dag daarna is sy skaars.

Hy keer haar nou: "Nie ontbyt nie, dankie, koffie, maar eers net water. Kraanwater."

Hy sluit die voordeur oop. "Daar's minerale water en filterwater in die yskas, Wim, kry vir jou. Daar's ook lekker gemmertee wat ek gister gemaak het met pynappel-salie. En sap, en ys in die vrieskas."

Hy onderbreek haar terwyl hy reeds al in die gang is op pad na sy kamer. "Ontspan. Dis fine."

Van al die plekke wat Wim in sy lewe gesien het - ruimtes wat hom verstom of verruk het, plekke waar hy tuis gevoel het - is daar een in 'n klas van sy eie. Sy slaapkamer. Die skuifraamvenster met die lae, breë vensterbank wat wes front. Die driekwartbed waarop hy begin slaap het nadat hy uit die cot gepromiveer het. Dieselfde hangkas. Die Kelim wat sy oupa Emil s'n was. Die boekrak. Die tafel waar hy sy eerste letters lomp gevorm het tussen twee breë lyne. Hy sit sy sakke in die middel van die vloer op die mat, kliek sy moonbag los en gooi dit op die bed. Alles is presies nes hy dit gelos het. Dis nou een ding van sy ma, sy pa was ook so, hulle het jou kamer respekteer. Van kleins af. Hulle het geklop as jou deur toe was, en nooit te veel gekla oor 'n gemors nie. Jou kamer, het hulle hom en Anja geleer, is jou kasteel.

Dis nie 'n groot vertrek nie, maar groot genoeg. Die lengte van een muur bestaan uit 'n boekrak met kassies onder. Omdat sy pa 'n argitek is, het hy self die planne geteken. Sommer by die kombuistafel, Wim onthou. Hy was klein, nog nie in die skool nie. Hy het op 'n stoel langs sy pa gekniel. Dit was of die prentjies uit sy pa se handpalm op die papier geval het. Hy het die kamer van bo geteken, mét sy bed en hy in sy bed. Selfs sy lappop, Baba,

University of Cape Town

waarsonder hy vir jare nêrens gegaan het nie, was op die plan: 'n klein potloodknoetsie. Wat, wou sy pa weet, gaan hy alles op sy boekrak bêre. Boeke, ja, boeke, maar ook karretjies en vliegtuie en miskien 'n voël in 'n hok, 'n pappegaai. Sy pa het geknik. 'n Voël is orraait, maar nie in 'n hok nie. Voëls moet nie in hokke wees nie. Hy het nie opgekyk of ophou werk terwyl hy praat nie. By die vooraansig van die rak het hy die ruê van boeke geteken, vliegtuie, 'n paar motortjies en 'n pappegaai. Uit die snawel van die papegaai het 'n praatballonetjie gedobber: "Wim s'n. Los of ek byt."

Op een van die rakke staan nou nog die skip, een van sy laaste Lego-bousels. In die kaste onder die boekrak weet hy, in groot vierkantige plastiekhouers, is nog duisende stukke Lego. As kind het hy eers volgens die stappe op die aanwysings gebou en dan, nadat hy die ding uit hom uitgespeel het, het hy dit afgebreek en iets uit sy eie kop gemaak. Só het hy eenkeer 'n olifant gebou. Sy pa het dit afgeneem, die foto gestuur na Lego se hoofkantoor in Denemarke en vir hom op 'n kaart gewys hoe die foto sal vlieg om daar te kom.

Wim het gehoop, geglo, die olifant is so mooi dat almal by die Lego-fabriek sal ophou waarmee hulle besig is wanneer hy aankom. Soos die dae verbygegaan het, so het sy droom uitgebrei. Hulle gaan hom uitnooi, uitvlieg daarheen, 'n partytjie hou en vir hom bokse en bokse vol Lego present gee. Hulle gaan hom vra om hulle te help om al die kinders in die wêreld te leer hoe om 'n Afrika-olifant uit Lego te bou, hierna dalk 'n seekoei of kameelperd.

Dit het nie gebeur nie. Na weke het hy 'n kort briefie teruggekry van iemand met 'n vreemde van wat dankie gesê het vir die foto, hulle hou dit in hulle argief saam met baie ander foto's wat kinders van oor die hele wêreld vir hulle stuur. Hulle is baie bly as kinders nie net hou by hul planne nie, maar hul eie verbeeldings gebruik, met vriendelike groete.

Dié briefie met die mooi Deense posseël was die begin van die wete daar's baie ander kinders en ouers op die aardbol wat net so slim is soos hy en sy pa; miskien selfs slimmer.

University of Cape Town

Toe hy onlangs in Duitsland was, het hy met die trein gereis tot in die Deense dorpie, Billund, in die middel van die Jutlandse platteland. Hy wou gaan kyk hoe lyk die plek waar die ruwe houtspeelgoed wat die skrynwerker Ole Christiansen vir sy bure se kinders gemaak het, 'n plastiektaal geword het. Een wat kinders van oral verstaan. Toe eers het hy besef, en was verstom dat hy dit nie vroeër agtergekom het nie, dat Lego nog nie een oorlogtenk of soldaat of bomwerper gemaak het nie. Miskien sou hy daarvan gehou het, het hy daar loop en dink, om 'n Lego-ontwerper te wees. En dis nie te laat nie, hy kan enigiets doen. Hy moet net wil. Maar dan sal hy moet werk in 'n span, sit tussen 'n klomp ander ontwerpers wat voorleggings en vergaderings hou. Nou werk hy alleen; dis waarvan hy hou.

Hanna praat in die gang: "Koffie is reg, sal ons buite gaan sit?" Hy kyk vinnig deur die paar koerantknipsels van die brand waarvan sy ma gepraat het: luuksebeddings rose en agapantusse in vlamme, stoele en tafels en silwerware wat in swembaddens dryf, 'n vrou met 'n tuinslang op 'n grasdak - sy ry haar huis soos 'n skip deur 'n storm.

Op pad uit met die skinkbord besef Wim hy't nog nie vir Knip gesien nie. Knip is die Seal-point met die drie bene. Wim was tien toe hulle hom gekry het. Anja, toe net agt, het die kat vir die een of ander rede altyd Japan genoem, waarskynlik weens die verband in haar eie kop toe tussen Siamees en Japan. Die kat het doodgelukkig op albei name reageer.

"Ek wou nie vir jou skryf nie, wat sou jy kon doen? Maar ek moes hom laat slaapmaak, Wim, hy kon nie meer nie." Hy sien sy ma se hartseer, en hy weet nie wat om te sê nie. Knip het alles in hul huis beleef, oorleef. Hy hoor sy skor stem. Sien hom op sy ma se skoot. Wanneer sy patrone of materiaal op haar werktafel uitgesny het, het Knip aandagtig en kiertsregop eenkant gesit. Op die boonste plat stuk tafel, veilig uit die pad van die skêr wat hy stip met sy helderblou oë gevolg het. Sy skêr-skrik het gekom van die keer toe Anja, nog nie in die skool nie, happe in sy pels met een van die naaldwerkskêre gesnip het.

University of Cape Town

Knip was nog nie heeltemal uitgegroei nie toe 'n motor hom trap. Die een agterbeen was vergruis. Hulle het nie die hart gehad om hom slaap te maak nie, die been laat afsit en binne weke het hy weer, so rats soos altyd, op en af teen bome geklouter. Sy krapmerke sit nou nog in die bas.

Knip het Hanna se kliënte aangevoel. Wanneer 'n nuwe kliënt gekom en hy hom haastig uit die voete gemaak het, het Hanna dit registreer. Gewoonlik was dít die vrou wat só swaartillend was oor 'n verstelling jy sou sweer sy moet haar bors laat afsit. Dit was meestal ook een en dieselfde mens wat hom en Anja kleintyd agter die rusbank in die werkkamer laat inskarrel het. Veiliger daar as onder die tafel.

Knip het elke nuwe stuk lap wat ingebring is beruik: stadig en van 'n kant af. Vir sommige van die lappe het hy gegrom; binnensmond soos katte maak. En die enigste tyd dat hy ooit raas gekry het, was wanneer hy probeer om in 'n sak te kruip, om daar te knie of kou. Eenkeer was daar 'n hele drama toe hy laataand 'n bruidsluier verrinneweer het. Hy het ook, tot die ontsteltenis van mense wat dit die eerste keer gesien het, spelde in sy bek opgetel. Dit was 'n speletjie wat mense geskok laat reageer het, net totdat hy dit weer netjies voor sy pootjies deponeer. Dis dán dat hy die mense so gekyk het. Hanna het graag die storie oorvertel van die mollige mezzo-sopraan wat kamma agter Knip aan gesing het toe hy sy rug op haar keer en stert omhoog uit die vertrek pronk omdat sy half histeries geword het oor sy spelde: "If looks could kill, kat, het ek nou 'n dolk in my hart dwarsdeur die boesem van my nuwe skepping en is die skare óp jou, Don José!"

University of Cape Town

Die laaste tyd, vandat Anja weg is, was die kat, buiten Abbie in die dag, sy ma se enigste geselskap. Toe sy pa getrek het, het hy op sy plek, op die kussing, langs Hanna begin slaap. Sy rasperstem soggens was hul wekker en al was jy hoe laat, moes jy eers vir hom kos gee - bo-op die kombuistafel.

Hanna is nie een wat maklik huil nie. Nie eens nou nie. "Hy het al minder en minder geëet, ek het hom naderhand stukkies vis en biltong met die hand gevoer, bietjies Carnationmelk in sy bek gedrup. Dit het ook gelyk of hy moeilik beweeg. Soms as ek aan hom raak, soms, het hy gegrom asof hy seer

het. Ek was bekommerd, en het besef ek moet hom veaarts toe neem, hy's al ver oor sy vervaldatum. En toe raak hy weg, Wim. Ek het op en af in die straat loop en roep. Later die dag geklop by mense en gevra; almal hier ken hom tog. Ek het die veearts gebel en die dierebeskermingsvereniging om te hoor of iemand hom nie ingebring het nie. Net toe ek begin dink aan kennisgewings maak, kry ek hom. Die Lloyd's het getrek, jy weet die huis aan die end van die straat, die een met die sipres, en ek stap toe maar in en om die huis. Die plek is verkoop, maar staan nog leeg. Die sipres is eergister uitgehaal, terloops, enorme operasie. Hoe ook, dis toe dat ek hom hoor. Hy het onder 'n bos lê en hyg, sy bekkie oop, gehyg, saggies, soos 'n hond. Neusie kurkdroog. Hy het geloop om te gaan doodgaan. En hy't die een huis sonder mense gekies."

Haar stem raak kleiner soos sy die kat se laaste minute herleef. Hy neem haar hand oor die tafel en hou dit in albei syne: "Ai, Ma." Nie een van hulle praat nie. Tegelykertyd sien hulle Knip se waterbak met die katpoot op die bodem. Dit staan waar dit al jare staan, maar nou leeg.

"Miskien is dit nou tyd dat jy 'n hond kry, Ma. Jy't altyd gesê jy wil 'n hond hê, maar dit nie aan Knip kan doen nie. Jy't nog gesê jy hou van 'n windhond, die groter een, onthou jy?"

"Het ek regtig? Nee, dis darem te veel van 'n ontwerpersdier, is dit nie?" Dit lyk of sy werklik nie onthou dat sy ooit so 'n begeerte uitgespreek het nie, maar hy herinner hom dit sonder twyfel. Sy't nog gesê dis die Concorde van honde. "Nee. Nee, ek moet eers gewoond raak aan sy wegwees. Adriaan wou summier vir my 'n nuwe kat bring en ook Leonie, een van my kliënte. Nee wat, dit wat dood, is tog onvervangbaar."

Wim dompel die koffie en skink. Eers vir haar, dan vir homself. Sy ma drink hare swart, hy met melk. Hy lig sy koppie: "Wel, op Knip. Bon voyage."

Hanna glimlag: "Op Knip, ongetwyfeld in die kattehemel. En op jou, na wie ek verlang het, dat jy terug is. Vertel."

University of Cape Town

Twee

In die stad kyk min mense dié tyd van die oggend op.

Dirk, wat baiemaal soggens dié tyd, voor ontbyt, op die trappies na sy vierkantjie groente en kruie sit en rook, dink eers dis 'n radiobeheerde vliegtuigie. Maar die tyd van die dag is verkeerd, dis sewe-uur en dis 'n weeksoggend, wie't tyd vir speel? Die vliegtuig hang ook te stil. Dis 'n voël, besef hy, 'n arend. God, 'n arend hiér. Maar Jan, sy broer, is 'n voëlwetenskaplike en het net nou die dag vir hom gesê hulle weet van drie arendneste op Tafelberg. Hy trek vir oulaas aan sy sigaret, trap dit dood op die grond en bak albei sy hande bo sy oë om presies te kan waarneem teen die son wat skuins streep uit die herfs se ooste.

Die meeste van die gordyne voor die kamervensters van die plek waar hy kok is, is nog toe. Hier is ontbyt gerieflik laat, anders as in ander straight up and down klinieke of hospitale. Begin maar eers kwart oor agt en word rustig oor 'n ruim uur afgehandel. Dis hoekom dit nie meer nagkoud is teen die tyd dat hy werk toe kom nie. Vanoggend het hy die soel asem van 'n bergwind gevoel toe hy hom uitrek op die stoep. Hy't sy gunstelingklere - jy kan maar sê sy uniform - aangetrek. Leersandale, kakiekortbroek, T-hemp. Dit maak sy werk tussen die reuse-oonde meer draaglik. Maar hy verkies dit selfs in die winter. Dan, dalk, met net 'n katoentrui bo-oor, totdat hy ook dít moet uittrek. Hy kry selde koud; klere bly maar 'n lastige sosiale noodsaaklikheid.

Hy't op 'n plaas in die Swartland grootgeword. Wanneer hy af het, gaan sit hy baiemaal met sy verkyker langs Zeekoevlei se rioolwerke, vir die watervoëls. Gaan stap met een van sy voëlboeke op die berg; ry af Kaappunt toe. Daar waar hy ver kan sien. As hy lus het vir lees of krap in die grond by die huis sit hy soms 'n CD met voëlstemme op. Dit laat die mure val - soos Jerigo s'n padgegee het toe die ramshoring skal - en hy's binne oomblikke buite, in die veld. Soms het hy dit nodiger as musiek.

Dit lyk of die arend iets beet het; waar's sy verkyker nou?

Dit laat hom dink aan sy ander loopplek, die Langebaan-lagune, waar jy nie 'n tree buitentoe gee sonder iets aan jou voete teen die duwweltjies en jou

University of Cape Town

verkyker om jou nek nie. Hier is die huis van sy ma, Ria, so na aan die water, as jy jou kikoi om jou lyf begin vou op haar stoep steek jy die laaste punt in as jy uitstap onder op die seesand. Die lagune is 'n paar grade warmer as die koue Atlantiese Oseaan aan die anderkant van die Postberg-skiereiland en op snikhete Weskusdae loop swem hy lang ente in die gladde water. Hier het jy selfs onderwater die gevoel van ruimte. Nes in die skoolswembad destyds as jy klaar geswem het en uitasem op jou rug lê en dobber; jou oë toe teen die wit son. Op die golwing van die graanlande direk agter die grensdraad dryf jy tot aan die einde van die aarde.

Maar dis nie eintlik die swem nie. Dis eintlik die lagune se stilte wat hom trek. Hier hou die wêreld asem op. Anders as by die grootsee oorkant die kop by Tsaarsbank en Kreeftebaai en Plankiesbaai, donder die water hier nooit af op die rotse en die sandbanke nie. Dit klots net, sloep-sloep, teen die klippe. Dis al. Spoel in in jou onderbewuste. Ná minder as 'n dag is sy opgechopte stadstyd, soos ma Ria dit noem, net verbeelding. Malligheid. Wanneer Dirk diep terugsit in een van die pap, verbleikte seilstoele, sy voete lig op sy ma se lae stoepmuurtjie en die verkyker voor sy oë tydsaam fokus op die flaminke in die vlak water, is hy gelukkig.

Bokant hom swenk en duik die voël nou meteens na 'n laer, onsigbare baan. Soos 'n ruimteliggaam vir 'n nanosekonde van koers. Hy wens hy kon sien wat daar aangaan. Die voël se kleur en sy patroon van beweging help hom: dit moet 'n witkruis wees. Hy moet tog check by Theresa.

Mens sien toenemend voëls in die stad, meer as net die kiewiete en dikkoppe op skoolsportgronde. Asof hulle besef die lawaai en konstruksie, die aftakeling van hul habitat, is hier om te bly. Hulle kan maar terugtrek.

In hom is 'n teenoorgestelde proses aan die gang. Eweneens langsaam. Hy's nog nie reg om pad te gee nie - maar eendag. Hy het pas in 'n nuwe plek in Observatory, nader aan die kliniek van die Kaap se kant af, ingetrek. Nie heeltemal so na die spoor soos die huis in Kalkbaai nie, maar darem. Deesdae is daar selde treine snags, hy dink die laaste passasierstrein loop elfuur, maar vir

University of Cape Town

daardie een of wat keer in 'n maand vir die hoor van 'n trein in die nag sal hy waaragtig bly in 'n plek wat muf. Wel, amper. Die eerste oggend in Observatory, dit was in die week, hy af en die meeste ander mense werk toe, het hy gehoor hoe die trein intrek by die stasie of iewers naby loop wag op die spoor. Metaal op metaal, dun en skril. 'n Klank wat sny soos vislyn. Hy't geril van lekkerte.

Dirk wil sy oogspiere om nog fyner te fokus. As dit 'n witkruis is, is hy nie volgroei nie, maar iemand roep hom uit die kombuis: dis Jay, hy moet ingaan. Sy't oor sy skouer geloer toe hy netnou in die oggendkoerant kyk na 'n artikel oor neushoringvoëls. Jan is aangehaal. Foto en al. Ma Ria sal weer trots wees as sy haar week se koerante Saterdag op Langebaan loop haal. "My broer is 'n voël-professor. Hy praat makliker met voëls as met mense," het hy gesê toe Jay begin uitvra. Sy't gedink hy spot.

Jan is die wetenskaplike; hyself kyk sommer maar net. Voëls is vir hom mooi, selfs 'n bietjie fantasties. Die identifikasie, die naam, die broeigewoontes en wat ook al is nie vir hom so belangrik nie. Wat hom lok, is die kleur wat oopklok onder 'n vaal vlerk. Die ooprits van 'n vlerk se verstommende simmetrie. Die kolibrie wat homself vertikaal in die lug hou om nektar uit te haal terwyl sy vlerke vierduisend keer per minuut vorentoe en agtertoe zirr, te vinnig vir die menslike oog om te sien. Die flamink wat pienk dra soos niks of niemand anders nie. Die opportunisme van 'n voël in 'n warm lugstroom, al hoër en hoër sonder om 'n vlerk te roer. Asof in die hoogste staat van meditasie; hy en die ewigheid gemaklik naas mekaar. En daardie kraletjiesogies, daaragter sit sekerlik al die kodes van die kosmos op mikroskyf. Voëls los mens ook uit, bars nooit jou private ruimte in nie. Hulle is versigtig op die oor. Selfs vinke wat 'n slang skel of die skril gekrys van meeue as jy vis skoonmaak, selfs dit verkies hy bo die dissonante kabaal van honde en kinders.

Op die koerantfoto vanoggend is die neushoringkuikens netjies langs mekaar in 'n ry bokant 'n liniaal lêgemaak. Die oudste kuiken is al amper mens. Die een ná hom het net 'n beduidenis van dons. Die middelste lyk soos 'n Rainbow Chicken pas uit sy plastieksakkie. Die vierde lyk dood, en die jongste na 'n grillerige misbakte babavlermuis. Neushoringwyfies, so skryf die

omgewingsverslaggewer, broei hul kuikens weke na mekaar uit en nie alles op een slag soos ander voëls nie. Sodat ma gemaklik kan voorsien in haar kroos se wisselende kosbehoeftes.

Nes ma Ria gedoen het. Hul vyf kinders het mekaar ook soos orrelpypies die een na die ander opgevolg. Ma kon hulle op 'n dag, almal onder sewe, seker nes vanoggend se koerantkuikens op die gewatteerde sprei op haar dubbelbed uitpak.

Hy is die middelkind. Die kok. Die ordinêre Rainbow Chicken.

Hy kyk op sy horlosie aan sy regterpols. Tien oor sewe. Hy is links, maar klits, draai pannekoeke en speel tennis met sy regterhand. Hy skryf so lelik dat hulle hom arbeidsterapie toe sou stuur as hy vandag op skool was. Hy glimlag ingedagte terwyl hy met 'n stukkie T-hemp 'n vetkol van die horlosieglas vee. 'n Bonus van dié dubbelhandigheid het hy, en opeenvolgende minnaars, lankal ontdek.

Hy moet ingaan. Op die oomblik is daar 'n pasiënt wat elke liewe oggend agtuur, vyftien minute te vroeg vir ontbyt, inklok. Eers loop hy net op en af tussen die tafels van die eetkamer, en maak 'n groot gebaar daarvan om elke halfminuut op sy horlosie te kyk. Dan tree hy al nader aan die kombuis. Kom vra of hulle doodseker is dis nog nie kwart oor agt nie, sy horlosie is beslis reg, want hy stel dit elke oggend en elke aand in saam met die nuus en dis kwartspresisie; dis 'n waarborg. Hy is seker hulle horlosies is verkeerd, hulle in die kombuis, dit moet al kwart oor agt wees.

Dirk lig vir oulaas sy gesig op na die lug so vars hy sweer hy kan dit proe. Die arend (waar sal sy nes wees?) spiraal al hoe kleiner op en op. Maar hy loop nie dadelik in nie, hiervoor is die reuk van sy kruietuin, behaaglik skerp wanneer dit nog koel is, net te verleidelik. Wil net gou gaan kyk hoe gaan dit met die salie wat hy 'n paar dae tevore ingesit het. Hy buk by die halfdosyn plantjies en kyk hulle fyn deur vir wurms. Die tabakstof wat hy gister gestrooi het, skrik hulle nie, nes hy vermoed het, heeltemal af nie, want hy haal steeds twee vettes af. Mooi wurms, ertjiegroen en swart, maar hy kan hulle nie bekostig nie. Hy loop met

University of Cape Town

hulle in die palm van sy hand na die wildedagga. Die dagga is in die knop en gaan een van die dae oortrek wees van die kraalogies en suikerbekkies. Hulle sal weet wat om met die wurms te doen. Soms wens hy hy kon vandag nog 'n wurm onder sy skoen of met 'n klip vermorsel, soos toe hy 'n kind was, sonder om vir 'n oomblik te oorweeg wat voëls sal eet as mens al hul wurms uitmoor. Here, wat hulle nie alles gedoen het nie. Spelde deur spinnekoppe gesteek. Toktokkies laat resies jaag, elkeen minus een agterbeen. Oor die toktokkies het pa hulle 'n helse pak slae gegee met Blesjan, die plak, in die vrykamer. Daai was sy laaste pak.

Die arend is weg en die verkeershelikopter dreun die blou stuk hemel binne. Vlieswolkies syfer deur die nate. Hy draai om en draf die drie, vier trappe op na die kombuisdeur. Net toe hy bo is, draai hy weer om om die sigaretstompie van vroeër te gaan optel.

Toe hy oor die drumpel van die oop kombuisdeur tree, besef hy opnuut hoe klein dié vertrek eintlik is waarin vir soveel mense kosgemaak word. Hy het al dikwels vir private do's gekook in kombuise waar jy jou mal hol heen en weer oor die Italiaanse teëlvloer groot genoeg vir 'n wye langarmwals. Hier 's dit anders. Net 'n omdraai en 'n tree van die wasbakke en werkoppervlaktes tot by die kookarea in die middel van die vertrek. Hy registreer brood wat brand en check die gasbroodrooster net binne die deur. Dis 'n groot rondelyf affêre wat hom sonder feil herinner aan sy ouma se bakoond buite op die klip agter sy ma se seehuis. Hy hou van kombuise soos dié: die bonkige rooster, die reuse-eierklitser, die slagtersnyer. Dit voer hom terug na van sy vroegste kinderherinneringe: die langsteel-soplepel waarmee hy onsigbare vyande platgeslaan het, sy ouma Hannatjie se reëlmatig drillende bo-arms by die melkskeier, sy ma langs die Aga, die komme brooddeeg op die groen houtkombuistafel. Dis omvangryke kombuisgoed wat hom aantrek, seker dié dat huisie-huisie in sy susters se pophuis vir hom altyd so stupid was.

'n Geil damp hang in die kombuis. Braaisampioene. Terwyl hy sy voorskoot vanagter die kombuisdeur afhaak, wonder hy of die ou met die sampioenfobie nog met hulle is. Snaaks, hy't hom nie gister gesien nie.

University of Cape Town

Theresa, die matrone, laat altyd weet as een met 'n spesifieke kosvoorskrif ontslaan is. Hy moet check. Die uiteenlopende kosgrille en dieetbehoeftes van die pasiënte, gemiddeld veertig op 'n keer, was aanvanklik 'n helse storie. Halaal, kosjer, vegetaries, lakto-vegetaries. En soms, soos met die sampioen-ou, 'n hele fokkin opera wat niks met gesondheid of geloof uit te waai het nie. Maar hy't gou geleer. Hou kop. Reël nommer een. Baie van dié mense hang aan die rafels van hul senuwees, jy kan nie ook jóú poppe uit die pram gooi nie. Totdat hy hier begin het, was sy ervaring beperk tot die kombuise van restaurante en hotels en privaatjobs af en toe. Hy was oortuig die ingevoerde akteurs op filmstelle en die verwende kliënte van die upmarket plekke - die anties met die pers rinses, en die Dolce&Gabbana-set - is die mees onuitstaanbare soort op God se aarde om voor te cater, maar hy was verkeerd.

Om hom is elkeen van die ander kombuiswerkers reeds aan die gang. Jay, die leerkingkok, sny 'n blok kaas so groot soos 'n brood in kleiner, meer hanteerbare stukke. Gloria, die skoonmaker, pak die skottelgoedwasser met die vorige aand se goed uit. Dirk herken nie vanoggend se kerklied nie, hoewel hy daagliks in die Methodiste-repertorium promoveer. Tussen die kombuis en die eetkamer is 'n eenvoudige eenheid wat bestaan uit groot bakke oor warm water en 'n toonbank waarop pasiënte hul skinkborde skuif en vra dat die kelners dit of dat inskep, net soveel, nie meer nie, dankie, nog asseblief. Hieragter is die tafels, vier plekke per tafel, wat Eddie en Clemence, die kelners, nou dek. Dis sy personeel. Wanneer die ander kok, Thandi aan diens is, is daar 'n ander span.

Voor Dirk buitentoe is, het hy ses middelslag papajas op sy werkplek uitgepak. Hy haal sy groentemessie uit die sak dwars voor op sy voorskoot en spoel dit onder die kraan. Die skil glip in dun repe uit sy hande op die houtplank. Die plesier van 'n superskerp mes. Die binnevrug is oranje, met 'n garintjie ligroos onder die skil. Die kleur van sonsondergange, dink hy geamuseerd, op poskaarte. Hy sny die papajas een-een in die lengte. Vat versigtig dat dit nie kneus nie. As jy mooi kyk, sien jy die rimpelpitjies is eintlik nie swart nie, meer die kleur van eiervrug. Hulle blink in die strokie oggendson wat op die werkoppervlak val. 'n Oopgesnyde papaja is 'n onweerstaanbare ding. Soos

University of Cape Town

klam Barlinka-druiwekorrels, soos vars aspersies net skrikgemaak met stoom. Hy tel 'n sliert skil op en vee dit vlugtig teen sy wang. Dis koel.

Hy't nog nie vanoggend, registreer hy nou, in sy boek gaan kyk nie. Theresa, die matrone, dreig al vandat hy hier gekom het dat ook dié aspek moet oorskakel rekenaars toe: "Daar's oorgenoeg plek in die kuberruim vir ons kos ook, Dirkie, dis wyd soos die Here se genade." Hy't nie geantwoord nie, en sy't aanhou neul: "Of dink jy nie so nie, hoekom sê jy niks?"

"Mens moet ook 'n boek hê."

"Jy dink soos 'n dinosour, Dirk, 'n boek, hoekom?"

"Om aan te vat." Theresa het teatraal gesug, omgedraai en in die loop iets gesê, wat weet hy nie.

Hy los nou eers die papajas en vee sy hande aan sy voorskoot af. Dis in dié boek - die hardeband oefeningboek wat hy noukeurig dophou en aanpas volgens Theresa se opdragte - wat hy reg aan die begin ook neergeskryf het tweehonderd milliliter sop in die middag, veertig gram poeding in die aand, sestig gram proteïen in die oggend, honderd-en-veertig gram proteïen in die middag, honderd-en-twintig gram proteïen in die aand. Net koffie en tee en Milo kan hulle kry soveel hulle wil. Dit staan saam met skoon koppies, bekers, suiker, kunsmatige versoeters, vars melk, 'n fles Cremora en 'n urn kookwater altyd op 'n tafel in die eetkamer.

University of Cape Town

Hy staan met sy een been op die stoel in die kantoortjie en balanseer die boek op sy knie terwyl hy blaai. Hy onthou die ander nuwe pasiënt: 'n lang regop vrou met 'n swaar bruin bolla. Sy't gistermiddag terwyl hulle besig was om reg te maak vir aandete ingestap. Sy het die kennisgewing dat pasiënte nie die kombuispersoneel onnodig moet pla nie óf ignoreer óf nie gesien nie. Sy was nuut, hy't haar die vorige dag vir die eerste keer gesien. Hy het met sy rug na die eetkamer staan en werk. Meteens was die onverbiddellike bolla in die kombuis langs hom. "Ceylon tee." Dis al wat sy gesê het. Ceylon tee.

"Dis op die tafel daar," het hy vriendelik beduie, maar sonder om op te hou waar hy besig was om rou maalvleis en fyngekapte groente met sy hande in die vorm van brode te druk.

"Nee, daar's net rooibos."

"Ja, ek weet daar's rooibos, maar daar's gewone tee, Ceylon, ook. Kyk," en hy't met sy maalvleishande beduie, "kyk net langs, links van, die urn. In die bakkie met die blou deksel. Die rooibos het 'n rooi deksel."

Sy het teruggestap na die eetkamer, stadig soos 'n koningin op die maat van Pomp and Circumstance. Hier het sy die bakkie met die blou deksel opgetel en oopgemaak, een van die sakkies uitgehaal, haar oë toegemaak en daaraan geruik. Eers het sy niks gesê nie, en toe, sonder enige uiterlike emosie, teruggedraai na Dirk: "Rooibos."

Jissis. Hy het die vleis afgewerk van sy hande, sy hande by die wasbak langsaan gewas en, terwyl hy dit aan sy voorskoot droog, deur die kombuis na die drinkgoed gestap. Hier het hy albei plastiekdeksels afgehaal, die rooie en die bloue, en aan albei houers geruik. Buiten dat jy die growwe tekstuur van die rooibostee deur die sakkie kan herken, is die uiteenlopende geure onfokkinmiskenbaar. Hy ruik rooibostee 'n myl ver, seker omdat hy dit so haat. Hy het die bakkies na haar uitgehou: "Ruik, ruik die verskil."

Die vrou het geruik aan die een bakkie, toe aan die ander en weer lank aan die eerste bakkie. Toe sy weer opkyk, was asof die wit van haar oë vuil was, die irisse ontoeganklik bruin: "Dit is rooibos dié."

Van waar hy nou staan, sien hy deur die glasafskorting die hele kombuis waar drie etes 'n dag, sewe dae van die week, gemaak word en waar hy die meeste van sy wakker ure deurbring. Dit het alles wat 'n kommersiële eetplek se kombuis het, maar is kleiner. Die mense help hulleself. Kamerdiens is net vir ekstreme gevalle, of as die detox so erg is dat 'n ou moet lê.

In die middel van die vloer, onder die lugsuiers, is die gasplate en hieronder die gestapelde oondbakke en kastrolle. Om van die grootste potte, met plek vir vyftig liter sop, kan hy nie sy arms vou nie. Die middelslagoonde

University of Cape Town

neem vyf, ses skaapboude op 'n slag. Teen die mure saam met die wasbakke en werkplekke is alles wat jy origens nodig het: tenks kookwater, 'n reusemenger en 'n gewone MagiMix. Eenkant is die skottelgoedwasser met sy groot, dik plastiekmandjies. Bokant die opwasbak hier is die slurp - 'n spuitkop aan die punt van 'n lang slingel waarmee die ergste vuil van borde en messegoed gespuit word voordat dit in die wasser kom. Uit die kombuis loop twee vertrekke: een die kantoortjie en die ander een die spens vir nie-bederfbare kos. Hierin is alles wat enige restaurantkombuis het, buiten natuurlik alkohol. Alles, soos die tien kilogram sakke meel en suiker, word op grootmaat bestel en afgelewer.

Van die oorspronklike kombuis van die gebou, 'n oue, is geen teken nie. Theresa het hom ingevul: "Die dag toe die arme argitek besef het you-know-who het geen voorneme om die ou vuurherd, daar waar die Aga gestaan het, te behou nie, het hy sy selfoon afgeskakel, hy't my dit self vertel, en hom in die seiljagklub moederloos loop suip."

Sy gedagtes dwaal, maar hy moet aangaan. Voel tam vandag; te laat gaan slaap, en ook te laat en te veel geëet en gedrink. Hy maak die oefeningboek toe, staan op en trek die deur in die glasafskoring agter hom toe. My vistenk, dink hy, maar ook my enigste kontak deur die telefoon en die e-mail met die wêreld daar buite waar mense maak of hulle nooit só 'n plek nodig het nie. Vandat hy hier werk, het die woord "normaal" in sy gedagtes verander, soos deeg in sy hande.

Die temperatuur klim nou vinnig. Al is dit najaar is sommige dae, soos vandag, ongewoon warm en klam, vroegoggend al. "Real Durban weather for you, Dirk," terg Jay, die meisiekind van Natal. "You mos like this stickiness." Sy spot, sy was gister by toe hy oor die weer gekla het: "But I like it, it is nice. Durban is a cool place, man Dirk, the men there are strong like the curry."

"I'm not into men, Jay, how many times must I remind you."

Sy lol tergerig voort: "Maar vir wat vat jy my dan nie fliek toe nie, man Dirk?"

"Ag, Jay, want dit sal kindermolestering wees, dis hoekom. Met 'n push kon jy my dogter gewees het. Boonop hét ek iemand, dankie, jy weet dit,

University of Cape Town

hoekom maak jy nie eerder die croissants daar klaar nie. En moenie by my kom huil as jy gly op daai vuil vloer onder jou en jou nek breek nie. Jy ken die reëls, Miss Sugarcane, jy maak skoon waar jy werk."

Maar Jay het lus vir klets vanoggend: "What do you think, Dirk, should I henna my hair or not. Gloria says no and Clemence says absolutely. So what do you think?"

Dirk kyk nie op nie, maar kan nie help om te grinnik nie: "As jy die een lot henna moet jy seker die hele lot henna, Jay. Ek meen nou soos jou wenkbroue en onderarmhare en so."

"Listen, I'm not one of these feminist types with the long underarm hair, hey, just get your facts straight." Gemaak kwaai: "Like you with your long hair like a woman."

Dirk lag, maar antwoord haar nie. Hy loop bietjie agter. Sy terg hom dikwels oor sy poniestert. Duidelik fassineer dit haar, sy wat hard probeer om weg te breek uit haar konserwatiewe Hindoe-familie se manier van doen. Maar sy's nog jonk en dom, sy sal regkom. Blerrie mooi ook.

Ja, Durbanweer, Jay is reg. Die klad op die grense tussen die jaartye ontstem hom. As kind op die plaas was sy hele bestaan georden binne duidelik afgebakende seisoene, verbeel hy hom. Elke gety het sy eie masjien. Ná die eerste reëns in Maart, April word die skottelploeg en die saaimasjien uit die waenhuis getrek. En in Oktober, November dreun die stroper en die baalmasjien die werf onder 'n stofwolk uit. Vir 'n jaar lê 'n land braak voor die skottelploeg die kluite omdolwe dat jy die donker boepmaag met die rooi merkie van die knopiespinnekop onmiskenbaar kan eien. In die staalbak van die klitser staan en breek hy nou dertig eiers een vir een. Aan sy arm klingel sy rits koper- en draadarmbande. Hy dink aan Nadia, gisteraand by die huis. Terwyl die JC le Roux-proppe buite op die stoep geskiet en hulle twee binne agter in die kombuis die kase uit hul omhulsels gedop het, het sy laggend verwys na die huidige weerstoestand as 'n Indian summer: "Maar neither India nor summer."

Hy skakel die klitser aan. Gloria vryf die messegoed wat sy uit die skottelgoedwasser gepak het bolangs blink en gooi dit kletterend in die

University of Cape Town

messegoedmandjies. Sy werk so vinnig jy kan die individuele stukke nie identifiseer nie. Agter hom sis olie in panne. Jay wikkel haar heupe saam met die radio daar waar sy tamaties staan en sny: *I remember the first time I saw your face on a Saturday night.*

Met die wegdraai van die klitser wat die eiers tot geel skuim karring, voor hy weer uitglip vir oreganum, lig die lamte uit sy lyf. Hy sien die oorlogoë van die arend. Hy verbeel hom die dreigende skaduwee van die vlerke, wyer as wat hy sy eie arms van kant tot kant kan strek. Die arend is vir hom 'n teken. Van presies wat weet hy nie.

University of Cape Town

Drie

Die eerste aand is Wim vroeg, nege-uur, in die bed. Hy's moeg. Voor hy aan die slaap raak, lê en dink hy heen en weer oor die afgelope drie jaar. Hy wou meer ervaring opdoen as wat plaaslike koerante en tydskrifte hom kon gee. Hy wou by Domenica gaan teken. Hy't ook gevoel Portia, met wie hy toe 'n verhouding gehad het, suig hom vas. Wou wegkom van sy ma. En van die verantwoordelikheid - nooit genoem, nooit gevra - dat hy in haar wentelbaan moet bly.

Net toe hy insluimer, begin Pedro. Pedro is 'n afgetrede wiskundige en hulle woon van altyd af langs mekaar. Sy Bechstein-vleuel staan in die middel van 'n vertrek so deurmekaar jy weet nie hoe hy ooit iets vind tussen die stapels musiek, tydskrifte, boeke en koerante nie. Sy klavierspelery het Wim-hulle selde gepla, hy speel goed. Dit was net toe hy en Anja tieners was, dat hul belangstellings gebots het. Hy het kom hamer aan hul voordeur as hulle Abba deur die buurt blaas. En as hy oor en oor deur die Bach-preludes werk, het hulle met die besemstok gekap teen die muur wat hulle skei. (Net as hul ma uit was.)

Vandag toe hulle deur die repertorium van vriende en kennisse werk, het Hanna genoem Pedro raak nou baie oud, hy's al diep in die tagtig: "Toe ek 'n tydjie gelede noem jy kom vandag, het hy gesê ek moet hom 'n dag vooruit waarsku dat hy vir jou 'n heuningkoek kan bak. Teen die einde van die gesprek het ek besef hy dink ek praat van jou pa."

Wat hy nou speel, klink vir Wim met die intree-note bekend. 'n Paar mate later herken hy dit; 'n variasie op Brahms se wiegelied.

In die loop van die week stel sy ma voor dat hulle die komende Sondagaand, dis 'n week sedert hy aangekom het, 'n ete hou vir sy terugwees: "Komaan, iemand het vir my perlemoen gebring. Nooi 'n paar van jou mense, ek het lanklaas gekook. Daar's net genoeg perlemoen vir 'n voorgereg, wat sal ek nog maak?"

"Kan ek maar regtig sê of het jy klaar in jou kop uitgewerk wat jy gaan maak?" Hy terg.

University of Cape Town

"Jy kan maar regtig sê, maar ek moet die perlemoen maak; dit hou nie vir ewig nie, nie eens in die vrieskas nie."

"OK, waarvoor ek rêrig lushet, is nie 'n pasta nie, maar beesstert."

"A, ek het nooit kon raai jy't wel 'n pasta-versadigingspunt nie, maar dis goed so. Is dit dit?"

"Nee, perlemoen dan en beesstert. En poeding, maak jou brandewynpoeding, Ma."

"Goed. Perlemoen, beesstert en brandewynpoeding. Afgesluk met vonkelwyn."

"Dis hel-uit ryk." Wim protesteer sonder veel oortuiging.

"En?"

"En, ek kan nie wag nie."

"Nou ja, dis wonderlik dat jy hier is en dis nie net ek wat so dink nie."

Sedert Sondag lyk dit vir hom of sy orraait is. Wanneer hulle eet, drink sy mineralewater. Hyself drink selde alkohol, net as dit werklik 'n geleentheid is én hy in die luim is. Een bier, yskoud, is meestal voldoende. En af en toe 'n G&T, dis after-all Afrika.

"Los die vonkelwyn, die mense kan mos maar self bring wat hulle wil drink," stel hy voor. Toe hy die brandewynpoeding noem, wonder hy onmiddellik of dit nie 'n fout was nie. Maar hy sê niks, hy wil nie skoor soek waar daar nie is nie.

"Nee, ons vier fees en sonder borrels kan mens dit tog nie oortuigend doen nie. Jammer ons kan nie die regte egte bekostig nie, maar kom ons ry uit na een van die wynplase in Constantia, dan kry ons sommer vars chiabatta by daardie padstal in die draai, jy weet mos, die een oorkant die Moslem-begraafplaas. Hulle s'n is loshande die beste."

Hanna nooi eerste vir Pedro, wat intussen vir Wim kom groet het. Dié dag is hy heeltemal helder: "Ja, ja, lande is nou so na aan mekaar soos dorpe. Mens moet reis, mens moet reis. Goed vir dié," en hy tik teen sy kop glad soos 'n ham, "en uiteraard vir dié." Hy knipoog en maak, siestog, 'n stram beweging

University of Cape Town

wat Wim veronderstel behoort tot sy onderlyf beperk te wees. Pedro se tande het so lank geword.

Adriaan en sy ma se vriendin Nettie kom ook. Wim bel vir Philip sodat hy vroegtydig kan reël dat iemand anders vir hom instaan by sy pizza-oond. Vir sy vriendinne Tessa en Shahida los hy 'n antwoordboodskap. Anton sien hy môre en sal hy vra. Anton sal beslis kom, want Anton is mal oor sy ma - en haar kos.

Op die ingewing van die oomblik besluit hy om Portia te bel. Toe sy ma destyds vir hom kom kuier het, het hy gehoor sy is swanger. Die baba, 'n seuntjie, het intussen opgedaag. "Die pa was glo 'n eenmalige verskynsel," het Hanna toe vertel. Wim was verlig oor die nuus van die baba, asof dit hom van haar verlos. Sy blom, aldus Hanna. Hy sal haar graag wil sien. Hy bel haar die aand sesuur, maar sy kan nie praat nie. Sy sal hom later vanaand as die kleintjie slaap, terugbel. Hy moet nou eers op die bors kom, dis slaaptyd. Sleg dié tyd van die dag, verduidelik sy, al is sy koliek verby.

Ná hy afgelui het, bly sit hy vir 'n oomblik. Die baba was op haar arm. In die agtergrond was iets, 'n vreemde klank, soos iets wat borrel. Sy gebruik ook nuwe woorde, taal wat nie tevore deel was van hulle praat nie: koliek, op-die-bors. Asof haar borste - hy herinner hom die kleur en tekstuur van die vel, anders as enige ander plek op haar lyf, buiten miskien in haar nek onder haar haarlyn in - 'n ander entiteit aangeneem het. Dit voel of hy agtergebly het, of sy hom voor is. Maar sy gewaarwording is verbygaande. Hy hoop nie sy klou ook so aan die kind nie. Soos 'n seekat, het hy haar eenkeer beskuldig, jy suig mens vas soos 'n seekat. Hy het sy woorde agterna berou, sy was gekwets. Hy weet nie presies hoekom hy haar weer wil sien nie.

Teen die middel van die week is almal genooi.

Vrydagoggend het sy ma laat geslaap, en hy sien haar nie voor hy tienuur vertrek vir 'n afspraak met die redakteur van 'n nuustydskrif wat 'n gereelde volblad-strokiesprent oorweeg en hom genader het. Die tydskrif se kantore is in Groenpunt. In die ontvangs wag hy vir 'n paar minute en blaai deur vorige uitgawes van die tydskrif. 'n Sekretaresse wat lyk of sy soos Julia Roberts haar

University of Cape Town

glimlag agter haar ore gaan haak, loop op vinnige, indrukwekkende bene onder 'n kort rompie voor hom uit na die redakteur se kantoor. (Word hulle gemeet aan hul vermoë om hul ingekleurde lippe en oë te flash onafhanklik van hul gevoel?)

Sy eerste indruk van die vrou agter die massiewe lessenaar is dat sy formeel is. Té. Soos die gestilleerde silwerborsspeld op die lapel van haar snyersbaadjie toe sy opstaan en haar hand uitsteek. Hy het gehoor sy's redelik formidabel, maar hom nie juis gesteur nie. Ag, sy moet dit ook maar maak in 'n maatskappy wat tot nou die dag deur mans ge-run is, het iemand ter versagting opgemerk.

Maar teenoor hom is sy heeltemal gemaklik; sê sy't uitgesien om hom te ontmoet. Die vel van haar hand is sag; haar handdruk stewig: "Haai, Wim, my naam is Magda, welkom."

Vir 'n oomblik boul haar uitsig hom uit. Hy moet ophou om kantore te stereotipeer, maak hy 'n vinnige nota; hy weet nie, want hy werk by die huis. Kyk net byvoorbeeld hierdie uitsig.

Langs die venster agter haar rug is 'n groot geraamde swart-en-wit foto van 'n gestrande skip. Naby die brug is 'n duidelike kraak sigbaar, en die een kant van die skip (hy dink dis bakboord; hy raak altyd deurmekaar) is gevaarlik gekantel in die see wat skuim en spat oor die skuins dek. Op die voorgrond in die foto herken hy die prominade, die een buite die venster, en wil haar net hieroor vra, toe sy hom voorspring. "O, dis die Seafarer. Jy was seker nog nie gebore nie," grinnik sy.

Haar ondeunde uitdrukking is 'n verrassing: "Die skip het mos net hier buite op die rotse geloop. Wat daardie aand aan boord aangegaan het, weet g'n mens nie - dit lees soos 'n grap. Met die laaste ironie dat die ding byna die lighuis verpletter het."

Haar stemtoon verander. "Dis 'n mooi foto vir my," dit klink amper of sy verskoning maak. "My pa het ons die volgende dag gebring om te kom kyk, ek was 'n dogtertjie, negentien-ses-en-sestig. Ons het in 'n hengse storm van Wellington hierheen gery."

University of Cape Town

Sy praat stadiger, nadenkend, en kyk ook nou, saam met hom, na die foto: "Eienaardig weet jy, ek onthou my pa se reënjas en sy hoed. Ons het in die reën staan en kyk. Hy is die dag daarna dood." Sy maak 'n handgebaar, asof sy haarself in die bek ruk. Haar gemoduleerde, byna foutlose taalgebruik laat haar des te meer weerloos lyk, en klink. Sy draai opeens na hom en lyk ietwat verbaas, byna asof sy van hom vergeet het.

"Wat sal jy drink?"

Die oomblik is verby en hy los dit; bewus dat hy 'n intieme herinnering - vir albei onvoorsiens - meegemaak het.

Agterna ontmoet hy vir Tessa en Shahida by Giovanni's waar hy by die toonbank waar hulle op kroegstoeltjies eet, ingevul word oor die lewe aan die Kaap in sy afwesigheid. "As die Kaap net sy gissings en geskinder kon uitvoer en daarmee geld maak," spot hy hulle by die aanhoor van die hoeveelste storie oor wie by wie slaap, wie van wie weg is en wie "siek" is.

Is dit hulle wat verander het, of is dit ek, wonder hy kriewelrig met die terugry, maar stoot dié gedagte opsy. Hy dink aan Magda; hoedat sy nie haar weerloosheid in daardie oomblik probeer verbloem het nie. Iets aan haar herinner aan sy ma. Miskien die manier van praat, die oënskynlike kalmte.

By die huis is Abbie reeds weg, sy loop vroeër op 'n Vrydag. Die alarm is af. Dit beteken sy ma is hier.

Net 'n paar tree binne die voordeur en hy registreer 'n verskuiwing. Deur die jare het hy antennas vir dié soort stilte ontwikkel. Hy soek haar nie, roep nie na haar nie. Hy loop reguit na sy kamer en maak die deur toe. Hy blaai deur die middagkoerant voor hy vir 'n paar minute insluimer.

Laatmiddag kry hy haar op die patio met 'n koppie koffie. "A, Wim, hier is jy. Gewonder waar jy heeldag rondloop." Sy nooi hom om saam te kom sit. "Wat kan ek vir jou maak? Tee, koffie, wat van 'n bier?"

"Nee, dankie, Ma. Ek het laat geëet en netnou koffie gedrink." Sy het pas haar hare gewas, dis nog klam. Hy sien aan haar oë wat hy vermoed. Die wit is minder helder, die vel onder haar wimpers - of verbeel hy hom? - effe gepof. Dit

University of Cape Town

sê wat 'n klomp nie kan nie. Anders as Tessa-hulle se baie woorde wat vir hom niks gesê het nie. Asof sy sy gedagtes kan lees, sit sy haar sonbril, wat op die tafel lê, op. Hy kan verkeerd wees. Miskien is sy net grieperig, miskien het sy gehuil. Maar sy's nie een wat huil nie, hy't dit tog Sondag weer besef. Hy haat sy eie gedagtes, dis so swak.

En hy hou sy mond.

"En wat sê die tydskrif, stel hulle belang?"

"Klink OK, een 'n maand. Steeds vrotterige betaling, maar meer as wat ek verwag het. Maar ek gaan eers twee voorlê."

Hy stel voor dat hulle uitgaan vir ete of hy vir hulle 'n take-away gaan kry, maar sy wil nie: "Ek wil vroeg inkruip en my boek klaar lees. Ek het die ding nou begin en kan dit net sowel klaar maak. Dit lees maklik en dis ook nie 'n dik boek nie."

"Wat lees jy?"

"Dis 'n nuwe skrywer - Deborah de Wit. Sy woon in Vredehoek iewers, ek het eenkeer vir haar klere gemaak voor sy en en haar man oorsee is. Ek het toe al besef, wel, eintlik agterna, toe sy vir my 'n brief skryf, daar's iets nie lekker nie. Nee, eintlik al terwyl sy kom pas het. Sy't die eerste dag uitgepak: haar skildklier wat verwyder is, haar man wat sy vermoed 'n verhouding met 'n ander man het, haar kind wat sy as baba per ongeluk laat val het, selfmoordpogings, depressie. Ag, jy wil nie weet nie, 'n hele mandjie vol ontboesemings. Sy't 'n paar maal vir my gevra of ek dink haar borste is mooi so groot en of ek dink sy moet dit laat verklein, maar eintlik, dit het sy gesê, is sy 'n feminis en behoort dus nie aan haar te laat sny nie." Sy lyk geamuseerd toe sy dit onthou.

"Maar sy't opgewonde gelyk oor die klere, gesê sy't lanklaas iets net vir haarself gedoen. Ek laat dink haar kwansuis aan die goeie fee in Aspoestertjie. Die klere voel vir haar soos 'n outydse bruidsuitset, en dalk is haar man se tyd by die buitelandse moedermaatskappy hul tweede wittebrood. Toe sy dit kom haal, het sy 'n reuse-bos blomme gebring. Woolworths, dit moes 'n fortuin gekos het.

"En toe, so 'n week na sy dit alles hier weg het, kom hier 'n brief aan en sy trap my uit dat g'n see my ooit weer skoonkry nie. Sy het elke kledingstuk

University of Cape Town

afsonderlik geneem, daar was so vyf, ses, en dit in besonderhede bespreek. Aanvanklik was ek ontsteld, maar toe ek so 'n endweg lees, besef ek daar's fout. Met haar.

" Hoe ook, hier't sy nou 'n boek geskryf, ek kon my oë nie glo nie. In dieselfde driftige trant as die brief. Baie outobiografies as jy my vra, ek weet nie hoe hierdie goed werk nie, maar nie juis veel van 'n storie nie. Die stomme man kom maar sleg daarvan af."

"Lyk na mode, boeke waarin mans afslag word. Sou Ma ook só geskryf het as Ma geskryf het?"

Sy bly eers stil: "Ek twyfel. As, ás ek kon skryf, sou ek 'n storie wil skryf van 'n huis soos vertel deur die kat van daardie huis. 'n Hond, dink ek, kan nog jok, maar nie 'n kat nie. 'n Kat raak ook nooit sentimenteel nie. Nee, Wim, 'n skrywer is ek nie."

"Afstand, maar dis seker net moontlik in 'n ideale wêreld. Soms wens ek my oë sit op twee lang, onafhanklike voelers. Een daar buite om te sien en een net hier by my op die papier. Dat wat jy sien op 'n manier nie inmeng met wat jy is en voel nie." Hy twyfel of sy presies weet wat hy bedoel want hy druk homself lomp uit, maar dis nie belangrik nie en hy los dit. Hy het selde nodig om oor sy werk te praat, nes hy nie praat oor hoe hy asemhaal nie.

Geleidelik lyk sy ma beter. Ná hulle nog 'n rukkie gesels het, stem sy selfs in dat hulle tog gaan uiteet: "Sal ons na Philip toe gaan? Ja, toe, ek het hom lanklaas gesien. Kom ons stap sommer."

Wim sou eers later weet sy ma het die vernaamste deel van haar vertelling oor die boek wat sy lees, verswyg.

University of Cape Town

Vier

Wim en Hanna loop al met die agterstrate na Philip se plek in die hoofweg. Die Suidoos, wat die grootste deel van die week gewaai en die lug skoon, maar dor gelaat het, het gaan lê. "Dankie tog," sug Hanna. "Die wind maak my rusteloos. Dis of ek nie werklik aan iets kan kom nie."

"Is die wind nie ook 'n ding wat mense laat selfmoord pleeg nie, soos Kersfees en Nuwejaar? Weet nie waar ek hieraan kom nie," probeer Wim onthou.

"Ek het jou vertel. Na aanleiding van daardie kliënt van my, die een wat haar en haar kinders geskiet het, destyds, lank gelede. Julle was nog in die laerskool."

Bo die berg vervloei die lug van grys tot 'n skaam rooi. Die hange verdonker, sluk die kranse en splete in. Al wat buurtkat is, is buite. Sommige sit en was op tuinmure en hekpilare; hulle het klaarblyklik klaar geëet. Ander bespied die skemer, pootjies netjies naas mekaar. Asof hulle wag dat hul huismense terugkom. Katte wag nie soos honde nie. Daarvoor is die profiel te kil en die stert te ontdaan van afwagting of opgewondenheid. Afsydig knip hulle hul oë wanneer hy of sy ma 'n hand uitsteek en saggies roep. (Toe hy klein was, het hy gedink katte en uile is familie. Heimlik dink hy steeds daar's 'n verband.) Jy hoor spreiers en tuinslange. Ruik uiteenlopende aandspyskaarte. Die sypaadjies is smal en hulle moet telkens plek maak vir mense met honde of stootwaentjies. Van die mense, inwoners van die buurt, ken vir Wim en sien nou eers hy is terug - ander ontdek nou eers hy was weg. Hulle ruil gemeenplase. Wim sou wou talm; hy wil hom toets aan die gedagte dat sy afwesigheid in werklikheid net 'n oogwink was. Maar dis duidelik Hanna is nie lus vir gesels nie. Sy's nie onvriendelik of stug nie, maar ontlok niks meer nie as geykte formaliteite. Sy's warmer teenoor die katte, dink hy, as die mense.

Toe hulle in die laaste systraat voor die hoofweg indraai, loop hulle hulle vas teen 'n kabaal. Die man leun teen die deur, wieg soos seewier. Woorde, vir Hanna en Wim net geluide, dryf uit sy sawwe mond. Maar die drie vroue is skril en duidelik. Hulle stamp aan mekaar, pluk aan stukke klere. 'n Kan wyn

University of Cape Town

verskyn en verdwyn tussen lappe en truie en hande. Meteens skiet een van die bakleiers se regterarm vorentoe en sy slaan een van die ander met die vuis in haar mond. "Djou poes, Grace, djou poes," swets sy terwyl haar arms rondswaai op soek na 'n stuk muur. Sy is sigbaar verwagtend.

Maar Grace bly staande. "Vir djou stiek ek nog vrek," skel sy en draai om na 'n gebreekte bierbottel wat agter haar lê, maar met dié skop die derde vrou haar dat hulle albei neerslaan. Die swanger vuisslaner sluk diep uit die kan voor sy vir oulaas spoeg: "Djulle dubbele nemonia poeste, man." Wankelend draai sy na die man: "Kom, kom ons loep, Joseph. Hulle poeste stink."

Grace en Joseph steier lawaai-lawaai weg. Agter-op Joseph se blou overall top staan in wit geskrywe: *Quality starts here.*

University of Cape Town

In sy eerste week terug voel dit vir Wim of sulke goed onder sy neus gevryf word. Verbeel hy hom of is daar meer bergies, stukkender as tevore? Die kinders by die verkeersligte is jonger, hiervan is hy seker, daar is ook meer lustelose babas op arms. Hulle word teenaan die motorruit gedruk, nes die bedelwoorde op karton. Hy't lag gekry vir die een wat gespel het: *God bles.* God met die pankop. God gee pak.

Maar iemand (was dit Philip?) het hom getroos, toemaar, jy sal dit gou weer gewoond raak: "Die Nuwe Suid-Afrika raak lank in die tand. Nie meer nuut nie, nuwerig, if you ask me, en vrot van die fabrieksfoute. Nie net het ons ontdek daar is nie 'n pot goud aan die end van die reënboog nie, Wimpie, daar's fokol reënboog."

Die toneel waarin hy en sy ma hom vasloop, is so bekend aan die Kaap soos sy berg op toeriste-brosjures. Tog bly dit steek. Dit herinner hom ook weer aan wat Adriaan, wat op 'n plaas in die Boland grootgeword het, eenkeer vertel het: "Soggens, saans, Vrydae. Ag, ek moes my pa baie help met die uitdeel. Ek het toe niks daarvan gedink nie, en het van niks beter geweet nie. Toe ek hom jare later daaroor konfronteer, was hy die hel in vir my. Hy kon dit nie oor sy lippe kry nie, maar wou seker sê ek moet nie met nóg van my moffiemaniere van

die stad op sy plaas kom nie. 'n Halwe blikbeker wyn kan niemand dronk maak nie, was sy verweer."

Hulle hou verby. Wim skud sy kop: "Sjoe, dis erg." Sy ma, wat loop met haar hande in haar baadjiesakke, trek haar arms digter teen haar lyf. Sy draai haar kop weg.

Meteens voel hy krapperig. Seker omdat hy oor die ander ding, nader aan die huis, ín die huis, nie kan praat nie: "Lyk my nie Meneer Mbeki se African Rennaissance het al tot hier gekom nie."

Eers sê sy niks. Toe sy wel praat, is haar stem afgemete: "Jy weet dis meer kompleks as dit, Wim. Die vrot van hoeveel dekades moet nou eers uit. Beleef ons nie nou wat ons vir 'n leeftyd nie toegelaat is om te sien nie?"

'n Porseleinwaskom in 'n winkelvenster verander die onderwerp. Dit lyk baie soos die een wat sy ma van haar oupa en ouma van Tulbagh geërf het. Agter die plafonhoogte ruit van die Obz Café langsaan kuier androgene mans en meisies op langbeen stoele rondom drankies gedoen met kersies en sambreeltjies. Sonbril op die kop, selfoon op die tafel. Bene en arms sekuur in swart, grys en naaswit. 'n Vrou met swart skouerlengtehare, 'n geil ingekleurde mond en uitspattige plastiekoorbelle waai vir Hanna.

Hanna waai, maar stop nie: "Stephanie, oulike vrou. Sy't pas Kilimandjaro geklim. Volgende op haar lys is die Andes."

"Could have fooled me. Sy lyk meer soos 'n waitress op 'n tropiese eiland met daardie pynappels aan haar ore. Waitron, jammer."

"Sy trek graag aan vir die oomblik, dis maar al." En dan, sagter, asof dit nie saakmaak of hy hoor of nie: "Soms is klere mens se enigste verweer en opbeuring."

Die pizzaplek is nog redelik leeg, dis nog vroeg. Wim het Philip vroeër in die week laat een aand kom groet. Hy't toe ook sommer gestap. Toe het die bergies in die deure en ingange lankal hul kartonne om hulle getrek. Hulle is soos voëls, hulle werk saam met die son.

Voor Wim en sy ma by 'n tafeltjie inskuif, gaan gesels hulle by die toonbank waaragter Philip, bandana om die kop, werk. Agter hom gloei sy pizza-

University of Cape Town

oond. Wim kan hom altyd verkyk aan hoe vinnig hy met die deeg voor hom op die marmerblad klaarspeel: "Tien take-aways." Terwyl hy met hulle praat (dis vir 'n tienerpartytjie) blaf hy bevele. Nie onvriendelik nie, maar ferm, nie 'n minuut tyd te mors nie: "More garlic! Not spinach, extra avo! Come, come you're not on a summer camp!" Sy hele lyf werk mee.

"Julle weet nie van iemand wat die plek vir 'n tyd kan bestuur nie?" vra hy voor hy in een gladde beweging 'n rou pizza-basis met die houtgraaf opraap en agter hom in die oond druk. Met die vingers van sy vry hand druk hy vinnig die lugborrels van die ander pizza's in die oond plat. Hy het al vir Wim aan sy vingerpunte laat voel, dis skurf. (En nie sensitief genoeg vir sommige fyngevoelige naaie nie, het hy agterna gegrinnik, buiten as hulle into s&m is.) Hy haal 'n doek uit sy voorskootsak en vee aan die strepie sweet op sy voorkop.

"Hoekom, gaan jy iets anders doen?" wil Hanna weet.

"Maybe. Bietjie Amerika toe gaan, kyk hoe lyk dit daar. Mens kan nie vir ewig pizza's maak nie. There must be more to life." Hy glimlag sonder vreugde.

"Wil jy weggaan?" Wim verbeel hom 'n angstigheid in sy ma se vraag.

"Ag, nie juis nie, net gaan kyk. Who knows."

By die tafel bestel Wim 'n koue Savanna en Hanna 'n bottel witwyn. Hulle deel 'n slaai voor die pizza kom. "Hy doen goed, mense ry van ver vir sy pizza's. 'n Tydskrif het nou die dag gesê hy maak die bestes in die Kaap. Dit sal jammer wees as hy dit nou los," praat Hanna terwyl sy die stukkies spek van haar pizza afhaal en eenkant sit. Sy pik aan die avokadoblokkies en spinasie. Lyk of sy nie honger is nie. Die bottel sak stelselmatig. Toe Wim sy laaste sluk bier neem, bied sy vir hom wyn aan. "Toe, saam met jou pizza, dis lekker koud en droog. Kyk die mooi etiket."

Hy wil nie eintlik nie, die een bier was genoeg. Maar hy gooi tog vir hom 'n glas. Dat daar minder is vir haar. Hy twyfel nie dat sy in die loop van die dag ook gedrink het nie. Hoeveel en wat sal hy nie weet nie; wil hy nie weet nie.

Hy draai die bottel in sy hand dat hy die etiket beter kan sien. 'n Skets van 'n Boesman en 'n eland. "Is dit nou Boesman of San of Khoi-San of wat?"

University of Cape Town

"Iemand wat by die een of ander instituut vir inheemse mense werk het my vertel dis nou weer OK om Boesman te sê. Dis glo wat hulle hulself noem. San beteken 'buitestaander'. Sy sê as hulle geld soek by buitelandse beleggers om hierdie mense met handwerk-projekte te help gebruik hulle daardie woord, maar onder mekaar is dit Boesman."

"So hulle is darem nog nie 'sogenaamde' San nie."

Sy skud haar kop: "Ek vermoed hulle is, as ek 'n modewoord kan gebruik, die mees agtergeblewe van die agtergeblewenes. Dink aan daardie twee groepe, die !Ku en die Khwe, wat op 'n liederlike stuk aarde noord van Kimberley in duisende weermagtente neergesit is. Ek het foto's gesien. Eers uit Angola gevlug, toe deur die Suid-Afrikaanse weermag in Suidwes, Namibië, gebruik - misbruik - en toe op die militêre grond daar in die Noord-Kaap afgelaai. 'n Handvol maak lieflike kunswerke - ek moet jou wys; ek het iets gekoop - maar die meerderheid het verval. Hulle kan nie meer jag, of kos en medisyne uit die veld haal nie, hulle kén die nuwe veld nie."

Die vrou wat sy ma dit vertel het, was self daar. Die winkel op Schmidtsdrift, dis die naam van die plek, word deur 'n oud-polisieman, sambok in die hand, bedryf. Hy het drie tienermeisies wat skamerig buite die deur rondgestaan het by die naam nadergeroep: "Kom, kom sê vir die mense wat het julle gekoop." In ruil vir die note, klein gevou en vuil in hul handpalms, het elkeen 'n papsak drank gekry. Soos pappegaaie, maar met afgeslane oë, het hulle hom nagesê: "Is ons sweet love".

Agter in die winkel - 'n ou militêre barak - is 'n pakkamer waarin rye en rye doodskiste lê. Twee soorte: growwes van dennehout, en blink gekleurdes met ornate handvatsels. Daar's niks anders om te doen nie, buiten in jou tent voor die TV sit en drink - en baklei soek.

"Sien jy wat ek bedoel, Wim? Terwyl liberals hier hare kloof oor wat om hierdie mense te noem, is dáár mense bymekaargegooi met hopeloos uiteenlopende identiteit, taal en kultuur. Ek is seker daar's baie ander sulke ontheemdes, maar dit begin dié wat so hoog opgee oor politieke korrektheid, ter

wille van hul gewetens, nie eens verstaan nie. Dis werklik 'n kwessie van 'n klok hoor lui, maar dis al."

Sy't weer haar glas volgemaak: "Ek is so uitgekuier met window dressing - dis ook hulle wat ten hemele kla as 'n orkes tot niet gaan, maar nooit by een uitvoering daarvan gekom het nie - ek dink dis eintlik maar beter dat hulle liewers padgee."

Dis selde dat sy ma so vurig en spraaksamig is; sy's een wat maklik net stilbly as hulle saam is. Sou dit wees dat sy uitgehonger is vir geselskap?

Hy en sy het nog altyd redelik goed klaargekom. Hulle sit minder vas as sy en Anja. En hulle kan oor enigiets gesels - buiten haar geheime tonnels.

"Onthou dat ek jou Joao se prent wys," herhaal sy en verander dan die onderwerp. Sy begin uitvra oor sy reise. Haar vrae stelselmatig van sy vertrek uit Suid-Afrika, van die een land na die ander. Sy stel belang in besonderhede. (Na die kuier by hom in Italië verwys sy nie; asof dit nooit gebeur het nie.)

Philip kom sit vir 'n oomblik by hulle, sy strepiesvoorskoot meleng. Hy ontknoop die bandana om sy kop, vee sy gesig daarmee af en prop dit voor in sy voorskoot. Sy hare is ligter, duidelik gekleur. Die snit is onbesproke, maar Wim is nie seker of die kleur heeltemal werk nie. Soos vroeër in die week toe Wim hom vir die eerste keer gesien het, merk hy die yler haarlyn, die dieper inhamme op sy voorkop. Die kerslig graveer die plooie langs sy neus en mond. Het ek ook in die laaste paar jaar soveel ouer geword? Philip is twee jaar ouer as hy, in sy vroeg-dertigs. Hanna bied ook vir Philip wyn aan: "Toe, jy lyk moeg en jou aand het skaars begin."

"Nee, dit sal nie help nie. Dit sal dit net erger maak, if anything. Ek het 'n glas Coke daaragter, maar thanks." Hy vra uit oor Anja en wil weet wanneer sy terugkom. "Sy was uitstekend. As ek haar weer kan kry, verdubbel ek haar salaris. As julle maar net weet waarmee mens deesdae sukkel, en dan is hiring en firing ook 'n heel nuwe ball game."

"Mens is nooit presies seker waar sy is en wat sy doen nie, maar laas het sy planne gehad om terug te gaan Dahab toe waar sy en 'n vriendin 'n eetplek,

onder 'n Suid-Afrikaanse vlag, begin het," vertel Wim. "Dis intussen tydelik oorgeneem deur ander Suid-Afrikaners, maar hulle wil nou waai."

"Dahab?"

"Nee, ek het ook nie geweet nie. Dis in Suid-Sinai, aan die kus. Turkoois see en palmbome en stringe eetplekke op die strand toegegooi onder Bedouine-kussings en -matte," beduie Wim. "Dit lyk daar bietjie soos rondom Namutoni in Etosha, jy was mos al daar. Die berge herinner mens weer aan Ais-Ais, maar dis min of meer waar die ooreenkomste ophou."

Philip lag: "Goeie God, is sy mal? Is die Egiptiese mans nie seksbejagte chauviniste nie?"

Hanna onderbreek: "Wel, indien enigiemand hulle op hul plek sal sit, sal dit sy wees. Jy ken Anja, en sy raak erger hoe ouer sy word."

"En het sy nou al 'n man ontmoet?" wil Philip weet. "Sy't mos gesê sy gaan oorsee om 'n man te kry, want ons hier is mos kwansuis te God weet wat." Hy lag, en vir die eerste keer vanaand lag sy oë saam: "Wag, wat is dit wat sy altyd sê: ons heupe is te smal vir hare."

"Jy was skaars in lyn," skerts Wim, "maar, nee. Ek dink sy't 'n affaire met 'n kameel. In haar laaste e-mail het sy vir paragrawe oor die sielvolle oë van die kameel in hulle kamp aangeteem. Die kameel en, o ja, die donkie met die naam van Michael Jackson. Sy, ja, sy, is 'n wit donkie. Daar loop ook 'n duisend katte rond en Anja, being Anja, het natuurlik die helfte, waarvan sommige maar gehawend lyk, aangeneem."

Hy het by haar gaan kuier toe sy vir haar eerste keer in Dahab was. Hy't gevlieg van Kaïro tot op Sharm El Sheikh en daarvandaan was dit in 'n rammelkas van 'n Peugout-stasiewa, 'n plaaslike taxi, tot in Dahab. Die taxibestuurder het onverpoosd gerook, swart tee gedrink en deurentyd vir Wim probeer oortuig om te trou met een van sy rits dogters van wie geknakte, beduimelde fototjies op die Peugout se dashboard geplak was. Die beste een, die een wat Wim nie deur sy vingers moet laat glip nie, was maar net twaalf. Maar sy's net 'n kind, het Wim protesteer. Vir 'n oomblik het die man albei hande van die stuurwiel gehad, die meisie se foto afgepluk, half omgedraai in sy sitplek

University of Cape Town

en woes beduie hoe mens 'n vrou moet vang as sy nog 'n babakat is, anders word sy 'n tier.

Anja se gemaklikheid in 'n wêreld volkome anders as die een waarin hulle grootgeword het - die onophoudelike swerms vlieë, die eienaardige ure, die plastiekkomme vir skottelgoed - was vir hom nie heeltemal verrassend nie. Sy't gelukkiger gelyk as ooit. "Nee wat, nie gelukkig nie," het sy hom verseker. "Tevrede. That's about as much as one can hope for, is dit nie, Boetie?"

Toe Hanna haar handsak soek om te betaal, is dit duidelik. Mits jy haar ken, en iets het om mee te vergelyk.

Sedert hulle hier kom sit het, het haar bewegings en gebare verlangsaam en terselfdertyd vervaag. Sy wat gewoonlik lig en seker beweeg. Meteens is sy ook kleiner, ouer. Buig nader, skreef haar oë effens en haar hande soek, soos een wat swak sien, voor sy haar sak raakvat. Sy sukkel, weliswaar net momenteel, met die knip. Soek haar kredietkaart. Kyk stip, frons, asof sy nie begryp hoekom dit so sloer nie. Dalk duur dit net 'n fraksie van 'n sekonde - vir Wim is dit minute. Uitgerek en openbarend. Drank tas nooit sy ma se spraak aan nie. Sy raak nie diktong nie; haar s'e sleep nie. Bygesê, asof sy weet dit kan haar dalk verklap, praat sy ook minder. Maar dít kom eers wanneer sy 'n sekere perk verby is. Die eerste paar drankies lig haar. Hoeveel maal al het hy in dié opgewekte fase gewens hy kan haar presies net hier vang en hou. Hier waar sy gelukkig lyk (tevrede, sou Anja sê) en hulle, hy en Anja, die spil is waarom al haar vreugdes spin. Toe hulle klein was, was hy haar prins en Anja haar prinses. Sy't hulle opgeraap en met hulle gedans. Lag-lag het sy vir hulle onvergeetlike etes opgedis. Hy het probeer om haar in hierdie borrel te hou, met wilsinspanning, afleiding, met enigiets. Hy het dit nog nooit reggekry nie. Al was hy hoe soet of hoe stout. Al het hy haar motor gewas én die tuin natgespuit én vir haar blomme en blare uit die tuin in teekoppies in die huis rond neergesit, kyk, Mamma.

Sy ma het 'n liefde groter as die een vir hom.

Hy kyk haar, bar en onbewoë. Nee, sy het nie opgehou nie. Van haar belofte in Italië dat sy iemand sou gaan sien, iets sou doen, het niks gekom nie. Vroeër in die week het hy eers anders gedink, gehoop. Later het hy begin twyfel. En nou weet hy. Hy't lus om te loop, haar hier te los dat sy self sien kom klaar, lus om die eerste vliegtuig land-uit te haal.

Hy neem haar kredietkaart, sy't aangedring om te betaal, maar haal sy eie by die kasregister uit. Gelukkig is Philip nou so besig hy't nie tyd vir gesels nie. Hy gee haar kaart vir haar terug by die tafel, sy kom nie eens agter (indien sy registreer, ignoreer sy dit) dat hy nie vir haar 'n strokie bring om te teken nie. Hy vra haar of hy die motor kan gaan haal om haar te kom oplaai. "Nee, hoekom? Nee, natuurlik nie." Haar stem is stil aggressief; haar oë kyk verby syne.

Sy raak net skrams aan 'n tafelblad met die uitstap. Druk met haar hand teen die deurkosyn dat sy vir 'n oomblik die ingang blokkeer, die vrou met die suiwer gelaatstrekke, sou mense kon sê, die onbesproke snit. By die deur laat Wim haar eerste uitloop, soos sy hom geleer het. In die deur draai hy om om vir Philip te groet. Soms waai hy terug, ander kere is hy te besig. Vanaand is dit of hy gewag het Wim moet terugkyk. Hy sien, weet Wim, en hy waai nie. Hy sein met sy oë.

Hulle stap stadig terug huis toe. Sy sê nie 'n woord nie. Sy ma is weg, sy't voor sy oë opgelos. Die vrou langs hom sien hy dikwels, maar na al die jare is sy steeds 'n vreemdeling.

In sy borskas lê 'n klip.

By die huis sluit hy die voordeur vir haar oop, staan terug. Hy wil nie met haar praat nie en hy wil haar nie sien nie. Na hy 'n draai geloop het in die badkamer, stap hy sitkamer toe en maak die deur toe. Hy sien weer Philip se oë, wat wat gesê het? Die stapel CD's wat hy teruggebring het, staan nog net so op die jonkmanskas waarin hul CD-speler is. Hy haal een uit sy kassie, Arvo Pärt, skuif dit in die speler, sit die oorfone op sy kop en skakel die staanlamp af. Hy gaan lê op die bank en probeer om nie te dink nie. Laat die hipnotiese stiltes en koraalklank deur hom vloei. Dat net een akkoord soveel kan sê. Hy verbeel hom

University of Cape Town

hy ry alleen deur 'n woestyn. Maar sy verrys uit die lugspieëlings - woordeloos en so donker, sy's sonder oë. Hy probeer van haar wegkom, maar toe hy dit nie regkry nie visualiseer hy dat hy op haar afjaag en dwarsdeur haar en haar neweling ry. Met die omkyk, sidder sy weer uit fokus in die verte. Hy wentel sy asemhaling af totdat hy dit op die maat van die kalm note kan beheer. Nou eers kan hy alleen reis. Die golwe van die sand onder hom, soos hy dit uit die vliegtuig oor die Sahara gesien het, voer hom mee; verlei hom. Haar gesig is so afgerem en moeg, dit los sommer so in die niet op. Toe die laaste mate van die derde simfonie wegsyfer, bly lê hy met toe oë. Hy het weggeraak. Hy sit die CD-speler af sonder om die lig aan te skakel. Die res van die huis is donker.

In die kombuis maak hy lig en skink melk. Op die tafel staan 'n bottel witwyn oopgemaak, langsaan 'n halwe bokaal wyn. Sy ma se gunstelingglas. In die glas, bo-op die wyn, dryf 'n muggie. Hy dop die glas bo die afvoerpyp om. Sit die kurk terug op die bottel, maar verander van plan met sy hand op die deur van die koelkas. Gooi ook dit uit. Die walm gekonsentreerde suur en swawel bo die wasbak is walglik. Dronk is dronk is dronk. Of dit uit ingevoerde Tjeggiese glas kom of sommer reguit uit die bottel.

Hy droom hy hoor 'n telefoon lui, maar besef, toe hy op sy wekker kyk en sien dis drie-uur, die foon lui inderdaad. Anja, dis sy eerste gedagte. Vir 'n oomblik kan hy glad nie onthou waar die foon is nie en hy weet ook sy ma sal nie wakker word nie, al lui dit ook nou net enkele sentimeters van haar kop. Hy knip sy bedlig aan. Die gang, natuurlik, die telefoon staan sy lewe lank al in die gang op die skryftafel langs sy ma se dagboek.

Miskien 'n verkeerde nommer. Tog voel hy sy hart klop. Maar dis nie Anja of iemand anders oor Anja nie. Dis Adriaan. In die oomblik stilte, die huiwering van Adriaan toe hy hoor dis hý terwyl hy seker vir Hanna verwag het, word Wim heeltemal wakker. Dis 'n verligting.

Adriaan klink huiwerig, effens verleë: "Ag, Wim, jammer om dié tyd van die nag te pla, ek het eintlik gehoop jou ma sal optel. Dis eintlik belaglik van my om julle te bel besef ek nou, maar is sy wakker?"

University of Cape Town

Wat 'n stupid vraag; dis in die middel van die nag: "Wel, sy't nie opgetel nie. Is daar iets verkeerd?"

Adriaan lag, maar sy stem is te hoog, te skril, te opgekikker vir drie-uur in die oggend. In sy geestesoog sien Wim: die lyntjie kokaïene, die kredietkaart eenkant. "Nee, juis nie," sê Adriaan en dit voel of hy hom reguit in die oë kyk nadat hy sy kop effens na agter gekantel het om die poeier vinnig en geoefen in te snuif, "want ek het 'n bomontploffing oorleef which is probably something." Weer die senuagtige grinnik.

"Bomontploffing?"

"Gisteraand laat, wel, eintlik vroeg vanoggend, die meeste mense was gelukkig al weg, in Devil's, so 'n kroeg hier in die stad."

Wim weet van Devil's. 'n Gereelde kuierplek van ook Philip. Hy was een aand ná 'n show saam met Philip vir 'n drankie daarheen. Hulle het by die kroegtoonbank gestaan en hy kon die onderlangse belangstellende oë in sy rigting nie mis nie. Hy en Philip het hieroor gegiggel, soos kinders. "Hulle dink jy's my nuwe stuk," het Philip gegrinnik.

Philip het hom daardie aand vertel van die doolhof van anonieme seks agter die toe deur dieper in die vertrek. Hy het ook gesê seks sonder kondome met 'n man wie se naam hy nie weet nie, nie wil weet nie, gee hom meer van 'n adrenalien rush as bungee jumping. Wim het gewens hy het nie gehoor wat hy hoor nie: "Jy's seker lekker mal." Hy en Philip ken mekaar al van hul laat tienerjare, praat gemaklik oor alles en hul uiteenlopende seksuele voorkeure was nog nooit 'n kwessie nie - maar hiervoor was hy onvoorbereid. "Ek is jammer, Wimpie, jy's reg. Ek is óf waansinnig óf selfvernietigend." Nou het Philip nie meer gelag nie. Hy het sy glas leegmaak: "Ek weet aldag nie self watter een nie. Kom ons waai."

"En is jy OK?" wil hy nou van Adriaan oor die telefoon weet. "Waar is jy?"

Adriaan en 'n vriend, Wim herken die naam, het 'n drankie staan en drink tussen die ingang van die kroeg en die tafel waaronder die pypbom geplant is. Voor die stilte was daar 'n slag, voor dié 'n geel lig. Hy en die vriend het uitgeglip voor die stormloop. Eers daar, op die sypaadjie, het hulle gesien Adriaan is in

University of Cape Town

die kuit getref. Die vriend het hom na 'n mediese kliniek, klipgooi van die kroeg, gebring waar die skrapnel reeds uitgehaal is. "Soos sequens, die stukkies metaal, net hel-uit skerper. 'n Tuisgemaakte bom. Soos die een by die Waterfront laasjaar. O ja, jy was nie hier nie."

Ander mense het seerder gekry. Een het 'n hakskeen verloor, iemand anders se boud is weggeskiet. Dit kon erger wees, die kroeg was aan die leegloop en die bom nie uitermate kragtig nie.

"Ek weet nie of ek haar gaan wakker kry nie," gooi Wim wal toe Adriaan weer na Hanna vra. Dis duidelik dat hy aan skok ly en met haar wil praat, maar dis after all in die middel van die nag en dis nie asof hy sterwend is nie. Maar sy ma is mos Adriaan se shrink en Moeder Theresa all in one, dink Wim geïrriteerd terwyl hy gang-af loop na haar kamer. Sy mag hom natuurlik ook later verkwalik as hy haar nie roep nie.

Hy draai die deurknop versigtig oop. Die lang moeseliengordyne roer net liggies voor die oop venster. Die some druip soos was op die houtvloer. Eenkant op 'n tafel is 'n kers aan die uitbrand. Dit ruik na vanielje. Dalk ruik ek dit nie, dink hy, dalk onthou ek dit net. Dis altyd óf kaneel óf vanielje. Hy't vir haar naeltjiegeurige kerse gebring. Sy roer nie. Hy loop nader aan die bed. Hy gaan haar nie wakker maak nie. Die ganglig skyn by haar kamer in. Haar lyf onder die duvet is dun. Al wat uitsteek, is haar kop. Teen die kussing lyk dit te klein, te skerp - soos die vroue in die bakleiery vroeër vanaand. Hy ruik die vanielje nou, ruik dit wel, ruik háár ook. Langs haar bed is nóg 'n kers; dood, maar steeds geurig. Haar mond is half-oop. Haar lippe lyk dor. As sy slaap, praat sy die waarheid.

Hy trek die deur weer agter hom toe. Hy hoef dit nie eens sag te doen nie; niks sal haar nou wakker maak nie. Nee, jammer, sê hy vir Adriaan, ek kan haar nie wakker kry nie, sy't laat gewerk. Iets wat iemand vroegoggend kom haal, seker 'n bruid.

Hy neem die foonnommer van die saal waar Adriaan is, hy sal vir haar eerste ding in die oggend sê en sy sal hom beslis dadelik kontak.

Dis nie die eerste keer dat hy lieg om haar te beskerm nie.

University of Cape Town

Vyf

"Dirk, waar kruip jy weg, my gogga?" Dis Theresa wat deur die eetkamer na hom roep waar hy agter die stowe staan en werk. Dié dat sy hom nie uit die eetkamer sien nie.

Sy groet almal in die verbygaan, maar Dirk is haar eintlike teiken. Toe sy hom opmerk, 'n ent weg, begin sy al praat: "Mevrou Abdurahman sê julle het wéér spek in haar macaroni-en-kaas gesit. Sy sê niemand anders het spek in hulle s'n gehad nie, net sy. Vyf duidelik herkenbare stukke spek, Dirk, wat moet ek met jou máák?"

Theresa rek haar prominent omlynde ogies gemaak vroom: "Janie het my spesiáál gebel om dit te sê."

Janie is een van die terapeute: "Sê vir Janie ek sê ekskuus namens die kombuisfeetjies wat hierdie nare goed doen in die nag. Ek sal self vir mevrou Abdurahman om verskoning vra." Nou eers hou hy op werk: "Here, Theresa, kan ons nie maar nooit spek in enigiets ooit weer sit nie. Dis in elk geval vrot gerook en vol MSG en cholestrol en God weet wat alles."

"Nee, nee, nee. Sommige pasiënte dring aan op spek, en jy weet dit. Dis hulle goeie reg. Jy moet nooit vergeet hierdie verdomde plek is vir party mense hul Elsies Riviera nie, en as jy ooit sê ek het dit vir jou gesê sal ek persoonlik sorg dat dokter Friedman jou in die pad steek, no pun intended. Dirk, as jy nie vir hulle spek gee nie sal hulle mal word."

"Jy bedoel maller as wat die helfte van hulle reeds is, skatlam?" Dirk hou van haar. Sy het 'n gladde bek, aangehelp deur 'n paar doppe. Hy het gesien by hul Kerspartytjie laasjaar en die okkasie by Friedman se huis. Hoe oud sal sy wees? Middel-veertigs? En al skerts sy oor haar pasiënte, gee sy werklik om. Waarskynlik te veel, sy werk ook te hard. By haar huis is niemand of niks nie, buiten twee goudvisse al in die rondte in 'n bak in haar kombuis. Toe Dirk die ronde bak sien, wou hy weet of dit nie die visse blind maak nie. "Wees nie bevrees nie, Dirkie, visse is te dom selfs om blind te wees."

Theresa se visse se name verander voortdurend in die volgstroom van skandes en krisisse in krieketgeledere. Die meeste van die tyd dat Theresa nie

by die kliniek is nie, daarvan is hy seker, kyk sy sport op televisie - veral krieket; sy's krieketbedot. 'n Skinkbord "goodies" byderhand teen die stres van die spel.

"En nou kan jy vir my by wyse van verskoning van die spekskandaal en as 'n spesiale bederfie 'n koppie filterkoffie gee." Hy't vroeër al die perkoleerder aangesit, een van sy eie wat hy hiernatoe gebring het. Bloot die gedagte aan kitskoffie - die nagmerrie van Nescafé - maak hom bedruk. Theresa het hom agtergekom en kom tydig en ontydig bedel. Terwyl sy praat, vee sy met haar vinger oor kosspatseltjies op die een oondoppervlak, maak haar vinger nat in haar mond, vee weer: "Onthou jy die polisiekaptein wat ek jou daardie keer van vertel het, die een met die prostituut?"

Hy gaan aan met sy werk, maar sien uit die hoek van sy oog: "Ekskuus, Matrone, maar moenie my oond met jou speeksel was nie, dankie hoor, en sê mens nie sekswerker nie?"

"Ag, Dirk, jou ma't jou gesig met spoeg gewas. Hoe ook, before I was rudely interrupted, hy's terug. Boots and all."

Theresa het dié man destyds met 'n vrou in sy kamer betrap. Terwyl sy haar op haar hoëhakskoene teruggewurm het in die skraps rompie en toppie en die polisiekaptein losgebind het, het sy Theresa van 'n kant af uitgetrap omdat sy die cheek het om haar in haar werk te steur: "Slegte blêrrie maniere," het sy gesnip.

Die kaptein se eerste opname, vir post-traumatiese stres, was voor Dirk se tyd. Ook voor daar 'n hekwag was. Dirk ken hom van sy tweede verblyf. Hy't het 'n goeie aptyt gehad, en het altyd vir tweede helpings gekom. As van die ander pasiënte minder as hul kwota geëet het, was hy gelukkig en kon hy selfs 'n derde keer kom skep. Hy't 'n slag gehad om die mense aan sy tafel te laat lag: eindelose variasies van blonde grappies en die hele arsenaal van Van der Merwe, die Engelsman en die Ier. Wanneer hy van sy renduiwe by die huis vertel het, was hy ernstig. Hy't al etlike bekers gewen en as jy hom 'n halwe kans gee, trek hy weg - in sy blou handdoekstofpantoffels of stokies. Dirk het hom voorgestel die hokke van sy duiwe wat hy uitry Klapmuts en Philadelphia en Gouda toe was ook blou. Blou vir seuns. Dis sy derde verblyf dié.

University of Cape Town

Theresa gee vir Dirk die leë koppie: "What a buzz, gogga, thanks!" Sy lyk aansienlik opgekikker. Sy weet, praat sy oor haar skouer terwyl sy reeds halfpad deur die eetkamer is, haar lêer sal die eerste wees wat oopgemaak word die dag as daar 'n kliniek kom vir kaffeïenverslaafdes. Dirk is altyd verbaas oor hoe vinnig sy daardie dik lyfie met die dwergbeentjies wikkel.

University of Cape Town

Ses

Ook hoog blêrrie tyd, dink Dirk toe hy sy flikkerlig aansit en links afdraai van die eindelose pad wat vir nog 'n uur soos 'n liniaal noord pyl, skrams verby Langebaan, nog 'n mooi opgefokte Weskusdorp.

Hy verminder spoed, draai sy ruit af en stop 'n paar meter verder by die valhek waar 'n natuurbewaarder, vandag een wat hy nie ken nie, die hek lig en hom deurwaai toe hy die plakker op die vooruit sien. Hy sit Marsalis en sy trompet af, trek stadig in eerste weg en asem die strandveld, kruierig en suur, diep in. Sy hele lyf ontspan op die uitasem: aha!

Alles heilsaam in die eter is seker hier ingedamp. Hier waar die atome in die lug negatief gelaai is (dis min of meer die somtotaal van wat hy van chemie onthou) om jou positief te laat voel. Deur die oop ruit speel dit op die vel van sy arms, hande en gesig. Hy kry hoendervleis, maar nie van koue nie.

Dis sy beste, dié oomblik. Die wete jy't geglip van een wêreld tot binne-in 'n ander. Soos Baboesjka-poppe, het hy eendag vir Nadia verduidelik toe hulle van die grootpad afdraai in die natuurpark waar sy ma se huis is. In elke wees is nóg een - en nóg een en nóg.

Sy't met haar voete op die paneelbord gesit, soos sy altyd maak as hulle ver ry. Hulle het geskerts, mekaar oor iets geterg, maar sy't stil geword, haar voete afgehaal en na hom gedraai: "Jy kom soms met só iets uit... iets half kosbaar. Is dit omdat jy so min praat, relatief nou, dat jy hierdie dinge uitdink?" Hierop volg 'n stilte, nukkerig: "Dis ook so damn ironies, want ek is die een wat veronderstel is om oorspronklik te wees."

"Ag, komaan, jy oordryf," het hy haar probeer afmaak.

Nadia is 'n tydskrifjoernalis en hy is altyd verstom dat sy soveel twak met soveel entoesiasme aanpak. Sy's tog nie stupid nie. Hy blaai soms met swak bedekte verveling deur haar tydskrifte. Hy weet sweet-blou-ôll van skryf, maar sulke resepmatigheid en uitryg van ander mense se onbeduidende swaktes en skandale vermoed hy is nie die regte teelaarde vir oorspronklikheid nie. Sy't weer vorentoe gekyk, hy kon sien sy frons steeds: "Ek dink net nie ek het die regte tools om ooit 'n boek of 'n ding te skryf nie."

University of Cape Town

"En waar jy nou is, sal dit nie gebeur nie, ek twyfel." Hy het sy hand op haar kaal been gesit. "En jy't nog nie probeer nie, het jy?"

Nadia was pas ses-en-twintig, elf jaar jonger as sy sewe-en-dertig.

Die herinnering aan haar krap hom om. Hy wil nie nou aan haar dink nie, hy's die hel in vir haar. Sy't op die tippie besluit sy kom nie saam nie.

Die nasionale pad tot hier, vervelig en lelik, ry hy altyd so vinnig as hy kan. Jy sien gewoonlik darem valkies op die lyndrade, of kraaie op die telefoonpale, swartes en witborse, maar dis of selfs die voëls die pad godverlate vind.

Vandag, twee of wat maande ná die brand, is anders. Die verkoolde arms en bene van die struike staan strak in die landskap van as. Dit ontstel hom: die wond op die grond, die wete duisende diere en insekte en babavoëls het doodgebrand. En tog, in Simonstad, dae ná die brand, het hy die vuurlelies loop kyk. Stoetse bloedrooi stamme en blomme in die sand. Saskia, 'n vriendin wat daar woon en saam met hom die berg in is, het verwoord wat hy gedink het: "Dit lyk soos krismiskerse, né, Dirk. En as ons nie die vuur gehad het nie, het ons dit nie nou gesien nie."

Nes jy links swenk, draai die landskap - en jy. Hier, binne-in die park, het dit anders gebrand - dis minder bar - en ook net 'n ent die binnepad in. Iemand het ses skilpadkarkasse, die verkoolde koppe ver uitgesteek, in 'n stigtelike rytjie gepak onder die padteken wat motoriste juis waarsku om op die uitkyk te wees vir hulle. Die dood in daardie dop kan hy hom nie voorstel nie.

Die veld is dié tyd van die jaar altyd droog, die bietjie winterreën ver terug in laasjaar, maar vandag lyk dit droër as wat hy dit kan onthou: grys, kakie, beenwit. Byna onmiddellik sien hy 'n paar verpotte volstruiskoppe bo die veld dobber. Die wimpers bo hul groot oë - dit weet hy, hy kan dit nie nou sien nie - lyk of dit vals is. Jong volstruisies is mooi, maar die grotes, jissis, hy weet darem nie. Maar hy moet hulle hul indrukwekkende eiers toegee. Hierop kan mens staan, hy't dit uitgetoets, sonder dat dit breek. Op die ryvlak voor hom blink reuse-songolo's. Op die plaas kleintyd wanneer hulle winkel gespeel het, was dié duisendpote hul drop. Hy swenk links en regs vir hulle uit. As hy vroeër hier

University of Cape Town

was, dis nou al elfuur, sou hy fyn gekyk het vir die bokkies wat verstar, stip kyk en wegduik tussen die struike. Net 'n ritseling en hulle is volmaak uit jou gesigveld, maar waarskynlik nie twee meter verder nie. Hulle is skaam, die duikers en die steenbokkies. Toe hy 'n vorige keer skemer hier uit is, het hy hier iewers stilgehou net enkele meters van 'n rooikat. Die kat, oënskynlik onbewus van hom, was besig om te fokus op iets, wat weet hy nie, en het so stadig afgesak op sy hurke om aan te val, jy kon die beweging skaars volg.

Toe hy sy eerste skilpad teëkom, begin hy tel. Dis 'n gewoonte wat hy nie kan verleer nie. In paartyd sien jy maklik negentig, honderd, selfs meer, tot by sy ma se huis. Meestal in een rigting, soos 'n gety.

Die binnepad van die park, sonder wit of geel strepe, is onlangs geteer. Die draaie kantel wyd en inkswart tussen die eerste duine van die Atlantiese Oseaan in. Links agter die duine lê Sestien Myl-strand. Hy ry verby die plek waar hy laas die twee slange gesien het. Hulle is vanjaar volop. Dis die versengende hitte, sê sy ma, die reën wat versuim. Iemand anders het weer te vertel dis oor daar so min rooikatte is. Hier iewers het die pofadder en die kobra dwars oor die pad, koppe na mekaar toe, gelê. Die kobra het regop gestaan, kop bak, reg om te pik. Die driehoek kop van die pofadder, sy bek oopgesper dat jy sy pienk binnebek kon sien, was uitgeswel. Sy ruit was afgedraai en hy kon die slang duidelik hoor blaas. Sy ma skrik nie vir 'n slang nie.

Nou die dag weer het sy 'n kobra by die kraan agter die huis gekry waar hy hom oplig om water by die bek van die kraan te soek. "Siestog, ook maar net mens," het sy agterna vertel. En nadat sy een middag op die stoep in een van die seilstoele aan die slaap geraak het, het 'n pofadder knap by haar op die warm stoepteëls kom lê en bak. "Lekker lê en luister hy Pavarotti saam met my."

Dit herinner Dirk aan Theresa. Die tuinier het 'n slang - wat by nader ondersoek 'n ou grasslangetjie blyk - in die kliniek se tuin rapporteer. Dirk wou nog wal gooi, die ding blyk volkome onskadelik te wees, maar Theresa het gesê, nee. "Ek haat slange, Dirk." Sy was ernstig. "En ek gee nie 'n damn om of dit een of ander falliese vrees is nie. Julle maak daai slang dood, Winston, of anders."

University of Cape Town

Hy wonder hoe dit met haar en haar naweek gaan. Sy's ook af, nes hy, en is al gisteraand, Vrydagaand, weg op 'n voëltoer Suid-Kaap toe. Hulle deel 'n fassinasie met voëls, maar anders as hy behoort sy tot formele voëlorganisasies.

"Nee, beslis nie vir jou nie, Dirk, baie tantes en oujongnooiens." Sy kan maar spot, haar kennis is indrukwekkend. Dis sy wat hom gewys het op die kolganse. Twee verdiepings bo straatvlak, op die versekeringsmaatskappy se betonterras oorkant die straat soos jy uit haar kantoor by die kliniek kyk, het twee kolganse twee, drie jaar gelede tussen die houerplante kom nesmaak.

Dirk se oupa Frans, 'n Bolandse vrugteboer, was een van die vroeë huiseienaars aan die suidelike oewer van die Langebaanse strandmeer. 'n Paar ander boere, wat hul vee wintertyd vir weiding hierheen laat aanjaag het, het voor hom vakansieplekke begin bou. Die meeste huise was in Kreeftebaai waar die krewe, aldus oupa Frans, so groot soos hanslammers was en sommer uitgestap het op die strand.

Dis in oupa Frans se witgekalkte huisie, verbou en aangelap, wat Dirk se ma nou permanent bly. Die meeste ander plekke is vakansiehuise, dis net sy en ou Lars wat jaar in en uit op daardie stuk kus woon. Lars, 'n Noorweegse walvisjagter, is destyds toe die walvisfabriek gesluit het nie terug Skandinawië toe nie. Hy het met die dogter van 'n melkboer van Darling getrou. Maar sy't hom jare gelede ontval, soos sy ma sê, hy's al lank wewenaar.

Die lagune gooi 'n vlak baai tussen Lars se huis en sy ma s'n. Hul naaste blywende bure is die vissers veertien, vyftien kilometer verder op Churchaven en Stofbergsfontein. En dan's daar die weermag wat ingetrek het waar die ou walvisstasie was: Donkergat, Salmanderbaai, die diep inham van Rietbaai en verder tot by Hugospos. Mens sien dié mense nooit, maar in veral die sewentiger- en die tagtigerjare was stories oor hul bedrywighede volop. Stories wat saam met 'n dop, as jy seker is jou luisteraars is te vertrou, oorvertel is.

Oupa Frans se huis is in die laat agttien-negentigs gebou met plaaslike klip en fyngemaakte skulpe. Die binnemure is aanmekaargetimmer met hout afkomstig van 'n Noorweegse walvisboot. Toe Dirk se oupa dié plek in die vroeg-

University of Cape Town

dertigerjare gekoop het, was die water van Langebaan se kant af die mees betroubare toegang tot die skiereiland tussen die strandmeer en die Atlantiese Oseaan. Desembervakansies het hulle nie gekom nie, want dit was paktyd op die plaas in die Boland. Grootvakansie, soos hulle dit genoem het, was in die winter. Saam in die OldsMobile was sy oupa se foksterriër, Twakkies, wat sestien jaar oud geword het, 'n fuik met slaghoenders, en proviand vir drie weke in 'n plek sonder elektrisiteit, maar met 'n bakoond plus 'n syf wat wieg in die skaduwee van 'n manatoka met sy kosbare vraggie botter, kaas en melk. Dit alles is saamgery, insluitend die drie kinders asook die kle'meid.

"Mens praat nie meer van meide nie, Ma, nie groot of klein nie," het Dirk al hoeveel maal sy ma herinner wanneer sy dié reise herroep.

"Skei uit, Dirk, jy weet ek bedoel dit nie so nie. Dis soos ons toe gepraat het. Hulle was my maats op die plaas, die meidjies en klonkies, en ons het dit met liefde gesê. Dis hóé jy iets sê, nie wát nie, jy weet dit so goed soos ek. Praat verander nie oornag soos 'n regering nie, en jy weet ook my hart is reg."

Sy draai om, haar sê gesê.

Ook in April, met die Paasvakansie, het oupa Frans-hulle van die plaas kus toe gekom, maar net vir 'n week. Dan het hy rye en rye groente geplant: beet, wortel, kool, aartappel, raap. Teen Junie se grootvakansie was dit wat die molle en die ystervarke nie uitgegrawe het nie, reg vir oes.

Dikwels wanneer Dirk die pad van die stad in 'n vervelig, maar vinnige (vergeleke met sy oupa se oorlandreis) uur kafdraf, dink hy aan sy oupa-hulle se dagtog wat donkeroggend op die plaas in die Groot-Drakenstein begin het. Eers ure later is hulle op Darling, waar die haan wat saam met die henne in die fuik op die OldsMobile se trappie vasgemaak is, glo eenkeer so luidrugtig gekraai het dat die mense by die motorhawe, waar petrol ingegooi is, dit jare agterna steeds onthou het. Op Langebaan trek oupa Frans sy motor op die jetty en alles word van hier oorgelaai op 'n gehuurde bakkie; ook die skipper word gehuur. Hierna word die motor in 'n gehuurde waenhuis getrek en toegemaak, die sleutel val in oupa Frans se broeksak. Nou eers word oupa Frans en ouma Elizabeth, met al hul

University of Cape Town

mense en goed, oor die strandmeer (hulle het gepraat van die Kleinsee, die Grootsee was die oop Atlantiese Oseaan agter die kop) geroei. Dirk ken sy ma se swart-en-wit kiekies hiervan, die hoekies geknak. Dit lê saam met soortgelyke foto's van daardie tyd alles in 'n ou skoenboks: oupa Frans en die skipper, broekspype opgerol, dra die vroue en kinders van die bakkie na die wal. (Is die kle'meid ook gedra?) Die eerste ding wat ouma Elizabeth met die aankomslag doen, is om die beddens op te maak. As die laaste bed klaar is, is dit donker.

Daar was 'n ander, maar onbetroubare, roete. Van Geelbek al met die lagune se suidelike oewer langs tot by Kraalbaai waar die ligte holtetjies van Eva se voetspore vir derduisende jare die reën opgevang het voor dit gelig en met 'n helikopter gevlieg is na die nasionale museum in die stad. Hier, om die klip wat bekend staan as Preekstoel, is sy oupa-hulle dan teen die sandduin uit.

Hulle moet hulle reis so beplan dat hulle vertrek van die plaas 'n paar uur later sinchroniseer met laagwater in die lagune - dis al hoe jy sandlangs gery kry. Dié roete verkort die reis, maar net op papier. Hulle val gereeld vas. Dan moet sy oupa tot by die naaste plaas stap dat die boer se donkies, of later 'n trekker, kan kom help. Ook hiervan is daar 'n voosgevatte kiekie. Dié vasvallery maak dat Ouma se laaste bed maar weer eers as die son sak, opgemaak is - die bulsakke op die koperkatels uitgedy soos die brode, haar Victorian milk loaves, wat hierna al om die tweede dag uit die bakoond agter die huis gehaal is. Buite die agterdeur is 'n sementbraaiplek, groot met ingeboude sitbankies vir die kinders, waar vroeër jare byna elke dag van die vakansie vars vis gebraai is. Elwe, hotnosvis, witstompneus, steentjies, harders. Hier het Dirk ook kleintyd perdevoete en alikreukels, wat hy self van die klippe gehaal het, oor die vuur gekook en die sagte vleisies, baie nes slak, uit die doppe gesuig.

Hy trek sy motor in die skaduwee van 'n peperboom langs sy ma se huis. Toe hy die masjien afsit, lawaai die seevoëls en sonbesies die kajuit vol. Verder niks. Die water lê soos 'n lap. Nie eens 'n bries nie. Eers netnou, teen eenuur, kom die wind op. In teenstelling met die veld is die vlakke van die lagune so skerp jy kan dit nie sonder 'n sonbril of 'n hand oor jou oë kyk nie.

University of Cape Town

Hy kry sy ma waar sy agter in die kombuis by die tafel sit. Voor haar staan 'n flessie ingemaakte appelkose en 'n oopgesnyde blikkie Carnationmelk. "En nou, Ma?" vra hy toe hy afbuk om haar te soengroet. "Ma lyk soos een wat middernagfees hou."

Sy vee haar mond met 'n lappie af: "Dag, my kind, nee, ek word vaneffe oorval deur 'n skielike lus vir appelkose. Vir die kleur, vir hierdie baldadige oranje, seker oor die veld so vaal is," sy hou 'n poedinglepel met 'n halwe appelkoos in dik stroop omhoog. "En toe onthou ek van my boerejongens in die spens, ek het dit self in November laasjaar ingelê. Van Montagu gekry van iemand nog. Toe, kry vir jou, waar's Nadia?" Sy kyk langs hom verby asof sy Nadia in die deur verwag.

"Sy's nie hier nie."

"O, dis jammer en vir wat nie? Werk?"

"So sê sy." Dit is 'n leuen, jammer, Ma.

Dirk kry vir hom ook 'n bakkie, 'n groen emalje een met wit spikkels, en gaan sit oorkant sy ma by die tafel. Skep ook van die appelkose, drup 'n lekseltjie ingedampte melk bo-oor. Hy sou room verkies het, maar hier's só iets net as jy dit saambring. Hier maak jy soos hier. Dikwels uit 'n blikkie: Weense worsies, sardiens, pere. En juis dít is vir hom - wat 'n Franse savarin optower, amper te mooi om te eet - een van die trekpleisters. Tyd en mode kom met 'n lang ompad hier aan.

Die appelkose en ingedampte melk is middagete. Hulle gesels heen en weer. Oor die ander kinders, die weer, die diere. Die elande was laasnag tot teenaan die huis, vertel Ria. "Jy moet gaan kyk hoe hulle die turksvybos verniel het. Marlize het nou die dag vir my gesê ek moet die ding uitroei, dis uitheems en die goed vervuil, maar haar alie. Vandat ek hier kom, is hier turksvye, en nie meer nou as toe nie. So goed jy vat die water weg, as jy die turksvye begin uitkap. Die diere is maer, hulle voer."

Marlize is die park se nuwe hoofveldwagter. Dirk het nog net eenmaal met haar te doen gehad. Hulle het vanuit teenoorgestelde rigtings op 'n smal tweespoor aangery gekom en hy't links afgetrek om vir haar plek te maak. Sy't

University of Cape Town

gestop om dankie te sê - die veldwagters se ongejaagde lewensritmes val hom altyd op - en hulle het vir 'n tydjie so deur hul oop ruite sit en gesels: die sebrakleintjies wat aangekom het, die dooie koedoebul, die veld wat laag en verlep is. Sy en een van die ander veldwagters, 'n ouer man, was besig om die diere te tel. Sy's jonk; mooi ook. Hare in 'n gladde poniestert, sproete oor haar neus. Maar nie sy soort nie, te jonk. Nadia is 'n uitsondering; hy hou van ouer vroue. Hul selfvertroue. Hoe hulle dinge net doen, sonder 'n bohaai. Hoe slinks hulle, vervleg met ander doen en praat, op die man af kan jag.

Ná middagete gaan Dirk en sy ma albei bietjie lê. Dirk om die dowwe hoofpyn waarmee hy wakker geword en wat intussen sterker begin klop het, af te slaap. Dis die Tequila's van gisteraand. Hy't ook te veel gerook.

In sy ma se seehuis het net sy 'n vaste slaapkamer. Ander mense slaap maar waar daar 'n gat is. Elke vertrek het 'n lêplek. Daar's tot 'n rusbank in die kombuis. Hy gee nie om waar hy slaap nie, maar hier, in die kookplek, trek hy die streep: "Jirre, julle verwag seker nie ek moet elke dag van my lewe in 'n kombuis werk en dan nog in een slaap ook nie."

Hy loop stoep toe, na die divan. Die vere sak by die jaar uit, maar almal soek altyd eerste hier hul lê. Hy wonder, terwyl die divan sy lyf groet soos 'n bekende, hoeveel koerante en boeke al op dié divan deurgelees is. Met hoeveel adolessente drifte onder die kombers van die donker gestoei is. Hoeveel lywe vir mekaar oop- en toegemaak het. Van hier hoor jy die windpomp by die brakwaterfontein skreeu as die wind draai. Sien jy Vlaeberg, Skaapeiland, snags die ligte van Langebaan, die gloed van die staalhawe. En amper die hele strandmeer in al sy buie en getye, asof deur 'n wyehoeklens. Van hier kyk jy hoe die vinke driftig nes bou, die seevoëls mekaar skel en toetakel, altyd oor kos. Hoe die duiwe, kraalogies en selfs die ibisse kom sit op die plankie waarop sy ma hulle voer. Bygesê, die ibisse en die janfiskaal kom net as sy stukkies oorskietvleis saam met die saad en oorskietvrugte en -groente uitsit.

Maar die beste, die lekkerste, is die mis wat in die loop van 'n nag deur die bek van die lagune rol. Jy ruik hom voor jy hom oor jou gesig voel rafel, koel en skrams, terwyl jou lyf onder die beddegoed broei.

University of Cape Town

Hy slaap gou. Toe hy wakker word, sit sy ma met haar rug na hom op 'n seilstoel, haar voete, elke toonnael geverf, oudergewoonte op die lae stoepmuurtjie voor haar. Dis een ding van sy ma: sy dra nie grimering nie, miskien vir 'n troue of begrafnis 'n bietjie lipstiffie, maar sy verf altyd, nie haar vingernaels nie, maar haar tone, op sewentig by die see. Binnenshuis dra sy nie skoene nie. Sal hy haar só onthou: met die boek, bril en botteltjie naellak? Maar mens sal nie weet nie, nie tot sy dood is nie. Hy onthou die weirdste goed van sy pa. Die son op die rug van sy hand - hoedat dit die haartjies verlig en dit lyk of daardie tamaai, sonbruin boerehand in 'n fyn pelsmoffie geglip het. Heeltemal onfokkinvanpas.

Al met die muurtjie langs op die kleiteëls van die stoep skarrel 'n streepmuisie. Sy ma is so verdiep, sy sien dit nie eens nie. Dirk is te lui om op te staan, vou sy hande agter sy kop en maak sy oë weer toe. Wonder wat doen Nadia? Miskien moet hy haar bel en sê, weet nie wat sê nie. Hy mis haar hier.

Terwyl hy lê en dut, onthou hy hoe hy en sy gisteraand uitgestap het op hul nuwe stoep onder die sinkdak (toe hy die onbeskadigde sinkdak en houtbroekieslace om twee kante van die huis gesien het, het hy geweet dís sy huis, nog voor hy 'n voet binne gesit het; die ou swaelnes in die hoek van die stoep het dit net bevestig) na waar die vonkelwynproppe soos klappers geskiet het. Die meeste van die gaste, daar was seker twintig of meer, was buite. Uit die ooste het drie donderslae meteens hard geslaan. Ritse lemme het gespring van wolk tot wolk. Op die dak bo die mense het los druppels gekletter. Hy het gehoop dit reën. Die tuin is nog nie sy eie nie - hy't darem al die vieslike sipres laat uithaal - maar kan doen met water. Toe hy die vorige week op die berg gestap het, was daar nêrens 'n syfering te bespeur nie. In die droë bergstrome het dit gelyk of die klip gaan krummel as jy daaraan vat. Die blaarpunte van die fynbos was windverweer, die opgaardamme glo laer as gewoonlik.

Op die stoep het 'n vrou ('n kollega van Nadia wie se naam hy nooit kan onthou nie) uitgeroep oor die druppels en haar vonkelwynfluit op niemand en niks in die besonder nie gelig: "Wonderlik! My rose gaan jubel!" Sy't haar glas in een teug leeggemaak en omgedraai vir nog: "Fantastiese sjampanje, sjoe." Haar fluit

University of Cape Town

het weer geflits. Hierdie keer in die rigting van 'n produkbestuurder van vonkelwyne, wat voorgestel het dat sy haar alkoholfeite opknap, dis vonkelwyn, nie sjampanje nie. Maar sy het by hom verbygedryf sonder om te hoor.

"Vergeet daarvan. Dis drie druppels en dis uit die verkeerde rigting," het Dirk die vrou se benewelde entoesiasme kortgeknip. Ook dit het sy nie registreer nie.

"Maar het julle gehoor dit het drie keer gedonder?" Nadia se oë was kinderlik ernstig. "Dis 'n fantastiese teken." Nou het sy net na Dirk gekyk. "Vuur van die hemel, verskriklik en dinamies. Jupiter se drie donderslae simboliseer die drie kragte wat ons toekoms bepaal: toeval, noodlot en die voorsienigheid."

"Is dit nie al drie dieselfde ding nie?" het een van die gaste hard-op gewonder sonder om enige reaksie, wat in elk geval nie gekom het nie, te verwag.

"Hoop nie dit donder meer as drie keer en donder jou simbool op nie," het Dirk gelag. Hy't langs Nadia op die rand van die rooi stoep gesit - die druppels was te yl om enigiemand nat te maak - sy een arm lossies om haar skouers. Met sy ander hand het hy sy glas teen die dalende lig gehou om te sien hoe die borrels van onder in die vlekiose glas (hy't 'n renons aan 'n glas wat nie skitterskoon is nie) wimpel na bo. Sterre, kleintjies, wat verkeerdom verskiet.

'n Vriendin van Nadia, Julia, het haar glas gelig: "Op julle wonderlike nuwe huis, Nadia, Dirk! Ek sien hier's hope plek vir stringe kinders! Cheers!"

In die geroesemoes van heildronke en uitroepe het hy gehoor hoe Nadia, wat intussen onder sy arm uitbeweeg het, vir iemand sê: "Nee, Dirk skrik hom morsdood vir 'n baba. Ek sal 'n ander plan moet maak."

Ure later, nadat hy en Nadia die ergste gemors aan die kant gemaak het, was dit dié stelling wat onverwags die prop getrek het op die aand se opwinding en pret. Hulle was in die badkamer, besig om reg te maak vir die bed. Sy't hom in die spieël dopgehou terwyl sy met 'n wattepluisie onder die een en toe die ander oog gevee het: "En wat sal jy doen as ek wel 'n ander plan maak?"

God, hulle was al tevore hier, en nie net eenmaal nie. Selfs nie 'n sin wat speels in 'n oomblik van 'n gefuif hieroor gesê word, is meer veilig nie.

University of Cape Town

Hy was op, nie lus vir 'n argument nie. Hy het haar oë in die spieël gelos, sy tandeborsel gebêre, omgedraai, uitgeloop en geantwoord sonder om terug te kyk: "Dan moet jy maar seker 'n ander plan maak." Hy het al geslaap toe sy bed toe gekom het. In die loop van die nag, sy eerste moegheid afgeslaap, het hy oudergewoonte sy arm om haar bolyf gesit, sy hand op haar kaal bors. Maar sy het die hand van haar afgestoot, van hom weggeskuif, haar rug na hom gekeer. Anders as gewoonlik het hulle vanoggend wakker geword met 'n ongeslaapte stuk bed tussen hulle.

Haar laaste woorde aan hom voor hy weg is, nadat sy gesê het sy kom nie meer saam Weskus toe nie, het hy ook al tevore gehoor. Moerig het hy sy goed in die motor gesit: "Dit help nie ons praat nie hieroor nie, Dirk, it won't go away. Jy vermy dit, soos jy alle konflik jou hele lewe lank al vermy."

Hy't niks gehad om te sê nie. Sy was reg.

Vlaeberg gooi 'n lang skaduwee oor die water toe hy weer sy oë oopmaak. Die seemeeue raas en maal op een plek. Teken van 'n skool visse. Sy ma se stoel is leeg. Hy roep binnetoe dat hy gaan stap, kom sy saam? Maar daar's nie antwoord nie, sy's seker klaar weg, sy stap elke laatmiddag. Hy trek ook sy sandale aan en hang die verkyker om sy nek.

Van ver sien hy haar laphoed. Sy's al aan die terugkom. By Lars se huis ontmoet hulle.

"Lekker geslaap? Voel jy beter, jy't maar vaal om die kiewe gelyk vroeër?"

"Fine, dankie. Ek is eintlik nou honger, wat eet ons vanaand?"

"Ek het vanoggend vroeg gaan harders haal, jy kan vir ons braai."

Die gedagte hieraan laat hom van plan verander. Hy sal nie nou gaan stap nie, hy sal nou 'n vuur opmaak. Hy's lus vir 'n vuur. Mens dink reg by 'n vuur. Sy ma gaan koop harders op Stofbergsfontein, dié is in die loop van laasnag gevang, toe Nadia hom geweier het. Lars se huis, sien hy, is verlate: "Is hy weg vir die naweek?"

University of Cape Town

"Nee, hy's siek, ek wou jou nog sê, hy's in die hospitaal. Lyk my dis nou maar 'n kwessie van afskakel en toemaak. Onthou hy's al by die negentig, ou Lars."

Hulle stap in stilte voor sy weer praat. Hulle albei tel stukkies brandhout in die stap op. Fynhout vir die vuur, genoeg vir meer as een vuur. "Ek sal hom mis, die oubaas, baie mis," sy skud haar kop asof sy 'n gevoel van haar wil afskud. "Maar ek het darem sy stories."

Dirk ken dié stories. Sommige sou hy verkies om te vergeet.

Terug by die huis begin hy die vuur pak. Sy ma gaan sit weer met haar boek in haar seilstoel. Hy staan by sy vuur, pas hom op. Steek sy eerste sigaret van die dag op. Hy dink weer, anders as met die wakker word vanoggend, hoe lekker rook is. Nie te veel nie, net so een saam met 'n dop. Hy kyk ver oor die lagune wat die kleur word van tin. Toe hy eenkeer iets opmerk, antwoord sy ma hom nie. Sy's weg al is sy hier.

University of Cape Town

Sy ma se boeke, sy't dit self erken, was haar lugbrug. Dit het haar gered van vyf kinders in omtrent net soveel jaar in die versengende hitte van 'n Swartlandse plaas ná haar koel Bolandse jeug. Dit het haar gevlieg na ander, mooier plekke; na mense minder kleinburgerlik. Sy't lankal niks meer om van te ontsnap nie, maar die ander wêrelde het om haar hand gevry en gewen. Sy pa is vroeg dood - hy was nog nie vyf-en-veertig nie. Sy ma het nie weer getrou nie, nooit weer, sover hy weet, 'n verhouding gehad nie. Sy's nooit opgeskeep met haar eie geselskap nie, en in daardie opsig aard hy meer na haar as enige van haar ander kinders. Hy doen goed, soos sy, in die stilte. En op een plek kan hy lank sit.

As een van hulle siek was, het sy hulle in die bed gesit met 'n leë garetolletjie, 'n hekelnaald en wol vir tolletjie brei. Saam met 'n skinkbord boeke en 'n beker aangemaakte Lime. Sy't nie om hulle gefaff en gekoer nie. Daar was nie tyd met nog vier ander én haar plaasdinge nie. Om 'n ophef te maak is ook nie in haar aard nie. Hy't op 'n keer Duitse masels gekry en was nie besonder siek nie, maar het 'n goeie stuk skool gemis omdat sy juffrou swanger was. Die skoolhoof het sy ma gebel en gevra of hy sommer tot die einde van die kwartaal

by die huis kan bly. To make assurance doubly sure, het sy ma kom sê. Dit was drie, lang weke. Een van die boeke wat sy in dié tyd vir hom aangedra het, was 'n boek uit haar kindertyd oor voëls. In desperate verveling het hy álles deurgeblaai, ál die Landbouweekblaaie en ál sy ma se Sarie's en ook dié lelike bruin boek. Pleks van illustasies was daar plakkers, wat sy ma as jongmeisie versamel het. Die veelkleurige voëls se ogies het uit die bladsye al by hom verbygekorrel. Hy't hulle probeer natrek, sonder sukses en besluit om dan eerder maar te lees. Op die linkerbladsy is in Engels geskryf en op die regterbladsy in Afrikaans. Die oorgange tussen die blaaie was soms so vrot dat dit nonsens gemaak het van sekere sinne, maar dit was goed genoeg dat hy kon leer die eerste mense wat voëls in Suid-Afrika nageloop, beskryf en illustreer het, is avonturiers en martelare genoem. Sommige is in die veld dood. Dít het hom uitgeboul, en hy't al agter hul ontberinge aan gelees. Toe hy klaar gelees het, het hy weer probeer teken, maar sy voëls het nog altyd simpel gelyk. Ma het getroos: dis oor hy links is dat hy so lelik teken, hy moet hom tog nie daarmee moeg maak nie, hy sal ander goed later beter doen.

Toe sy ma haar boek neersit en die glas wat langs haar stoel op die stoep staan, optel, wonder Dirk wat van daai ou boek geword het. Daar was ook een met wilde diere. "A-nee-a, Dirk, hoe kan jy my dit nou vra. Seker saam met die ander lot goed weeshuis toe toe ek weg is van die plaas."

Dié nag slaap hy buite. Net toe hy die lamp uitblaas, skeer 'n vlermuis onder die houtplafon van die stoep in en uit. Hy tel soos die huidjiehu roep. En dan, na 'n paar minute, roep 'n maat saam. Hoe hulle so 'n groot geluid kry uit so 'n lyfie, niks meer nie as 'n groen borrel, weet hy nie. Die reuk van parafien draal nog toe hy tel-tel wegraak.

'n Reëlmatige dowwe gestap, baie nader as die huidjiehu vroeër, maak hom wakker. Stamp en snuif; stamp en snuif. Sommer hier naby, met sy gestreepte sitvlak breed na die stoep gedraai, staan 'n sebra en vreet. Geleidelik verdof die strepe soos hy verder die donker in wei.

Nóg later word hy weer wakker. Hy gee nie om nie, as jou slaap hier onderbreek word, is daar gewoonlik iets om te sien of te hoor. Dié keer is dit 'n

University of Cape Town

uil, naby, op die kosplankie. Hy kom versigtig orent op sy elmboog dat die divan so min as moontlik raas, hy hoop nie die uil gee pad nie. Maar die voël steur hom nie aan die gekraak van die divan se vere nie. Hy kyk stip na Ria se kamervenster. Dis 'n ooruil; hy sien dit aan die oorkwassies. Watter een weet hy nie, dis te donker. Dhoo-boo, hoo-woo-woooh. Die uil se hoe-hoe kalwer ronde holtes in die stilte. Voor Dirk weer slaap, merk hy op sy horlosie dis net voor vier. Ver oor die water beweeg 'n liggie. Die eerste nette word ingehaal.

Dis amper nege-uur toe hy die volgende oggend, Sondag, wakker word. Kort hierna, terwyl hy met tee en beskuit en met sy verkyker op die stoep sit, lui die foon. Dit lui altyd so hard hier. Nadia dalk, maar hy bly sit. Hy hoor sy ma se stem; as dit Nadia was, sou sy al vir hom kom roep het. Hy voel nie lekker oor haar nie; gewoonlik waai dit in die nag oor. Toe sy klaar is, kom sy stoep toe. Sê eers niks; kyk ver oor die water: "Lars is dood, vanoggend net ná drie glo."

Wat sy hierop sê, is nie vir hom bedoel nie: "Dis die Bermuda driehoek, hierdie uur. Jy gaan daar in en kom daar nie weer uit nie."

Sy draai haar gesig na Lars se plek oorkant die baai. Sy's een wat selde huil. Daarom is hy verbaas om te sien haar mond is broos, haar oë mistig. Sy vat haar laphoed. Dié keer nooi sy hom nie saam nie.

Lars was net sewentien toe hy met 'n Noorse harpoenboot hier aankom en dae later sien hoe van die werkers by die walvisstasie die lug in geblaas word toe honderde vate walvisolie ontplof. Maar daar was min tyd vir skrik, jy's uit op die volgende boot. Jy jag al agter die fonteine bo die skuimriwwe en gladde trôe water aan. Nes jy die walvis tref, pomp die harpoen saamgeperste lug agter sy angel in. Jou vangs kan maar spartel - hy's nog lank nie dood nie - maar immers gaan hy nie sink nie.

Dirk is onseker of die walvisstasie in daardie tyd in elk geval gesluit het, maar Lars het sy rubberstewels vir die laaste maal uitgetrek die dag toe hulle iets van binne 'n koei met die afslag hoor. Die laaste stuiptrekkings van die ingewande, het hulle maar gereken, en dieper deur die spek gekerf. Dirk het

University of Cape Town

hom verbeel ou Lars ril agter sy pyprook toe hy verder praat: dit was toe nie die derms nie; dit was haar kalfie wat so gekerm het.

Dirk neem sy teegoed in. Hy skakel huistoe, hy het nodig om Nadia se stem te hoor. Hy hoop nie hy bel haar wakker nie. 'n Ibis kom sit op die muurtjie terwyl hy in die deur op die stoep staan met die telefoon en hoor hoe dit lui en lui in sy, in hulle, nuwe huis in Wrenschweg.

University of Cape Town

Sewe

Toe 'n ligte driehoek die Saterdagoggend agter die Hottentots-Hollandberge oopwaaier, is Wim klaar op sy fiets die voetheuwels van die berg aan die teenoorgestelde kant van die Kaapse Skiereiland uit. Van hulle straat af is dit net 'n paar blokke voor jy aan jou trap weet jy's reeds op die laagste kontoere. Hy moet nou eers oor die snelweg, op by Rhodes Memorial en dan is hy op die kontoerpad.

Die stad se liggies gloei steeds soos die binnebord van 'n rekenaar, maar is vinnig aan die verflou. Dis nog nie behoorlik dag nie, maar die lug bo die kernkragsentrale aan die Atlantiese Oseaan - verby Blouberg, oor die olie-opslagplekke, die fabrieke en wydverspreide kraaineste van goedkoop huise en shacks in die plat sand van die Kaapse Vlakte - tot by die Indiese Oseaan is klaar vuil. Bo Valsbaai, wat nooit die lyk van Abbie se verloofde uitgelewer het nie, versny die grysgeel long van die land met 'n misbank. Só lyk die Kaap as die Suidoos nie waai nie.

Hy is nie alleen nie. 'n Vrou met kuite soos bottels draf eerste verby en groet uitasem. Twee wolfhonde hyg agter haar aan, hul tonge lang klam hamme. Tussen haar borste bons 'n oranje fluitjie aan 'n tou. Hierna kom twee mans wat blaas-blaas en luidrugtig, maar ritmies saam met hul voeteval, oor 'n rekenaarvirus gesels. Hulle knik net afgetrokke in sy rigting, sonder om hul gang te versteur. Toe dié stomende verkeer verby is, kom die skrywer, die strak een, van voor getrap. Voor Wim weg is, het hulle mekaar dikwels op die berg op hul fietse teëgekom. Die man groet nooit en maak geen oogkontak nie; geen blyk van herkenning nie. Wim herken hom maar net uit koerantfoto's; hy's ouer as sy foto's. Sy uitdrukking is somber, soos sy boeke. Hy het hom nog net voor sonopkoms op die berg gesien. Hy vermoed dis al wanneer hy ry, of ná sonsondergang. Vandaar die bleek bene.

Hy trap totdat sy hemp vassit aan sy rug en hy dit duidelik vir homself uitmaak dat hy nie nou, net oor sy ma, sal teruggaan Europa toe nie. Dis weghardloop, en hy's lus om saam met Magda en haar jong span te werk. Hy sal ook nie nou 'n ander blyplek soek nie, want dis ook sy huis.

Maar hy gaan ook nie langer stilbly nie.

Sy plan, wat al die vorige aand en nag begin gestalte kry het, neem in die twee of wat uur op sy fiets vaster vorm aan. Dié keer gaan hy haar konfronteer nes hy by die huis kom. As sy steeds ontken daar's 'n probleem, gaan hy praat met Francois, hul huisdokter. Hanna hou van hom, en hulle kom by hom vandat Wim kan onthou. Francois se vrou en dogter is ook kliënte van Hanna. En, en hy weet dit sal vir haar die ergste verleentheid wees, hy gaan met Anja en sy pa praat. Dat hulle weet, dat hy nie verder alleen hiermee moet loop nie, hoewel hy weet sy pa wil nie eintlik weet nie. Sy pa se lewe na sy ma het aangegaan en haar agtergelaat. Maar dit gaan oor hom, hy wat Wim is, sy pa se seun, en nie soseer sy pa se voormalige vrou nie. Dít het Portia al destyds voorgestel, en sy was reg: "'n Hele stuk van julle lewe is 'n leuen, Wim, en jou stilbly is ook lieg. 'n Sameswerende leuen."

Hy was kwaad, hy wou nie dít hoor nie. Net haar simpatie en ondersteuning was in daardie stadium welkom. Boonop, hoe durf sy? Sy wat gekoester is van dag een tot sy die huis uit is? Wel, sy staan steeds met die een been in haar ouerhuis. Nie dat hy haar blameer nie. Haar pa en ma, nou alleen, ratel in die groot ou huis in Rondebosch waar haar ma middae kunsklasse gee vir laerskoolkinders. Hulle het 'n gemaklike lewensritme, 'n oop huis wat ruik na poeierverf en gom. Hulle is Rooms-Katolieke en het nie in die minste omgegee vir Portia se baba sonder pa nie. But it's a gift from God, het hul verontwaardig gereageer as enigiemand sou durf voorstel dat dit eintlik ietwat van 'n dilemma is. Portia en die baba moet summier, hulle kan nie wag nie, terugtrek huistoe.

Portia het nog nooit geweet hoe verwikkeld die ding met sy ma is nie. Hy het baie hiervan met haar gedeel - sy moedeloosheid, teleurstelling, hoop - maar nooit die verleentheid nie. Hy kon nog nooit vir enigiemand sê hy is skaam oor 'n stuk van sy ma nie. Dis die ma wat die kind moet abba - soos Portia se ma-hulle - en nie andersom nie. Hy het sy ma verwens dat hy dié vrae moet trakteer asof dit hom plesier: hoeveel mense weet, en hoeveel weet hulle? Sien of ruik hulle as hulle kom pas? Hy twyfel, sy spesialiseer in geheime.

University of Cape Town

Adriaan, en sy oproep. Dit ook nog. Hy moet koerante koop op pad huistoe. Vanoggend se radionuus bespiegel, soos tevore, oor moontlike bomplanters. In 'n bietjie meer as twee jaar was daar twintig tereuraanvalle in die Skiereiland waarvoor niemand nog verantwoordelikheid aanvaar het nie. Maar die gissings rondom 'n naam van 'n front en organisasie beteken waarskynlik ook niks. Want in die huis is 'n kamer, in die kamer 'n kas, in die kas 'n laai. Soos sy ma.

Meteens storm 'n luidrugtige familie tarentale uit die fynbos reg voor hom oor die pad. Sy fiets skuur skuins oor die gruis toe hy rem en die voëls lawaai selfs harder. Die rooi krone en die blou van hul belle spat oor die gedempte doek van die voordaglig. Hulle moet ontsettend dom wees met sulke klein koppies.

Toe dit weer stil is, trap hy verder, meer weg van die voorstad waarin sy ma lê en slaap. As mens te veel drink, het hy iewers gelees, droom jy nie meer nie.

Het sy eers begin drink en toe ophou droom? Of het dit begin omdat sy nie meer gedroom het nie, of haar drome dalk nagmerries was?

Daar's prente wat hy teken wat niemand sien nie: 'n vrou, soos 'n skip, gevang in 'n bottel. Swart en wit. Of strepe spier en sening, klonte gewrig. Senuwees tussen-in soos gare. En, voortsnellend in die are, die alkoholpartikels.

Toe die pad erg klipperig raak, stop hy vir water uit sy bottel. Daar's nie 'n druppel of sypeling in een van die ravyne of lope nie. Die mos op die klippe en kranse, gewoonlik bottelgroen, is geel en dor. Tog is dit koel hier onder die digte groei. Al is jy hoog bo die stad kan jy niks van hier sien nie. Jy's in 'n tonnel blaar en tak. Hoeveel, wonder hy, weet Adriaan werklik? Hy's veronderstel om 'n goeie vriend te wees. Hoeveel wil hy weet? Hy het Wim nog nooit getref as een wat sou lus hê om iemand anders se gemors te help uitsorteer nie. Te min fokus op homself, te unglamorous, maar dalk sal die sensasie daarvan hom tog prikkel. 'n Vrou se verslawing, nes moord deur 'n vrou, is meer sensasioneel as 'n man s'n.

Hy bêre sy waterbottel en ry verder, trap hard, onder sy teleurstelling, ja, woede ook, uit. In dié deel van die bos is dit stil. Hy't in die week gesien daar's

University of Cape Town

weer iemand vermoor op die berg, aan die anderkant waar daar meer toeriste is met geld en kameras. 'n Plaaslike oubaas van om en by die tagtig. Mense moet "versigtig" loop op die berg, waarsku die polisie. Hoe, het iemand ergerlik in 'n koerant gereageer, stap mens versigtig op 'n berg?

Wat sal hy doen as hy gekonfronteer word? Hy wil eerder nie dink nie; hy't nie die vaagste benul nie.

Teen die tyd dat sy fietswiele vry en lig teen die berg se voetheuwels af suis, is Adriaan uitgesluit. Te onseker van hom, én van Hanna se reaksie op sy inmenging.

Hy voorsien nie dat sy ma voor elf of twaalf sal verskyn nie. Hy sal wag tot sy klaar aangetrek is en koffie maak in die kombuis. Die regte oomblik is van kardinale belang.

In die volgende twee weke waarin Wim alleen agterbly in Wrenschweg, sou hy homself dikwels afvra wat dit is wat 'n vaste voorneme saboteer? Dis die onverwagse, sou hy besluit, dis dít wat hom van koers ruk. Of sou hy sy plan in elk geval nie uitgevoer het nie, sy hele redenasie van die begin net maar blinders?

Vandag is die dag - en spesifiek die eerste deel van die dag. Voor sy weer, dalk weer, begin. Dis nie te sê sy sal drink nie. Sy drink nie elke dag nie. Hang af. Waarvan weet hy nie. Sy gaan op spree's, periodieke tye van fuif. Mens se drinkgewoontes is glo soos jou duimdruk, heeltemal eie. Sy ma drink soos Portia se vriendin, Klara, eet. Na buite is Klara bedaard, beheersd. Jy sal nooit sê nie. Dan, meteens, skop iets uit. Verkeerde konneksies in haar kop. Breinsappe skif. Wat ook al, sy sonder haar af, maak flou verskonings oor hoekom sy nêrens kan gaan nie, maak nie die deur oop nie, prop die foon uit en eet, vreet eintlik, tot sy opgooi. As haar oorwerkte gal nie self die halfgekoude kos terugstoot in haar keel nie, vat sy haar vinger. Ná sy ook haar maag laat werk het, vaar sy weer uit op die stilte ná die storm. Niemand, skynbaar ook nie sy nie, weet vir hoe lank nie.

Wim vleg bult-af deur die stil strate. Dis vroeg, nog nie nege-uur nie. Saterdagoggend gebeur eers heelwat later in Lower Main Road. Main Road, 'n

University of Cape Town

paar blokke nader aan die berg, is deel van die besige hoofweg tussen die Kaap en Simonstad; dis 'n ander storie. Maar in die smal Lower Main Road het die nag nog netnou gegons en ritmies geklop tussen die pilare, balkonne, broekieslace fasades en die smal trappe op na die eerste verdiepings.

Hy sien Carmen, Philip se kat, van ver af op die balkonmuurtjie van sy woonstel en hy besluit, op die ingewing van die oomblik, om te stop. Dis die manier hoe Philip gisteraand na hom gekyk het. Philip weet.

Philip woon op die eerste verdieping van een van die oudste geboue aan die stiller kant van die hoofstraat, weg van die eetplekke, klubs en winkels. Die bamboesblindings voor sy vensters is nog getrek, wat nie noodwendig beteken hy slaap nog nie. Die woonstel het 'n breë onderdakbalkon. Carmen, 'n gemmerkat, sit op die balkonmuur. (Eers toe Carmen se naam al posgevat het, ontdek Philip sy is 'n hy.) Toe Wim hom roep, rek hy hom miaauend uit, sy gemmerstert sierlik orent. Dan hurk hy weer, voorpootjies vroom teen mekaar. Hy kyk nuuskierig af na Wim, ore spits. Wim ry op op die sypaadjie tot voor die hoë houtdeur aan die onderpunt van die trap na die twee groot ou wooneenhede bo. Sonder om af te klim, druk hy nommer twee se klokkie. Twee vingers van sy regterhand gaan rus oudergewoonte om sy hartklop te monitor. Hy tel terwyl hy wag. Geen reaksie nie. Hy slaap tog. Of dalk is hy nie hier nie. Hy's net besig om sy fiets agteruit te stoot, toe hy Philip se stem hoor. Hy leun van bo oor die balkonmuur: "Haai, Wimmie, wat 'n verrassing, ek maak vir jou oop."

Die deur kliek oop en Wim stoot sy fiets in in die portaal. Wanneer hy die voordeur toestoot, klik dit weer op slot. Hy trek sy fietshandskoene af en haak sy valhelm oor die stuurstang. Onnodig om hier te sluit. Philip het sy voordeur reeds oopgemaak en hy staan in die oop deur bo met net 'n handdoek om sy onderlyf. Carmen skuur om sy bene. Van agter, uit 'n ruim vertrek met breë plankvloere en enkele goedgeplaaste meubelstukke van ligte hout en chroom, kom musiek. Die lig filter deur die bamboesblindings. Wim het nog nêrens in 'n blyplek van Philip gekom, hoe onaangekondig ook al, en dit onnet gesien nie. "Jong, jy lyk darem enorm energiek en volkome onweerstaanbaar in daai gewaagde outfitjie van jou," terg Philip, "waar't jy gery?"

University of Cape Town

Terwyl hulle kombuis toe stap met Carmen wat stert omhoog vooruit draf, bespiegel Philip oor die vorige aand se bom, die een waaroor Adriaan gebel het. "Die moffies se fone het vannag gezoem, maar ek glo nie dis 'n anti-gay lobby nie. Dis dwelmgeld, protection money."

"Maak dit jou nie senuagtig nie; baie van die bomme is by eetplekke?"

"Nee, wat. Ons het ouens wat die dromme check en so, maar onafhanklike klein pizzaplekkies is seker nie juis in lyn nie. Ons is nie 'n St Elmo's of 'n Hollywood Planet nie. Ek is meer bedag op 'n roof as ons toesluit saans, maar dan redeneer ek weer dat van die ander eetplekke hier meer geld maak. Mens kan nie jou hele lewe op hold sit in die hoop dat dinge sal normaliseer nie."

Philip se kamerdeur is toe, en hulle hou verby. Wim ken dié kode.

In die kombuis spring Carmen, ondanks sy dik lyf, ligvoets op die tafel. Wim wil weet of Carmen 'n breuk het. "Of wat's hierdie ding wat hier onder sy pens hang?" wil hy weet en vroetel onder die kat se maag.

"Ek wens dit was 'n breuk, Wim, dis helaas niks minder en niks meer nie as vet. Carmen is in line vir 'n baie streng dieet, maar hy's 'n kompulsiewe eter, so ek weet nie," praat Philip terwyl hy water uit die Brita-filter in die ketel gooi en 'n skinkbord pak. Wim tap sommer vir hom water by die kraan. Hy drink ook 'n tweede glas; die Kaap se water is heerlik.

Die handdoek om Philip se middellyf hang tot amper op sy enkels. Soos altyd teen die end van die somer is hy neutbruin. Die ligte waartoe hy hom soms in die wintermaande wend, kom nie naby dié egalige, natuurlike vernis oor die sagte kontoere van sy spiere, die gevolg van toegewyde jare in die gim, nie. Dis blêrrie harde werk om 'n gay te wees, skerts hy partykeer; teen dié tyd weet Wim dis nie uitsluitlik spot nie.

Philip het gewig verloor, hy't dit die eerste dag al opgemerk. En hy vra, toe Wim terugdraai na die wasbak om sy glas uit te spoel: "En vir wat het jý, pleks van jou kat, dan so dun in die lyf geword? Het jy 'n nuwe personal trainer, 'n nuwe lover of is dit dalk 'n twee-in-een?"

University of Cape Town

Voor sy vraag end-uit is, weet hy dit was 'n fout. Oor 'n gay man se gewig praat mens versigtiger as dít. Al is dit net Philip, sy boesem-buddie van lankal. "Waar's 'n doek?" Hy draai terug met die glas nat en warm in sy hande, kyk rond vir 'n ding om dit mee af te droog en wens hy kan iets sê om die vraag ter syde te stel.

Dis stil tussen hulle oor die mooi koppies en die Alessi-melkbeker op die skinkbord. Carmen het intussen sy oggendbad hervat. Hulle staan teenoor mekaar soos lank gelede in sy ma se kombuis oor haar tafel toe hulle, onseker en sestien, kortliks op dieselfde klasmaat verlief geraak het. Philip vroetel in die geil vag om Carmen se nek en ignoreer hom toe hy sy poot in die melkbeker druk, aflek en weer insteek: "Daar's net een rede hoekom 'n gay man gewig verloor, Wimmie, I'm afraid: the indomitable A."

Wim trek die stoel voor hom uit en gaan sit. Philip staan nog net so in sy vleklose handdoek (Wim onthou nou dat Philip altyd Sunlight-versagmiddel gebruik oor sy vel in 'n stadium sensitief was) en vryf oor en oor op dieselfde plek aan die nek van sy kat wat hom ignoreer in sy konsentrasie om soveel as moontlik melk op sy poot te kry en dit vinnig af te lek voor hy dit weer doop. Dis stil. Buiten Carmen se reëlmatige lekgeluide.

Wim staan op, loop om die tafel, en vou sy arms om Philip. Hy wil iets sê, maar daar's niks. Die woorde wat wel kom, is heeltemal uit koers: "Dis baie mooi musiek, wat is dit?" Hy sê dit sag teen Philip se nek en druk hom nog vaster toe hy net sy kop skud en sy skouers begin ruk. Dít sou hy altyd onthou, dié poskaart van onwelkome nuus: die donsige handdoek teen sy kaal, klam bene, Philip se goedontwikkelde torso en sy hare wat lekker ruik na hy weet nie wat nie. Sy eie gedagtes in 'n warboel. Hoe meet mens liefde? Hy weet nie, maar vir sy ma en Philip, albei met siektes geknoop in stilte, is hy waarskynlik die liefste.

Agterna sou hy besef die woord Aids is nie eenkeer daardie oggend by die naam genoem nie - jou gedagtes alleen lees soos neonletters in die nag. In 'n stadium beduie Philip in die rigting van die kamerdeur en praat sagter.

"Wie's dit?" wil Wim weet.

"Ag, hy's 'n liewe ding, 'n kind eintlik, wat ek 'n tyd gelede opgetel het. Ek weet nie of dit werklik ernstig is nie. Hy's verskriklik lief, maar dalk is ek maar net desperaat dat iemand my vashou in die nag."

"Weet hy?"

Philip skud sy kop: "Nee. Ek moet, ek is nog nie reg nie en..."

"En?"

"Ek is baie versigtig," hy glimlag wrang, "hierdie keer."

University of Cape Town

Agt

Die aangebrande souslekke van die Romertopf vertel 'n storie wat twintig jaar gelede begin het: van 'n baksteenkleur oondskottel wat maklik mors as jy hom insit of uithaal uit die oond, van opskep en uitdeel, saam inskuif om 'n tafel. Glase en elmboë 'n kring wat sluit. Van nie elke keer perfek skoon was nie. Want dit wat onthou word, is die knie van die deeg en die breek van die brood met jou mense. Dít kry jou beste aandag en energie.

Die Romertopf se deksel het nog nooit behoorlik gepas nie. Jy sou kon sê dit was sy skuld.

Hanna het die kinders vroeër jare gemaan as hulle die brandwarm bak vir haar uit die oond haal: "Onthou, pasop, die deksel glip."

"Nou vir wat gooi ons die ding dan nie weg nie?" wou Anja op 'n keer weet.

Sal sy iets sê of sal sy stilbly? "Miskien omdat ek sentimenteel is daaroor. Ek en jou pa het dit present gekry. Lank gelede, reg aan die begin. En niks maak 'n hoender so lekker nie."

"Behalwe 'n baksakkie," het Anja ingetjip. Hanna het nie verder reageer nie.

Dié Saterdag, Wim se sesde dag terug by die huis, pak sy die bak weer uit. Môreaand kom haar mense.

Hanna is in haar kimono in die kombuis, besig met koffie, toe Wim terugkom. Die cocktail wat sy vroegoggend gesluk het, toe sy die eerste keer wakker geword het, is aan die uitwerk. Maar twee Myprodols gejaag met 'n espresso ruk haar gou weer reg. Sal ook bietjie loop rus voor sy begin met môre se kos, sy't ook nog iets wat wag in die werkkamer. Abbie het 'n familiedoop dié naweek en sy't gesê los maar, ek sal die lingerie-bandjies self aanwerk en dit pars, die kliënt kom eerste ding Maandagoggend vir haar laaste passing, hopelik. Vermoeiende vrou, Corné, haar wêreld soos groot soos haar klerekas. Sy hoor Wim sy fiets bêre, wonder waar was hy, luister vir die voordeur. Hy kom gang-af. Hopelik merk hy nie sy't pas eers opgestaan nie. Vir oogdruppels, dankie. Gelukkig mens kan hoofpyn nie soos 'n opskrif lees nie.

University of Cape Town

Maar het ek rêrig soveel gedrink gisteraand?

Nee, ek verbeel my net. Ja, ek probeer myself bluf. En tussen-in die bang. Soos 'n koeksister gevleg só lê die drie.

Vroeër het sy 'n lekseltjie kleur oor haar wange gevee, so min jy sien dit skaars, net genoeg. Sweempie lipstiffie. Dis al nut vir grimering in haar lewe - die ligte wegtoor van 'n hangover. Maar die kombuis kan sy nie wegsteek nie. Die paar stukkies skottelgoed staan al van gister. Opeens is sy bly sy't iets om te doen: iets prakties en eerlik en goed wat sy nie hoef weg te steek nie. Maar haar hartklop hol met haar weg: móét minder drink moenie weer gebeur nie sal vandag vergoed as ek so aangaan gaan ek sekerlik dood.

Sy's net besig om die seegroen plastiekopwashandskoene (een van die enkele goed wat sy gereeld by Woolworths koop - Pick'nPay en Clicks s'n hou nie) aan haar hande te trek toe Wim instap. Met verligting sien sy sy ryklere. Dit meen hy is al voordag uit, voor die meeste mense in elk geval op is.

"Lekker gery? Waar was jy? Lus vir koffie?"

Dis 'n intuïtiewe aantekening, eerder as iets wat sy sien of hoor: hier kom dit, dit staan op sy gesig. Sy onthou Italië. Haar maag draai.

Nie nou vir hom nie, dankie, hy gaan eers stort.

Sy's aangetrek en die kombuis aan die kant toe hy weer sy gesig wys. Hy's op pad eetkamer toe, na sy werkplek, die vertrek in die huis met die minste verkeer. Hanna en die kinders verkies om in die kombuis te eet of, as die weer daarna is, buite. Die twee tafels pas gemaklik in die ruim eetkamer: die etenstafel in die middel en 'n groot een van Oregon pine, Wim se tekenplek, eenkant teen 'n muur.

Sy los hom, gooi 'n glas mineralewater vir die kapsules en gaan sit by die kombuistafel met die oggendkoerant. Toe sy netnou die koerant opgerol uit die posbus gaan haal het, was die voorbladnuus nog 'n bom. Sy was nie besonder verbaas of geskok nie; net in die verbygaan gedink aan mense wat sy ken wat daar kon wees. Bomme in die Kaap raak soos die grensoorlog destyds: jy ken iemand of ken iemand wat iemand ken. Nou eers by die kombuistafel met haar glas water en koppie koffie lees sy. Wanneer Wim weer inkom, is dit nie moeilik

om vir hom te glimlag nie. Die uitdaging is om te lyk of niks gebeur het nie, te maak of die pols in haar keel net verbeelding is. Sy wil hom vra of hy gesien het, maar hy spring haar voor.

"Het jy geweet van Philip, Ma?"

Onmiddellik verbind sy hom met die bomaanval, die gay plek: "Philip?"

"Ja, dat hy siek is. Weet jy?"

Haar seun weet meer van Aids as syself, besef sy toe hulle begin gesels. Dié keer is hy die een wat haar inlig.

Philip is in Desember laasjaar positief getoets. Hy't dokter toe gegaan omdat hy voortdurend pap en lusteloos was. As sy reg onthou, het hy gekla oor 'n grieperigheid wat nie wou weggaan nie. Syself het nie opgemerk dat hy anders lyk nie. Sy CD4-telling was so laag dat hy dadelik op 'n cocktail van drie medikasies gesit is. Hy laat hom sedertdien elke drie maande toets en sy viruslading is op die oomblik onopspoorbaar. "Hy's gelukkig. Hy het die regte medikasie op die regte tyd gekry en gou goed reageer," verduidelik Wim.

"Is dit nie verskriklik duur nie?"

"Ja, maar 'n kennis het met 'n hele tas vol medisyne van Amerika hier aangekom en sal dit hopelik van tyd tot tyd bly doen. Dis medikasie wat uit harvesting verkry word en wat 'n doktersvriend van hom daar nagegaan het om seker te maak dat hy die regte pille neem. Dis 'n hele nuwe ondergrondse struggle, Ma. En as dit nie vir die internet was nie sou baie van hulle nie gou genoeg die regte medisyne gekry het nie."

"Ek voel soos Rip van Winkel, Wim; wat is harvesting?"

"Dis die versamel van bruikbare medikasie uit hospitale en klinieke en waar ook al waar mense óf oorgeslaan het na ander goed óf dood is. Daar's mense daar wat dit voltyds doen. Jy kan dit seker ook steel noem, maar dit word grotendeels gebruik om die lewensgehalte te verbeter van mense wat glad nie toegang tot die regte medisyne het nie. Die meeste kom Afrika toe."

"En hoe lank sal hy lewe?"

University of Cape Town

"Daar's baie mense wat al tien, twaalf jaar siek is en op die oog af 'n normale lewe ly. Ek weet van 'n dokter."

Maar die dokter, verduidelik hy, het toegang tot die jongste mediese bevindinge, woon wêreldwyd kongresse geborg deur farmaseutiese maatskappye by, het alles wat geld kan koop om hom te help. Philip nie. 'n Vriend van Philip, Wim en Hanna ken hom net van sien, is nou al so siek hy's net 'n derm met diarree. Hy sluk meer Imodium en kalkpille as kos. Philip dra geen sigbare tekens van sy siekte nie, buiten dat hy maerder is. Hy voel hy is nog gelukkig; hy gaan nog aan. Solank hy sy medisyne-regime nougeset volg en homself oppas.

"Ek het altyd gedink dis sommer sentimentele kak wat terminaal siek mense praat as hulle sê elke dag tel nou," het hy vir Wim vroeër die oggend gesê. "As ek nou al die dodemis vir my begrafnis kies en besluit wat julle gaan eet, is dit tickets. Nie dat ek nie devastated was nie. Ek het eers stilgebly, vir niemand gesê nie en dit was die ergste."

Hoekom nie, wou Wim weet.

"Omdat ek nie 'n clue gehad het hoe mense gaan reageer nie. Ek was, glo dit of nie, steeds bang ek word verwerp. Maar nou pirouette ek maar wéér 'n keer uit die closet," het hy geskerts. "Hierdie week het ek almal by die werk vertel."

Die een skottelgoedwasser wou onmiddellik loop - sy't haar voorskoot net daar begin losmaak - want sy't geglo sy kan dit net inasem van sy teenwoordigheid of dit optel van elke plek waar hy geraak het. Maar toe hy eers verduidelik hoe dit werk, hoe dit versprei en ook hoe dit voorkom kan word, het sy vir hom dankie gesê want nou kon sy weer vir ander mense verduidelik. "Dit was nie een gesprek nie, maar jy sal sien, daardie meisie, Vusi, sal nog 'n Aids-aktivis word, sy's nou so hyped. Sy wil nou net pamflette hê om terug te neem huistoe en om vir haar familie in die Transkei te pos. As jy dink baie van ons smeer dit toe, moet jy hoor wat sy sê."

Wim het nie vir Philip gesê nie, maar sê dit nou vir sy ma: "As vyf-en-veertig persent van alle Suid-Afrikaanse mense ongeletterd is, sal ons nie juis die stryd met traktaatjies wen nie, sal ons?"

University of Cape Town

"Nee, ons sal nie." Sy het vir 'n ruk net so stil gesit, afgekyk na haar hande: "Miskien kan iemand soos jy ook help. Jy kan teken."

Agter haar ribbe is dit so seer, asof haar asem nie daar by kan verby nie.

En haar skuldgevoelens skuif by die ruite uit. Daar's nie plek daarvoor in die kombuis saam met die tydings wat Wim indra het nie. Eers Philip; toe Adriaan.

Dis verontrustend dat Adriaan seergekry het met die bom - dit kom al nader - maar dit weeg nie naastenby so swaar soos die ander nuus nie, en vir 'n oomblik dink sy aan Adriaan wat alewig kla oor sy sogenaamde oorgewig. Sy sien soveel vroue wat 'n oorlog voer teen 'n lyf wat voller en ronder is as wat hul eie vrouetydskrifte uitbasuin, vroue wat regtig sukkel, en dié wat windmeule najaag. Dis nie in haar aard om hulle te herinner nie, maar sy moet dit baie goed self onthou: vet het 'n teken geraak soos bloed aan die kosyne. Die dood sien jou, vir eers, oor.

Wim werk lang ononderbroke ure by die tafel waar hy altyd die buislamp aansit, of die son buite skyn of nie. Hy staan op net om nuwe musiek op te sit. Eenkeer maak hy vir hom tee. Sy gesigsuitdrukking is, soos meerendeels, onbewoë. Hy gee haar nie die kans om onder die vel, in sy oë, te kyk nie. Hy hou hom apart, toegerits, al staan hy 'n meter van haar by die ketel.

Sy gaan rus nie. Sy werk vir 'n tydjie, meganies, aan die rok. Dis goed dat haar hande iets het om te doen. Ek moet my oë oppas, dink sy, dat ek altyd kan bly werk. As ek nie dit het nie, wat het ek?

Sy bel ook vir Adriaan in die hospitaal - hy't 'n telefoon langs sy bed - en hoor die besonderhede van gisteraand. Hy praat vinnig en opgewek; klink selfs opgewonde en ja, hy word netnou ontslaan. Maar dis na Philip wat haar gedagtes bly dwaal. Na hom en, vreemd genoeg, sy ma. Weet sy? Hoe sal sy daarmee cope? Ná sy weer getrou het, is sy Gauteng toe.

Hoe sal ekself op sulke nuus reageer?

Ek is oningelig oor Aids, ek kan net aan sulke halfwas refreine dink. Waar was ek die hele tyd, hoekom het ek agtergebly? Maar sy wil Wim nie verder pla

University of Cape Town

nie. Hy het dit gedeel, maar dis duidelik sy moet hom nou eers uitlos. Ek moet Philip bel en oornooi, dink sy. Nee, ek moet uitgaan na hom toe.

Oor gisteraand het Wim niks gesê nie. Vir al wat sy weet, is daar ook niks te sê nie. Dalk het sy dit net gedroom.

Philip is Wim se naaste en beste vriend al vir hoeveel jaar. Waarom, dink sy soos tevore al in haar lewe, is daar nie 'n omgekeerde naelstringproses vir jou kind se seerkry nie.

Die eerste keer toe sy Philip gesien het, was hy in sy skoolklere. Hy het saam met Wim huistoe gekom dat Wim hom met wiskunde kon help. Dit was die begin van 'n ruilooreenkoms: vir die hulp met die syferwerk skryf hy Wim se opstelle. Agterna het hulle die kombuis gestroop, onder meer die vorige aand se oorskiet. "Sjoe, dis lekker, tannie. My ma werk tot laat saans, en het min tyd."

Hy het mettertyd 'n gereelde tafelgenoot geword. Dat kos meer is as brood smeer met appelkooskonfyt of 'n pastei koop by die kafee was vir hom skynbaar 'n ontdekking. Hy't meer van die kombuis gehou as haar eie kinders en aangebied om te help, nie omdat dit beleefd was nie, het sy ontdek, maar omdat dit hom werklik fassineer het. Hy't middae om by hulle gekuier, huiswerk gedoen saam met Wim of skaak gespeel. By sy huis was niemand nie. Dis waar dat sy ma bedags gewerk het - ook dat sy aand na aand uit was, hy alleen by die huis. Dit was vir Philip maklik om nie vir Hanna tannie te sê nie, anders as vir heelparty van die kinders se ander maats. Sy sal jok as sy sê hy het vir haar soos 'n eie seun geword. As jy 'n eie kind het, is só 'n aanname snert. Maar dit is so dat hy, 'n kind wat haar eie kinders aanvul en uitbrei, diep in haar hart gekruip het.

Môreaand se ete verander. Sy trek 'n paar kookboeke uit die rak. Dis vir Wim en vir Philip. Hierdie ete moet ek maak asof dit my laaste is.

Toe sy in 'n stadium verby die eetkamerdeur loop, sit Wim hand onder die ken met sy rug na haar. Hy kyk voor hom uit asof daar nie 'n muur voor hom is nie, maar 'n vergesig wat sy oog vang en hou. Waar sal hy wees, my kind wat stip kyk; kind van kalmte. Selfs netnou toe hy oor Philip gepraat het, was sy stem gelykmatig, sy oë bedaard, sy hande rustig. As mense hoor wat hy doen,

University of Cape Town

mense wat hom nie ken nie, vra hulle soms vir haar of hy snaaks is. Haar antwoord is altyd dieselfde.

Nee, hy maak selde grappies, vertel nie eens juis grappe nie. Hy is ernstig gebore en verdwyn - maar dit sê sy nie - in stiltes buite my reikwydte.

Sy slaan die kookboeke by die indekse oop. Wat sê Novelli en Elizabeth David, indien enigiets, van beesstert? Nee, eerder weer kyk by Carluccio, synde 'n Romeinse fynproewersdis. Dis by hom wie sy afgekyk het dat jy dennepitte op die tippie byroer, dit en 'n skeutjie kakaopoeier. Vir 'n blink, dik en diepbruin sous. Hier's dit, ja natuurlik, coda alla vaccinara. Sy ken dit uit haar kop. Nes die een in *Kook en Geniet,* 'n trougeskenk nog van haar ma wat voorin geskryf het 'n pad na 'n man se hart loop deur sy maag. (Sy kan nie onthou wanneer sy ontdek het dis 'n leuen nie. Haar ma het sulke spreuke - wees altyd die minste, was 'n ander gunsteling - soos posseëls met haar saamgedra.)

Hanna lees resepte soos ander mense Barbara Cartlands. En soms voor sy begin kosmaak, soos nou, blaai sy sommer. Dat die gevoel haar vat. Party van haar kosboeke is al so flenters jy moet plek-plek die los blaaie oplig, omdraai en versigtig op hul numeriese plek sit.

Watter dier se lekkerste sit by sy begin en by sy end? Een van haar ma se kombuishande in die Karoo, sy't nou al vergeet wie, het dit vir haar geleer. Karien, haar suster, het geweier om enige van die twee, tong of stert, te eet.

Stert is 'n uitgerekte besigheid. Hy wil lank en soetjies vertroetel word. In 'n stadium moet jy eenvoudig jou rug op hom draai, anders hou jy nooit op nie. Die vet, om mee te begin, moet nie te min wees nie, nie te veel nie. Net genoeg vir 'n geur van braai. Nooit soveel dat dit vetterig is nie. Verkieslik moet die vleis ook vars wees, ongevries. En hoe jonger, hoe sagter, hoe sappiger. Snaaks dat sy en haar kinders lief is hiervoor, want aan ander afval sit hulle nie 'n mond nie: Pootjies, tong, tolletjies. Om nie eens te praat van haksel, die gemaalde longe, hart en lugpyp, nie.

Saam met Bybelverhale het sy kleintyd stories van nóg wêrelde voor haar tyd ingekry. Vir dié een, lekker grillerig, het sy nooit moeg geraak nie: as jong bruid in haar eerste gemeente het haar ma hard probeer om altyd die regte ding

University of Cape Town

te sê en doen. Wanneer besoekers met "'n ou ietsie" vir die pastorie opdaag, het sy dit ontvang en altyd gou in die kombuis, waar sy die geskenk uitgepak het, iets teruggesit in die mandjie of kartondoos waarin die present gekom het. Al was dit ook dan iets wat 'n ánder gemeentelid dalk nog net die vorige dag gebring het: skorsies, soetkoekies, flesperskes. Totdat sy dié dag die wit meeldoek lig en haar vaskyk in twee skaapoë uit 'n ewe bleikwit kop. Sy't met 'n gil uit die kombuis padgegee, terug sitkamer toe waar Hanna se pa besig was met 'n gebed vir die oom en tante en, aan die hand van die tante, hul verstandelik gestremde kind ('n uitgegroeide man met 'n omgedopte onderlip wat sy kwyl nie kon keer nie). Die gil het die vertraagde opgejaag, bulkend soos 'n bees. Met die uitstap later het die tante verder beduie dominee moet nou onthou om eers die kop oop te kap, nee, 'n byl is goed, vir die kliere en so. En die neusbeen moet hulle onthou, is koningskos vir die hond.

Hanna, besig om die groente te posjeer, glimlag by dié herinnering. Vir 'n oomblik oorweeg sy dit om die stert, soos sommige kokke glo, in 'n kastrol bo-op die oond te maak, maar besluit daarteen. Hy's sagter as jy hom bak. Sy moet solank die Romertopf in water week. Jy't dan ook jou hande vry vir ander dinge en hoef nie heeltyd bedag te wees op 'n pot op die oond nie.

Buite die kombuis op die patio staan 'n lourierboom in 'n wynvat met origanum en tiemie om sy voete. Sy pluk van die jong, ligter blare. Terug in die kombuis spoel sy hulle af, sy glo nie goggas is ekstra proteïen nie. Naeltjies en peperkorrels van die speseryrak. Uit die koelkas piekeluitjies en 'n botteltjie appelwyn, sider, lekkerder vir beesstert as rooiwyn. Sultanas uit die koskas. Spek uit die vrieskas. Haar bestanddele pak sy netjies op die tafel. Dis vir haar goed dat dit so georden is.

Dis as jy met jou hart en siel kook dat tonge ontknoop en mense hul gedrogte en drome uitpak op die tafel. Môre-aand moet só wees. Die beesstert onvergeetlik. Sy sien dit al blink, bruin soos koffiebone, gestip met varsgekapte pietersielie. Pruttend in die roesbruin moeder van 'n bak wat die geur in en uit deur haar erde-porieë adem. Hulle sal die beentjies afsuig tot wit, kaal hopies op

University of Cape Town

die borde, die laaste taai afgelek. Dit sal oë opkikker, stemme afwen, die vertel nie meer versigtig nie. Hulle sal van haar tafel padgee versadig, begenadig.

Maar iets haper, besef sy, krap aan haar. Sy's onrustig. Iets anders, iets vroeër as Philip. Wim het netnou beleefd kom vra of hy kon help. Sy weet hy's nie lief vir die kombuis nie en het gesê nee wat, daar's nie soveel om te doen nie. Maar eintlik is sy lus vir sy geselskap, al sit hy net by haar. Sy het na hom verlang. Sy's nie lus vir alleen wees nie.

Tog is sy verlig toe hy nie aandring nie.

Dat sy kan skink. Dat die goed wat aan haar karring, loop lê. Dis lekker ook om kos te maak met 'n drankie. Jy werk flink en gefokus. Is meer kreatief, asof alles vloei. Dis die boek, dit wat daardie vrou geskryf het. Dis Philip se oë wat haar agtergevolg. Groot oë in groot holtes. Soos die skaapkop. Wat de hel, net een. Vinnig en lig draai sy na die koelkas.

As die besluit eers geneem is, volg die voldoening. Die een sit in die windskadu van die ander. Sy skink 'n glas koue witwyn, verdun dit met sodawater, en keer twee ysblokkies daarin om. Sy skink so vinnig dat sy stort. Dis 'n adolessente geteem, vergeet daarvan, sy's 'n fly by night. Nee, kap 'n ander sterker stem, wat geskryf en gedruk is, staan vir tyd en ewigheid en hoe durf sy in haar huis kom en van haar steel en boonop lieg. Sy sluk die glas in een teug half. Sy wil iets doen as vergelding teen die insinuasie dat sy, die kleremaker, suggestief aan haar, die kliënt, sou gevat het. Maar wat? Sy skil en kap die groente - raap, uie, prei, wortel, seldery - driftig in blokkies en ringetjies. Sy keep haar duim skrams raak en spoel dit onder die kraan, nie te erg nie. Min spek, klein sny. Hou die hopies apart op die groenteplank. Ek moet stadiger drink, maar ek's dors en dis in elk geval helfte sodawater, net nog gou hierdie een. Agterna sluk sy 'n glas skoon kraanwater. Hierna bied die koel, groen bottel in die deur van die koelkas geen weerstand nie, wat is gladder en makliker as dit? Dit trek haar soos 'n bergpoel. Soos die water lank gelede vir haar en Ville wanneer hulle dors en sweetnat aankom ná 'n stap. Vinnig klere afstroop en inklim. Jy dobber en drink tegelyk. Jou stapspiere gee skiet. Jy's skoon en nuut. Water is die element wat haar aantrek. Sy hoor Wim by die telefoon in die

University of Cape Town

portaal, maak die koelkasdeur toe, vinnig, stil. Draai om, gaan aan. Lyk normaal, in beheer. Hy roep en sy stem lig haar op en sit haar soetjies langs die toonbank - groentemes in die een hand, glas in die ander - na waar die drie, vier blikke so staan dat jy 'n glas ongemerk agter hulle kan staanmaak. Maar hy kom nie tot in die kombuis nie. Teen die tyd dat hy weer gang-af roep hy gaan vir 'n tydjie uit, sy moenie vir hom wag vir aandete nie, is die glas weer leeg. Sy antwoord, ja, sien jou later, geniet, hoor. Luister fyn vir die voordeur, die motor.

Sy haal die glas agter die blikke uit en staan doodstil dat die ligte mislikheid verbytrek. Wim is terug, maar hy's ook nie terug nie. Sy's steeds maar alleen. Maar nou kan sy ook weer skink.

Elke afsonderlike stuk stert word in gegeurde meel gerol. Aan die einde kom alles in die Romertopf, in 'n effens koeler as middelslagoond. Sy stel die oondklokkie vir drie uur - om en by nege-uur vanaand. Die tamaties sny sy môre by wanneer hy terug oond toe vir 'n laaste uur of wat.

Opeens is die huis leeg. Sy dwaal, vat hier, vat daar. Skakel Adriaan se huisnommer van langs haar bed - hy is mos al weer by die huis, is hy nie - maar daar's net sy antwoordmasjien. As hy weer uit is, is dit seker nie so erg nie. Vanaand sal hulle oorgenoeg hê om oor te klets, die snykant van die tong weer vlymskerp. Sy laat nie 'n boodskap nie. In die sitkamer sit sy die televisie aan en weer af. Sy's weer naar. Haar borste is ook teer, dis twee dae voor sy moet menstrueer. Dis ongereeld deesdae, sy raai maar. Haar maandelikse bloed van die min verrassings wat oorgebly het. Minder drink. Sy wil bad, uitgerek. 'n Diep bad om haar toe te vou. Net nog een. 'n Laaste een vir die bad. Wim sal nie so gou terug wees nie. Van die eerste bottel in die koelkas is nog net 'n lekseltjie oor. Uit die wynrak kry sy nog een. Nou onverdun, nie eens ys nie. Voel of sy swaai, lekker, tussen die tafel en die koelkas en die wynrak en die bad. Lekker hoog, solank sy nie afkyk nie. Hanna die akrobaat.

Uit die badkassie haal sy 'n badbom, 'n present van wie, gestip met stukkies droë sitrus. Dit plons uit haar hand onder die lopende krane. Sy sien hoe dit bruis. Die geurige stoom lê liggies op haar kaal vel - tóg iets wat haar streel.

University of Cape Town

Toe sy oor die rand van die bad trap, registreer sy: sy't arriveer in die plek waarheen sy naarstigtelik drink. As sy hier is, kan sy ophou. As sy wil. Niks maak nou meer saak nie: nie die boek nie nie Philip nie Adriaan nie gisteraand nie niks. Wim se oë is op haar, maar selfs dis OK, hy sal nog leer. Ma en pa kyk uit die hemel. En Emil, waar hy ook al swerwe, die ou blikskottel, hy sal hom verlustig. Maak haar oë toe. Hoor die grasstoel, die een waaroor sy pas haar klere gegooi het, kreun. Sy stem uit die hoë hoeke van die vertrek wat wasig geword het. Dít is helder. En dít, vanaand, maak saak. Dit was hierdie tyd - herfs hier; lente dáár - vier-en-twintig jaar gelede. So oud soos Anja is. Hy het haar naam gesê soos niemand anders nie. Hoe hy na haar gekyk het, die eerste keer in die hysbak, dit alleen het haar lyf ingestem nog voor hy 'n vinger op haar gesit het. Onder die skuim dwaal haar hand oor haar borste en maag, die geilte op haar pubis. Haar vingers vou haar skaamlippe oop, vroetel tot, stel sy haar voor, hulle sponsig raak soos waatlemoen. Maar dis te fyn te min te vlak. Sy kom so vinnig orent, sy verloor byna haar balans. Sy draai 'n handdoek om haar lyf en luister die huis in. In die kombuis draai sy die oond af, dit sal fine wees, teen die tyd as die klokkie lui, is sy weg. Uit die koelkas haal sy 'n vars komkommer en skil die plastiekomhulsel ongeduldig af, vir wat sukkel dit so. Terug in die bad sleep sy dit tydsaam heen en weer tussen haar dye en geleidelik hoër op in haar mik. Die vrug gee sy koelte in sy eie tyd aan die water af. Speel daar waar die drukking lig en net reg moet wees. Met die eerste sametrekking suig haar onderlyf dit nóg dieper in. Haar bene lang bene goeie bene. Ville het haar ook afgeneem. Op die grasstoel en hier. So. Een voet teen die kouekraan ander op die rand van die bad. Sy du haar pelvis op uit die skuim dat die vrug sy tonnel goed kan vind.

Agterna maak sy die spuitkop van die stort liggies op haar oop, dat dit prik waar haar lyf klop soos 'n hart. Haar hare is sopnat. Slaap is al wat sy nou soek. Sy los die water net so in die bad. Tap 'n glas water, die slaappille wag in die laai langs haar bed. Net enkele treë en sy val vry.

University of Cape Town

Nege

Dis net ná vier. Die stuk lug bo die patio waar Hanna die tafel staan en dek, is 'n blou dak. Blou soos die tulbande en klede van die Tuareg-nomade deur die Sahara blouselblou streep agter hul kameelkaravane aan.

So lyk dit, sy dink maar so, as jy opkyk in die groot feestent van die Bedhoeïene waarvan Anja laasweek 'n foto gestuur het. Sy verbeel haar hoe die seil dein, 'n diafragma wat die woestynlug groot in en uit asem. Die mense wat nou nader aan haar dogter is as sy, hulle kan sy haar nie indink nie. Tussen haar en Anja is vastelande. Haar naam kom van haar eie. Dikwels dink sy dis al wat hulle deel.

Die boomtoppe van die buurtuine roer, sien sy, maar dis net 'n luggie. Die blare van die suurlemoen en die bougainvillea langs haar is stil. Sy maak die kerse op die tafel staan. In die Kaap kan jy eintlik net in die najaar saans buite kerse brand.

Vroeër die week het Wim vir haar vertel hy't gedroom hy stap deur 'n huis met 'n seisoen in elke kamer. Soos hy die kamerdeure die een na die ander oopmaak, so tref hy die seisoene aan: lente, somer, winter, maar nêrens 'n kamer met herfs nie. Hy het verleërig geglimlag by die herlewing van die droom, 'n teken hy wil nie verder daaroor praat nie. Maar dit het haar bygebly: 'n jaar sonder herfs is 'n verontrustende gedagte.

Wim het haar vanoggend gehelp om die eetkamertafel buitentoe te dra. Sy staan nou terug en bekyk die gedekte tafel. Nee, dit werk nie. Oor die tafel het sy die enorme wit tafeldoek wat tot op die vloer hang, 'n stuk lap wat sy destyds in Milaan gekoop het, gegooi. En nou, met die silwerkandelare, wit kerse, wit lapservette en wit breekgoed lyk dit hopeloos te formeel. Sy begin van die goed terugdra kombuis toe. Iewers het sy gekleurde kerse, daar behoort sewe te wees. Vir die ysterkandelaar, bonkig van jare se wasdrup. Dat dit minder na 'n Nagmaaltafel lyk.

As sy aan Nagmaal dink, dink sy aan Stefaantjie, die koster se seun in die gemeente waar sy begin skoolgaan het. Stefaantjie se ma, tannie Henta, was

meestal die een wat haar ma gehelp het met die kerkblomme vir okkasies: dope, troues, begrafnisse, nagmale. Dan het sy en Stefaantjie die kerk vol gehol.

Kaalvoet heen en weer op die sagte wynrooi matte, op en af teen die galerytrappe, die preekstoel drie trappe op op 'n slag en in een vet sprong anderkant af. Hulle ma's het nie omgegee nie, solank hulle net ver om die sinkbaddens met die blomme gehou het. Een van die beste speelplekke, maar beperk tot die Saterdagoggend voor Sondag se Nagmaal, is onder die Nagmaaltafel voor die preekstoel, agter die tafeldoek tot op die vloer. Dis 'n uitgerekte speeltyd, blomme neem lank. Eers word al die blomme en loof uit die verskillende gemeentetuine in die konsistorie op 'n dubbelbedlaken uitgewaaier op die vloer dat haar ma en tannie Henta kan besluit wat kom waar: 'n grote voor die preekstoel, 'n middelslag-een in die portaal en 'n heel kleintjie vir die kerkraadslede se konsistorietafel. Halfpad deur die werkery skink haar ma tee uit 'n Thermosfles, en sy en Stefaantjie kruip onder die Nagmaaltafel in met genoeg koekies om die tee op te suig tot hul bekertjies half is en die soet tee koud. Miskien oor mens moet fluister in die kerk, soos in die dorpshospitaal waar sy soms saam met haar ma en stiefpa op besoek gaan, dalk oor die reuk van ruikers, of die Nagmaaltafeldoek rondom haar en Stefaantjie soos die gordyne rondom die hospitaalbeddens wat driftig toegepluk word omdat daaragter iets gebeur wat mens nie mag sien nie. Miskien is dit hoekom hulle speel wat hulle speel.

Hier, onder die Nagmaaltafel, sien Hanna vir die eerste keer met haar eie oë dit wat sy altyd geraai het: Stefaantjie se onderlyf is anders as hare. Hy noem dit sy proppie, sy proppie en sy peertjies, en sy bekyk dit goed. Sy gaan nie dikwels dié kans kry nie, vermoed sy, want onderlywe is van daardie goed waaroor grootmense fluister, of stilbly, nes jy inkom. Wanneer Stefaantjie met sy doktersmes, 'n stokkie wat hulle buite opgetel het, strepe trek eers al rondom haar naeltjie en dan oor haar boude net onder haar broekrek, kreun sy kamtig eina, eina. Maar haar oë is toe dat hy nie sien hoe sy lekker kry nie. Sy wens hy hou nooit op nie, wens Nagmaal is elke week.

University of Cape Town

Sy hou die glase teen die lig. Dis tog onmoontlik hierdie vaal merke, sy dra sorg. Sy't 'n ding oor skoon glase. Wonder wat sou van Stefaantjie geword het en of hy sy tjie ontgroei het?

Terwyl sy heen en weer tussen die patio en die kombuis, vang haar oog die kombuishorlosie. Amper uitkloktyd vir die kafeïen wat vanoggend ingeskop het net toe sy met die brandewynpoeding begin. As sy reeds mislik voel, kan sy nie met brandewyn werk nie, maar dit was toe tog nie te erg nie. Ná die poeding het sy haar ma se swaar ou worsmasjien uitgepak, aan die kombuistafel vasgeklamp en die paar kosbare perlemoene, reeds gaar, gemaal. Wim het die kreunende tafel kom help vashou, en iets gesê oor die aardige kleur van die perlemoen wat voor uit die masjien peul: "Ek wil nou nie ongeskik wees en sê waaraan dit my herinner nie, maar die ooreenkoms is opvallend."

"Mag wees, maar dit kos amper vyfhonderd rand 'n kilogram."

"Goeie hemel." Hy het gefrons. "Is dit nie ook veronderstel om 'n geslagsprikkel te wees nie?" wou hy weet.

"As die voortbestaan van die mensdom van perlemoen afhang, is ons op die rand van uitwissing." Die herfson het haar rug na die vensters en Franse deure louwarm gebak. Wat 'n goeie oggend. Kon dit enigiets anders voorspel as 'n uitstekende aand?

Die kliënt wat die perlemoen vir Hanna gebring het, is gewoond om haar sin en wil te koop. "Sy't my net nou die dag vertel hoe die joos in sy was vir 'n bloemiste wat sy gehuur het vir haar dogter se dertiende verjaardagpartytjie. Toe sy instap in die huis, was die spyseniers al aan die gang en die blomme kant en klaar, maar die verkeerde kleur. Sy't die kleurskema tog oor en oor met hulle bespreek, hoe kon hulle? Toe het sy sy eenvoudig die verkeerdes laat uitgooi en nuwes laat kom, 'n uur voor die partytjie sou begin."

"Uit beginsel moet ek seker nie haar perlemoen eet nie," het Wim opgemerk, "maar ek is te lus. Gerieflikheidshalwe vergeet ek dus maar hierdie anekdote."

Was vergeet maar so maklik, vergeet het 'n prys.

University of Cape Town

Gedokter met suurlemoensap en varsgemaalde peper en neut staan en rus die onaantreklike, onweerstaanbare, skulpvis nou in 'n kastrol op die stoof naas 'n vergiettes gaar Basmati, reg vir warm stoom.

Maar nou moet sy háár eers dokter. Sterk gemmertee, suurlemoen en heuning, en dan, later, nadat sy 'n bietjie loop lê het, voor die mense sewe-uur kom, nóg twee Myprodols gejaag met 'n koffie. Sy het al drie, vier koppies kookwater gedrink en ook netnou 'n paar knoffelhuisies fyngekap en gesluk. Die mediese wetenskap, het sy iewers gelees, durf nie 'n hangover-kuur bedink nie omdat dit die groen lig sou wees vir buitensporige brassery. Tog jammer, sy sou hulle halfpad kon help. Die stemmetjie in haar agterkop wat maan oor die uitwerking van die te veel anti-inflammatoriese middels op haar maagwand ignoreer sy.

Sy pak die dun glase terug in die Welsh dresser en vervang dit met ruwwe seegroenes gemaak van herwonne glas. Skaars Nagmaal. Die wit borde kan bly, maar die servette nie. In die gangkas soek sy die lapservette wat die nuwe kerse en glase by mekaar sal uitbring. Hulle lê heel agter, agter die ander tafelgoed, op die rak. Toe sy haar hand na die stapeltjie servette uitsteek, raak sy aan die enigste gladde, harde oppervlak op die rak. Sy pak die wit servette terug, bo-op die plat half-jack, maak die kas toe.

Met dié lui die foon. Pedro wil weet of dit orraait is as hy vir Rositha saambring, kom sê Wim, sy't nou net teruggekom van 'n retreat en hy dink hy't eintlik 'n afspraak vanaand met haar gehad, hy't vergeet.

"Dis mos orraait, Ma, né." Hy hou sy hand oor die gehoorbuis. "Ons het mos genoeg kos."

"Natuurlik. Sê vir hom enige tyd en sê my sommer of die lelies daar langs jou genoeg water het." Genoeg kos, altyd genoeg; dít het ons altyd in hierdie huis.

Rositha is Pedro se dogter en redakteur van 'n tydskrif oor alternatiewe geneeskunde. Wat sal dit dié keer wees? Laas het sy vir Hanna probeer oortuig van rebirthing.

University of Cape Town

"Gods, Rositha, wat is dit? Wat's dit in Afrikaans? Dieselfde ding as past-life channeling?"

"Nee, nee, nee, julle Afrikaanse mense se spirituele woordeskat is darem nog so onvolwasse." Rositha het 'n sigaret opgesteek (sy verander die magnetiese vibrasies van haar sigarette sodat dit "onskadelik" is) en vir Hanna verduidelik hoedat sy met die hulp van 'n simpatieke begeleier haar geboorte kan herleef en enige trauma wat dalk daarmee gepaardgegaan het, verwerk. Hanna kon haar nie iets meer grillerigs voorstel nie.

Sy maak die voordeur wyd oop. 'n Toe deur, wanneer sy uitgenooi is, laat haar onwelkom voel, en dalk ook, wie weet, vir haar kuiermense. Klop maak haar selfbewus. Buite aarsel die skemer, asof iets moet gebeur voor dit kan wegdryf.

Meteens versplinter die stilte bo die telefoondrade en boomtoppe, en sy staan vir 'n oomblik om te kyk na 'n vlug seemeeue. Hul grasieuse vlug onversoenbaar met hul skril stemme. Hulle glim wit in die basterlig, en vlieg so hoog hulle lyk klein soos budgies. Hulle gee pad van Tafelbaai na Valsbaai - 'n koue front of reën is op pad.

University of Cape Town

Tik, tik, tik teen die oop deur. Dis Pedro en sy kierie. Hy en Rositha is eerste. Pedro is altyd betyds, jy kan 'n wekker op hom stel. Hy staan voor die deur in sy ligte linnepak, breë outydse das (wat intussen al weer mode geword het), rondpuntskoene en boater. 'n Eklektiese aantrekker, as daar ooit een was. En, toegedraai in winkelpapier, die gebruiklike boksie Nutties. Dis deel van 'n seremonie: voorspelbaar, maar verkwikkend. Hy soen haar hand, gee haar die sjokolade en maak dan 'n galante opmerking oor haar voorkoms. Hierop lyk sy tegelyk beskeie en verstom, en sug: "Ah, Pedro, you are the last of the great gentlemen."

Waarop hy brom: "A dying species I'm afraid."

Sy hoor Anja van ver praat: "Hoekom worry jy so oor hoe jy lýk, Ma?" Anja sou haar en Pedro se ritueel nie begryp nie.

Rositha staan agter haar pa. Omdat sy holisties is, beteken dit nie sy's kaalvoet in 'n kaasdoekrok nie. Haar tydskrif moet verkoop and she must look

the part: stralend gesond, gekuur, klassiek. Die groeiende deel van haar mark (mense wat balans en harmonie soek in St John's Wort, Boeddhisme en blomekstrakte) is mense met geld. Hulle dra katoen en linne en ry in viertrekvoertuie. Soos altyd het Rositha haar babas, Yoni en Linga, twee Yorkshire-terriërs, saamgebring. Hulle sit tjoepstil in 'n babadrasak voor teen haar bors. Al wat uitsteek, is vier halfmaantjies oog onder slierte silwerskoon hondehare. Anders as ander terriërs is Yoni en Linga rustig, seker oor hul gereelde Indiese kopmasserings en die tikkies Rescue Remedy in die ore vir die wis en die onwis. Rositha doen 'n maand se inkopies in Pick'nPay sonder dat enigiemand van hul teenwoordigheid aan haar lyf weet.

In die kombuis vul Wim vier vonkelwynfluite, die glase noukeurig gekantel. Hanna kyk anderpad toe hy ook haar glas volmaak. Agterin die koelkas, agter die melk, die SodaStream-botteltjies, die blatjang en die ander koue drank vir die aand, staan reeds 'n oop bottel. Sy't hom langs haar op die rand van die bad gehad netnou. Vonkelwyn hou goed oop, hulle kan later weer hiervan skink. Dis 'n mite dat dit verslaan; jy moet dit net dig verseël. Niks kom by die high wat jou halfpad deur 'n goeie glas vonkelwyn inwag nie. Dis nie dat sy nie vir Wim terug by die huis wil hê nie, maar dit maak dit moeiliker. Daarom het sy ná die bad die bottel maar eerder diep agter in die koelkas gebêre, sy't meer gehad as wat nou na een glas lyk. Sy wonder tog of hulle dalk die bottels nie meer tot bo vul nie, jy kan mos nie onder daardie stukkie blinkpapier om die nek sien nie.

Net toe hulle hul glase klink, loop Philip in. Agter hom, klaarblyklik, sy nuwe vriend, die een wat Wim gisteroggend nooit vanagter die toe deur te sien gekry het nie. Hy is glo 'n laatslaper; hy lyk ook nou ietwat deur die blare. Hul sit hul roller-blades onder die voorportaaltafel. Albei se wange gloei. "Orraait hier, Hanna?" vra Philip sonder om 'n antwoord te verwag. Hy groet almal met die omdraai, maar dis net vir haar wat hy teen hom vasdruk. "Jy's stout," sê sy saggies teen sy oor welwetend dis nie eintlik wat sy wil sê nie, "jy dra steeds nie 'n valhelm nie."

Hy fluister terug: "En Ophelia nie water-vlerkies nie."

University of Cape Town

Agterna sou sy dié oomblik onder die portaal se lig en tussen die kring van mense duidelik onthou. Sy en Philip omhels. Nie soos minnaars nie. Nie soos ma en seun nie. Soos 'n brandstofinname tussen twee vliegtuie in vlug - die toeskouer weet nie wie's ontvanger en wie skenker nie. Nou eers draai hy terug na sy vriend: "En dit is Philip, die ander een."

Pedro lig sy kierie, korrel na die Philip wat hy ken en dan na die onbekende een in die deur: "Jy bedoel jou naam is Philip en jou naam is ook Philip?"

"Jip. Om totale verwarring te voorkom in 'n reeds verwarde land, sê ons sommer hy is Wit Philip," hy wys na sy vriend, "en ek Swart Philip. En as enigiets verkeerd loop, sê ons dis die skuld van rassisme."

Wit Philip is van nature lig: hare, wenkbroue, vel, oë. Swart Philip se sonstrepe is net tydelik. Van die twee is hy die donker een. Wim skink die laaste van die eerste bottel vonkelwyn in die Philip's se glase.

Toe Adriaan ook nog aankom, is dit so 'n heen en weer gesels, hulle staan haar hele kombuis vol. "Adriaan, neem asseblief die mense uit, my kop draai nou heeltemal. Vertel hul van jou wedervaring, enigiets, dat ek net hier kan klaarkry." Die oomblik toe sy dit sê, kry sy spyt. Sy merk nou eers hy lyk af. Anders as gisteroggend toe hy onnatuurlik opgewonde was. Asof die bom lankverwagte opwinding in 'n voorspelbare lewe gebring het, het sy toe gedink, maar nie gesê nie. Sy moet alleen met hom praat.

"Dis hel in Afrika," bulder Pedro met 'n olyf in sy kies en sy hand op pad na 'n volgende midde-in die gang van pratende mense buitentoe. Sy moet gou die dennepitte by die beesstert roer, wat nog? Dankie tog sy't weer haar kombuis vir haarself.

Maar nie vir lank nie. "Kom, Ma," laat sy haar deur Wim uitsleep, "kom dat ek jou ook afneem. Gaan staan daar voor die bougainvillea, toe." Sy is bly sy het haar present T-hemp vir vanaand gebêre. Dat hy sien hoe sy dit waardeer. Wim neem meer as een foto. Op net die regte oomblik loer Rositha se honde, hul oë nou oop, onder hul kuiwe uit. Pedro sit sy strooihoed wat hy intussen oor 'n tak

University of Cape Town

van die lourier gehang het weer op. Die Philips staan hand om die lyf. Adriaan wil weet of hy sy wond kan wys. Wim is ernstig. Hanna gaan terug kombuis toe.

Die klokkie lui, 'n stem roep opgewek vanuit die portaal en op pad voordeur toe sit Wim sy kamera sorgvuldig neer op die een skoon plek op die kombuistafel. "Pasop net, Ma, ek sit my kamera hier. Ek kry dit nou weer. " Met meer nadruk en harder as wat nodig is: "Sien jy, Ma?"

Wim pas sy goed op, van altyd af. Ek moet onthou die kamera is daar, nie per ongeluk 'n nat vadoek daarop neersit nie. Miskien moet ek dit wegneem. Nee, netnou val dit, of sit ek dit iewers waarvan hy nie hou nie. Die kamera, onthou die kamera. Die Romertopf moet terug oond toe. Dan water, 'n lang glas water.

In die portaal hou Portia haar arms alkant van die baba in sy drasak vir Wim oop. Dis nie presies wat Wim in gedagte gehad het nie, sy lyf sê dit. Maar sy huiwering is momenteel. Portia se baba verdwyn tussen haar en Wim. Hanna kyk weg, dit voel of sy afloer. Sy kan die baba se naam glad nie onthou nie. Tog het sy al met Portia daaroor gepraat, dit selfs in 'n kaartjie geskryf. Toe hulle terugstaan van mekaar, lag Portia deur 'n paar trane, haar een hand koester haar baba se kop, die ander een rus liggies om Wim se skouer. Sy hoor hulle gesels, maar nie wat hulle sê nie. Die baba begin kerm en die oomblik is verby.

Portia sien Hanna en kom groet. Wim kom agterna met die baba-parafernalia: drasak, opgevoude stootwaentjie en 'n papoos. "Is jy seker jy het net een baba, Portia, hier's dan so baie goed," wonder hy terloops; Portia hoor nie eens nie.

Hanna hou van Portia. 'n Lang meisiekind wat gelukkig nie as tiener met ronde, skaam skouers geloop het nie. Vandag is sy regop. Sy's ook vlesig en sy's uitgesproke - anders as haar Shakespeariaanse naamgenoot hoef sy haar nie as 'n man te vermom nie. Portia se reeds aansienlike borsmaat het ruim uitgeswel. "Jy lyk skokkend goed vir 'n nuwe ma, Portia, asof jy gebore is om dit jou lewe lank te doen."

"En meer emosioneel as ooit tevore, dink jy dis my hormone?" Sy vee die trane met haar mou af. Haar oë blink. En nie net van die trane nie, dink Hanna,

University of Cape Town

dis ook oor my seun. Toe Portia en Wim destyds mekaar leer ken het, het Portia verduidelik sy kom uit 'n familie van huilers: "En hoe ouer ons word, hoe erger word dit. My oupa is al amper tagtig en hy huil sommer drie keer 'n dag. Nie huil omdat ons ongelukkig is nie, maar huil at the drop of a hat sommer maar net as die oomblik uit sy nate bars of iets. Dis ons soort wat rondry met tissue-bokse by die motor se agterruit."

Terwyl sy praat, gly Hanna die Franse brode uit hul smal papiersakke en dra hulle uit tafel toe. Hier is Nettie, wat kort na Adriaan opgedaag het, besig om Rositha uit te vra oor 'n besoekende reiki-meester. Nettie is 'n radio-verslaggewer en het die welkome vermoë om enige geselskap enige plek aan die gang te hou. Sy's valerig en vormloos, en het 'n te groot, te skerp neus. Haar hare, in haar eie woorde, hou sy maar soos Liewe Heksie s'n om te pas by haar profiel. Sy het kakie gedra, soos vanaand, lank voor dit mode was. Sy sê self sy't die perfekte gesig vir radiowerk. Maar haar stem oor die lug, so het Hanna mans al oor haar hoor sê, maak hulle bronstig.

"Hy's 'n droom," koer Rositha oor die reiki-meester en stel voor Nettie kom na een van sy lesings.

"Ekskuus nou dat ek vra, Rositha, maar vat jy jou honde ook saam as jy na dié klas goed gaan? " wil Nettie weet.

"Altyd. Hulle gedra hulle beter as baie mense, jy moet erken."

"Rositha bad dan saam met haar honde, Nettie," terg Swart Philip.

"Dit jok jy, Philip, ek bad nie saam met hulle nie. Hulle bad net ín my bad, dis al."

Hanna besef Philip se nuwe vriend kyk haar openlik aan, asof hy haar takseer. Hy sê niks, en sy voel ongemaklik. Maar toe hy wel praat, is hy lief: "Kom jý dan nooit sit nie, Hanna?"

Dis nie 'n retoriese vraag nie. Hanna wil iets sê, sy waardeer sy belangstelling, maar Swart Philip spring haar voor: "Nee, Hanna is op haar heel coolste alleen in haar kombuis, nè."

Sy lag maar saam, al is dit nie heeltemal waar nie. Tyd vir opskep. "Not to worry, ek hoor alles wat gesê word," praat sy oor haar skouer terwyl sy weer

University of Cape Town

ingaan. Toemaar, die plek waar sy nou is, is perfek so alleen. Mens ís mos alleen. Hier kry mens dinge gedoen. Hier ook, ander mense weet dit net nie, vlieg sy, haar voete 'n aks van die aarde, haar vlerke slap om te krink om die hoeke en draaie van 'n huis. Hier't sy ook leer seil en sweef, verg minder energie as fladder.

Anton bel om verskoning te maak, jammer, hy is uitgeroep. Hy het hulle gewaarsku hy's op roep dié naweek. Hy sal kyk wat die aand maak, dalk loer hy later in. "Hy sê jy moet vir hom asseblief iets van alles bêre, Ma," praat Wim in die verbygaan tussen die telefoon in die portaal en die patio. Buite neem hy drankbestellings. Die Philips sê hulle is vir nou eers orraait met hul bottel mineraalwater: Wit Philip werk aan die tjoepie om sy middel. "Wat waar is?" vra iemand. Hanna, wat die perlemoen op die rys op borde skep, let daarop dat Wim haar nie vra of hy haar glas kan opvul nie. Toe sy weer praat, is sy kort-af: "Kry Nettie vir my, asseblief." Sy sit 'n takkie marjolein, vroeër reeds gepluk en afgewas, op elke bord langs 'n skyfie suurlemoen. Hoekom doen ek al hierdie moeite? Vir wie?

Maar haar krapperigheid is vlietend. Die stimulante sal haar ook nog nie nou al in die steek laat nie, dis nog te vroeg, en hoor net hoe zoem dit daar buite. Dis een ding wat sy altyd regkry: sy smokkel uitmuntend met mense se sintuie.

"Jy't jouself weer oortref, suster," praat Nettie agter haar net toe sy die koelkas oopmaak om iets te skink.

"Het jy nog iets om te drink?"

"Meer as genoeg. Ek moet stadig, want ek sien môre-oggend sewe-uur, van alle onmenslike ure, die President en sy vrou. Al tyd wat ons hulle saam kon kry."

"Jy's gelukkig, sy's mos bietjie media-sku is sy nie? Zanile, mooi naam, mooi vrou ook, darem met 'n beter dress-sense as die liewe tant Graça met die bedrywige moue. Wim sê haar moue is op steroïede."

Nettie dra die borde met die perlemoen twee-twee uit. Hanna skink. Sy stort, en vee nie op nie. Die kombuis is in elk geval nou so deurmekaar niemand sien niks. Nettie kom terug vir nóg borde. Hanna neem een, glas in die ander

University of Cape Town

hand. Buite gesels almal tegelyk, gelukkig, of daar liggies in hulle brand. Philip se hand speel in die hare op sy vriend se agterkop. Toemaar, troos sy haarself, hy lyk dan so goed, mens sal nooit raai nie en daar is mos heeltyd nuwe middels is daar nie? Die Italianers gaan 'n deurbraak maak, het iemand gesê. Of het sy dit gedroom.

"Haai, wat het van Tes geword?" wonder Wim meteens.

Hanna registreer wat hy vra, maar antwoord nie. Haar gedagtes vloei aan agter die verskillende gesprekke om haar. Sy dra min by tot die gesels, sonder om onvriendelik of nors te wees. Die mense begin eet en val hulself in die rede met geluide van behae en waardering. Sy drink elke kompliment in, maar voel terselfdertyd verleë daaroor, lag dit weg. 'n Vriend van Ville het jare gelede gesê haar beskeidenheid is 'n verleentheid. Iemand wil weet of hulle 'n tweede helping durf vra, of moet mens dié een koop?

"By the way, Hanna, jy kry eersdaags kompetisie in jou straat. 'n Sjef met die naam van Dirk."

"Het hy gekoop?" wil Wim van Swart Philip weet. Hanna stel nie belang nie, die aardse is onbeduidend. Philip sê van waar hy hom ken, maar sy luister nie.

"Daai CD waarvan jy my vertel het, Wimmie, jou nuwe Rossini?" Dis Swart Philip wat met 'n vurk vol perlemoen beduie.

"Natuurlik, ek het skoon vergeet. Pedro, jy ken dit natuurlik. Dit was vir my 'n ontdekking. Verskoon my net gou."

Daar is luidsprekers in die sitkamer en in die kombuis. Die saksofoon en trompet van die vorige CD is lankal stil. Dit wat nou deur die oop Franse deure spoel, is iets gans anders: eenvoudige klavier- en traporrelmusiek. Die musiek is speels, en terselfdertyd elegant. Die mense raak nie stil nie, maar praat merkbaar sagter. Wim staan in die oop Franse deur, en agter hom Tessa: "Praat van die duiwel. Wie ken jy nie, Tes?"

"Lieflik, lieflik." Pedro se kop beweeg al kouend op maat van die musiek, met die ander hand lig hy sy glas: "Op die ou bogger. En hy't dit die sondes van die ouderdom genoem, if only I could be so lucky."

University of Cape Town

"Gits, maar mens wil dans hierop," roep iemand. "Kyrie one step, eleison two step, wonderlik."

"God sal seker nie omgee nie, sal Sy?"

"Wat is dit Wim, sê gou weer."

"Petite Messe Solennelle."

Hanna leun agteroor, maak haar oë toe. Hoekom het ek dit nog nooit gehoor nie, of het ek? Rossini spot, g'n wonder Wim hou daarvan nie, daardie traporreltjie koggel. Tessa kom groet en maak verskoning dat sy laat is. "Jy ruik lieflik," sê Hanna toe sy afbuk om haar te soen. Haar lang, ligte hare val blink vooroor. Hanna laat van die hare deur haar vingers drup. Wim se arm neem Tessa versigtig, maar doelgerig weg.

"Kom, Tes, kom skep voor dit heeltemal koud word. My ma het haarself weer heeltemal te buite gegaan. Wat gaan jy drink?"

Nettie begin leë borde bymekaar maak. 'n Voorarm met 'n silwerarmband strek oor die tafel. 'n Hand breek aan 'n stuk Franse brood. Die botterbakkie beweeg van hand tot hand. Die mineralewaterbottel word opgelig. Portia het die kleintjie aan haar bors. Haar bors en die baba se kop is ewe haarloos en rond. Hoe wens ek.

"Mens noem dit nie meer 'n begrafnis nie, dis deesdae 'n celebration of life."

Hanna skuif haar stoel agteruit, sy moet die beesstert uit die oond kry. Op pad uit wil sy hoor wat Portia se baba se naam nou weer is, jammer sy't vergeet, maar toe sy agter haar verbyloop en haar hand op haar skouer sit, kan sy nie onthou wat dit is wat sy wou vra nie. Nettie stapel die borde in die opwasbak en sit die messegoed eenkant neer: "Waarmee kan ek help? Dit was verruklik, Hanna, en ek vra eerder nie hoe en waar jy dit in die hande gekry het nie. Gee my enige dag perlemoen bo kreef, wat vir my al te veel na stokvis met mayonnaise proe."

"Dankie, Net, gaan sit jy. Of nee, neem dié nuwe borde uit. Ek wil net gou nog een ding aan die beesstert doen, dan kom ek. "

University of Cape Town

"Oxtail! Ek dag ek ruik dit. Jitte, Hanna, jy beproef vanaand ons cholesterolvlakke, waaragtig."

Daar is nou soveel oop bottels oral in die kombuis dis so maklik dis fluit-fluit hoor net hoe lag die mense in my huis wat te lank te stil was. Die musiek toor met my, sien, mens moet nooit té ernstig wees nie. Die bariton, het oupa Hans geleer, is die beer. Die tenoor, die tier. Om te kon sing, dít sou my ook wegvat, sou dit nie?

Hanna se vriend Nettie is 'n onsentimentele vrou. Daarom is sy die een vir wie Hanna 'n paar weke later sou vra wat hierna gebeur het. Eers moet sy weet en herleef. Dan kan sy aangaan.

Nettie neem Hanna se hand ferm in haar eie, haar oë liefdevol: "Jy sien, Hanna, die probleem is dit - uiterlik is jy altyd volslae in beheer, niemand sou ooit daardie aand sê jy het te veel gedrink nie. Daarom sê ek weer: dié hele ding was vir my ook 'n verrassing. Ek is die een wat moet sê jammer. Hier staan en suffer jy vir wie weet hoe lank voor my oë en ek lig nie 'n vinger nie. Wat sê dit van my as vriendin? Ons is so selfsugtig, gedraai om ons eie onbenullige klein assies."

Terwyl Nettie onverstoord rapporteer, sien Hanna. Dié keer duidelik:
Dis 'n uur sonder een uitstaande oomblik. 'n Marmerblad van klaviermusiek, harmonium, stemme wat praat, stemme wat sing, alleen of in 'n koor, glas teen glas, 'n baba se huil gedemp deur sy ma se lyf, iemand wat lag, Rositha wat deur die musiek sitkamer toe getrek word en in sirkels dans op haar eie. Haar honde is nou wakker teen haar bors, en haar romp warrel om haar soos 'n dwarrelwind. Toe Hanna van buite inkom en oor die drempel na die kombuis tree, skrik sy: die kos ruik te skerp, goeie hemel, het ek dit laat aanbrand? Die plek is in chaos. Sy gryp vinnig na die oondhandskoene wat sy self vroeër die aand in haar haas iewers by die wasbak, pleks van aan die haak langs die oond, gehang het. Die vinnige glip van haar hande in die handskoene, die omswaai na die oond, die oopmaak van die oonddeur, die insteek van haar hande in die oond en die uithaal

University of Cape Town

van die swaar Romertopf is één handeling en nou, terwyl Nettie praat, één terugflits. Ja, nou onthou sy.

Die omkeer van die baksteenbruin erdekasserol oor haar arms, maag en op haar voete, die knal toe dit val en breek, is 'n ander, 'n tweede. Ook dit onthou sy.

'n Derde en laaste flits: haar hande, liewe Here, my hande is kaal, waar's die handskoene dan?

Toe Nettie stilbly, neem sy ook Hanna se ander hand. Hanna sê ook niks.

Sy is weer alleen op haar knieë op die kombuisvloer terwyl die mense buite opspring. Sy hoor hulle aankom. Die maaltyd wat sy vir dae vir haar kind loop en bedink het om vir hom met haar hande te wys wat haar woorde nie kan nie - hoe sy hom gemis het, hoe mateloos haar liefde is, genoeg, oorgenoeg, vir Philip ook - lê op die vloer tussen die stukke van haar en Ville se lankgelede kleipot. 'n Bredie van skande.

University of Cape Town

Tien

Die pastelkleurige blomme op die gordyne wat voor die kliniek se skuifraamvensters getrek is, draai hul koppe na 'n onsigbare son. Oor die enkelbedduvet druip varings. Die geraamde afdrukke teen die mure is van seetonele en nog blomme en varings. Ook dít is gedemp.

Hanna lê met haar gesig na die muur. Haar handpalms onder haar ken, teenaan mekaar asof in gebed. In die sagte eerste lig wat deur die materiaal filter, is haar kort hare die kleur van piouter.

Dis knus onder die duvet. Haar lyf, die beddegoed en die kamer, dit wat in die aand drie aparte entiteite was, voel na een. Haar oë draal deur die vertrek, gaan weer toe. Sy luier tussen droom en werklikheid. Wonder afgetrokke oor die nare pastelprente met hul effekleurige rame. Die plek is hiermee uitgevoer van die voorportaal via Janie se kamer op die tussenvlak tot op die verdieping heel bo waar die groepkamer is. Moet 'n hele industrie wees, dis dieselfde by ander klinieke en privaathospitale; sy't al gesien. Soos staatshospitale eenders grou is, so spieël sulke plekke mekaar in uniforme lila en uitgewaste roos. Die gunstelingkleure van die administrateursvrou en die provinsiale minister se vrou wat sy aantrek. Die opdrag vir die een wat sorg vir die binneversiering is seker redelik eenvoudig: gerusstellende gemenedelers wat niemand sal omkrap nie.

Miskien moet sy opstaan om voor ontbyt in die tuin te gaan loop, maar sy's eintlik lus om nog bietjie te lê. Haar bloeddruk is nie gevaarlik hoog nie, maar sy moet dit dophou. Breintoevalle onder vroue neem toe, sê die dokter hier. Sy naam is Rudi; nie veel ouer as Wim nie. Sy's nou al ver oor die ouderdom wat haar eie pa was toe hy 'n massale beroerte gekry het. Gelukkig dra sy nie onnodige vet nie. Bietjie gereelde oefening sal die ding doen. Elke dag 'n ent stap. Sy wil joga oorweeg, solank dit net nie in die damp van wierook, gisteraand se dagga en Indiese katoen is nie. Hoekom het sy so 'n hekel hieraan, sy's tog 'n kind van die sestigs.

Sy hoor haar ma se stem vanagter die pastelprente: "Hanna is nie 'n groepmens nie." Hierop antwoord haar stiefpa: "Dis tog in orde, sekerlik, om jou

University of Cape Town

eie mens te wees." Sy en haar ma het nooit gesluit nie, en nou is dit te laat. Is dit jammer?

Buite koer twee duiwe in ritmiese kanon. Hulle klink so naby, hulle sit seker in die boom net buite haar venster. Dis 'n plataan. Noudat hy besig is om blare te verloor is die vlekke op sy stam en takke opsigtelik. Die boom se kollé is baie groter, maar, as jy mooi kyk, dieselfde kleur as die paar vlekke op die rugkant van haar hande. Sy hoor 'n trein. Die spoor tussen die Kaap en Simonstad loop net 'n paar blokke hiervandaan. In die hoofweg ry dié tyd van die oggend nog net enkele voertuie. Later sal die gelykmatige dreuning van die verkeer net deur toeters en remme oorstyg word. Verkeer pla haar nie. Toe sy hier aangekom het - wat is dit nou, 'n week? - was dit een van die dinge wat haar gerusgestel het. Die heen en weer van motors en die geroep van die taxi-crier: Wine-beeerg, Moebrie, Capetjoun, Wine-beeerg! Dit, soos die stemme van die koerantverkopers by verkeersligte, soos die gezoem van mense in winkelsentrums, maak haar kalm. Laat haar voel sy behoort. Toor met haar soos die kabbeling van water en harpmusiek met ander.

Buite bly een van die duiwe stil. Dit klink of die ander een praat. Papawer papawer papawer, dis wat hy sê. Sal heerlik wees om weer 'n bos papawers vas te hou. Maar dis herfs, papawers kom eers weer later. Sy hou van die geur van dié blom, sou daar so 'n parfuum wees? Neem tyd om te luister, te ruik en te proe, het Janie gesê. Papawer papawer papawer. Terwyl sy haar voorstel hoe die gepofte mannetjiesduif in die gevlekte boom knik en trap agter die wyfie aan in die gevlekte boom sluimer sy weer in. Sy droom sy staan op 'n lae perdeskoen verhogie en sing: *Like a bridge over troubled waters, I will come to you...* Die ruimte is intiem. Sy het 'n mikrofoon in haar regterhand. Die mense voor haar sit om ronde tafeltjies: elmboë, asbakke, sigarette, glas, bottels, bier.

Toe sy weer wakker word, is die lig deur die gordyne skerper. Nou is daar son daar buite. Sy't heeltemal verslaap. Haar kop is helder - iets wat sy altyd registreer. In die jongste tyd by die huis was daar min sulke oggende. Dis teken

University of Cape Town

van 'n goeie vorige dag. Sy stoot haarself regop teen die kussings. Goeie hemel, nege-uur.

Nóú onthou sy, en dis of 'n ferm hand haar binnegoed vasvat. Nóú is sy wakker. Vandag moet sy haar storie vertel. Engels is die gemenedelertaal hier en maak nie saak wie jy is nie, dis jou *life story*. Ook minder styf as die opstelrige gevoel rondom jou *lewensverhaal*. Vandag moet sy in die groep vertel hoe dit gebeur het dat sy hier gekom het. Sy't al twee sulkes aangehoor, twee life stories. Die groep knik simpatiek, vasgenael in die vertelling van die bekende. Maar hulle stop mens ook, vra uit. Snuif verdraaiings en verswygings uit soos polisiehonde. Hulle is baasvakmanne as dit kom by geheime. Hul eie en joune. Die mond, dit weet hulle al te goed, is 'n strik vir die tong.

Die terapeut, Janie, lei die groep. Vir haar sien jy ook elke dag alleen in haar kamer met die uitsig op die swembad en die tuin. Dán praat sy weer, en vra. Sy wat haarself seker nog nooit moederloos gedrink het nie.

Die aantekeninge wat sy oor die afgelope twee dae gemaak het, lê op die vloer langs haar bed. Sy steek haar hand daarna uit en voel, sonder om haar oë oop te maak, die hardebandrug van die oefeningboek onder haar vingers. Hier lê ek, dink sy, hier op die vloer tussen die skoolboekblaaie. En hier, op die bed onder die duvet, lê ek ook.

Die groep begin tienuur. Sy sal nie meer kan gaan stap nie, maar as sy gou maak en dadelik afgaan, kry sy dalk nog ontbyt. Sy moet eet, moet tee kry. Miskien maar die stort 'n mis gee. Nee, tog nie, enige ander dag, maar nie vandag nie. Sy wil ook hare was. Sy steek haar hand uit na die houertjie met pille en dop een in haar palm om. Met die ander hand lig sy die water wat oorgebly het van die slaappil gisteraand. 'n Seker teken van oud word, dink sy, 'n glas water langs die bed. Hier spoon-feed niemand jou jou medisyne klokslag op die regte uur nie. Jy beheer jou eie medikasie. Verantwoordelikheid. Dié woord het sy soveel keer aan die begin gehoor, sy't in 'n stadium gehoor hoe sy haar eie woord afbyt, al het sy nie haar stem verhef nie: "Ek is nie 'n kind in 'n koshuis nie!"

University of Cape Town

Dit was verkeerd van haar, want die vrou het dit nie lelik bedoel nie. Die ander personeel, die skoonmakers en die kombuis- en administratiewe mense, is ook gemaklik vriendelik. Gaan hulle gang. Rustig en geroetineerd. Hulle kan net sowel strandkonstabels wees of shelf packers of klerewerkers in 'n fabriek. Dis maar net nóg 'n werkplek iewers tussen Tafelbaai en Valsbaai.

Die mense wat werklik luister, is die ander mense in haar groep. Dit is asof hulle omgee - maar sy's bang vir die woord "omgee". Hoe kan iemand wat jou skaars ken vir jou omgee. Baie wat jou ken, gee nie eens om nie.

Die ander - Janie, die terapeut, Rudi, die matrone, die verpleegsters - het 'n besadigde warmte aan hulle wat haar verras het. Hulle kry dit reg om jou spesiaal te laat voel, en sy's tog oud en lelik genoeg om te weet hulle doen maar net hulle werk. Sy verstaan nie, maar wil ook nie eintlik nie.

Die eerste dag of twee voel ver. Tóé het sy nie haar eie medisyne hanteer nie. Sy, hoewel sy klaarblyklik minder gedrink het as die meeste ander in haar groep, moes ook deur die proses van detox. Probleme word hier nie in millimeters gemeet nie. Toe was haar bloeddruk te hoog, haar hartklop te vinnig. Jy kry 'n inspuiting in jou boud - een, twee, sy kan nie onthou hoeveel nie - en 'n wit pilletjie onder jou tong. Dit het die herinnering aan die voete en die stemme om haar in die kombuis weggevee. Dit het ook die pyn in haar hand wat die seerste gekry het, verdoof. Sy't nie in die minste belang gestel in wat hulle haar gee nie, sy wat van kleins af die naam van enige pil maklik onthou. Die merk op haar maag is klaar ligter, haar klere het hier help keer, en die letsel teen haar skeen en voet sal heeltemal herstel, het Rudi haar verseker. Nettie het ook vir haar vitamien E-olie gebring. Nes haar hand gesond is, kan sy ook hier hiervan aansmeer. Rudi het haar hand versigtig in syne geneem. Hy was nie haastig nie terwyl hy die seer hand met die gesonde een vergelyk: "Sjoe, dit moes erg gewees het. Jy kan plastiese snykunde oorweeg," hy't opgekyk in haar oë, "as jy wil. So nie, moet jy dit maar aanvaar, die veranderde vel op jou hand. Letsels is nie noodwendig lelik nie. Onthou jy wat Dumbledore van die merk op Harry Potter se voorkop gesê het?"

Nee, sy't nog nie die Harry Potter-boeke gelees nie.

University of Cape Town

"'Scars can come in useful.' Jy moet dit lees; dis heel spesiaal."

Die eerste dag het sy geslaap. Toe sy begin bykom, het sy 'n helse hoofpyn gehad. Sy ken hoofpyn; dié een was relatief mak. Nie van die soort wat maak dat jy net uit die een oog sien en jou aan jou bed vasklamp nie. Jy kan beweeg, natuurlik, jy's nie lam nie, maar jy wil nie; want as jy roer sal die klopping in jou skedel dalk bars. Jy probeer jou naarheid sluk. Want as jy eers soos 'n dier brul en opgooi, spin die pyn heeltemal buite beheer. Dan is jy 'n boom met jou wortels verknot in 'n verskuiwingslyn die dag as die aarde skeur. Jy dra jou sonbril in jou kamer agter toe gordyne; selfs die bedliggie brand jou oogbal soos 'n oop vlam.

Tog het hulle haar nie gelos nie. 'n Prikkie en sy was weer weg. Dit was vreemd om 'n besorgde stem te hoor, om te voel hoedat iemand die duvet hoër trek oor haar skouer, haar gordyne toemaak.

Sy gooi die duvet nou af en trek die gordyne oop. Haar kamer is op die eerste verdieping. Dis die soort herfsdag wat Adriaan bababIou noem. "Al wat ooit ten gunste van bababIou gesê kan word," sy hoor hom, "is só 'n hemel."

Van haar kliniekkamer kan sy die treinspoor tussen die akkerbome en platane sien. Dis 'n ou voorstad. Victoriaans, Eduardiaans, mock-Tudor. Miskien 'n Herbert Baker of twee. Een Kaap-Hollandse gewel. Die ander huis wat uitstaan, is die een wat lyk soos 'n pastorie uit die vyftigerjare.

Sy weet hoe pastorieë lyk, van buite én van binne. Dis nie ons huis nie, het sy destyds gedink, dis almal se huis. Almal kan tydig en ontydig inval, kuier, raad soek. En almal bring iets - 'n hekellappie, 'n potplant, 'n boek, 'n prent, 'n eetdingetjie - vir die skending van die dominee en sy mense se privaatheid, of dalk as paaimentbetaling vir die hemelse huis. Soos 'n vis in 'n tenk só is mens in 'n pastorie.

Die son val skuins deur die geelgroen mos op die dak van die huis naaste aan haar, verlig die miniskule haartjies. Langs die kliniek is 'n privaatskool vir meisies. Sy sien die meisietjies met hul strooihoede en baby doll skoene. Hoe sal hulle dit eendag buite die honeysuckle-heining aantref? Net voor hul skoolhek, op die sypaadjies langs die hoofweg, stink die bergies en hul

University of Cape Town

brandspiritus ewe erg as die uitlaatgasse van die liederlike Golden Arrow-busse wat op hoë wiele voortdonder. (Naas die busse is die taxi's die klein jakkalsies.) Die meisies word versigtig, tussen-in, in netjiese motors gelaai. Terwyl sy voor die venster staan, peul 'n swetterjoel kindertuingrootte dogtertjies in groen en wit skoolrokke by 'n deur uit. 'n Juffrou verskyn agterna. Haar mond en arms beweeg, en die kinders is plotseling in 'n ry en stil. Elkeen het 'n boek en 'n lapsakkie onder die arm. Hanna kan nie hoor wat die juffrou sê nie, maar die ry disintegreer weer en die meisies waaier weg oor die skoolgrond. Twee-twee of een alleen. Oor die grasperke en onder die bome in, in hul appelgroen rokkies met die wit vertroetelde kragies.

Dit laat haar aan haar eie Anja dink. Gister het Wim, 'n poskaart van haar gebring van Griekeland wat by die huis aangekom het: *Baie bruin, baie blond, windsurf en scuba as ons nie werk nie. Gaan dié pos op eiland langsaan. Ken sestien woorde Grieks. Ontmoet astounding mense*. Teen die tyd dat 'n posstuk hier aankom, is sy nie noodwendig meer dáár nie. Sy dra ook soms briewe of kaartjies vir lank met haar saam en skryf dit stuk-stuk oor 'n tyd.

Hanna het gewonder wie dié astounding mense is. Anja het 'n vermoë om mense na haar aan te trek. Wim sê sy't haar onderarmhare laat groei. Hoe weet hy dít?

En het hy vir haar gesê sy's hier? Miskien nie. Sy kry dikwels die gevoel Wim probeer Anja teen haar beskerm.

Sy's bly sy is in 'n enkelkamer. Toe sy nog getroud was en haar kinders klein, het sy en Ville nie 'n ding gemaak van naaktheid nie. En daarna was sy alleen. Sy loop soos sy lus kry. Sy sou dit nie kon uitstaan in 'n kamer met nóg iemand nie. Wat nog te sê die kamers, kleinerige sale eintlik, met vier mense op 'n slag.

In die beknopte en suite badkamer draai sy die stort oop. Sy hou haar hand - nie die een wat seergekry het nie, hy's steeds gevoelig - onder die stroom water todat dit reg is. As 'n stort nie vuurwarm is nie, laat dit haar jeuk. Haar hare is so kort sy was dit net so vinnig soos haar gesig.

University of Cape Town

In die gangetjie tussen die slaapkamer en badkamer is 'n ingeboude kas wat ruik na naftaleen. Hierin is 'n ekstra stel beddegoed, twee skoon handdoeke, 'n nuwe boks tissues en vier rolle toiletpapier. Dít en haar paar goed. Verder net die wit rakke. Hoekom sou hier soveel pakplek wees? Bly enigiemand dan vir máánde? Sy haal 'n T-hemp, jeans en 'n broekie, 'n swarte, uit. Sy's gesteld op haar onderklere, was nog altyd so. Nooit songebleik of uitgerafel nie. Met die reuk van wasgoedversagmiddel bêre sy dit tussen droë laventel. Hiervoor was haar kop nooit te dof nie. Dat niemand ooit van haar kan sê bo blink onder stink nie. Wat meer is, sy hou van was. Adriaan spot haar hieroor: "As mens Hanna in die middel van die nag wakker maak, sal sy jou sê hoeveel Ace op watter temperatuur op 'n wit bondel, né, Hanna. Jy moes eintlik 'n wasmeid gewees het."

Sy staan voor die spieël. Haar borste het so gekrimp, 'n bra is onnodig. Die T-hemp wat sy oor haar kop glip, is die een wat sy aangehad het die aand van die ongeluk - Nettie het dit gewas en weer gebring - die een waarin Wim haar afgeneem het in die genadige lig van die vroegskemer. Haar kuiermense - sy ook - het gelag oor dit wat voor op die hemp gedruk was: *My contents have shifted.*

Daar het die purperrooi woorde gepas wat betref kleur en inhoud. Hier kry dit ander betekenis, en is die kleur ook in kontras met die res van die gedempte kamer. Dis of die kleur van die letters uitreik na die sonneblomme op die tafel. Ook dít kom van Wim. Wel, van albei kinders het die kaartjie gesê, maar sy weet Wim het dit gekoop. Anja is tog nie hier nie. Toe die matrone sien hoe die ingepropte blomme sukkel om asem te haal in die blompot wat een van die skoonmakers vir haar gebring het, het sy 'n groter een loop haal: "Gebruik dié, dis my kantoor s'n. Bring dit net terug as jou blomme dood is, anders vergeet ek dit. Kop soos 'n sif. Fantastiese kleur, vir 'n verandering. Oh, how I hate baby bootee carnations!"

Sy het die laaste sin, net voor sy geloop het, met soveel harstog geuiter Hanna het gewonder of sy dit uit 'n gedig of iets aanhaal: *How I hate baby bootee carnations!*

Touché, wou Hanna sê, maar die vrou was al weer vort en die kamerdeur toe. Die matrone het Hanna laat dink aan 'n hamster. Rond en doenig.

Hanna stort en trek binne vyftien minute aan. Vinnige vingers deur haar hare is al wat nodig is. Sy moet deur die voorportaal om by die eetkamer te kom. Hier spuit die fontein nie vandag nie. Die glaskoepel van seskantige ruitjies hoög bo in die dak, verby die mezzanine, lyk soos 'n heuningkoek, 'n bloue, uit Disneyland. Herfs het die mooiste dae, waarvan die skemer haar gunstelingtyd van die dag is. Skemer verbind die kleure waarvan sy hou, die kleure wat ook pas by haar ligterwordende hare: nikkel, graniet, steen.

Op een van die swart leerbanke in die voorportaal, sy kop half onder die skeut van 'n varing in, sit 'n man in 'n geruite kamerjas. Langs hom stoom sy ronde vrou, onberispelik opgetof in wat niks anders as Ou Mutual-groen genoem kan word nie. Die man se sak het skynbaar haar splinternuwe kous geleer en het een van die vroue agter die ontvangstoonbank nie vir haar cutex om die leer mee te keer nie, terwyl dié probeer om mediese fonds inligting uit hulle te kry. Uit die man wat nie praat nie en die groen vrou vir wie niks saak maak nie buiten die letsel teen haar vleeskleurige kuit op. Die ander vrou by ontvangs gee vir iemand oor die telefoon inligting van 'n rekenaarskerm. Haar geverfde vingernael tik af en af en af teen die skerm. Al die vroue wat Hanna nog agter dié toonbank gesien het, het raafswart hare wat lank en blink hang agter hul Alice bands. Hul velle soel en vlekloos. Miskien lyk jong werkende meisies maar net so, miskien blaas hulle elke maand hul hele salaris op mooimaakgoed. Of dalk sê dit iets van mý, dink sy toe sy die deur na die eetkamer oopstoot.

Die eetkamer is leeg. Sy's bly. Dis 'n helder vertrek oorstroom van lig. Aan die een kant word dit begrens deur die kombuis met die toonbank en, aan die ander kant, die nie-rokersitkamer. Die ander twee mure bestaan uit vensters en glasdubbeldeure wat oopmaak op 'n patio met potplante en tuinbanke en drie groot seilsonsambrele. Dis hier waar soms vis- en vleisbraaie gehou word. Buite, so het Hanna gou agtergekom, is die stemming dikwels een van lawwe kameraderie. Koshuiskinders uit vir die aand. Dis ook hier, of buite in die tuin, waar pasiënte hulle saam met ander pasiënte of van die personeellede laat

University of Cape Town

afneem as aandenking vir hul foto-albums. Vir sommige mense, dit het sy ook vinnig geleer, is verblyf hier 'n statussimbool. Die buitestoep is ook die plek waar mense ná ete in groepies rook. Dit mag jy nêrens binne doen nie, behalwe in die rokers se sitkamer.

En tog, só het Wim opgemerk, is dit of tot die verf op die mure ruik na rook. Sy en hy het in die nie-rook-sitkamer gesit. Daar was niemand anders nie. Die vertrek is kleiner, en altyd stiller, as die rokers s'n waar die televisie blêr en die dakwaaier draai, maar die reuk van ou sigaret hang soos 'n nat kombers. Hanna het verduidelik: "Omtrent almal hier rook. Dis maar deel van die meeste mense hier se make-up, Wim, jy moet verstaan. Afhanklikheid, orale fiksasie, kompensasie, noem dit wat jy wil, maar mens kan nie al jou krukke gelyk afgee nie. Eintlik 'n wonder dat ek nie self rook nie. Miskien net oor daardie pruimedantbekkie wat kom saam met vroue wat al lank rook."

Hy het nie gelag nie, dit was asof hy al reeds weer aan iets anders gedink het: "Ek is bly jy is hier, Ma, trots eintlik."

Sy het verleë gevoel. Skaam eintlik, noudat sy so geheel en al uitgevang is. Sy het nie geweet wat om te sê nie; net haar kop geskud en afgekyk na haar hand wat haar seker altyd sal bly herinner: "Dankie, Wim."

Hy het kort hierna gegroet. Dit was nie nodig om verder te praat nie. Hoe hy haar vasgedruk het, was genoeg.

Die eetkamer se oorgetrekte gordynkappe, draperings en gordyne is, net soos dié in die kamers, geblom. Die lemmetjiegroen en kanariegeel plooie en valle word met breë oranje bande weggeswiep. Die voorkoms waarvoor welgesteldes in hul strandhuise gaan. Iemand het iewers vertel die eienaar het die materiaal in Kanada gekoop en hy het dit hier laat opmaak. Sy kon nie dink waarom soveel moeite gedoen is nie, die Kaap het oorgenoeg tekstielplekke. Dis ook nie asof die materiaal iets besonders was nie. Dit sou haar altyd blybly, dié brokkie nuttelose inligting oor die Kanadese aankope. Die ligtehout-eetkamerstoele, dit het sy later gehoor, kom van Italië.

University of Cape Town

Hanna sien haar nie dadelik nie, eers toe sy driekwartpad tussen die leë tafels deur is op pad na die toonbank. Dis die vrou met die bruin bolla laag in haar nek in 'n haarnet gevang. Die hoepel hare is so groot, daar moet 'n vals stuk binne-in wees. Daar waar die glasvensters ontmoet, sit sy met 'n gordyn aan elke kant van haar getrek om die oggendson te verban. Wat is haar naam nou weer? Jacqueline? Nee, Josephine. Sy sit kiertsregop, dat haar rug nie die stoelleuning raak nie. Sy roer nie. Voor haar is 'n koppie en piering, haar hand om die koppie se oor asof sy dit enige oomblik gaan optel. Die res van haar tafel, buiten die potjie met die varings, baba-angeliere en die sout en die peper, is reeds skoongemaak. Dit lyk nie of sy Hanna gesien het nie.

En sy hou verby sonder om te groet. Gelukkig is daar nog 'n kelner agter die toonbank. Dit lyk of hy al besig is om van die kosbakke oor die stoom uit te haal. "Is ek te laat?"

"Net betyds, Mevrou, goeiemôre. Wat kan ek inskep?"

"Môre, ekskuus, ek is so haastig ek groet nie eens nie, ek het verslaap."

"Geen probleem nie. Neem u tyd."

Hanna neem eers hawermout, daarna 'n skeppie roereier. Toe sy die roosterbrood uit die mandjie op die koffietafel lig, is dit hard. Sy was só lus vir roosterbrood met marmelade saam met haar tee. Sy wonder of hulle vir haar nuwes sal maak? "Natuurlik, een of twee en wit of bruin?"

"Bruin." Sy antwoord outomaties. Gesond en reg eet is 'n gewoonte. Ook hiervan is sy 'n slaaf. "Nee, tog nie, wit." Wit vir 'n treat. Sy wag by die toonbank terwyl hy vir haar twee snye in die broodrooster op die vlak direk agter die kosbakke maak.

Terwyl Hanna die brood smeer, besef sy sy't steeds nie die vaagste benul waar om te begin nie. Janie het dit baie goed verduidelik - dis die terapie van vraende voornaamwoorde. Hoe het dit gekom dat ook jy gesit het op die swart bank in die voorportaal terwyl jou seun, met jou nagsak by sy voete, jou inteken by die toonbank? Wat het met jou hand gebeur? Hoekom het jy stilgebly toe jy moes gepraat het?

University of Cape Town

Sy neem 'n happie brood. Die marmelade is te soet. Sy's seker van net een ding - van dit wat sy níé gaan vertel nie. Dit wat sy ook nog nie vir Janie vertel het nie.

Tee. Sy stoot haar stoel agteruit. En meteens, toe sy voor die tafel staan met suikerkorrels op die tafeldoek en krummels kitskoffie wat aan die taai word is, kry sy lus vir lékker tee. Ordentlike tee. Iets soos Earl Grey. Terwyl sy by die urns staan en wonder of sy by die kombuis kan gaan vra en haar tegelyk voorneem om vir Adriaan te bel om vir haar 'n paar Earl Grey-sakkies te bring, praat die vrou, Josephine, agter haar. Haar stem resoneer deur die vertrek: "Tee vir die daaglikse katastrofes." Hanna is verbaas. Het sy haar al ooit hoor praat? Glo die vrou van 'n Presbiteriaanse predikant. Sy's in 'n ander groep.

"Ja," Hanna glimlag, onseker wat om met dié stelling te doen. "As dit net beter tee was."

Maar die bollavrou reageer nie hierop nie. Asof sy nooit gepraat het nie, asof Hanna nie geantwoord het nie. Haar aandag skynbaar volledig by die entoesiastiese blomme van die gordyn voor haar. Haar hand steeds reg om haar koppie te lig. Dié oomblik spoor Hanna aan om tog vir die kombuispersoneel te gaan vra of daar ander tee is. Net toe sy weer terugdraai na die toonbank, klink die monotone stem uit die hoek weer: "Daar's Dirk. Kla by hom. Hy's die sjef."

Die kelner, die een van netnou, is nie meer agter die bakke nie, dié is weggedra. In sy plek is 'n man wat neurie terwyl hy die vlekvryestaalraam waarin die kosbakke tydens etes rus, met 'n dweil afvee. As hy die bollavrou gehoor het, steur hy hom nie daaraan nie. Die musiek waarmee hy saggies saamsing, klink of dit van 'n radio iewers agter uit die kombuis kom. Hanna herken dit. Die kinders se soort musiek. Hanna het hom voorheen eenkeer gesien, maar net skrams. Dis dan hy, Dirk, die een waaroor gister gepraat is terwyl hulle vir Janie gewag het. Faffa, die joernalis, het na hom verwys as 'n koffie-moffie.

"Ah, for heavens sake, Faffa, where have you been all you life? Men who work with food are not neccessarily homosexual, for Christ's sake. You know, part of your problem is that you have been Rip van Winkeling at that Afrikaans newspaper of yours." Dit was Suzy, jonk genoeg om Faffa se kind te wees. "I

think he's quite a hunk, well, not a hunk, but sexy sort of." Suzy het haar wenkbroue betekenisvol gelig en niks verder gesê nie terwyl sy aangaan om haar naelrieme met 'n houtstiffie een vir een agtertoe te stoot, 'n buisie room op haar skoot.

Leila, die vrou van die bouer van Rondebosch-Oos, het opgewonde geknik terwyl Suzy gepraat het: "Suzy's reg, Faffa, mens moetie 'n boek by sy cover judge nie."

"As julle girls nie omgee nie, terwyl julle oor hom baklei, sal ek maar die een wees wat met die been weghol. Hy's nogal cute." Dit was Paul, gemaak camp dat almal moes lag; ook Faffa.

Hanna se eerste gewaarwording is dat die kok 'n adrenalienjunkie is. Die soort wat spring van kranse en bruê. Bruingebrand, helder oë, sonstrepe in sy donker hare. Buitelugenergie. Tog rym iets nie; sy hare is te lank vir dié soort lewe. Dis uit sy gesig in 'n poniestert gebind. Maar al waaraan sy nou eintlik wil dink, is tee. En toe, pleks dat sy hiervoor vra, slaan sy 'n heeltemal anders koers in: "Hoekom is hier diskriminasie?"

Hy kyk op, maar hou nie op werk nie. Van iewers onder tel hy stukkies kos, 'n repie spek en 'n skyfie tamatie, en sit dit op die staaloppervlak: "Môre, diskriminasie?"

"Ja, ons hier binne moet na stigtelike barokmusiek luister, " en sy beduie na die klankversterker in die hoek van die vertrek waar Josephine sit soos 'n wasbeeld van die bollavrou, "terwyl julle upbeat musiek het. Is dit deel van die terapie?"

Dis 'n ou laai van haar: spot as jy onseker voel. Sy's al hierin toegewikkel soos in 'n epidermis.

"O, die radio? Ons skakel hom gewoonlik af as die mense kom eet, maar dis eintlik mos al eintlik na ontbyt. Sal ek dit afsit, Mevrou?"

Hanna skud haar kop: "Nee, nee hoegenaamd nie en ek is nie 'n mevrou nie."

"Jammer. Ek is Dirk, aangename kennis." Spot hy?

"My naam is Hanna."

University of Cape Town

Waar Dirk en Hanna staan kom die twee soorte musiek bymekaar soos 'n see en 'n riviermonding. Agter Hanna sug die tjello met al die weemoed van 'n verlate woud. In die kombuis pols 'n saksofoon, klawerbord en tromme. Die klank van stadsnagte.

"Hanna? My een ouma was Hanna. Hannatjie. Maar sy was alles wat haar naam, tjie en al, nie was nie. Nie grasieus nie. Dis mos wat die naam beteken, is dit nie? Grasieus? Elegant?"

"Dit sal ek nie weet nie, maar ek is nie jou ouma nie. Ek is eintlik op soek na 'n sakkie Earl Grey. As so 'n versoek moontlik is?" Sy besef sy klink kortaf, maar sy's laat. "Asseblief."

" Sure. Ons sit nie Earl Grey binne nie omdat mense dit óf wegdra óf heeltemal ignoreer totdat dit verslaan is. Ek kry gou."

Hy is binne oomblikke terug en hou die geel Twiningsboks na haar uit. "Jy's gelukkig," lag hy, "ek dra dit min of meer saam soos ander mense hul wallets. Tog drink baie mense dit nie, beats me."

Hanna vat 'n sakkie en hou dit outomaties teen haar neus. Bergamot, bekend en gerusstellend: "Jy's gelukkig."

"Gelukkig?"

"Dat jy net aan tee verslaaf is."

Toe hy lag, sien sy hy's ouer as wat sy aanvanklik gedink het. "Wel, ek weet nie daarvan nie. Ek glo aan koffie soos ander mense aan bid." Die klankkleur van sy stem sou selfs 'n belediging neutraliseer.

Net toe wip 'n voëltjie, 'n grysetjie, by die oop agterdeur in. Tweep-tweep, kondig hy homself aan. Op dieselfde oomblik pomp 'n stroom water luidrugtig deur die skottelgoedwasser en Hanna verwag dat hy vervaard wegvlieg. Dis 'n helse lawaai, sy hoor nie eens meer die radio nie. Maar sy's verkeerd. Die kok gooi die stukkies spek en tamatie op die vloer tussen hom en die voël. Die vaal koppie kantel, korrel na die kok en spring dan astrant agter sy wit borslappie aan na die kos.

"Dit lyk na 'n kwikstertjie, maar hoekom is sy stert so stil?"

University of Cape Town

"Omdat hy mak is. Hy kom kuier baie by ons, kwikkies hou van oorskiet. As hy wegvlieg, sal jy sy stertjie sien." Vanagter die stoof kom 'n meisie wat Hanna aan die Asiatiese meisies in die voorportaal herinner: "Phone for you, Dirk. Mother Theresa."

Die kok druk sy vadoek in sy voorskootsak en draai om. Die voëltjie het die kos in 'n oogwink opgepik. Nou wip sy stertjie op en af, nes hy voorspel het. Hy lig sy vlerke, vuilwit van onder, en fladder by die deur uit. "Lekker drink," praat hy oor sy skouer, "en kom kry vir jou nog."

Sy sluk haar tee, heerlik, vinniger as wat sy sou wou, maar die tyd het haar ingehaal. Sy wil nog gaan tandeborsel. Sy't ook haar oefeningboek in die kamer vergeet.

Josephine, en haar koppie, is weg. Haar stoel is ingestoot en die gordyne weer weggebind. Asof sy nooit daar was nie. 'n Spook uit Madame Tussaud's.

Toe Hanna uit die eetkamer loop, rek sy haar treë. Sy's laat. Sy draf by die trap op. In haar kamer tree sy in 'n strook son. Toe eers, toe sy haar skoene onder haar bed sien, sien sy sy is kaalvoet. Maar sy gaan nie nou bodder nie. Hier dra jy net wat jy wil. Leila kom altyd in haar skaapvelpantoffels.

Sy weet steeds nie waar om met haar storie te begin nie, maar dit maak nie eintlik meer saak nie. Dis die tee, besluit sy. Die tee wat die kok haar gegee het. Dis dit wat haar voete lig maak.

University of Cape Town

Elf

Dis altyd eenders, die manier waarop Alan aan haar vat. Hy wag vir haar agter sy stoel. Sodra sy sit, steek hy sy hande in haar hare en lig dit op terwyl sy oë hare in die spieël ontmoet: "En wat doen ons vandag?"

En Janie se antwoord, vir hoeveel jaar nou al, terwyl hy nou weer die hare ferm aan die punte aftrek na haar skouers dat hy presies kan sien hoe lank dit is, bly ook onveranderd: "Jy weet, Alan, soos altyd."

Hy kan haar hare, so sê hy, al toe oë sny. Waterpas in die nek, en 'n kuif onberispelik, nie 'n millimeter langer of korter nie, tot net bo haar wenkbroue. Versigtig uitgedun dié bo die oë dat dit nie lyk soos 'n liniaal nie, maar ook nie motgevreet nie. Niemand het steiler hare as sy nie, glo Alan. Daarom neem dit lank, elke keer. Maar nie so lank soos daardie eerste dag toe hy haar lang hare, lank, ver verby haar skouers, afgesny het nie.

Dit was die oggend waarin die hof haar vroeër getjap het: een, nie meer twee nie. 'n Drukkende windstil dag, die lug dik van motorgasse. Sy het sonder afspraak opgedaag, op die impuls van Keeromstraat na die salon van Groentemarkplein af geloop. Sy't al gehoor van hom, dat hy 'n uitstekende snyer is. Sy was verlig dat hy nie uitermate vriendelik, of aanstellerig, was nie. Hy het dit ook nie nodig gehad nie; sy reputasie het gesorg vir 'n bestendige stroom kliënte. Hy het in sy afspraakboek gekyk, en gesê goed, kom oor 'n uur. Sy het deur die strate gedwaal, saam met die hitte tussen die geboue vasgedruk. Ná vyftig minute was sy terug. Sny af, het sy gesê. Hy het haar sitgemaak en bekyk. Haar hare gelig en laat val: "Jy soek iets... klassiek, solank dit net nie lyk of ons 'n koos op jou kop omgekeer het nie." Vir 'n oomblik het hy stilgebly, ingedagte. Sy oë in die spieël het hare gemeet: "Is jy doodseker? Dis jare se hare dié."

"Ek is seker."

Janie is altyd ietwat verwonder oor hoe lank hy aan 'n eenvoudige bob sny. Maar sy kla nie, dis behaaglik heerlik as iemand so aan haar kop vat. In haar draai 'n veer af; haar skanse vermurwe. Sy praat nooit oor haar kliënte met

University of Cape Town

Alan nie, maar deel ander intimiteite met hom. Naas haar eie terapeut, Marko, ken hy haar waarskynlik beter as baie van haar vriende.

Steeds onder die swart plastiekmantel loop sy ná die sny na die ry wasbakke. Mens kan nie jou shampoo girl, soos hulle hier sê, kies nie, maar sy hoop altyd vir Fahiza. Want Fahiza klets nie, en sy't vingers. Vingers wat Janie haar verbeel sy met dieselfde inspanning gebruik as dit waarmee Kia, haar eertydse pottebakker-vriendin, haar klei gepak het. Wanneer sy die ritmiese werking van Kia se vingers sien, koggel dit uit die lêers van die geheue en sy sien weer, of sy wil of nie, die gladde werking van spiere onder stywe swart tekstiel soos die fietser trap. Die geklets van die meisies agter die wasbak, terwyl Fahiza 'n moddergeel pasta van die wortels tot by die punte van haar hare inwerk, raak 'n veraf gezoem.

Fahiza se vingers deur die nat slierte trek haar in in die plek tussen lekker en seer. Om die eerste grys tussen die donkerbruin te verbloem, om hoendervel oor haar arms te stuur. Wanneer die gedoen met haar kop verby is, is sy spyt.

Hierna is die uur met GladWrap om haar kop onder die droër lank en warm. Soos 'n alien lyk sy, maar sonder die groot onskuldige oë. 'n Gesig net neus en wange: eers rosig, dan rooi. Nie mooi nie. Vir dié tyd bring sy werk saam. Vanmiddag het sy die lêer van haar nuutste kliënt, met wie sy al twee sessies gehad het, op haar skoot.

Die aand by die huis maak sy dieselfde lêer weer oop.

Terwyl sy die volgende oggend haar hande in die kleedkamer skuins oorkant haar kantoor in die kliniek was en haar hare krities in die spieël beskou, onthou sy Alan se afskeidswoorde gistermiddag: "Nou's jy weer puur Nefertiti."

Sy sal dit vir niemand erken nie, nie eens Marko nie, maar die feit dat sy vir hoeveel jaar al presies dieselfde haarstyl het, laat haar veilig voel. Oor enkele aspekte van mens se lewe, soos jou hare, het jy 'n mate van beheer. Een van haar kliënte het eenkeer vir haar gesê haar haarstyl wys sy's 'n control freak sonder die vaagste benul van wat dit beteken om kop te verloor, ondanks al haar ervaring en teksboekkennis. Sy het die opmerking laat verbygaan, maar dit nooit

vergeet nie. Uit die aard van haar beroep het sy, in 'n sekere mate, 'n probleem met beheer. Dis ongenaakbare troos dat sy weet dat dit begin het toe sy as kind selde geweet hoe die dag sal verloop.

Sy droog haar hande af aan die ivoorkleurige handdoekie met die kliniek se monogram in goud daarop gedruk. Die merk van Friedman, it figures, daarom is dit goud. Maar sy dink nie verder hieroor nie, hom wil sy nie as pasiënt hê nie.

Sy gaan kry haar goed in die kantoor. Heel bo op die hopie lêers is die een wat sy huis toe geneem het. Soms, onverwags, tussen al die tientalle gevalle, is daar een wat uitstaan, soos dié vrou, Hanna. Dis 'n prikkel, bring iets van die entoesiasme van haar eerste jare in terapie terug.

Net toe sy wil uitloop, lui die foon. Die groep moet begin, sy sal dit ignoreer. Tog vertoef sy terwyl die antwoordmasjien haar eie saaklike versoek terugspeel: laat asseblief jou naam en telefoonnommer en 'n kort boodskap. Maar dis nie wie sy gehoop het nie. Theresa wil weet of môre-middag vyfuur in orde is vir 'n personeelvergadering. Sy maak 'n vinnig nota van die tyd in haar Filofax, wat sy altyd by haar het, stap uit, teken op haar kantoordeur aan wanneer sy terug is, sluit en laat val die sleutel in haar baadjiesak. In die loop skakel sy haar selfoon af.

Die terapiekamer is net bokant die mezzanine waar haar kantoor is. Sy ken dié vertrek met die vier middelslag gestoffeerde tweesitplekbanke rondom twee koffietafels met tydskrifte gerangskik amper so goed soos haar eie sitkamer. Eenkant staan 'n trollie met 'n urn en drinkgoed (deesdae ook 'n Brita-waterfilter) wat die kliënte met 'n verstommende spoed verbruik. Dirk het eenkeer op 'n personeelvergadering genoem die plek se rekening vir tee en koffie het hom aanvanklik geruk. Weg van hier praat hy nooit werk nie.

Vandag sit Leila en Faffa op een bank. Die ander drie, Suzy, Paul en Hanna, het elkeen een alleen. Laas was sy langs Paul, vandag is dit Suzy se beurt. Sy is bly iemand het een van die skuifraamvensters oopgemaak. Seker haar verbeelding, maar sy dink tog dié vertrek ruik altyd effens suur. Almal, buiten Hanna, het 'n beker in die hand. Syself skink vir haar 'n glas water.

University of Cape Town

Uiterlik lyk Hanna rustig, buiten die een vingernael wat sy op en af trek langs die rug van die hardebandoefeningboek op haar skoot.

Gister het hulle 'n alleen-sessie gehad.

Hanna is steeds nie oortuig van die waarde van die vertel van die lewensverhaal nie. Kan ook nie, want sy het dit nog nie beleef nie.

"Ek kan nie voor klomp mense praat nie. Nes my ma nie voor mense kon bid nie. En sy móés eenvoudig: sy was die dominee se vrou. Hoekom kan ek dit nie maar skryf nie?"

"Jy kan dit skryf ook." En Janie "re-wind", soos sy dit noem, na 'n vorige gesprek: "Om hierheen te gekom het, is die begin. Hierna volg nóg prosesse. Wanneer jy oor jouself en jou lewe praat voor ander mense, universaliseer jy jou storie. Jy het tog klaar al gesien, gehoor, jy's nie al mens wat drank gebruik het om pynlike of ongemaklike gevoelens te onderdruk nie. Dis die gemenedeler. Jy het nou die dag gehoor hoe hulle lag, onthou jy, toe Suzy vertel hoe sy haar drank in die toiletbak by die werk weggesteek het. Dis die lag van herkenning en verligting, nie van spot nie.

"Dit gooi ook jou skuld oop."

"My skuld oop, wat bedoel jy?"

"Dat dit nie meer jou eie allenige las is nie. Hierdie mense het almal lewensmaats of kinders, 'n Wim en 'n Anja, wat hulle teleurgestel en seergemaak het."

Sy het haar vlugtig Jung se uitspraak - die storie is alles - herinner.

"Ek kan nou nie onthou wanneer dit was nie, seker laasjaar, toe iemand voor die Waarheidskommissie vertel hoe 'n polisieman hom in die gesig geskiet en verblind het. En toe hy klaar getuig het, sê hy: 'It feels like I've got my sight back by coming here and telling my story.'"

"Jy laat dit klink soos towery, Janie. Vertel jou storie en there you go, vat jou bed op en loop. Maar ek hoor wat jy sê. Ek hoor, wat nog nie beteken ek dink dis waar nie."

University of Cape Town

"As ek dit soos toor laat klink, is ek verkeerd. Daar is genesing in die groep. Nie altyd nie en nie vir almal nie, maar meestal."

Meteens het Hanna opgestaan en voor die venster wat op die tuin en swembad kyk, gaan staan. Haar rug op Janie, arms gekruis. Janie het bly sit, vanwaar ook sy 'n tuin-uitsig het. Buite het 'n man blare in hope gehark. Hy het dit noukeurig, maar tydsaam, gedoen. Iemand anders het op en af geswem, kruipslag, skynbaar onvermoeid op en egalig weer af. Haar gedagtes het gedwaal, asof die ritmiese hale van die swemmer haar eie asemhaling dieper, rustiger, gemaak het.

"Ek dink ook nie ek hét 'n storie nie." Die stem gelate en sag. Die herhaling van 'n onverbiddellike eeu-oue feit. "My lewe is ordinêr, vervelig, tweedeklas. Ek het nie in 'n township grootgeword onder die ou bedeling met 'n gruwelike verhaal waaroor almal nou 'n boek wil skryf nie. Ek het nie mense opgeblaas nie, ek is nie aangehou of in exile gedwing om in Londen te huil elke keer as ek 'n poskaart van Tafelberg sien nie. Ek koer met mooi lappe om meestal bedorwe wit vroue en het tot hier gekom juis vanweë my wit bevoorregting."

Janie het vooroor geleun in die rigting van die regop rug, die ronding van die borselhare om die goedgevormde, intelligente kop. Sy het haar stem by die afstand tussen hulle probeer aanpas: "Met alle respek, Hanna, wat 'n droewige dag sal dit wees as ons nou só begin redeneer en onsself met omgekeerde rassisme gesel. Asseblief: omdat jy wit is, is jy nie geldig nie."

Hanna het omgedraai en haar gekyk, oor haar skouer, maar niks gesê.

"Wat meer is, álmal het 'n storie, Hanna. Daardie tuinier het een. Die bergies agter die heining het. Die een wat daar swem, wat vir my lyk na ons een kok, het. Ek het, en jy ook. As jy asemhaal, het jy 'n storie."

Hanna het steeds niks gesê nie, maar ná oomblikke geknik. Die uur was om.

Janie maak nie nota's onderwyl 'n sessie aan die gang is nie, maar eers daarna. Haar geheue is uitstekend. Tussen kliënte laat sy haarself 'n halfuur toe, juis hiervoor. En, soms, om los te maak.

University of Cape Town

Dis 'n mite dat jy nie betrokke raak nie. Partykeer is die proses byna meganies, en jy skakel af nes die kliënt groet en die deur toemaak. Maar nie altyd nie. Dan praat jou lyf wat jou mond nie sê nie: jou nek word styf, jou maag knoop of jou eie trane loop. Dan gaan dit wat jy hoor saam huistoe, klim saam in die bed, agtervolg jou in jou drome.

Sogenaamde onbetrokkenheid. Dis 'n verdigsel wat sy self in stand hou, buiten in die veiligheid van Marko se kamer. "Dis soos die prentjie op die bakpoeierblikke, Janie," het hy eenmaal opgemerk. "Ek het ook my terapeut waar ek my teen-oordrag of projeksie of wat ook al moet uitpluis en sy het weer hare. Dis maar deel van die proses. Anders as jy sal ek nooit kan werk met middelverslaafdes nie. My pa was 'n alkoholis, en ek het ontdek, met verdrag en soos ek groter helderheid in myself gekry het, dit maak my te woedend, of te bang."

In die groepsessie laat sy mense toe om eers oor dit en dat te praat, af te wentel. Leila is besig om vir Faffa te vertel van môre se Eid al-Adha. Sy is 'n Moslem en haar man is in Mekka vir sy derde hajj. Die eerste keer was sy saam, maar nooit oor haar dooie liggaam weer nie. Die hitte, die ongerief, die miljoene mense was vir haar te veel. Leila deel nie haar man se godsdiensywer nie.

Sy't gedink Faffa, wat 'n koerantverslaggewer is, sou die basiese weet van sy landgenote se gebruike, maar gemeet aan sy vrae is hy oningelig oor die Moslemgeloof. Ons is waaragtig 'n land van afgesonderdes, het sy weer besef, ons verskillende tale en kerke so sekuur apart aan die gang gehou. En sy wil-wil paniekerig raak - daar's so baie, daar kom net so baie, rol aaneen, dit gaan nooit ophou nie. As jy saam met alkoholiste en probleemdrinkers sit, leer eers jou handboeke jou, en later hulle self, van die verband tussen die bottel en die wete jy is geïsoleer, anders, eenkant, alleen.

"Ek sal nou nie sê dis al rede nie, maar dit het baie daarmee te doene. Oor hy altyd weg is. Werk toe, mosque toe, Mekka toe." Leila, amper sestig en die oudste in die groep, het van dag een nie 'n probleem gehad met verbalisering nie - dit tel in haar guns. Buiten aan die begin, toe sy al die ander wou moeder

met raad en tissues en suiglekkers. Goed vir die eenheid en geborgenheid van die groep, totdat jy sien sy doen dit ten koste van haarself. Maar sy's beter, veel beter.

"Ek weet darem nie," sê Faffa. "Ek en my vrou het altyd alles saamgedoen tot sy my gelos het, en dit was in elk geval 'n fokop."

Suzy lag. (Vandag is die eerste dag dat sy ou jeans dra, bloues.) Janie kyk op haar horlosie. Paul skop sy skoene uit en kruis sy bene op die bank. Leila haal haar breiwerk uit die sak by haar voete en woel haar sitvlak dieper in die bank. Faffa skreef sy oë, hy's vermoedelik lus vir rook.

"Is almal gelukkig en gemaklik, sal ons begin? Iemand eers iets sê of vra? Suzy? Paul? Nee?"

"Ja." Dis Faffa. As hy iets wil sê, steek hy sy hand op, soos 'n skoolkind. "Ek wil net vir haar sê sy moenie worry nie. Ek onthou die dag toe ek hier moes praat en dit was fokkin verskriklik."

Janie val hom in die rede, hulle moet terug na Hanna: "Dink jy dit was goed dat jy dit wel gedoen het?"

"Jissis, ja, ek skryf heeldag ander mense se stories. Hierso is ek ook belangrik. Eintlik wil ek net vir haar sê sy moenie worry nie."

Janie glimlag, sy het 'n sagte plekkie vir Faffa: "Nou sê dit dan."

Agter sy ruie snor en baard verkleur hy, lag selfbewus, kyk af na sy hande en die vlekke van duisende toppers ingebrand in die vel. Dan direk na Hanna: "Dis OK."

"Ek is nie so seker nie, Faffa, maar as jy so sê." Hanna maak haar boek oop en skielik weer toe, maar hou dit vas. Haar stem is sag, maar nie onseker nie: "Ek weet nie waar om te begin nie, daarom begin ek maar sommer iewers in die middel. My man se naam was, is, Ville. Dis die Sweedse naam vir Wilhelm, my seun is Wilhelm, ons noem hom Wim."

'n Veilige vertrekpunt, doodnormaal. Vroue is ook geneig om te spring in tyd, te fokus op voorvalle en die verbande daartussen. Chronologie is minder relevant, hulle praat meestal intuïtief. Mans, meerendeels liniêre denkers, begin gewoonlik deur te sê waar hulle gebore is, hoeveel broers en susters daar was,

University of Cape Town

waar hulle skoolgegaan het. Werk gewoonlik stelselmatig van die begin na die einde.

"Ek weet vroue kan op hul eie aangaan, ons het mans nie meer nodig soos ons ma's nie. Dit gaan ook nie vir my oor nie alleen wil wees nie. Dis net, dit het niks met getroud of nie getroud te doen nie." Sy klink ongeduldig, met haarself: "Dis net dat ek hom steeds mis en dis nou al elf, twaalf jaar. Ek maak partykeer iets, 'n gereg, waarvoor hy lief was, om iets van toe na nou te bring. Asof die geur van die kos in die kombuis syne is. Ek vra my kinders oor hom wanneer hulle hom gesien het, en ek weet dis verkeerd. As ek met hom praat oor die telefoon, klop my hart. Elke keer dat ek hoor hy is klaar met 'n ander verhouding is my eerste gedagte, voor ek myself kan keer, dalk, dié keer, kom hy terug. En ek weet dit is verkeerd, hopeloos, pateties eintlik."

Vir die volgende uur bly Hanna oënskynlik onemosioneel. Dit is betreklik ongewoon. Veral vrouepasiënte ervaar die groepsessies gewoonlik gou as veilig en warm, en raak maklik aangedaan.

En tog, iets in Hanna se storie, iets tydloos en bekend, vat aan haar. Sy onthou die e-pos van 'n kollega en vriend van haar nou die dag. Sy het 'n print-out daarvan gemaak: "Dankie vir die verwysing van E. Mens voel altyd so broos as jy iemand se flenterhart begin sus. Die geskommel stel mens self, eendersyds, gerus, maar gooi ook jou balans tydelik uit."

Sy vang my onkant. Janie sug, vee oor haar oë en kruis haar bene. Sy glimlag vir Hanna. Asseblief moet net nie, dink sy terwyl sy haar ekwilibrium herwin, dink jy's alleen nie. Ons is almal so allenig eenders.

"Ek was my man, Ville, se tweede vrou. Hy is ouer as ek. Hy het nie weer getrou nie, maar hy het gedurig ander vroue. Hy was in baie opsigte my mentor, ek was nog 'n halwe kind. Hy was vir my 'n goeie maat en minnaar. Ek kon nie begryp hoekom ek dit nie ook vir hom was nie. Ek kon byvoorbeeld glad nie kos maak nie, maar het my laat leer, gewilliglik. Sy aptyt was enorm. Ek het probeer." Sy glimlag, maar klink somber: "Mens kry seker nie punte vir probeer nie."

"Verkeerd!" Dis Paul. Leila se breinaalde knik saam met haar kop, Paul is reg.

Miskien is dit die tydsame verteltrant, die stem wat nooit skril of rou word nie, miskien is dit dit wat maak dat die ander vier haar vir die volgende driekwartuur nie een keer onderbreek nie. Paul en Faffa staan stil op om vir hulle koffie te kry en kom sit weer. Almal geboei deur 'n verhaal tegelyk eiesoortig én bekend.

"Hy het nie dadelik buiteland toe gegaan nie. Eers 'n jaar ná hy uit die huis is. Die dag dat hy Europa toe gevlieg het, het ek die kinders by iemand afgelaai. Ek is vooruit lughawe toe, sonder sy wete. Ek het bo gaan staan, agter die ruit, daar vanwaar mens ver kan sien. Ek het hom oor die aanloopbaan sien stap, die wind wat sy hare lig, op by die vliegtuigtrappies. Bo het hy nie omgedraai en teruggekyk soos in stories nie. Toe die vliegtuig agteruitstoot, het daar 'n duisend gedagtes deur my kop gegaan oor wat ek kon doen om hom te stop, maar ek het natuurlik niks gedoen nie."

Sy lig haar smal hande, beduie hoe die Boeing lig en klim. Hulle praat saam, maar ingehoue, asof sy vassit by haar elmboë: "Toe sy vliegtuig voor my verbydreun en sy neus lig, toe hy later net 'n spikkel is, het dit gevoel ek sink in 'n skag en die vliegtuig met Ville bly," haar een hand met die eenvoudige silwerring soek na woorde, "bly daar, gaan nie verder weg nie. Toe my seun wegvlieg, het ek weer daardie gevoel gekry.

"En toe Anja gaan, dis my dogter, sy is laaste weg, het ek nog 'n maal daar bo gestaan en gedink: is ek dan so erg dat eers die pa van my kind, dan my seun en daarna my dogter, vastelande moet oorbrug en swaartekrag moet trotseer, alles net om van my weg te kom?"

Janie tel dit dadelik op - die pa van my kind. 'n Glips, of is daar nóg 'n pa?

University of Cape Town

Twaalf

Fritzie gee die pas aan toe Hanna en haar oupa met die eerste skemer van daardie Septembervakansie 'n ent gaan stap. Hy doen dit elke aand dié tyd. Ter wille van die konstitusie, maar grotendeels vir Fritz, die foksterriër wat sy naam te danke het aan Fritz Wunderlich. Fritz sit voor langs Oupa in die Rover, slaap snags by sy voete en as daar kuiermense kom, spring hy op die stoel wat ouma Amelia s'n was. Hanna trek gou 'n borsel deur haar lang reguit hare, mens weet nooit.

"Wunderlich is elf dae ná Verwoerd dood. Syne was 'n tragedie," noem oupa Hans so in die loop terwyl hy Fritz aanpraat: "Nee, nie daar nie, halsstarrige hond, daai kant toe."

Hanna verstaan nie die Verwoerd-ding nie: "Hoe bedoel Oupa nou?"

Maar hy hoor haar nie, of hy ignoreer haar, want hy loop een stryk aan agter die driekwart wit stert met die bruin punt wat knik soos 'n sterretjie. Wanneer die dorpsmense sê naand oom Hans, hoe gaan dit oom Hans (dis Vrydagaand; mense het tyd) groet hy terug, kan nie kla nie, maar sonder om sy spoed aan te pas. Hy het lang bene en Hanna probeer eers twee treë inpas vir elke een van hom, maar dit voel so belaglik, sy rek nou maar eerder hare om by te bly.

En weet steeds nie wat hy bedoel nie.

Anders as nou, dertig jaar later, terwyl sy haar storie tussen Janie, Suzy, Faffa, Leila en Paul vertel.

Die volgende dag, alleen in terapie met Janie, sou sy sê saam met die klomp kanse wat sy verbrou het, is sy ook oor dié oupa van haar spyt.

"Dat ek hom nie uitgevra het nie. Nie meer onthou van hom nie."

"'n Mens kan maar net vra as daar 'n bewussyn is, hoe gering ook al, is dit nie? Jy was 'n kind uit 'n pastorie. Waar's ons nou? Laat-sestigs?"

"Ja, nege-en-sestig."

"Presies. Met alle respek, wat het jy toe geweet?"

University of Cape Town

"Ek het geweet my ma het gehuil toe Verwoerd dood is en my pa, my stiefpa, het 'n spesiale biduur byeengeroep. Maar my oupa het anders gevoel."

"Dit klink vir my jy het die goeie, as ek nou 'n Bybelse verwysing mag maak, van jou oupa behou, sonder dat julle dit gedissekteer en gediskusseer het. Sonder dat jy dit toe eens heeltemal verstaan het. Dis mos maar 'n proses van assimilasie, is dit nie?

"Wat het hom so belangrik vir jou gemaak, Hanna, baie kinders het tog nie erg aan hulle grootouers nie?"

Hanna antwoord nie dadelik nie: "Hy was 'n spesiale mens, anders. Ander mense het ook so gedink, nie net ek nie. Dit het ek eintlik eers werklik ná sy dood besef. En hy was die enigste link - wat is die woord, draad, nee, jy weet wat ek bedoel - die enigste skakel met my pa. Hy het hom vir my ingevul. Meer as die paar foto's by die huis wat ek en Karien in 'n stadium voos gevat het om 'n mens van vlees en bloed daaruit te kry. Sy't uiteraard bietjie meer onthou."

"En jou ma?"

"Wat van haar?" (Hanna leer vinnig: 'n teenvraag gee haar tyd om haar gedagtes agtermekaar te kry. Janie klim in haar in soos met 'n quick-unpick. Soms probeer sy nog keer vir haar binnegeknoei, terwyl sy baie goed weet sy kan haar nie flous nie.)

"Het sy dikwels van hom gepraat, na hom verwys, wat ook al?"

"Die minimum. Ek het die gevoel gekry sy het hom op 'n manier doodgeswyg as bewys van haar lojaliteit aan haar nuwe man."

"En jou en jou suster 'n onreg aangedoen."

En toe, op net die regte tyd, wys Janie haar hart vir Hanna. Wat sy sê val buite haar gewone raamwerk van terapie: "Pa's kruisig makliker as ma's."

Die groep hoor ook nou daardie Septembervakansie, Hanna se laaste in Matriek, is net 'n paar maande voor sy haar kursus in patroonontwerp by die Akademie vir Tegnologie in die Kaap begin. Maar eers moet sy, 'n doodgemiddelde skolier, deur die Matriekeksamen. Dit lê soos 'n berg voor haar. Sy hou van huishoudkunde. "En, vreemd genoeg, van aardrykskunde, " is haar ma se

University of Cape Town

standaardopmerking wanneer mense uitvra oor haar tweede dogter wat aanstons 'n loopbaankeuse moet maak. Hoekom dit vreemd sou wees, het Hanna nooit geweet nie. Hawens, myne, fabrieke, spoorlyne. Die enorme strukture van staal fassineer haar. Sy verbeel haar die dreuning en die beroering, die luidrugtige uitpomp van gasse (dit sal nog lank wees voor sy die woord besoedeling hoor), die uitroepe van mans in oorpakke (nie ons soort nie, sê haar ma, en dis presies hoekom die sigaret uit die kant van die mond, die langerige vetterige hare haar so fassineer).

Sy's bang sy word uitgelag en daarom sê sy niks. Maar sy wens sy kan ook in 'n oorpak sit agter die stuur van 'n bonkige karretjie met 'n hystoestel wat kratte van skepe laai en teen die kaai af brom, al langs die olierige water. Verby ander skepe waar mans op die dek rondbeweeg en praat in 'n vreemde taal, hul hare meer swart en reguit as wat sy nog ooit gesien het.

Sy het haar skoolboeke saamgebring Tulbagh toe om by haar oupa te kom leer. Maar sy het hulle heel onderin haar koffer gepak, en hulle lê nog net so daar, veilig uit die oog. Nou eers is dit Vrydagaand, en dis lente in die Boland. Jy ruik van tuin tot tuin waar staan die yesterday-today-and-tomorrow, die jasmyn, die honeysuckle. Aan die some van die dorp, waar dit plaas word, is dit rokerig.

"In hierdie huis spook dit glo in dié kamer, dié een met die bay window. Weet nou nie of dit net maar 'n opgemaakte storie is nie, maar dis wel waar dat 'n vrou haar man daar in sy slaap versmoor het met 'n kussing. Hy was glo so besope, hy't nie eens gespartel nie. En sy't losgekom. Draai van die eeu. Histerie, het die hof gesê. Stomme man." Hanna wil nog kyk na minstens darem die venster van die moordkamer (iets wat sy sal weet en Karien nié), maar dan bly sy agter. Haar oupa is iedergeval al op 'n volgende onderwerp. "Wat sal ons eet vanaand, wat van skilpadjies? Ken jy dit?"

Hy praat een stryk deur: hy's bly sy't kom kuier. Die huis is stil. Fritzie is weliswaar 'n goeie maat, dis net dat Fritz nie juis waffers terugpraat nie. Fritzie, so sal sy onthou, is drie jaar tevore op 'n plaas in die distrik gebore. "Presies in September, die maand waarin Wunderlich dood is, dié dat ek hom maar toe

University of Cape Town

vernoem. Hy was maar net 36. Dit klink vir jou seker stokoud, maar dis eintlik nog jonk, wat weet ons wat hy nie nog alles kon doen nie."

"Hoekom is hy dan so gou dood?"

"Hy het van 'n trap geval, iewers in die Swartwoud. Stories doen die rondte dat hy gestamp is, sommige sê dit was selfmoord, ander reken hy het net 'n dop te veel ingehad en sy voet het gegly. Maar hy's dood, dís wat tel, al die gissings beteken niks. Wys my een soeter stem." Oupa het hom in Wenen in lewende lywe gesien. Hy sal vir haar van sy plate speel nes hulle terug kom by die huis. "Jy moet jou ma vra, tussen jou pa se goed behoort ook nog van sy plate te wees."

Opeens stop Hanna. Die ander groeplede kyk met gelykmatige afwagting na haar. "Ek dwaal nou seker af?"

"Nee, jy vertel wat jy moet vertel. Dis hoekom jy, en ons, hier is." Hoe kry Janie dit reg om altyd so koel te klink? Sal enigiets wat ek ooit vir haar sê haar ontstel? Gooi sy ooit 'n tantrum, huil sy, skreeu sy van plesier?'

Paul sê hy moet gou 'n draai loop en Faffa wil weet wanneer kan hy 'n smoke break kry: "Sorry, man, dis nie dat ek nie wil hoor nie, dis net hierdie insanity van my rokery." Die ander lag. Waansin is 'n woord wat hulle verstaan.

Terwyl Hanna wonder waar om weer die draad van haar storie op te tel, besef sy sy's besig met 'n siftingsproses. Sekere herinneringe herleef sy hardop, vertel dit vir die groep, terwyl ander bloot gedagtes bly, 'n agterdoek teen haar vertelling. Is dit haar bewussyn of onderbewuste wat dié besluite, tientalle binne minute, neem?

Toe Paul en Faffa weer sit, gaan sy aan: in hulle huis is nie 'n grammofoon nie. Maar sy en haar ouer suster, Karien, moet klavier neem. Dis die eerste keer dat sy sonder Karien, nou 'n student by die Konserwatorium op Stellenbosch, by hul oupa kan kuier. Dis so lekker, sy voel eintlik soort van skuldig.

Karien was gelukkig. Sy was net vir haar laaste twee jaar by die hoërskool in die Swartland waar Hanna nou skoolgaan. Karien se musiekonderwyseres, Juffrou Wagenaar, gee ook vir haar klavier. Sy stel nooit

voor dat Hanna, soos Karien, inskryf vir die Eisteddfod of speel op 'n skoolmusiekaand nie. Sy sug en sê had sy maar die helfte van haar suster se toewyding. Hanna is die vergelyking met haar ouer suster al gewoond. Karien is nie af-showerig of iets nie, dis net dat sy uitstaan, sy kan dit nie help nie. Klaskaptein, prefek, hoofmeisie, netbalkaptein. En sy wat Hanna is, verdwyn. Toe Karien universiteit toe is, het die knoop van jaloesie en liefde op haar maag wat sy self nie heeltemal verstaan nie effens verslap.

Hulle is soos suikerbekkies, sê hulle ma. Karien is die glimgroen jangroentjiemannetjie wat jy nie kan mis nie. Hanna is die valetjie, die nesmakertjie.

Fritzie en haar oupa stap met haar na 'n kerk van sewentien-drie-en-veertig nog voor die dorp 'n dorp was. Dit het drie houtgallerye en 'n hobbelrige keisteenvloer, maar interessanter vir haar is die ou musiekintrumente: harp, traporrel, spinet. "Oudste Protestantse plek van aanbidding in die Suidelike Halfrond, glo, die boustene is van Batavia gebring," praat Oupa, "en die..."

Maar dis nie sy stem wat sy hoor nie. Die musikante dra lang uitklokrokke van tafsy met kantborduurde krae. (Sy sou later in haar ontwerpkursus besef haar aanvoeling was reg. Dit was die Rococo-era van Franse pruike en gepoeierde hare, porseleinwit gelate, kouse van egte sy.) Wat nou uit die keisteenkerk klink, is anders as dit wat sy kraam in die bedompige musiekkamer in haar skooljurk, nat halfmane onder haar arms, terwyl Juffrou Wagenaar tik tik tik een twee drie met haar linaal twee drie op die klavier twee drie en haar hakskoen op die houtvloer twee drie.

Tussen Juffrou Wagenaar se liniaal en hak, die sonbesies buite en die musiek onder haar hande is geen harmonie nie. Nie soos dit wat sy hier hoor nie. As sy só kon speel.

Oupa Hans is al afgetree, maar kla steeds die dag het te min ure. Die prokureursfirma op die dorp dra nog net sy naam. Maar daar gaan nie 'n week verby dat jy nie steeds sy Remington in die studeerkamer hoor kletter nie. Vir een wat net twee vingers gebruik, is sy tikspoed verbysterend. Dan kan jy maar

University of Cape Town

weet dis 'n testament of kontrak van iemand op die dorp of in die distrik. 'n Asseblief-tog-ou-Hans noem hy dit. Hy staan ook in vir die orrelis wanneer dié nie kan speel nie, en hy probeer die stootskraper stop voor dit 'n ou gewelhuis omstoot om plek te maak vir 'n siersteenbousel met staalraamvensters. Hy is 'n gewilde gas by etes, veral die tafels van die (hy noem hulle self so) swerm weduwees, maar nooit dié van afdelingsraadslede nie. Hy ry gereeld Kaap toe vir rolprente of konserte. (Fritzie ry saam en gaan bly by Greta, 'n niggie van hom in Oranjezicht.) Hy het juis twee kaartjies om vir Rita Streich later die week in die Tempelsaal te gaan luister, Hanna moet saamkom, natuurlik, dan slaap hulle oor by Greta, en watse soort musiekonderwyseres het sy dan dat sy nie eens weet Rita Streich is 'n kämmersangerin aan die Weense Staatsopera nie.

"Ek dink skool was anders in jou dae, Oupa."

"Dit wil my so voorkom."

Toe hulle terugkom van die wandeling skink oupa Hans vir hom 'n whisky en steek 'n sigaret op. Hy rook altyd dié tyd van die aand saam met sy drankie. Hy stel voor sy neem 'n slukkie Port en skink dit in 'n kristalglasie kleiner as sy eie. "Goeie aptytwekker, jy's hoeka so benerig. Net 'n akkerdoppie, anders kry jou ma weer die bo'jaanstuipe."

Kom ons gaan kyk wat daar te ete is, stel hy voor, maar verander meteens van plan. Hy sit sy glas bo-op die Ottobach neer, die sigaret in 'n asbakkie langsaan. Hy begin speel, die groen viltloper oor sy bene: "Fritz Wunderlich kry jy vir poeding."

Sy ken nie die musiek nie. Dis ritmies, maar tegelyk lui. Dit trek haar nader aan die klavier, roer 'n ding in haar lyf. Wat dit ook al is, dis geskryf op 'n ander planeet as die walse van Strauss of die Brahms sonates waarmee sy Juffrou Wagenaar se gramskap twee keer 'n week ontlok.

Toe hy klaar is, gee hy haar 'n musiekboek uit die klavierstoeltjie. Pianorags: Sunflower Slow Drag, Pineapple Rag, The Entertainer. Dis woorde wat nie rym met Blou Danau nie.

"Toe, jou beurt."

University of Cape Town

Sy speel op sig, dis moeiliker as wat dit klink. "Nee, nee, nee, bedaar. Joplin het gesê ragtime moet nooit vinnig wees nie. Dis dubbelsinnig, hoor jy, dit klink vinnig en vrolik, né, windmaker selfs, maar luister fyn, hoor die melankolie. Kompleks, introspektief." Nuwe woorde vir haar, maar sy volg die strekking. Hy beduie sy moet vir hom plek maak. Hy kom sit weer: Hy praatsing die woorde tussen die note: "Liries, nostalgies, legato, glad, ritme subtiel."

Dis alles nuut. Scott Joplin, 'n swart Amerikaner, was nog maar net 'n seuntjie toe hy mense betower het op die vleuelklavier wat sy pa vir hom gekoop het. Dis vir haar moeilik om te sluk - Bantoes werk in tuine of onder in myne of leun op 'n graaf langs die pad. Sy het ook nie kon raai hulle het klaviere nie, wat nog te sê vleuels.

Is dit Scott Joplin se soomlose loom klank, oupa Hans se rookdampe of die druppeltjie Port wat haar bedwelm?

Maar dié eerste naweek is dit Mario Lanza, meer as Wunderlich of Joplin, wat Hanna se drome en verwagtinge vervat: *A wider world of hope and joy I see because you come to me*. Sy het nie 'n "you" nie. Haar enigste (kortstondige) kys ooit is die vorige jaar al uitgemaak. Die soetseer wat dié woorde agter haar borsbeen bring, het iets te doen met 'n onbekende iemand en die wyer wêreld wat net na die Matriekeksamen en Kersfees vir haar wag.

Sondag hier hoef mens nie kerk toe te gaan nie, nie eens een keer nie. Sy sit op die bed in die spaarkamer, haar skoolboeke rondom haar. Hier kan mens ook op 'n Sondag leer sonder dat jou potlood 'n gat in God se oog steek.

Toe hulle later dié middag met Fritzie gaan stap, is albei haar oupa se naaste bure buite. Tannie Elsie van langsaan se groot geblomde rok wedywer met haar beddings dahlias en gladiolusse. Sy stap van die een geel geverfde blikkie op 'n stokkie na 'n volgende een om te sien hoeveel torre in haar gifmengsel verdrink het. Ou Elsie Kalkoen, noem Oupa haar agteraf. Elsie groet, maar ook maar net. Sy is deesdae glo stywerug met oupa Hans omdat hy nie reageer het op haar herhaalde skinkborde vol kos en fyngebak wat sy deur sy tuinhekkie aangedra het nie - sy stomend vooruit met nekvelle bengelend, en

University of Cape Town

haar kle'meid, Faaitjie, jonger as Hanna, met nog 'n ou ietsie agterna. Nou, baie beslis, draai sy haar tamaai blombestrykte boude op hulle.

"No love lost." Oupa klink verlig.

Oorkant die straat is Corrie en Nelia in die tuin met hul nuwe baba. "Die lelikste kind wat ek in my dag des lewens gesien het," sê haar oupa buite hoorafstand.

Hanna het nog nooit van Corrie gehou nie, al sê Oupa: "Hy het dit in werklikheid ver gebring want hy kom uit 'n familie van lieplappers". Sy pa 'n tronkvoël, sy broer 'n suiplap. Maar dit kan haar nie skeel nie - Corrie maak orige grappies, asof hy haar maat is. En dit is hy alles behalwe, hy is 'n onderwyser. Wat meer is, hy is die aardrykskunde-onderwyser. Tot haar spyt, sy't g'n nie lus om te weet hulle deel enige belangstelling nie. Hy spuit nou tuin nat. Sy hempknoop op sy maag is oop, of af. Hierdeur bult 'n stuk van sy harige maag, die vel daaronder blouwit. Nelia is stiller as haar man, maar beter. Corrie wil weet of Hanna al reg is vir "die eindstryd". Nelia kom tussenbeide: "Ag sies vir jou, Corrie, vir wat herinner jy haar in die vakansie aan skoolwerk?"

Hy knipoog vir Hanna asof hy wil sê wat weet sy van skoolsake, ek en jy, ons weet.

"Kom, Oupa, kyk waar trek Fritz al."

Toe Hanna by dié punt arriveer, huiwer sy. Sy weet presies hoe om die snykant van dié herinnering, wat al vir dae al nader kring, te ontglip. Sy kyk rond, asof die mense nie hier is nie of haar koelkas dalk daar staan of sy alleen is vir haar narkose. Sy voel haar gesig verwarm, haar keel toetrek.

Toe Janie haar mond oopmaak, verwens sy haar: "Het julle toe verder gestap, jy en jou oupa?"

"Nee, ek bedoel, ja. Maar dis eintlik die volgende dag..." Sy vee oor haar oë. Wat sê haar kinders altyd: "Pull yourself towards yourself." Dis hulle wat sy nou sien. Hulle wat maak dat die woorde terugkom. Die paniek is, vir 'n oomblik, verby.

University of Cape Town

Die Maandagoggend sê haar oupa kom saam, hy moet 'n dokument by Marge kry. Hy kan die ding nie finaliseer voor sy nie eers daarna gekyk het nie.

Marge, 'n ouer vrou en vriendin van haar oupa, het 'n perdestoetery noord van die dorp aan die voet van die Winterhoekberge. Hier, op The Willows, woon sy saam met Penelope, haar suster veronderstel Hanna. "Is haar man dán dood?" wil sy van haar oupa weet.

Hy grinnik: "Nee, mans skrik vir Marge. Nie dat sy ooit een present sou wou gehad het nie."

Die groot voordeur staan oop, die voorportaal met sy klipteëls en hoë plafon is koel. Penelope kom van iewers binne, besig om haar kanariegeel kopdoek, wat soos 'n Alice band gerol is, 'n laaste knoop bo-op haar kop te gee. Hulle is net betyds vir tee, kom in, kom in. Sy's Engels: "How nice, Hannes, now I can practise the taal again." Wanneer sy oorslaan na Afrikaans gly sy oor haar r'e. "Dis seker oor the documents, Hans, wait, I'll get Margory."

Hulle stap terug stoep toe. Penelope se stem pas by haar petite gestalte. Hanna skrik toe sy skielik en skril blaas op 'n fluitjie wat sy van iewers voor uit haar bloes haal: "She'll be here in a minute. Ons het probleme met die perde gehad laasnag, hulle is nog altyd... restless?"

Penelope nooi hulle om solank te kom sit. Die gietysterstoele, wat in die skaduwee van die wingerdprieël staan, is geroes in die hoeke. Sy wil weet of hulle nie liewers lus is vir 'n koue djee-en-tee nie. Hanna weet nie wat 'n djee-en-tee is nie, maar haar oupa sê in elk geval nee dankie, die melklorrie is skaars verby. "Vanoggend sê ek vir Margory toe ons wakker word, do you hear how still it is. There aren't any birds. Even now." Hulle al drie luister. Verweg hoor jy perde runnik, af en toe stemme, en nader aan die stoep die wind deur die bome en die wingerdblare. Dis al. "Strange, isn't it? Maybe it's their day off."

Mens sien Marge van ver, agter haar aan draf drie honde, haar treë lank en doelgerig in haar denimlangbroek. Haar grys hare, Hanna raai sy's in jare iewers tussen haar eie ouers en haar oupa, is in 'n poniestert. Die plat sandale met dun goue bandjies en rooi toonnaels is 'n verrassing. Sy skud haar oupa se hand: "Môre, Hannes, dis jou kleindogter neem ek aan. Dag dag, ek is Marge."

University of Cape Town

Dis die eerste keer dat 'n vrou Hanna op so 'n mansmanier groet. Sy sak op 'n stoepstoel neer, haar bene lank voor haar uit en glimlag vir Penelope: "What about something ice-cold and delectable? And whilst you're inside, love, please ask the maid to find my spectacles."

Een van die merries, gesels sy terwyl Penelope binne is, het laasnag uit haar houtstal gebreek. Hulle kan kom kyk, die voorste panele is sowaar die Here heeltemal uit die grond geloop. 'n Ander een het vroeg vanoggend dwarsoor 'n staldeur gespring en die pad gevat. Die perde is onrustig, sy weet nie wat de hel dit is nie: "Miskien kom daar swaar weer. Wat dink jy, Hannes, wat sê jou weervoorspelling?"

Kort op Penelope se hakke kom 'n bediende met 'n skinkbord drinkgoed. Dis 'n donker vrou, en haar bedrukte kopdoek is, soos Penelope s'n, kleurvol, maar die knoop op haar kop is mooier. Hanna sal haar graag wil vra hoe mens dit so kry, maar doen dit nie, vra eerder waar's die badkamer. Penelope beduie gang-af: "Gaan by die eerste deur in die gang ná die kombuis verby, sweety, die loo daar is verstop. Onder draai jy regs, that's our bedroom, use that one. When will we see that plumber, Margory, we can't continue like this."

Die binnekant van die huis is raar, en Hanna kyk openlik rond. Buite praat hulle in elk geval werk; boonop dink sy nie Marge-hulle sal nie omgee nie, hulle is nie sulke soort mense nie. Die meubelstukke, ornamente en prente is anders as wat sy gewoond is. Goed lê ook rond. Vir wat sou die bediendes, sy't nóg een gesien, nog nie opgeklaar het nie. 'n Kat sit en was homself bo-op 'n etenstafel. Die kombuis het 'n lae plafon van riet. Deur kosyne sien sy maskers van donker hout, die oogkaste swart en leeg, monde wat skreeu. Aaklig.

Die kamer met die badkamer het 'n koperdubbelbed. Oor elke koperknop by die voetenent hang 'n kamerjas. Vreemd dat die twee susters in so 'n enorme huis 'n bed moet deel, sou hulle dalk bang wees om apart te slaap, so alleen op die plaas, maar Marge lyk nie na 'n bang mens nie. Sy sal dit haat om met Karien 'n bed te moet deel.

Die badkamer is groot soos haar slaapkamer by die huis, miskien selfs groter. Dit het gewone vensters sonder mat- of riffelglas, sonder gordyntjies,

University of Cape Town

maar met hortjiesblindings wat nou oopgestoot is. Langs die toilet is iets wat lyk soos 'n lae wasbakkie, half in die vorm van 'n peer. Wat sal dit wees? En waarom sou die pootjiesbad in die middel van die vertrek staan, net die kraandeel teen die muur? Eenkant staan 'n diep grasstoel met kussings oorgetrek in 'n materiaal wat sy nie ken nie. Sy gaan voel aan die lap. Dis 'n stoel wat al sag gesit is, uitgehol soos 'n nes. Hierbo hang 'n skildery van 'n vrou en 'n voël. Die vrou se een hand is uitgesteek en dit lyk of die voël pas daarop kom sit het. Dis 'n ontsettende lelike voël. Sy snawel is 'n bloedrooi krom horing, met kwaai swart ogies weerskante. Soos Elsie Kalkoen s'n. Tog lyk dit of daar iets is tussen die vrou en die voël, sy weet net nie wat nie. Maar meer as die onaantreklike voël is dit die vrou wat haar boei. Sy het net 'n dun lapperigheid om haar gedrapeer. Maar dit het afgeglip van haar borste, hulle is te rond en glad vir so 'n lappie. Haar tepels is bruinpienk en styf. Hanna het nooit kon dink 'n tepel kan so groot wees nie. Onbewustelik beweeg haar hand na haar eie bors: ook ferm, maar klein en nog nie klaar nie. Onder die getekende vrou se halfdeursigtige lap, laer af, verdonker dit. Dis 'n skemer driehoek wat haar oë vashou. Sy lyk so gelukkig, dié vrou, sonder dat sy lag.

Hanna het al prente van kaal vroueborste gesien, maar van Bantoevroue in tradisionele drag. Anders as die chiffonvrou wat haar dophou (sy probeer die giftige oog van die voël miskyk) terwyl sy piepie in die wye vertrek vol lig en hoop niemand sien haar deur die kaal ruit nie. Dis gewaag om so oop te sit, maar ook opwindend met om jou net die roosbeddings en die akkerbome en daaragter iewers, voor die swart skaduwees van die kranse, die plaaswerkers natgesweet.

Net na sy terug is op die stoep, dreun dit in die verte. "What was that?" wonder Penelope, "thunder?" Die bulhonde wat tussen hulle lê, kom orent, ore spits. Die teef tjank saggies en draai rond tot Marge haar kwaai aanspreek.

"Ek twyfel, niks is reg vir 'n elektriese storm nie. Seker die dambouery by Voëlvlei. Sou dit dít wees wat die perde verontrus?" Marge lyk ingedagte.

Al een wat die sagterwordende dreuning nie hoor nie, is haar oupa.

Marge se perde wat uit die stalle gebreek het, was een van die tekens.

University of Cape Town

Saam met die skemer daardie aand het die reuk van swawel oor die dorp gekruip.

University of Cape Town

Dertien

Hulle breek vir koffie. Leila lyk opgewonde en brei vinniger: "Dit was soos Verwoerd, né, en Kennedy en die Washkansky-hartoorplanting en al daai moments in history. Wat's daar nog?"

"Niel Armstrong se one small step," vul Paul haar in.

"Dis reg, né. Shame, Suzy, jy't seker nie 'n clue waarvan ons nou praat nie."

Faffa was 'n verslaggewer by 'n Sondagkoerant toe die aardbewing die Boland die laaste Maandagaand van daardie September tref. Vir die eerste keer het hy die fotograwe, wat hulle as verslaggewers in nie heeltemal dieselfde klas as hulself beskou nie, beny: "Daai week het ek met my eie oë gesien een goeie foto sê wragtag meer as 'n honderd sentimeters kopie. Die ouens het eenvoudig geskiet, gelaai en geskiet."

Hanna se vertelling word nou deur die ander se herinneringe aangevul, want die aardbewing sidder ver deur die Wes-Kaap. Faffa is reg, daar was vir lank agterna foto's: die ou oom op 'n windskeef kombuisstoel op die sypaadjie, langs hom 'n koffer en 'n sinkbad. Dit was die oom wat in die viswinkel gehelp het. Grafstene wat ry op ry in een rigting omgeval lê, gebars van bo na onder. 'n Vrou wat rose natspuit voor 'n geraamte van 'n huis.

Die beeldmateriaal, wat sy agterna probeer miskyk het, is goeie herinneringe vir Faffa: "Crazy, maar eendag het ek bo-oor die rommel geklim, dit was 'n plaashuis, 'n totale fokop. Toe ek bo staan, sien ek anderkant staan 'n klavier tussen twee stukke muur, nie 'n merk op hom nie, sowaar die Here."

Leila vertel hoe die rotte en muise minute voor die eerste skudding uit Distrik Ses se riole gepeul het. "Mense het gevertel hulle het die hele pad vol gehardloop. Maar ons was nie daar nie, ons was by die Islamic Centre in die Wynberg by die premiére nogals van 'n nuwe Indiese fliek," vlietend kan mens haar geesdriftige gesiggie sien, "in onse madressa rokke. Ek sal die naam seker altyd onthou, Waqt, in Arabic beteken dit tyd, mind you. Toe dit begin skud toe's dit pouse, en die mense het hul stirofoam bekertjies neergesmyt en gehol, want net voor die pouse het dit gewys van hierdie verskriklike aardbewing in Indië waar

University of Cape Town

die aarde mense lewendig ingesluk het." Sy lag nou - haar omvangryke borste 'n klein nabootsing van die ander skuddings - maar verseker hulle sy't nie tóé gelag nie.

Paul was 'n seuntjie. Hy het geslaap toe sy ma skreeu, o God, oorlog! "Maar die beste is dat my tannie, maar dit het ons nou eers die volgende dag gehoor, in kraam gegaan het. My oom het die bediende uit die buitekamer ingeroep om te kom help, want wat weet hy nou, maar sy was so blêrrie histeries, sy kon nie 'n ding doen nie. En toe moes my oom maar die baby uithelp net daar op hulle dubbelbed."

Suzy was nog nie eens 'n tinteling in iemand se oog nie, maar glip tussenbeide: sy wil nie soos 'n conspiracy theorist klink nie, maar die maanlanding was alles net Amerikaanse fotografiese fake.

Terwyl Janie meestal net luister.

Hanna was in die spaarkamer van haar oupa se huis waar sy die vorige drie nagte ook geslaap het. Hulle het al vir mekaar nag gesê. Sy het pas vooroorgebuk dat haar hare vorentoe val tot amper op die vloer dat sy dit van die wortels tot by die punte oor en oor kan borsel want dit keer vir skilfers en laat dit blink, weliswaar nie 'n honderd keer soos haar ma sê nie, maar ook nie te ver daarvandaan nie. Nou was sy besig om die rugbytrui ('n present van 'n kêrel aan Karien wat dit vir haar aangepass het toe dié haar vir iemand anders afsê) oor haar kop getrek en haarself in die groot ronde spieël op die ou akkerhoutspieëltafel bekyk.

Haar hare hét geblink, dit het ook meer, dikker, gelyk. Eintlik kan sy die rugbyhemp maar sommer in die dag ook dra, dis niks korter as 'n kort mini nie, maar haar stiefpa sal die horries kry en sy's ook nie eintlik mal oor die oranje kraag nie. Haar bene is nie sleg nie: miskien bietjie vormloos en heeltemal te wit, maar darem nie vet nie. Sy tel haar ouma se handspieël met die perlemoensteel op, draai haar rug na die spieëltafel en kyk haarself van agter. Sy sal ná die eksamen moet werk aan 'n tan: sonneblomolie en bruinasyn in die son.

University of Cape Town

Eers ratel net die skuifraamvenster. Sy sit die spieël neer, meer verbaas as bang. Iemand by haar venster op die stoep? Maar dié gedagte dink sy nie eens end-uit nie, want die ruit tril harder en tegelyk begin dit dreun, veraf, maar vinniger, hewiger, nader. Ag man, soos 'n klomp padlorries wat op die huis afjaag, het sy in die nuwe kwartaal teësinnig vir 'n nuuskierige skoolmaat probeer verduidelik. Terselfdertyd swaai haar ouma en oupa se trouportret heen en weer aan die muur en val aan skerwe. Pleister skil van die mure, stof sif uit die plafon, die ligte knik en gaan af. Sy en haar oupa kom gelyk in die donker gang aan, hy met Fritzie in die arms.

Op straat is vroue in nagrokke, kamerjasse, een in krullers, 'n man met 'n handdoek om sy onderlyf, 'n seun in net 'n frokkie en onderbroek, enkele mense nog in hul dagklere. Toe die gerammel berg-in wegsterf, die deining op die teerpad uitplat en die stof gaan lê, huil 'n baba, 'n hond tjank en jy hoor water spuit. Verder is dit stil.

Die hele dorp, dit sien jy van hier teen die hoogte, is sonder krag. Teen die berge slaan brande uit, een na die ander. Die einde van die wêreld, is haar eerste gedagte en haar lyf ruk onbeheersd van binne dat sy eerder nie praat nie want dan sal haar stem ook so maak. Mense maal, vra vrae, vir niemand spesifiek nie. Ma's hou hul kinders styf teen hul vas, die kleinstetjies op die arm. Tussen die groepies klink 'n woord waarvan sy nog net gelees het: aardbewing. Vreemd soos 'n ander taal. Eers trek die mense stil-stil terug na hul erwe, hul skade, en toe, asof afgespreek, kom die mans byeen.

In vergelyking met baie ander huise op die dorp wat heeltemal verwoes is, het oupa Hans se huis, en dié om hom, nie te erg deurgeloop nie. 'n Buitegebou, 'n ou melkkamer, ouer as die hoofhuis self, het sleg gekraak, ten dele ingeval en is toe ook later gesloop.

Haar oupa sê sy moet buite wag, hy wil sy flits langs sy bed gaan haal. Met die terugkom, sit hy Fritz in haar arms. Fritz het die bewerasie, sy oortjies spitser as ooit. Sy hou hom styf vas en maak paaigeluide, bly sy't iets om te doen, terwyl sy al agter haar oupa en sy flitslig deur die huis loop. Die kaggel is toegeval, stukke plafon lê rond. Stof lê soos poeier oor alles. Hier en daar tel

University of Cape Town

hulle op: aartappels wat uit 'n sak in die kombuis gerol het, 'n kandelaar in die sitkamer, 'n prent wat nie gebreek het nie. Die bruin-en-wit vuurtoringfoto in die raam langs haar oupa se lessenaar in die studeerkamer lê op sy gesig bo-op stukke glas, die raam windskeef. Oupa tel dit nie op nie, maar wel ouma Amelia se foto wat plat agtertoe omgeval het op die lessenaar, dit maak hy weer staan. Hy sit sy Remington, steeds onder die geel stoflap, onder die lessenaar.

Janie val haar in die rede: "Wat voel mens?"

Hanna huiwer, wat 'n stupid vraag. "Ek kan nie eintlik onthou nie. Nou besef ek daardie eerste ritteltit van my lyf was maar net skok. Daarna verlam, dink ek. Toe my oupa my ouma se foto staanmaak, het sy flits haar vir 'n oomblik verlig, en ek onthou ek het gedink kyk hoe vreedsaam lyk sy asof dit haar nie raak nie."

Kort hierna kruie 'n polisievoertuig deur die dorp. Mense word gemaan om in hul motors te vertrek na Kerkplein of die hoërskool-sportveld tot ligdag - die huise is te onveilig - by dié plekke sal 'n plan van aksie afgekondig word. Hulle moet versigtig ry, op die uitkyk wees vir barste en dongas. Hulle moet ook kalm bly, versterkings is reeds ontbied. (Vir die volgende weke sou die kantoor van die polisiebeampte wat nou opdragte afkondig deur 'n krakerige megafoon, 'n blou- en witgestreepte markiestent wees. Nes die sirkustent wat vroeër vanjaar vir 'n week groot opgewondenheid veroorsaak het.)

Die groter verhaal van die Breëriviervallei se aardskudding is met verdrag vertel. Elke mens onder wie die aarde daardie aand gegolf het, het 'n eie storie gehad. Hiervan het party die amptelike nuus gehaal, ander nie. Oor baie was daar geen twyfel nie: kragdrade het geflits voor die krag afgegaan het; haarbreedte krake het met die agterna-trillings verwyd; vloerplanke het gerys soos 'n ding in 'n oond; die modder wat uit barste gepeul het, was blou gekleur; die hande van die NG Kerk se toringhorlosie het op vyf oor tien gaan stilstaan en by die Magnetiese Observatorium op Hermanus is die seismograaf se naald van die grafiekpapier geruk. Rotsblokke en klippe wat losgeruk het uit die berg het al donderend

University of Cape Town

ondertoe brand gestig. Die Richterskaal het drie minute oor tien 'n trilling van 6,5 by die episentrum gemeet. Dis so ver as Durban gevoel, maar veel ligter tot daar.

Dit was feite. Maar of die brande in die vorms van kruise, bottels en sekelmane uitgeslaan het, was van die besonderhede wat aangegee is van mens tot mens, elke keer ietwat verander. Nes die vertelling dat die dominee onder sy lessenaar ingekruip het. Die vrou wat haar kat gegryp het, maar nie haar kinders nie. Die wittebroodspaartjie wat sonder 'n draad uitgehardloop het, die vrou se borste besmeer met iets soos gouestroop.

Aan die voetheuwels van die Witzenberge, oos van die dorp, hurk 'n sendingstasie. Hier het die murwe ou kleibakstene van die huise eenvoudig verkrummel, en onder dié puin is tien kinders dood. Maar Steinthal lê laaste op die nuuslys, ná die verwoesting van die Kaaps-Hollandse bousels in, grotendeels, Kerkstraat. Dít is 'n ramp, kultuur-histories.

"Is ek reg, Faffa, of is ek verkeerd?" Hanna se vraag is gelykmatig, sonder beskuldiging. Sy dra tog ook die geen van Pieter Potter, landmeter-generaal van Jan van Riebeeck wat aangekondig het hy dat hy dié land vir hom en sy nageslag ontdek het. Asof daar nie reeds mense gewoon het nie.

Faffa bly kyk op sy hande. Hy praat nie, knik net sy kop op en af, ja, jy is reg.

University of Cape Town

Maar dit weet Hanna nie toe haar oupa teësinnig sy motor uit die garage trek in opdrag van die polisie-afkondiging nie. Elsie het nie 'n motor nie, en sy en Faaitjie moet saam in die Rover. "Siejy, Faaitjie," raas Elsie oor dié bly kerm. Die geweltjie bo-op Corrie-hulle se garage het voor sy garagedeur neergestort, sy motor is vas, en hy, Nelia en die baba klim agter in saam met Hanna. Elsie en Oupa, met Fritz op sy skoot, sit voor met Faaitjie tussen hulle. Van slaap is in die eerste paar ure op Kerkplein nie sprake nie. Dit gons soos 'n kerkbasaar, maar minder luidrugtig. Miskien uit respek vir die grond wat steeds met tussenposes ril en dalk, wie weet, hulle enige oomblik weer kan rondgooi. Hanna wonder, maar

vra nie, hoe ver daar skade is. Wat van haar ma-hulle in die Swartland, Karien op Stellenbosch? Die telefone is dood.

Oupa, 'n kamerjas oor sy strepiespajamas, klim elke nou en dan uit. Corrie ook. Hulle word deel van die groepies wat bespiegel, beplan. Die rook van die brande verdik, stoot soos 'n misbank oor die donker dorp.

Dit was net voor dagbreek toe Hanna ontdek haar oupa moes teruggestap het huistoe, hy wou gaan kyk. Elsie en Faaitjie het vroeër die nag al ingeklim by iemand met meer plek.

In dié stadium sit Nelia voor, op die passasiersplek. Hanna sit agter haar, Corrie aan die teenoorgestelde kant, ook agter. Hanna het die hekelkombers, inderhaas geneem van die voetenent van haar bed in die spaarkamer, vir Nelia en die baba gegee. Nelia het gekla sy kry koud, sy dink die kind is ook koud. Sy't die kleintjie onder die kombers gevoed, sy smakkende geluidjies bewys dat hy salig onbewus is.

Nelia is nie verkeerd nie, dit is inderdaad nou koeler as vroeër die nag. Dis ook stiller tussen die motors waar die kinders die beste lêplekke gekry het. Die eerste skok en opwinding is oor. Mense probeer rus, onseker oor die dag wat kom. Jy sien nog net enkele flitsligte, plek-plek vervorm 'n kersvlam 'n gestalte.

Hanna slaan die rugbytrui se kraag op, vir wat dit werd is. Sy's bly oor die trui se lang moue, en trek haar hande in die arms in. Maar haar onderlyf kry koud, sy't nie eens pantoffels of sokkies nie. Sy vou haar voete onder haar in, en sluimer later skuins teen die motordeur in. Maar nes haar kop gly en aan die koue ruit raak, skrik sy uit die ongemaklike, ligte slaap.

Later die dag - maande later, voel dit ná wat gebeur het - dwaal sy al agter haar oupa aan, sy en Fritz. Sy help hom opruim waar sy kan. Hulle maak kos op 'n primus en hy pak van iewers 'n opwen-grammofoon uit. Sy wens hy wil die ding stilmaak. Party telefoonlyne word reggemaak; hulle kan huistoe bel: "Julle moet my kom haal, Ma. Hier's ook nie water nie, en ek moet bad."

University of Cape Town

Wanneer sy vir Corrie van oorkant sien, draai haar maag. Sy kyk weg, af, keer haar weg. Maar dit gebeur gelukkig net 'n paar maal; hy neem Nelia en die baba na haar ma iewers anders.

Sy lê op haar bed in die spaarkamer, wag vir haar ma-hulle. Die bergpasse is onder rotse, sy weet nie wanneer hulle sal kom nie. Onder die bed, onder die houtvloer en die fondamente, diep in die buik van die aarde sidder die foutlyn steeds met tussenposes. Maar die trilling van die skuifraamvenster is gering vergeleke met Maandagaand. Oupa en Ouma se trouportret, wat nou sonder glas teen die muur hang, swaai nie meer links en regs nie. Die oggend toe haar ma-hulle kom, hoor sy haar oupa sê dit lyk of Hanna dit sleg gevat het.

Terug by die huis gaan bad sy nog voor sy haar tas uitpak. Sy sluit die badkamerdeur en was en was en was weer. Maar dit wil nie af nie, dit sit soos 'n uitslag.

Die paar dae vakansie wat oor is, hou sy haar eenkant. Mense wat weet sy was daar, gemeentelede, maats, vra uit. Eenkeer, onverwags, een pouse in die nuwe kwartaal by die skool, vererg sy haar vir 'n hoeveelste vraag. Kan hulle haar nie net 'n slag uitlos nie. Sy bars in trane uit en, verskrik deur die ongewone reaksie, vat sy sommer die pad deur die hek huistoe.

Oor die aardbewing praat sy so min as moontlik.

Oor die ander storie niks.

Sy wil haar ma vertel, maar hoe? Wat sal haar reaksie wees? En hoe langer sy wag, hoe groter die twyfel. Later word die uitstel self 'n faktor: hoekom het sy nie dadelik gesê nie, verklap haar aanvanklike stilbly dalk iets? Die ure van swyg word dae. Boonop weet sy nie eens hoe, en waar, om te begin nie. Die taal tussen haar en haar ma het hiervoor nie woorde nie. Toe haar ma destyds vir haar van maandstondes probeer vertel het - nadat sy die eerste keer begin bloei het - het sy gesukkel. Hanna het gewens sy wil ophou, hulle albei die verleentheid spaar. Sy't in elk geval geweet. Toemaar, Karien het haar vertel, het sy gesê. Haar ma het verlig gelyk, en net gesorg dat sy het wat sy nodig het, woordeloos.

As hulle nie daaroor kon praat nie, hoe hieroor?

University of Cape Town

Haar ma is ook so aan die gang: vrouediens, kinderkrans, huisbesoek, sendingwerk in die lokasie, kos, naaldwerk. En middae ná ete rus sy agter 'n toe deur. Wanneer Hanna haar soek, sê hul bediende, Door: "Jy weet jou ma rus, los haar uit." Asof sy haar beskerm, asof sy iets weet wat sy, Hanna, nie weet nie. Ma maak in die middagrus haar kamerdeur vir niemand oop nie, behalwe vir Door.

Wanneer Oupa bel, wil sy nie praat nie. Sy's besig om te leer, maak sy verskoning. Dan dra haar stiefpa of ma die nuus oor: van die trop bobbejane wat uit die berge na Ceres se gholfbaan gevlug het en verseg om pad te gee. Van die Maltees wie se hart daardie aand gaan staan het - hy's dood op sy agterpote.

Die enigste koerantberig wat sy in dié dae end-uit lees, is die een oor die diere: fyngevoelig vir vibrasies en klankgolwe sal sommige vlug lank voor mense agterkom iets is verkeerd. Dit verklaar natuurlik hoekom die honde weggehardloop het, hoekom Marge se perde uitgebreek het. Dis ook hoekom die voëls padgegee het; hulle het 'n ingebore magneetveldverklikker.

En ek, wat het ek om my te waarsku?

Sy's nou minder seker oor die weggaan uit die huis. Haar uitsien is opgemors; sy begryp nie eens presies hoekom nie. Haar gedagtes is deurmekaar. Haar nuwe lewe van groot en vry wees, is nie meer die laaste, lekker, gedagtes voordat sy saans aan die slaap raak nie.

Baie lank daarna, jare, sou haar oupa vertel hoeveel van die honderde weermagtente wat op Tulbagh afgelaai is, baie later op die solder van 'n voorste wynmaker en destydse afdelingsraadlid gevind is: "Terwyl die Kleurlinge wat alles verloor het vir heelparty dae op straat gesit het in daardie stormwind en reën en hael." Hy kyk na Hanna. Dis of hy kleiner geword het, of verbeel sy haar? Maar sy oë - 'n sultanatjie alkant van die neus - korrel niks minder skerp nie: "Onthou jy, Hanna, die slegte weer wat gekom het net dae ná die aardbewing. Jy't mos nog by my gekuier, onthou jy?"

Teen die end, toe die herinneringe van 'n leeftyd kruis en dwars uitgevee word, kopieër oupa Hans se kop een frase oor en oor: onthou jy?

Ja, sy onthou. Maar in die groep sukkel sy, soek sy woorde. Soos haar ma met die maandstonde. Janie neem 'n sluk van die glas water langs haar en stoot met haar hand deur haar hare. Haar sein is vreedsaam, maar onteenseglik: hierdie onsigbare antenne's, gekamoefleer as mensehare, mis niks.

En dit kom toe ook, later die middag toe sy en Janie alleen is: "Daar was die lekker dae vooraf, die aardbewing die Maandagaand, die nag in die motor en toe is jy skielik terug by die huis asof daar geen tyd tussen-in verloop het nie.

"Daardie onderwyserman van oorkant, jou oupa se buurman, Barry né, jy's gevoelig oor hom. Of is ek verkeerd?"

"Corrie."

"Dis reg, Corrie." Sy wag.

Hanna staan op. Dis makliker voor die venster.

Agterna is sy verbaas oor hoe gou dit gegaan het. Die swye van dertig jaar pas moeiteloos in enkele sekondes.

Tóé weer het 'n paar tellings gevoel soos ure.

University of Cape Town

Eers dink sy sy droom. Droom dat Corrie se hand van agter, waar sy skuins na hom gedraai sit, tussen haar bene in vat waar niemand buiten sy alleen vandat sy haarself bad, nog ooit geraak het nie. Maar sy sién sy arm, vóél die rek van haar broekie teen haar bobeen en op teen haar boud rem. Ruk weg. Nee!

Maar die skreeu steek vas agter haar tande daar's niks behalwe sy asemhaling langs haar oor haar nie. Sy ander hand kneus haar bors. Sy tas wild in die donker na die motordeur se knip. Dié sekondes van blinde vat teen die soliede stuk staal, die paniek in haar keel, het nog nooit opgehou nie, dit oorval haar soms as sy alleen is in 'n hysbak. Dié dat sy verkies om trap te klim, tot tien, elf verdiepings, eerder as die hysbak. In daardie ewigheid gryp hy haar een soekende hand, trek dit hard na hom toe. Sy ander hand, een van sy vingers, steek in haar soos in 'n stukkend plek. Toe die deur oopswaai, val sy uit op haar knieë. Die stuk rugbytrui wat hy vas het, ruk uit sy hand. Waar is haar oupa? Waar is Nelia? Sy kyk nie om toe sy weghardloop nie, trek die rugbytrui wat so

ontsettend kort is so lank as sy kan af teen haar bene wat 'n rigting inslaan van hul eie.

Toe dit lig word oor die Witzenberge is daar in die verwarring nie 'n mens vir wie sy kan sê nie. Haar oupa lyk so hartseer, sy kan nie dít ook nog aan hom doen nie. Haar een nerf-af knie is niks, niemand sien dit eens raak nie. Ander mense het gebreekte arms, bebloede gesigte. Mense staan hand voor die mond buite inmekaargevalle plekke. Lank staan hulle so, kopskuddend, draai om en sê: "Ek is stom."

In Hanna stoei dit, maar na buite is ook sy stom.

Vir 'n tyd hierna loop sy spieëls verby. Sy wil nie sien wat hy gesien het, wat dit was wat hom dit laat doen het nie. Die eerste oomblik wat sy alleen by die huis is, bind sy die rugbytrui in 'n plastieksak en sit dit heel onder die ander gemors in die drom. Sy wens dit was 'n lewende ding dat sy dit kon versmoor of iets.

Die Sondag gaan sy en haar ma soos gewoonlik kerk toe. Eers wanneer die kerkraad in enkelgelid voor uit die konsistorie tou, stap sy en haar ma vinnig deur die kerk van agter na voor. Regop, 'n onsigbare toutjie van jou blinkgewaste kroontjie tot bo teen die plafon, tot by die pastoriebank net agter die diakens. Altyd só, altyd dié tyd. Dit het haar nog altyd verleë gemaak: die rye oë wat hulle in die paadjie af volg en op haar agterkop plak wanneer sy met toe oë haar kop laat sak en meestal nie bid nie maar probeer om haar gedagtes vas te vat. Vandat Karien die meeste Sondae nie meer hier is nie, is dit erger. Sy's meer sigbaar. Wat dit betref, mis sy haar. Karien hou van die instap, sy weet, sy't dit self gesê.

Dié oggend is dit dubbeld erg. Die oë kyk na meer as net wat sy aanhet. Die meeste gemeentemense weet teen dié tyd sy was op Tulbagh. Nuus reis teen die spoed van lig op hierdie dorp, op alle dorpe, veral uit die pastorie. Wat weet hulle nog? Wat as Corrie gepraat het?

Haar stiefpa wag met 'n geboë hoof dat almal hulle sit kry, klaar hoes en vroetel, ophou blaai. Dan lig hy sy arms en sy stem is afgemete, moeg: "Ons

University of Cape Town

hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het, wat trou bly tot in ewigheid, wat nooit laat vaar die werke van sy hande nie."

Vanoggend gebruik hy die aardbewing as vertrekpunt vir sy preek ná die Skriflesing: "Hierdie week is ons almal geruk. Ons is geruk en herinner dat ons klein is, klein is voor die werke van God se hande. Toe ons vroeër vandeesweek die rampdorp binnegery het, het ons nie woorde gehad nie."

Hy wag, asof sy gemeente stadiger luister as wat hy praat: "Wanneer God praat, het die mens nie woorde nie."

En nog sagter, met nadruk: "Wanneer God praat, is ons stom."

Wat haar laat dink aan haar ma se woorde wanneer sy tussenbeide kom as sy en Karien stry kry: "Die een wat die grootste is, sal eerste stilbly, die ander wang draai. Dis moeilik, maar stilbly is ook 'n antwoord."

Dié lente leer sy nuwe woorde van stilbly.

"En jy, Hanna," vra Janie sag agter haar, "jy het dit nog nooit in al hierdie jare vir enigiemand ooit vertel nie?"

Sy skud haar kop. Nee, nooit. Janie kom staan langs haar, haar een arm om Hanna se skouers. Dis 'n ligte aanraking, maar sluit, en bevestig, alles wat sy vandag herleef het. Dis veilig, dis ook ég. This is it, daar's niks meer of minder nie, niks om te bedroom, niks om te verloor nie. Terwyl sy huil, verkleur die herfsblare buite die ruit sonder dat mens dit sien of hoor gebeur.

University of Cape Town

Veertien

Daar's iets soos lente in die lug, iets skoon. Nie eens Suzy se Camels - sy dra die pakkie daglank soos 'n gelukbringer in haar hand - kan dit uitrook nie. Die ligblou blomknoetsies van die plumbago, 'n ry wat hier teen die westelike kant van die tuin dien as heining, skyn wit in die amper donkerte waarin hulle stap.

Vandat hulle uit die gebou is, het Suzy nog nie ophou praat nie: "En ook as ek dink aan al die tyd wat voorlê. Veral naweke. Ons beweeg soos 'n trop, saam. Elke uur van die naweek verantwoord. Speel tol tot drie-uur soggens, slaap tot twaalfuur. Rook, drink, snuif, enigiets, eerder verveeld as dood. Die week sal OK wees. Dan werk ek teen deadlines, spin en kick-box, draf. My lewer, na elke oefensessie, glo ek, weer lelieblank. Dit doen ons ook saam. Dis elke keer 'n hele social event: wie is nuut, wat wie dra, wie saam met wie oefen. Die dealers soos die Heilige Gees tussen ons.

"Maar aan die einde van die dag, maak nie saak hoe jy daarna kyk nie, kom drank saam met die territory. Jy brainstorm nie sonder 'n dop nie. Pitch wel so nugter soos 'n non, maar nie sonder dat jy jou kliënte vooraf of agterna flou wine and dine nie." Sy kyk na die sigarettopper in haar hand, tot in die filter gerook, asof sy nie kan glo dis op nie. Haar uitdrukking een van kinderlike spyt.

Suzy het Hanna nou die dag 'n foto-album gewys. Sy's die ouderdom van Wim en Anja, maar anders as hulle deel van die stad se Swatch set: hare à la Meg Ryan deurmekaar; 'n nadruklike styl van aantrek. Onderbeklemtoon, maar uitgedink. 'n Skitterende sinisme in die glimlag.

Nou lyk Suzy anders: verweerderige koordferweelbroek, los trui, 'n kop sonder waks en gel, afgewen.

Soos Hanna deur die album blaai, kyk Suzy saam: soms skater sy, ander kere grinnik sy half verleë. Sy lewer kommentaar soos mens sou oor jou stout, geliefde, kind. Toe sy weer praat, klink sy te oud, te sober, vir haar ouderdom: "Tog is ek bly dis verby. Oor vyf jaar sou ek seker dood gewees het."

Hulle stap verder in stilte. Dis Hanna wat eerste weer praat: "Snaaks dat jy dit noem, en ek hoop nie ek klink presieus nie, maar dis of ek ook voel ek het

University of Cape Town

'n tweede kans gekry. Miskien sou my lyf dit nog gemaak het, maar nie my kop nie. En my hart beslis nie."

Dis soos Knip ná sy ongeluk. Nog 'n kans, al is dit dan met een been minder.

"'n Vriend van my," gaan Suzy aan, "het Aids en ek is eintlik verstom dat hy nie heeltemal bitter en twisted is nie. Hy was nog nooit besonder promisku nie, inteendeel, in vergelyking met baie van ons ander vriende wat dit vrygespring het, wel, tot nou toe, was hy maar 'n wet rag of sorts. Net daardie een damn keer, nou sê hy eenvoudig dis soos die dice geval het, the luck of the draw. Dit het my nogal gehelp om tot terms te kom met hierdie storie. Dit het mý gevang," sy haal haar skouers op, "duisende nie."

"Die Here moet my net help dat ek net nie soos 'n afskaffer klink nie, 'n gesant van een van daardie pasbekeerde koekkerke, klink ek soos 'n afskaffer?"

"Nee," lag Hanna. "Jy klink soos iemand wat kan sê wat jy voel."

Dié tyd van die aand, ná spitstyd, is die hoofweg anderkant die kliniek se bome en struike op sy stilste. Dis hoekom die kraai so naby klink. Hanna en Suzy hoor hom gelyk. Hy lag vir ons, dink Hanna, twee uitgegroeide vroue met heimwee oor 'n bottel. Hulle soek, maar sonder entoesiasme, tussen die takke. Suzy is op 'n koers en op 'n volgende sigaret; dis elk geval al te donker.

"Ek beny jou," sê Hanna terwyl sy buk om 'n blaar op te tel, "jou woordvaardigheid". Die blaarblad is so bros sy sou dit in haar hand kon krummel. En tog, toe sy liggies daaraan druk, gebeur dit nie. Dis die stingel en die are wat dit hou. Sy lees dit met haar vingers soos braille.

Uit die bloute onthou sy hoe lekker 'n Bybel blare pars. Sy't hare kleintyd so met blare gepak hy't gelyk soos die uitgeswelde Bybel wat die gemeentetannie vir haar stiefpa gebring het. Sy't haar Bybel in die water gegooi uit woede vir God, presies waaroor weet Hanna nie, en toe, nóg meer moerig, dit weer uit die water gepluk "omdat dit soos 'n vrot eier, Dominee, nie wil sink nie. Dé, vat dit maar vir jou". Hiervan was Hanna, agter 'n stoepstoel op die rooi gepolitoerde stoep, getuie.

University of Cape Town

"Ek weet nie of dit so great is nie. Mense soos ek, mense in my bedryf, praat te maklik. You know the name of the game: jy moet mense vang, dis after all waaroor reklame gaan. Maar dit boomerang. Jy lieg naderhand ook vir jouself en kom dit nie eens agter nie."

"Ek, seker ons almal, het dit maar ook gedoen; doen dit. Bedrieg onsself. Dit raak 'n gewoonte op sigself."

Tot by die voordeur is albei stil. Die nagwag drentel verby. Sy knuppel en roepradio sigbaar. Hulle groet mekaar. Wat, wonder Hanna, dink dié man in sy lang, vervelige ure van die mense hier en wat vertel hy by die huis? Suzy hou die deur vir Hanna oop, kyk direk in haar oë: "Tog, dit lyk of jy dink voor jy praat."

"Toemaar, wat jy sien, is nie altyd wat jy kry nie. Soos jou advertensies."

Die voorportaal is verlate. Agter die toonbank van die mooi meisies tuimel die sterre van 'n screen saver oor en oor die reghoekige nagruim van 'n PC in. Die fontein spuit sy water op en dan weer af in homself. Uit die rokersitkamer kom die klanke van 'n TV sepie: sentimentele musiek en 'n skor, snikkende vrouestem. Suzy rol haar oë gemaak dramaties: "I need a drink and I need it now."

"Nie 'n slegte plan nie, ek is lus vir koffie."

"Ja, dis nou omtrent so sterk soos mens kan gaan, né, die skop van kaffeïen. Ek het nou tot begin sjokolade eet agter die kaffeïen aan, ek het klaar in hierdie klein tydjie miljoene kilogramme opgetel. Gisteraand was daar Horlicks, jummy. The fat lady drinks before she sleeps."

Eers wil Hanna vir haar sê sy's laf, sy't 'n oënskynlik foutlose figuur, maar bedink haar. Suzy worstel met die demone van 'n dubbele verslawing, en binnekort gaan sy terug na haar huis waar daar nie eens 'n kat is nie. (Haar lover, wat iewers anders woon, het geen voorneme om sy chemiese speletjies prys te gee nie, het sy Hanna vertel. "Dis soos die Cobra, jy weet, by Ratanga Junction. Was jy al daar?" Sy't haar kop geskud: nee. En onthou dat Anja, nadat sy daar was, gesê het, Mamshu, jy sal dit háát. "As mens nie meer daai exhilaration het nie, daai risk factor, dink jy jy's dood.)

University of Cape Town

Dis stil in die eetsaal. Dis nog net bo die tafel met drinkgoed en iewers agter in die kombuis dat daar nog lig is. Hanna verbeel haar sy hoor musiek vandaar. "Kyk, koekies, crunchies, whow," Suzy sirkel met die bakkie voor sy een vir Hanna aanbied. "'Skuus, ek weet nie wat met my aangaan nie, ek voel skielik so mateloos silly. Dankie dat jy my uitgeluister het, my inner child het sommer uit die kas geval."

Net toe hulle omdraai van die tafel, Hanna met koffie en Suzy met Milo omdat daar nie Horlicks is nie, kliek 'n deur toe agter in die kombuis. 'n Lig gaan af. Suzy giggel fluisterend: "Dink jy dis een van die plek se spoke waarvan hulle praat?"

Maar dis Dirk, die kok, wat hom tromp-op loop in Suzy se bui: "Nee, wat 'n teleurstelling, ek het gehoop dis 'n dwalende gees. Is daar regtig 'n spook, Dirk, come-on, be honest."

"Hulle wil nie aan my verskyn nie, maar van die ander mense is oortuig. Vra vir Theresa, sy organiseer hulle nes sy die res van ons doen." Dit lyk of hy wil verbyhou, maar toe hy sien hulle is op pad na die patio, draai hy om: "Ek dink daardie deur is al gesluit, ek kry die sleutel."

Hy lyk nie besonder spraaksamig of bly om ons hier te sien nie, merk Hanna op. Hy hou die deur oop vir haar met haar koppie koffie en Suzy, gemaak skuldig met die hele bakkie koekies in die een hand en die Milo in die ander. "Nee, ek weet nie van die spook nie, maar ek weet wel die kraaie wat hul intrek in die tuin geneem het het 'n klomp mense op hol."

"A, ons het hulle pas gehoor, né, Hanna, maar ons kon hulle nie sien nie, dit was al te donker. Maar swart kraaie ís mos 'n teken van bad luck, dan nie?" babbel Suzy.

"Dis witborskraaie, nie swart kraaie nie."

"Ag, what does it matter? Vir wat is jy nog altyd hier? Toe, sit by ons, Dirk, en vertel. Van die spook en van alles." Suzy hét verander. Toe Hanna by die kliniek gekom het, was sy al hier. Stil en onberispelik in haar swart Diesel-nommertjies.

University of Cape Town

Sy's knaend nou. "Dink jy die kraaie is 'n omen?" Sy beduie na die leë plek langs haar op die bank. "Kom sit hier, Dirk, jy lyk so miserable, miskien is dit 'n teken van die dood of iets." Hanna gaan sit oorkant hulle op 'n tuinstoel. "Haai, jammer, ken julle mekaar? Hanna, dis Dirk, ek ken sy girlfriend van lank gelede, en dis Hanna sy maak die mees stunning klere. Talking of which, hoe gaan met die skone Nadia?"

Dirk skud sy kop, gaap en strek sy bene. Haar laaste vraag antwoord hy nie. "'n Kraai is 'n kraai. As dit wat hier dwaal 'n spook is, is dit wat in my nuwe huis is 'n poltergeist," grinnik lag, sonder veel plesier, " geiser opgepak én ingebreek op een dag. Dié dat ek nou nog hier is."

"Arme jy, hoekom drink jy nie saam met ons iets nie. Wat wil jy hê, kom ek gaan kry vir jou iets. Tee? Koffie? Milo? Melk? Bevrees ons drank-repertoire is redelik beperk."

"Nee, ek moet gaan." Hy maak aanstaltes, maar Suzy is meedoënloos.

"Nee, jy't ons nog nie van die spook vertel nie. Was hierdie plek nie eers 'n gestig of 'n ding nie. Toe, ek gaan vir jou ook nou Milo haal."

"Asseblief nie. Enigiets anders, maar net nie Milo nie. Voor negentienhonderd is dit gebou as 'n hospitaal vir sielsiekes, ja, maar daarna was dit 'n finishing school, prokureursfirma tot 'n computer-plek, maar kyk na die foto's in die sitkamers, dit vertel die hele storie. Godswonder die bergies wat ingetrek het toe die plek leeggestaan het, het dit nie volledig afgebrand nie. Gee julle om as ek rook?"

Terwyl Suzy weg is, steek Dirk 'n sigaret op; afgetrokke. Eers ná hy die eerste teug geneem het, besef hy seker hy't nie vir haar aangebied nie: "Jammer, rook jy?"

Sy skud net haar kop nee dankie. "Dis lekker koffie," sê Hanna, asof vir haarself. "Ek hou van 'n dik koffie." Nou eers kyk sy na hom. "Jy weet wat ek bedoel, dit het niks met die roostergehalte te doen nie."

"Ek weet, en thanks vir die tee; dit was onnodig dat jy 'n hele boks stuur. Iemand het pas vir my Franse Earl Grey present gegee in gaas-teesakkies; vreemde tee. Klink teenstrydig, né, Franse Earl Grey."

University of Cape Town

Meteens kyk hy stip na haar: "Ek het jou tevore al gesien, voor hier."

Hanna antwoord nie, hy het in elk geval niks gevra nie. As daar nie 'n bietjie lig uit die eetkamer gekom het nie sou sy nie kon sien sy wimpers is ruig en donker nie, asof geverf, sy oë die kleur van onweer. Toe Suzy enkele minute later terug is met sy koffie, is die oomblik verby.

Dirk drink dit vinnig en verskoon homself. Hy draai na Suzy: "Praat met Gloria. Sy het nou die dag iemand in die linnekamer gekry. So sê sy. 'n Vrou in 'n baie mooi slaapding glo." Hy glimlag, maar asof net vir homself.

Hanna wonder of dit dieselfde een is waarvan Leila vertel het. 'n Jong meisie met hare tot amper op die soom van haar jurk. Jy hoor haar glo kerm soms, soos sy gekerm het toe hulle haar destyds vasgebind het om te keer dat sy haarself nie met gebreekte glas of porselein, selfs die eetkamermesse, sny nie. Haar kaal arms, so vertel Leila, lyk soos padkaarte.

Dirk sê nag, en Hanna wonder wat die maatstaf is waarvolgens geeste besluit aan wie hulle 'n stuk verbygegane wêreld kom wys. Sy moet so ver loop, so voel dit, om haar geskiedenis te loop haal. Dit kom nie na haar aangestap nie.

Sy't al gedink Dirk is weg, toe hy weer praat: "Die kraai sien in die toekoms."

University of Cape Town

Later kan Hanna nie tot slaap kom nie. Sy knip die bedlig weer aan. Die hoofweg se motors ry nou anders as vroeër, haastiger, dis grootmensspeeltyd nou.

Wat sou die kraai in my toekoms sien?

Sy dink aan die verlies wat Suzy met soveel hartstog geskets het.

En ek?

Sy vou haar arms agter haar kop, maak haar oë toe. Hier, in net 'n paar dae, begin sy leer hoe om 'n ding by die naam te noem. Eers het sy teruggedeins as mense praat van hoe dronk of gesuip hulle was; hoe hulle aan tafel aan die slaap geraak het, of op die toilet; gery het sonder om agterna enigiets van die rit te onthou; ander kere opgebring het langs die pad, die motordeur net betyds oop;

gelieg het vir meer. Suzy het haar ma se geld gesteel. Eers het sy gedink hulle sê dit vir die effek.

Maar sy leer stuk vir stuk. Sê dit soos dit is. Hierin is die behoud.

Daarom kan sy nou dink: die bottel is my man. Die een wat my nooit verlaat en nooit dreig om dit te doen nie. Wat my vashou as dit dit is waarna ek soek. My saamneem as hy padgee uit hierdie verontrustende land, met my trek na 'n plek waar gedagte en herinnering nie kan kom nie. Volmaakte koppeling. Een met my vlees.

As ek daarsonder kan, sal dit dít wees wat ek gaan mis - en vir baie lank seker nog, want so staan dit geskryf in die rooster van aankoms en vertrek.

University of Cape Town

Vyftien

Ná tee is die groep geselserig. Buite sous dit. Die berg is toegetrek, die hemel geheim en grou. Paul staan voor die venster, sy rug na die ander: "Mense wat sê hulle hóú van die Kaapse reën, en dit het nog nie eens begin nie, dis nog amptelik herfs, is seker siek."

Met die omdraai beduie hy buitentoe: "Ek bedoel jy móét siek wees om te dink dis nice, dié gepee. Kliek op grys, grys en nóg grys. Dis net 'n ekskuus om in die bed te bly, if you ask me, chicken soup for the depressed soul."

Leila grinnik: "That figures, Paulie, ek's dol oor die Kaapse reën. Ag, dis net omdat jy nie hier gebore is nie, dis hoekom. Dis in ons veins in, sien."

Janie wag dat die geskerts afwentel: "Right, gaan ons aan?"

Maar toe Hanna kom by waar sy en Ville Wim vir sy Sweedse oupa, Emil, gaan wys het, val Paul haar weer in die rede, grinnikend: "Ag, sorry, skat, maar mens kan dit darem nie laat verbygaan nie. Just as well rasseklassifikasie is supposedly afgeskaf, want wat maak mens nou met 'n Boesman, Brit en Boer opgeklits met 'n Wiking?"

Die ander moet lag, Hanna ook. "Binnelandse Sake is klaar so 'n fokop," brom Faffa, "so iets gooi hulle totaal uit. Gee hom seker vier ID's.

"Why is Home Affairs in such a mess, Janie, jy wat werk met gemors? Because the Minister stays at home and others does his affairs. Dis Evita Bezuidenhout. Hy's blêrrie snaaks, daai man, of is hy nou 'n vrou?"

Janie skud net haar kop. Glimlag afgetrokke, beleefd. Faffa sien dit, lig sy hande verskonend.

"Shush, ek wil hoor." Dis Suzy, skoene afgeskop, voete op die bank, kruisbeen. Sy reageer nie meer op al die aas wat Faffa uitgooi nie.

Wim se ouma van vaderskant, Mary, is 'n Britsgebore meisie wat ná die Eerste Wêreldoorlog saam met haar ouers Suid-Afrika toe immigreer.

Kort ná Wim se geboorte vlieg sy van Johannesburg om hom, haar eerste kleinkind, te kom kyk. Uit haar twee carpet bags pak sy lappe vir Hanna uit Oos-

University of Cape Town

Afrika, boeke vir Ville en vir Wim 'n eierkelkie, bord en papbak wat sy, 'n gevestigde pottebakker, self gemaak het.

"Beatrix Potter in Africa," noem sy dit skertsenderwys. Mary kan net asseblief en dankie in Afrikaans sê. Toe Hanna haar eenkeer, nuuskierigheidshalwe, hieroor uitvra, sy's immers lank in die land, vererg sy haar: "Wel, ek kan Zulu praat. Ons is immers in Afrika."

Maar Afrikaans is ook 'n Afrikataal, wou Hanna nog byvoeg.

Die carpet bags bly vir drie weke. Een-en-twintig dae tegelyk verfrissend én onverkwiklik. Sy is 'n keramiekkunstenaar, korrigeer Mary wanneer Hanna haar aan iemand voorstel as 'n pottebakker

In die splinter van 'n sekonde waarin Hanna die Mary van destyds voor haar geestesoog oproep, trommel die reën liggies teen die ruit. "Dit was moeilik," gaan sy aan, "nie omdat Mary die stereotipiese skoonma was nie, maar omdat haar en Ville se verhouding so sleg was. Bietjie soos die aardbewing. Almal binne die radius van die foutlyn word op een of ander manier geraak."

In haar naïwiteit het Hanna eenvoudig aangeneem Mary sou koel wees, selfs narcisties - wat anders kan mens verwag van 'n vrou wat skynbaar onverskillig staan teenoor haar eie kind?

Janie val haar in die rede: "Hoe oud is jy nou?"

"Drie-en-twintig. En onvoorsien, die baba. Nie onwelkom nie, maar heeltemal onbeplan. Ek, Ville ook. Onthou, ons is nog nie eens getroud toe ek besef ek is swanger nie."

"Ag, ek't nog nooit rêrig gehoor van 'n beplande baby nie." Leila lig haar breiwerk, 'n lappiesprei vir 'n kleinkind se bed, bekyk dit krities: "Te veel groen, like soos 'n lawn. Jammer, carry on."

Maar Mary verras Hanna. Dis duidelik dat Ville net soveel aandeel het in die vrot verhouding met sy ma as sy self. 'n Storie, dit sien sy nou duidelik, het altyd twee vertellers. Ville het vergewe, maar nie vergeet nie, en dit kanselleer, wat haar betref, die sogenaamde vergifnis. "Vergifnis is in elk geval net iets wat 'n God kan doen, nie 'n mens nie," merk Mary by geleentheid op, apropos wat

University of Cape Town

kan sy nie meer onthou nie. "Ek dink dis meerderwaardig, arrogant, as mense sê hulle vergewe. Om te sê ek is jammer, ja, dis iets anders."

Dis Mary wat eerste die gedagte van werk vir haarself plant. Hanna stribbel teë sy's nog te jonk, sy moet nog meer ervaring by die toneelgeselskap opdoen. "Nonsens, ek sien die goed wat jy hier vir jou vriendinne en jouself maak. Dis iets, hoor. Vir wat moet jy daar bly? Sê my net vir wat?" Maar sy wag nie vir 'n antwoord nie (in die luister-departement druip Mary elke toets) . "Wil jy nou vir die res van jou lewe langlyf bodices maak vir elke perdebylyfie Juliet wat agter Romeo aan teem? Nee, talent is vir niks te jonk nie, en jy't hope. Ville verdien sekerlik genoeg om jou aan die begin te help. 'n Tweede inkomste is mos nie lewensnoodsaaklik nie," praat sy terwyl sy die bank en stoele in die sitkamer ongevraagd rondskuif na 'n rangskikking wat sy as meer prakties beskou. Sy's lank, groot gebeen, rysig. Klinkende stem. Wye, soepel mond. Sy neem die spasies om haar in.

Mary se teenwoordigheid beklemtoon Hanna se eie ma se afwesigheid. Sy voel die gemis nou skerper. Ook, het sy agterna besef, omdat sy self ma geword het. Maar haar ma is nie hier nie. Haar stiefpa, tien jaar ouer as haar ma, help as emeritus-leraar uit by 'n sendingstasie in Malawië. Haar ma het Wim, buiten die foto's wat sy gestuur het, nog nie gesien nie. En hulle het Ville nog net eenkeer, oor 'n stram middagete, ontmoet. Dit was net voor sy besef het sy is swanger. Sy kry gereeld eenmaal 'n maand 'n brief van haar ma. Syself is 'n hopelose briefskrywer, en bel maar van tyd tot tyd.

Dat haar ma haar ma is en sy haar dogter, het sy eenkeer teenoor iemand opgemerk, is sekerlik 'n uitreikingsfout by die ouer-kind-depot.

O, nee, sou Rositha sê, dis jou karma.

Mary por weer in die rigting van werk vir haarself. Dié keer toe Ville by is: "Dit sal ook goed wees vir die baba. Kry net vir jou 'n oppasser, daar moet duisende knap vroue hier rond wees wat kan help." Sy't toevallig die aandkoerant op haar skoot, en slaan daar en dan oop by die geklassifiseerde advertensies. Sy prewel

University of Cape Town

deur die kolom employment wanted en kyk na hulle bo-oor haar bril: "Sien wat ek bedoel?"

Ville hou vir 'n oomblik op waarmee hy besig is asof hy iets wil sê, maar hy bedink hom blykbaar. Trek net nadenkend, stadig, met sy wysvinger al teen sy neusbrug af en hou sy hand hierna vir 'n oomblik voor sy mond. 'n Gebaar van ongeloof.

Mary vryf Wim se winde uit ná voedings en gaan stap lang ente met hom. Sy noem hom steeds "die baba", eerder as op sy naam. Sy praat nie babataal met hom nie, want hy is nou, verduidelik sy, in 'n kardinale linguistiese fase. Formidabel, maar goedbedoelend: "Go and have a bath, make a cup of tea, read a book, do anything, as long as you do it for yourself. I'll perambulate the baby."

Haar ander bonuspunt is die heerlikste kerries en briyani's. Die speserye kry sy in kardoesies by Hoesein se kafee in Lower Main Road. Haar geregte, met nuwe insette van Hoesein met wie sy 'n hele vriendskap in dié tyd opslaan, ruik jy tot waar in die straat. Hanna is lief vir gekruide kos, maar kan helaas net pik (ná die tweede dubbele whisky let Mary gelukkig nie bra op nie), want haar ruim brandrissiehand werk met Wim se maag. Hanna vis die vars koljanderblaartjies uit elke slaai.

Sy praat onverpoosd tydens maaltye: "'n Wonderwerk dat Hoesein nog saam met sy gesin hier woon. Sy pa-hulle woon langsaan, het julle geweet hy maak steeds skoene reg, en hy's al diep in die tagtig. Hy, die pa, is die derde geslag skoenmaker, né. Die seskoppige draak het duidelik dele van julle voorstad gemis. Daardie woonstelle is lekker ruim, né. Jy't regtig interressante dinge met jou huis gedoen, Ville. Is dit die baba? Sal ek gaan?"

Hanna en Ville kyk vir mekaar oor die stroom woorde wat agter Mary aan vloei by die vertrek uit. Hanna glimlag; Ville lig sy wenkbroue. Sy's binne oomblikke terug. Seker maar net gedroom, reken sy, skink vir haar nog iets en sê Hoesein en sy familie wat ongeskonde hier aangebly het, is bewys van Suid-Afrika se "pockets of miracles" waarop sy haar kritiese Britse vriende telkens moet wys.

University of Cape Town

Mary was reg. Dalk is dit dit wat meermale die land staande hou - hierdie pockets of miracles - en my ook.

Dié spesifieke aand was Ville by, andersins hou hy hom skaars. Hanna probeer eenmaal namens hom verskoning maak, maar los dit, midde-in 'n sin. Dis hopeloos. "Nee, ek begryp dat hy 'n vol program het. Ek verwag nie hy moet my vermaak nie. Ek het eintlik mos vir jou en die baba kom kuier," knip Mary haar iedergeval kort. Maar voeg tog as nagedagte by: "Wel, dit sou lekker wees as ons vier meer dingetjies saam kon doen, né."

Eenkeer, ook in sy afwesigheid, vertel Mary vir Hanna van die kort verbintenis met Emil waaruit Ville gebore is. Hoewel sy vroeër verskeie verhoudings met mans gehad het, loop sy lankal alleen: "Die soort man wat talm, lank ná hy padgegee het. Hy het my aangepor om in myself te glo, my selfvertroue geprikkel. Maar ek sou nooit saam met hom wou lewe nie. Jy sal verstaan as jy hom ontmoet."

Hanna sien 'n kant van Mary wat Ville haar nie gewys het nie. Hy is blind hiervoor, of hou hom so. Mary was 'n enkelouer in 'n tyd toe heelparty mense nog ompaaie om jou sou loop as jy 'n kind buite die huwelik gehad het. Sy't vir lank gesukkel, gestry, vir tyd en vir plek om te kan skep. Eers het sy skoolgehou by 'n Rooms-Katolieke klooster, saans potte gemaak. Geld was skraps, soos tyd.

Het sy haar verbeel of was Ville, merendeels liefdevol en sorgvry soos 'n jong hond, grimmig daaroor dat sy aanklank vind by Mary? Maar hieroor het sy nie nou getob nie.

Nou was haar grootste uitdaging om haarself by haarself te hou. Soos deeg te dun uitgerol, so't sy baie dae gevoel. Maak 'n baba maar só, of is dit sý? Haar paar eie vriendinne het nog nie kleintjies gehad nie. En daar was nie 'n besondere hegte band tussen haar en Karien nie, hulle woon in twee wêrelde. Tog praat hulle soms, meestal oor die foon: "Aan die begin is dit maar hel, Sussie, maar dit gaan ook oor, hoor. Ek sal vir jou bid."

Dit het haar nóg erger laat voel; sy't meer as gebede nodig. Sy weet net nie hóé om dit te vra nie, want sy weet nie wát sy moet vra nie.

University of Cape Town

Mary wou weet, tromp-op, of sy genoeg yster inkry: "Sien jy's nie een vir grimering nie, maar dit lyk tog of jy rondloop met oogskadu ónder jou oë. En onthou tog 'n bietjie blosser is nie 'n aardsonde nie." En hoe gaan dit met haar en Ville? Sy hoop nie dis 'n kwessie van tweede vrou tweede beste nie. Sy wag nie vir 'n antwoord nie en Hanna dink skuldig ja, sý het iets gehad om oor ongelukkig te wees toe sy kind gekry het. En kyk hoe lyk sy vandag - maak 'n entoesiastiese outing, al is dit dikwels ietwat misplaas, van so min om kafee toe te gaan. Nou die dag het sy die Martial Arts plek langs die biblioteek ontdek en opgewonde teruggekom met brosjures vir Hanna wat onseker is of Tai Chi 'n Oosterse kos of taal is, en ook te skaam is om te vra.

Hanna hou meer van haar as wat sy sou kon raai.

Tog is sy verlig toe hulle haar, in gietende reën, DF Malan toe neem. Wim skreeu die rit deur en spoeg herhaaldelik die fopspeen waarmee sy hom probeer paai uit. Ville swyg, en Mary gaan aan en aan oor die interressante uitstalling wat sy vroeër die oggend heel toevallig in die stad raakgeloop het: "Waar trek die waarnemer die lyn tussen Westerse persepsie en 'n meer naïwe beskouing, soos dié van die Boesmans byvoorbeeld, hoewel hulle nou nie juis keramiekware nagelaat het nie." Dis of die reën hulle nóg nader aan mekaar agter die ruitveërs dwing.

Hierna hou Hanna met haar kontak. Hulle ontwikkel 'n verhouding onafhanklik van Ville. Dit pla hom nie, sê hy.

University of Cape Town

Ville is merkbaar verlig en weer sy veerkragtige self toe Mary vertrek. Hy sprei hom weer uit oor die huis: arms en bene, koerante, boeke, papiere, truie. Die tweede aand ná haar vertrek sit hy in sy wit handdoekstofkamerjas met die aandkoerant in die badkamer op die grasstoel by Hanna terwyl sy in sy water bad. Sy lê toe-oë, dink hy lees. "Jy's vir my selfs mooier nou as voor Wim," praat hy bo-oor die koerant, "kom ons maak sommer nóg 'n baba wat."

'n Paar simpel, onverwagse woorde wat haar in teenoorgestelde rigtings ruk. Vir die eerste keer sedert die geboorte kry sy weer 'n lus vir haar ligtekop

man. Terselfdertyd maak die gedagte aan nóg 'n baba haar yskoud, en sy pluk die badprop met mening uit: "Vergeet daarvan. Nie in 'n duisend jaar nie."

Terwyl sy haar afdroog met haar rug na hom gekeer, een voet op die badrand en die ander op die badmatjie, kom staan hy agter haar. Tussen hulle val die handdoek op die vloer. Sy vinger speel al om haar tepel, sy ander hand soek tussen haar dye waar dit nog klam is van die bad. Haar arms kry hoendervel. "En dit?" Sy voel sy glimlag teen haar nek waar hy knabbel. "Kry ons dalk koud?" Toe hy haar bo-op hom op die stoel trek, glo sy die kreunende stoel gaan onder hulle padgee - Ville is 'n groot man - maar dit maak nie saak nie. Wanneer hy liefde maak, doen hy dit met soveel luidrugtige oorgawe sy voel partykeer, vergelykenderwys, te gedemp, te stil.

Daardie dag nie. Haar plesier is uitbundig.

Die badkamer is 'n sonnige vertrek, beplan deur Ville, met 'n ingeboude blombak vir binneplante en skuifraamvensters weerskante van 'n Franse deur wat oopmaak na 'n buitestort op die patio. Die pootjiesbad is nie 'n namaaksel nie, maar 'n oue wat hy tussen bourommel raakgeloop en laat restoureer het.

Dié ruimte is gans anders as sy strak kantoor met tekenborde, planliasseerkabinette met b vir bumf, f vir film en t vir tracing, en vitterige kliënte se drome opgerol in kartonhouers. Die verhouding tussen 'n argitek en sy kliënt is kompleks: die een het gewoonlik die geld, die ander die kreatiwiteit. "And never the twain shall meet," glo Ville in 'n pessimistiese bui.

Sy ablusies is dus meer as net reiniging. Dis 'n ritueel van afwenteling; 'n gebaar van agterlaat. Dis ook 'n bestek opneem van die lyflike self: van die kontoer van 'n gladde hak tot die maanhaar wat vlam in kers- of sonlig. Die dagoudbaard is nie toevallig nie, nes die linnebaadjies.

Hierop het Hanna verlief geraak. Noudat sy hieroor praat, klink die aangetrokkenheid tot uiterlikes banaal.

Leila sit haar breiwerk neer: "Ek wil jou nou nie in die gesig in vat nie, maar hy klink vir my nogals vain."

Paul stem nie saam nie: "Nee, hy hou net van mooi goed. Daar's seker niks mee verkeerd nie."

University of Cape Town

"Esteties geweldig veeleisend, sou ek sê," waag Suzy.

Hanna lewer nie hierop kommentaar nie, heimlik geamuseerd met Ville se analise. (Sy verbeel haar hoe hy vat aan sy neus, sou hy 'n onsigbare gas tussen hulle wees.)

Sy herroep ook 'n ander geleentheid, dié een teen die end van haar swangerskap met Wim: Ville se soeke na die regte kleur, nee, skakering van 'n kleur, vir een van die mure in die badkamer maak haar byna mal. Haar skoene knyp, die baba se kop skuur grillerig op haar blaas en alles wat sy eet, proe sy dubbeld. Die ginekoloog na wie haar huisdokter, Francois, haar verwys, praat af na haar, asof sy swaar is van begrip en nie net lyf nie. Sy weet nie van beter nie; sy's die eerste in haar sirkel wat swanger is. "Keisersnee vir jou. Ons wil nie hê jy moet skeur van jou neus tot jou nek nie, wil ons?"

Terwyl die korrekte kleur van die badkamermuur vir Ville steeds 'n voorste prioriteit is. Hy kom elke dag met 'n vars verfmonster by die huis. Niks is reg nie. Hanna hou van die kleur waarop hy uiteindelik besluit: 'n soort druifpers met 'n soupcontjie steenkool. "Mooi, wat is dit?" wil sy weet.

"Aubergine. Eiervrug."

Ville, haar leermeester. 'n Feit in hul verhouding soos sy voorgee van tien lewensjare. Nóg iets wat haar aanvanklik gefassineer het.

Die badkamervloer se linoleum word gelig, die breë oregonplank geskuur, die grasstoel bottelgroen geverf. Die handdoeke wat hy huistoe bring, is so groot sy kan selfs haar nege-maande-twee-weke-laat-lyf daarin toedraai.

Terwyl sy swanger is, is haar libido onversadigbaar, maar vloei saam met die nageboorte uit haar.

Die woord nageboorte-depressie het sy nog nie gehoor nie. Toe sy op 'n dag, wéér, tranerig teenoor Ville bely sy voel nie "reg" nie, vererg hy hom: "As jy op die Kaapse Vlakte in 'n krot saam met vyf ander kinders en 'n dronk man gewoon het, het jy rede gehad om nie rég te voel nie." Hy kry spyt oor die skerp aanmerking, troos, koop blomme. Maar haar kop bly gepak met watte.

University of Cape Town

Mary probeer 'n ander taktiek, en stuur vir haar inligting oor die werk van die Black Sash waartoe syself behoort. Hoekom, por sy, sluit jy nie aan nie, en gee haar die naam van 'n vrou in Claremont: "Tel net die foon op en bel haar. Daar's 'n wêreld daar buite waar jy 'n bydrae kan lewer. Jy sien dit net nie omdat dit baie netjies van jou weggehou word."

Sy bel nie. Ek kan skaars myself help, dink sy, wat nog te sê derduisendes sonder krag en lopende water, huis en stem. Die blote gedagte bedruk haar meer. Sy gaan skink vir haar 'n glas witwyn, die middag is so te sê al verby. Francois het voorgestel sy moet elke aand saam met Ville 'n drankie drink, dit sal haar ontspan. Met dié raad en 'n bottel soet, swart tonikum het hy haar weggestuur.

As die kleintjies eers kom, vlieg die Boeing al vroeër.

Die aand begin so vroeg, sien, want hulle eet min of meer laatmiddag.

University of Cape Town

Mary gooi lankal nie meer potte nie. Sy word soggens uit die bed in 'n stoel sitgemaak en laatmiddag uit die stoel in die bed met die relings lêgemaak. Haar hande wat die flitse van haar verstand so sekuur vertaal het, wat gebou en gegooi het, bewe nou 'n brabbeltaal. Sy's weer in Engeland en praat met die lede van die koningshuis, lewend of dood, asof hulle by haar in die kamer is. Die Queen Mother is haar gunsteling, en rondom prinses Diana se dood in negentien-sewe-en-negentig sukkel die verpleegpersoneel om haar droog aangetrek te kry want sy verseg mompelend om haar sitplek voor die televisie prys te gee: "Another silly girl," mompel sy.

Toe Hanna haar laas gesien het, het sy 'n uitgeknipte, vaalgevatte koerantfoto oor en oor uitgevou en weer opgevou. Sy het die foto van die stomme prins Charles en prinses Anne, afgeneem by die Orde van die Kousband-plegtigheid, vir Hanna gewys en gefluister: "Kyk, dink jy nie ook die vere op die prins se kop muf nie?"

"Jy's heeltemal reg, Mary," het Hanna glimlaggend gepaai en opgelet hoe Mary se tandvleise teruggetrek word. Hoe dun haar lippe, asof uitgesuig. "Die prins se vere is inderdaad muf, Mary, en jou oë fantasties." Hoekom kry alles

wat ek vir haar nou sê 'n meerderwaardige klankie nes dit op my tong land, het sy gedink terwyl sy met 'n tissue tik aan die skuimpie in die hoek van Mary se mond.

Toe is Mary reeds al verskuif na die verswakte afdeling van die versorgingsoord, na 'n saal met nog drie ander vroue. Hier was die gemene deler 'n kop wat haastiger ingekalwer het as 'n langsamer lyf. Bot en woordeloos het die drie paar oë na Mary gedraai toe sy aankondig dat dit haar skoondogter van Kaapstad dié is.

"So doof soos kwartels," het sy beduie en weer probeer, 'n desibel harder. "My skoondogter van Kaapstad. Die een wat prinses Di se trourok gemaak het, maar sy sou nooit so 'n lawwe hoed vir prins Charles gemaak het nie." Die koerantknipsel het weer van iewers verskyn en weer gewillig op die verweerde vou oopgeval.

Toe Hanna loop, het Mary daarop aangedring om saam met haar gang-af te skuifel. Sy't sameswerend vooroorgeleun, gevra of Hanna weet sy het 'n "Coolie doctor".

Die besoek het haar omgekrap. Kort hierna toe Ville omtrent die kinders bel, het sy dit versigtig probeer oordra: jou ma het teruggeglip in 'n koloniale kokon.

"Ek weet dis modieus, nee, noodsaaklik ook, om vergifnis te vra vir die hele ou gemors, maar ek dink baie hiervan is vals en opportunisties. As dit klink of ek in daardie sensasie deel, bly ek eerder stil."

Leila knik: "Is waar. Vergifnis het cheaper geword dan radishes. Maar dis net 'n aside, carry on."

"Ek is grootgemaak om nie te bevraagteken nie. My oë het bitter stadig oopgegaan. Is oopgemaak: Ville, sy vriende en, ironies, Mary, wat alles teen die einde weer verloor het. Daardie onreg is iets wat jy nie oornag begryp as dit jou lewe lank óf goedgepraat óf weggesteek is nie. Dit was in daardie tyd dat my kunsteraad aansoek gedoen het vir gemengde gehore. Dit was dié aksie, meer as baie ander goed, wat vir my 'n openbaring was. Ek het die absurditeit van die

University of Cape Town

hele stelsel gesien. Dit kon eintlik skreeusnaaks gewees het, burleske teater soort van."

Leila skud haar kop, sug: "Ja, as dit nie was vir die terrible goed wat in die wings gebeur het nie, né."

"En jy weet dit beter as ek. Dis toe dat ek by die huis begin het. Dit was klein en veilig; dit het my contain. Dit was ook iets wat ek goed kon doen, beter as baie ander mense. En dit het my weggeneem uit die wêreld, dit was 'n manier om te ontsnap, van kop in die sand steek. Dalk verminder dit my aandeel in wat buite aan die gebeur was."

Suzy luister aandagtig, Hanna let dit op. Die ANC is ontban toe sy nog op skool was. My skuld, dink Hanna, is haar geskiedenis. Haar strydpunte lê elders. Soos vir my kinders.

En die een wat sy die duidelikste voor haar geestesoog sien, is Anja wat gebore is in die jaar toe Hector Petersen in Soweto doodgeskiet is. Honderde ma's begrawe hulle kinders terwyl sy soveel melk produseer vir Anja, sy speen haarself vir van die premature kleintjies in Mowbray.

University of Cape Town

In Swede het Ville en sy pa nie eenkeer na Mary verwys nie, nie waarvan Hanna weet nie. Emil se metgesel, Kristi, het haar wel by geleentheid, toe sy en Hanna alleen stad toe is, oor haar uitgevra. Sy't nie kommentaar gelewer nie, net aandagtig geluister. Die mense hier is so ordelik, emosioneel skynbaar ook.

Die Sweedse besoek is beplan om saam te val met 'n ontwerpkonferensie vir argitekte, ingenieurs en stadsbeplanners wat Ville in Denemarke sou bywoon. Hulle het laat-Mei in Stockholm, saam met die middernagson, aangekom.

Toe hulle in Emil en Kristi se blyplek instap, 'n ruim oopplanwoonstel tussen die ou en die nuwe deel van die stad, het Hanna geys. Ville het Wim uit die drasak op sy rug gelig en op die vloer tussen hulle sakke neergesit. Hy was lewendig, bly om oplaas op vaste grond - en iets meer interressant as die vertreklokaal van 'n lughawe - te wees. Van die voordeur het hy direk gehardloop, met armpies wat roei, na die ligte leerbank met die los kussings oorgetrek in materiaal met sebra- en jagluiperdmotiewe. Hy't skoene en al op

die bank geklouter en drie van die kussings tegelyk in sy arms probeer neem. Dit was heeltemal te veel natuurlik en hy't met net een teruggekom. Halfpad na hulle het hy gestruikel en die kussing het geval. Hy't opgestaan, sy kosbare vonds weer opgetel en dit triomfantelik opgewonde vir sy ma en pa kom wys. Kyk! Soos die sebraplakaat by die huis op sy kamermuur.

Niemand onderbreek haar nie: "Dit was so 'n intuïtiewe ding om te doen, om dadelik met iets bekends te sluit. Emil, Ville se pa, het agterna daarna verwys. Wim was toe meer, hoe sal ek dit verduidelik, meer ekstrovert. Ek dink so. Ek weet nie, miskien onthou ek verkeerd. Onthou mens altyd reg?"

"As jy bedoel feitelik korrek, nee, onwaarskynlik." Dis Janie. "Maar dis ook nie in alle gevalle van belang nie, is dit?"

"Ek dink mens se herinneringe is gesuperponeer op ander mense s'n, " stel Faffa voor. "Soos goed aan jou vertel is, ek meen, jou ma vertel jou iets van toe jy klein was en sy't dit tog eers geïnterpreteer."

"Jy onthou dus omdat jy vertel is, is dit wat jy sê?" wil Janie van hom weet.

"Ja. Maar meer nog: daai vertelling word vir jou ingekleur as jy klein is. Objektiwiteit is 'n mite."

"Truth is a sticky business, hey, Faffa," koggel Suzy. "Or should I say tricky."

Hanna is wel feitelik in die kol as sy herroep hoedat sy Wim destyds in Stockholm probeer keer toe sy sien hy maak dit vir die bank, duidelik nie kindervriendelik is nie. Kristi het haar stilgemaak. Hulle hou van kinders, hulle is kinders gewoond, sy moet ontspan. "Dis jou vakansie, onthou."

Net maar hoflikheid, het Hanna gedink terwyl sy die sober ruimtes met net enkele spatsels kleur om haar inneem, die futuristiese staanlampe, die glasbak (Boda en Orrefors; nuut vir haar woordeskat) met lelies.

Maar Kristi is eerlik, dit kom sy betreklik gou agter. Sy speel baiemaal plat op die grond met Wim, of neem hom uit na een van die baie parke buite. Wim is gemakliker by haar as by sy oupa. Een of wat keer kom haal Kristi hom vroegoggend by Hanna en bring hom na haar en Emil se bed. Van hier kyk hulle ook uit op die paleis en een van die inhamme van die Mäleren meer. (Wim sê dis

University of Cape Town

die sauna so gereeld soos ander mans die pub. Soos Mary aanvaar hy eenvoudig dat Hanna hom op sy naam noem.

"Kom, kom sit hier en gesels met my," nooi hy haar dikwels, asof tyd nooit 'n kwessie is nie, asof sy wat nog nie vyf-en-twintig is nie, wat sy dogter kon wees, werklik iets te sê het wat hom boei. Dit vlei haar. Hy vra uit oor Suid-Afrika, sê hy het Miriam Makeba gaan luister, ken sy haar musiek? Die naam lui 'n klokkie en sy vra Ville, pynlik bewus van haar onkunde, net om te ontdek Makeba se musiek word in Suid-Afrika verbied; g'n wonder sy ken haar nie. Emil vertel haar van sy verblyf daar, sonder om Mary se naam te noem. Dis tyd dat hy teruggaan - nou't hy in iedergeval 'n bykomende rede.

Hy is nuuskierig, sonder om familiaar te wees, oor haar herkoms. Hy lag toe sy hom vertel van haar vuurtoring-oupagrootjie: "Nee, ek glo dit nie. Ek wou my lewe lank iemand ontmoet wat 'n konneksie met 'n vuurtoring het."

"Maar dis nie ek nie, dis twee geslagte terug."

"Maak nie saak nie. Dis vir my totaal onwerklik, soos iets uit 'n storie. Daardie hele terrein is gelaai, magies, fassinerend. Van toe ek nog klein was."

In die Karoo, waar hulle in Hanover en Victoria-Wes gewoon het, het hy destyds fossiele nageloop. Hy't ook kerke (hy beskryf dit as katedrale vergeleke by die res van die dorp) afgeneem. Vir al wat sy weet, het hy een van hul kerke afgeneem, maar sy vra hom nie presies waar hy was nie, want netnou betrap hy haar dat sy iets van haar eie dorp nie weet nie. En hoekom, wonder sy, het sy nooit van die versteende gebeentes geweet nie?

"'n Toweragtige plek. Geen wonder Ville het op jou, synde 'n kind van die Karoo, verliefgeraak nie."

En toe is Ville op die veerboot weg na sy konferensie. In dié tyd, op 'n dag dat Kristi eers die middag by die werk moet wees, neem sy Wim vroegoggend om croissants en melk te gaan kry. Die woonstel is stil.

Hanna dra haar hare nog altyd lank, soos op skool. Dis dié oggend nog ongeborsel en syself nog in haar kimono. Sy drentel kaalvoet op die blonde houtvloere by hul kamer uit. Die allenigheid is luuks.

Maar Emil is ook daar. Hy sit in die woonvertrek met 'n tydskrif en 'n koffie-plonser op die lae glastafel. Langs hom lê 'n pen en skryfblok met aantekeninge. Hy's eweneens verbaas om haar te sien: "A, gedink jy lê nog, môre, goed geslaap?"

Hy beduie sy moet ook kom sit. "Sal ek vir jou ook 'n koppie gaan kry?" Toe hy terug is, wys hy haar wat hy lees: in Amerika word die verskuiwing van 'n vuurtoring, letterlik, oor 'n paar honderd meter dieper land in, beplan. "Nou wat sou jou oupagrootjie nou hiervan gedink het?"

Saam kyk hulle na die foto's.

Toe noem sy, half terloops, iets wat sy tevore al bedink maar nog nooit verwoord het nie: "Ek dink soms dat ek al die vuurtorings waar hy diens gedoen het, moet gaan afneem. Ek weet nie presies hoekom nie. Dink jy dis silly?"

Emil glimlag en in die buitehoekies van sy oë, vaalblou soos sy seun s'n, plooi sy vel. Hier, net as hy glimlag, is al die sagte Sweedse somers ingeryg. Hy leun terug teen die bank, sit sy voete op die tafel: "Hulle tyd is haas verby, skepe sal hulle net nie meer nodig hê nie, dis jammer. Miskien wil jy dít vang, voor dit afgehandel is, die romantiek daarvan. Miskien die simboliek? Kom, kom ek gaan wys jou iets."

Hy staan op en hou sy hand na haar uit. Sy keer, sy wil net gou iets gaan aantrek.

"Nee wat, ons gaan mos nie uit op straat nie." Maar in die intimiteit van die hysbak voel sy verleë. Oor haar ongekamde hare, haar kaal lyf onder haar kimono. Sy trek die band stywer om die middel. Dis eers net voor die deur oopskuif, dat die beklemming haar keel wil toetrek. Dit duur net sekondes.

Emil se atlejee het 'n koepelvormige dak, waarvan groot dele suiwer glas is. "Is dit nie baie koud hier winters nie, met al die glas?" wonder sy.

"O nee, onder jou voete en selfs in die mure is verwarming. Dieselfde verwarming, ek weet dit klink snaaks, as in koeistalle. Ek laat dan ook as dit nodig is die blindings sak. Middel-winter werk ek hier in 'n T-hemp."

Hier, hoog bo die stad, vloei die lig. Dit spoel haar kop skoon. Sy voel momenteel lighoofdig. Ver onder bind die kanale die geboue soos linte. Oral

University of Cape Town

blink - 'n ingehoue, beleefde skittering - stukke meer. Ville het gewaarsku die Stockholmers vervies hulle vir verwysings na hul stad as die Venesië van die Noorde. Daarom bly sy liewer stil oor die water, maar die konstruksie van die brûe, wat jy ongerep van hier sien, is onbeskryflik mooi. Nader kleef die afsetsel van eeue se ryp en sneeu aan die dakke, ondanks die louwarm son. Dis of sy met nuwe oë kyk.

Langs haar onderbreek hy haar gedagtes: "Indrukwekkend, dink jy nie. Brué maak my opgewonde. Vermoedelik die onbelemmerde lyne, die afwesigheid van peuterigheid. Die klassieke daarvan." Soos vuurtorings, dink sy maar sê dit nie. Hul gemenedeler taal is Engels. Sy is sy parallel sou sy later verneem: "Uncluttered beauty."

"Kom, kom kyk, " en hy loop saam met haar van die een geraamde foto van Europese en Skandinawiese vuurtorings na die ander. Sy hand liggies, toevallig, op haar skouer. Sy is die gekose, goedgekeurde hoog bo die stad skoon van water en ys. Die beminde geliefde van sy seun met wie hy hierheen verdwyn om te gesels. Pa en seun. Man teenoor man. Hy stuur haar tussen die strukture wat geruisloos opstaan uit die naat tussen land en see. Wind en water raak hulle net bolangs, in die verflaag. Ontwerpmodes en bouwyses gaan aan hulle verby.

Langs haar is sy stem egalig, asof ook hy onaangetas is deur storm en tyd. Een van hulle, wie weet sy nie, praat: "Mense vind dit vreemd, my fassinasie, ek is bly ek het oplaas iemand ontmoet wat verstaan. "

Hanna wil weet wie die foto's geneem het.

"Ek. Daar's ook sketse, maar dit het ek nie geraam nie. Rêrig nie vir buite-oë nie. Hoeveel torings is daar om die Suid-Afrikaanse kus, weet jy?"

Natuurlik weet sy nie, hoe sou sy? Sy's dom en boertig, oningelig. "Toemaar, ek het boeke. Kom ons check."

Terwyl hy deur 'n boek blaai, suis die deur van die hysbak wat heeltyd oop op hul vlak bly wag het, toe. Dit gly ondertoe. Dis Kristi, dink Hanna, sy's terug met Wim. Sy kan die stekie skuld nie ignoreer nie.

Op 'n kaart van die Suid-Afrikaanse kus wys sy hom waar haar oupagrootjie, Joshua, gestasioneer was. Die plekke lyk klipgooi van mekaar. "Ek moet nou loop, Kristi is dalk al terug met Wim," val sy hom in die rede.

Hy druk die af-knoppie, wag saam met haar: "Jy moet werk aan hierdie vuurtoring idee, Hanna." Hy haal 'n los haar van haar skouer, frons afgetrokke. Hy neem die voorpante van die kimono, een in elke hand, en meet dit met sy oë. "Kom ons maak jou reguit, jy's skeef. Dis beter." Dis die onakkurate millimeter wat pla, nes Ville.

Sy gewrig wat liggies skuur teen haar bors is terloops.

En toe kom die hysbak-angs volledig terug. Hier's nie 'n trap om haar uit te help nie, en sy voel haar wange verwarm toe sy hom vra of hy asseblief saam met haar sal ondertoe ry, sonder om verder te verduidelik. "Mens moet die oomblik gryp as hy kom," sê hy op pad af. Hy glimlag nie dié keer nie, en sy kan die uitdrukking in sy oë nie peil nie. Toe die deure in die woonstel oopgly, glip sy uit, verdwyn in haar kamer. Sy wil Kristi nie sien voor sy aangetrek is nie.

Hy gaan direk terug boontoe. Sy sou later besef hy het haar versoek verkeerd vertolk.

University of Cape Town

Buite die kliniek wil-wil dit ophou reën. Die son breek deur die wolke en verlig die druppels wat los en apart lyk asof dit van hoog iewers gesprinkel word. Aan die voet van die berg span 'n reënboog oor die bome.

Die ander wag en kyk. Soos uile, dink Hanna, knipper hul oë agter die geheime van die nag. In haar sit 'n ding so swaar, die gekoer van die duif in die boom buite die venster klink belaglik onvanpas en vals.

Hoe gouer sy dit doen, hoe gouer is dit oor.

Kristi het dikwels saans gewerk. Sy en Emil gaan stap met Wim in die waentjie tot hy slaap. By die voordeur hang parka's. Hy lag as sy altyd een aantrek; dis eintlik warm op die oomblik. Dit bly laat lig, tot twaalfuur.

In die loop van haar aande met Emil ontdek sy vodka; dis vir haar eienaardig dat hy dit in die vrieskas bêre. Hy drink syne skoon; hare meng hy

met lemoensap. Dis 'n tydsame verdowing, maar hou jou kop lekker helder. So het sy toe gedink.

"My kop het gedraai, dit het ek agterna besef. Te veel wat nuut was. Dit het my ook gevlei, sy uitwissing van ouderdomsverskil tussen my en hom. Tot toe was ouer mans vir my goed met hare uit neusgate en ore en boepmae; niks, maar niks aantreklik nie. Die regisseurs, die oues, dié wat nie gay was nie, het altyd so ge-lust na ons; jy't vermoed hulle kwyl. Maar nou kon ek nie, of dalk wou ek nie, onderskei tussen sekere moets en moenies wat oral en altyd in die wêreld geld nie. Ek het dit verwar met die pakkaas vroomheid - en dit was weer ingegroei in die hele ou politieke bestel en die baggage van Afrikaans - waarmee ek opgesaal was en wou afgooi. En hier was my kans om myself daarvan te verlos. Nou weet ek natuurlik dit was 'n kwessie van being unable to see the wood for the trees.

"Hy't ook baie met my gepraat oor my werk en hoe ek nie moet toelaat dat die kleintjie my terughou nie. My geterg, weer laat lag.

"Dit klink seker nou alles na verskoning maak."

Sy kyk na haar hande, probeer glimlag, probeer dit op die eenvoudigste manier moontlik sê.

Suzy help haar, sonder enige aarseling: "Jy bedoel jy't by hom geslaap?"

"Ja." Dis stil in die vertrek. "Ja, as jy dit so eufemisties kan stel."

"Goeie fok." Faffa sit sy handpalms teen mekaar, rus sy elmboë op sy knieë. "Nee, man, dit kan nie wees nie. "

"Dit kan. Alles kan." Hanna kyk direk na hom, asof sy dit spesifiek vir hom moet sê.

Net so, sonder om 'n oog te knip, sonder om te twyfel het ek my man dubbeld bedrieg. Ook vir Kristi en vir Mary. En die kinders, maar dié besef het eers later gekom, deur die jare.

Faffa probeer dit begryp en wil weet of sy op hom verlief geraak het. Paul help hom reg: "Mens hoef nie op iemand verlief te wees om hom te naai nie, Faffa, grow brains. "Dink jy al daai moffies wat cruise op die promenade en in Burgstraat en godweet waar oral is verlief? Hulle is jags, dis wat hulle is."

University of Cape Town

"And if I can add to that, Paultjie, dis nie net julle gay mans wat horny raak nie. Heteroseksuele mense ook, jy weet," Suzy praat vinnig, want sy's bang sy word stilgemaak. "Ek's fed-up met mense wat dink seks moet altyd in die konteks van kerslig gebeur."

Leila sê niks. (Later sou sy vir Hanna sê sy haat dit as die moere en boute van seks in die openbaar uitmekaarhaal word.) Hanna kry half skaam jeens haar, maar sy moet deurdruk.

"Dit het binne 'n paar dae gebeur, asof in 'n borrel. Alles was sigbaar en hoorbaar om my, maar ek het apart gesweef. Of my kop uitgehaak het. Of ek kon afkyk en sien wat ek doen."

"En toe?" Dis Janie wat haar voorpraat.

"Toe het ek geleer berou is sonder enige kleur of geur of glamour. Dis plat."

"Was hy 'n goeie lover?" Hanna weet Paul probeer dalk die oomblik verlig met 'n grappie, maar dis of hy die mes wat gesteek is, draai.

"Ja." Sy kry haarself nie om verder hieroor uit te brei nie, maar al wil sy kan sy dit nooit vergeet nie. Hoe slim sy hande eers net haar voete bewerk het. Diep, lekkerseer, met sy duim gedruk het op sekere punte. En van haar voete oor haar kuite deur die waai van haar knie.

Sy kyk na Leila, maar vandag kry sy geen hulp van haar nie.

"Ouer mans is die heel beste lovers. Hulle maak iets in jou wakker wat nie weer loop lê nie," sug Suzy, "maar dan gaan hulle gewoonlik sadly dood of terug na hul damn vroue of iets." Sy maak haar een skoenveter stywer vas: "Of emigreer Amerika toe. Ons het hierdie art director gehad, amazing, wat mens met nuwe oë na die tafel in die boardroom laat kyk het, jy sou dink hy't daai oggend die Kamasutra vir brekfis gehad. Anyhow, sy subtleties is vir seker heeltemal lost op daai lot wat dink hulle het orgasme met 'n groot O ontdek."

Almal lag, Janie waarskynlik die lekkerste. Dit gee Hanna moed om aan te gaan: "Met jou art director is dit seker een ding, maar dankie, Suzy."

Janie: "So jy het seks gehad met jou skoonpa." Dis 'n stelling, nie 'n vraag nie, en sy knip nie 'n oog nie. "Dink jy nog baie daaraan? Droom jy daaroor?"

University of Cape Town

Janie se vrae partykeer darem. “Nee, ek droom nie daaroor nie. Dit ry my genoeg in my wakker ure.”

Die geheue wis dit nie uit nie. Wanneer ek my verstand verloor en myself benat, wanneer my kopdrade soos Mary s'n kruis, sal ek seker dit wat ek al hierdie jare verswyg het, uitblaker. Soos 'n volumeknop wat nie kan sagter nie. Die polisieman se megafoon die nag van die aardbewing. Die imam wat roep van Woodstock af. So sal ek dit uitlap aan bekend en onbekend en die laken lig dat mense kan sien hoe lyk bloedskande van 'n ander aard.

University of Cape Town

Sestien

Ná die man die deur agter hom toegetrek het, maak Janie 'n paar aantekeninge in sy lêer by haar lessenaar. Sy't haar lus vir hom verloor, haar trae regterhand weerspieël dit. Sy gaap, slaan die lêer toe skuif dit tussen al die ander op 'n rak agter haar in: babageel, poeierblou, liggroen en die kleur, wel, effens afgewater, van daardie nare wyn: rosé. Asof die pastelkleure van die lêers die optekening daarbinne van teleurstelling, depressie, vrolikheid, leuens, ontkenning, uiterstes en geruïneerde verhoudings probeer versag.

Sy staan op, strek haar regterarm reguit boontoe, dan die linkereen. Maak haar oë toe, trek haar maag skerp in. Wat 'n martelgat; hy is ook so voorspelbaar. Daar's klaar 'n motlarwe in die proses.

Gisteraand, op soek na haar winterlangbroeke, het sy op haar ou jakkalsstola afgekom. In die hoededoos gevoer met verbleikte turkoois satyn het hy soos 'n dier in sy nes opgekrul gelê. Sy't hom uitgelig, en die dor jakkalshare het op haar bed gesif. Sy't hom nooit by 'n pelsenier in die ideale temperatuursomstandighede laat bêre, soos sy belowe het, nie. Nou was hy oor sy fleur en motgevreet. Die spits gesig met die albasteroë het haar gekyk met die verwyt van die een wat haar grootgemaak het.

Sy wil vir 'n oomblik rus voor die volgende sessie; die vorige een afskil. Die man sleep sy ongelukkige kindertyd saam soos 'n Linuskombers. Hy is voortdurend in terapie iewers in die stad, een van haar kollegas het hom nou na haar verwys. Sodra hy by die punt van aflegging kom, vind hy fout met die terapeut of die wyse van terapie en daag nie weer op nie. Hy sal nooit insien dat die ou pa met die whisky-wange met wie hy so worstel sy dryfveer is nie: die gerieflike skuld van sy mislukte loopbaan en gefaalde verhoudings. Pa is die vulsel van elke toebroodjie.

Sy rek albei haar arms agter haar rug, strengel haar vingers ineen. A, nou maak haar borskas oop. Toe haar hande weer los is, kyk sy vinnig vir die datum op haar horlosie, sy's bly sy't die muurbalafspraak vir vanaand. Voor sy haarself uitstrek op die bank in haar kantoor, haal sy bewustelik diep asem: in vir

University of Cape Town

tien, hou vir tien, uit vir tien. Asem hom en sy selfbeheptheid uit. Hulle het net nou die dag hieroor - hierdie eksterne lokus van kontrole - gepraat, sy en Marko.

Terwyl sy op die bank gaan lê, kop op die een armleuning, voete op die ander, onthou sy hoe sy haar eie werk dié Dinsdag saamgevat en afgehandel het - sy wou dinge op kantoor agterlaat. En daardie dag was dit nie moeilik nie, want sommer al in die ry om die berg na Marko was haar primêre gedagtes gefokus op haar eie teleurstelling. Hoekom, ná hoeveel jaar, kom krap dit weer?

"Ek wil nie maak of ek die ideale pasiënt is wat alles mooi skoon en netjies in Tupperware-bakkies agterlaat nie, maar waarom?"

"Kliënt, Janie, onthou, nie meer pasiënt nie." Sy oë is net vir 'n oomblik ondeund. "Ek wil nou nie pee op jou battery nie, Jaan, maar ek dink nie dis 'n train smash nie. Al wat jy waarskynlik nodig het, is 'n lensverstelling. Jy's dalk net bietjie uit fokus; wat dink jy?"

"Ek weet nie. Jy's die een," sy het geweet haar glimlag is vreugdeloos, "wat met kwalik onderdrukte irritasie praat van die Venter-waentjies wat mense nie wil afhaak nie."

"Vir seker. Maar ek weet ook letsels bly, al is die seerkry verby. Dis 'n corny vergelyking, maar nes sekere weersomstandighede soms ou wonde gevoelig maak, so ook met ons psigiese seerplekke, en jy weet dit. Jy hoor iets in die verbygaan, sien 'n ou man op 'n roltrap, 'n toneel in 'n fliek, wat ook al, and there you go. Dieselfde ou storie."

Voor sy haar kon kry, het die trane geloop. Dit was 'n verligting. Eers toe sy klaar gehuil het, en nie andersom nie, kon sy vertel wat gebeur het. (Sy dra altyd tissues in haar sak. Asof die gebruik van sy boks, "toevallig" strategies geplaas, haar onderskei van sy ander kliënte.)

"Wil jy my nie vertel wat gebeur het nie?"

"Eintlik niks. Ek het iets gesien, dis al. Iets triviaal."

Marko se hand soek teen sy hemp. Dis 'n verfrommelde pakkie sigarette wat hy uit sy hempsak haal: "Gee jy om?"

Hy weet tog by haar kan hy rook soveel hy wil, het sy geïrriteerd gedink. Sy's 'n oud-roker, sy verstaan. Sy weet ook dis iets wat hy, wat pas 'n drie-uur-

University of Cape Town

sessie met 'n dreigende selfmoord gehad het, nie met een van sy ander kliënte doen nie. Sy knik, natuurlik: "Dit was verlede week, ek het gaan kos koop. Shopping and the single girl." Sy weet sy sê dit met haar aangeleerde glimlag. Die een wat sy kan aan- en afskakel. Die een waarop hy haar nou-nou gaan wys as sy nie pasop nie.

Sy rus haar kop teen die sagte leer van die stoel se rug. Leer is neutraal, sê niks.

Die dogtertjie, nog nie in die skool nie, buk om iets wat sy laat val het op te tel. Dit het onder een van die winkelrakke ingerol. Met dié skuif haar rokkie op dat Janie die wit nylonbroekie sien, die klofie gering sigbaar deur die dun materiaal. Op die vel van haar bobeen, net onder haar boud, sit die broekrek se pienk merk. Nie besonder prominent nie, dis net dat haar vel vergelykenderwys uitermate glad en fyn is. Sy kom regop, vee die krullerige toutjies wat uit haar Alice band gespring het uit haar oë. Op haar kroontjie is haar hare gekoek. Dit laat haar weerloos lyk, asof sy eintlik nog knus toegemaak moet slaap. Wanneer sy opkyk na haar ma, haar hand met die verlore dingetjie trots uitgestrek, is haar oë wyd en suiwer.

Terwyl Janie dit onthou, hoor sy Marko se dogtertjies in die tuin. Een gil terwyl die ander een haar, so klink dit, terg. Die Weimaraners blaf om die kinders. Sy stel haar dit voor, die honde en die kinders in kringe onder die plataan. In die kombuis is Marko se vrou seker besig met aandete. Petite en blond, soos die meisietjies. Dit lyk of sy nooit haar stem verhef nie, haar gedagtewêreld skynbaar so net soos haar huis.

"Ek weet jy sal nou vir my sê dis projeksie," hervat sy. Maar die kind se kwesbaarheid het soos 'n ope uitnodiging gelees. Enigiets - enigiets - kan gebeur. Ek wou haar gryp en sê pasop; haar ma, wat besig was om te faff met die baba in die trollie, waarsku." Die ou paniek het soos 'n hand toegemaak om haar keel. Sy't vergeet wat sy in dié gangetjie wou hê, omgedraai en gevlug. Die mandjie vasgeklem.

University of Cape Town

Marko se kat, Nugget, spring op haar skoot. Sy oë is die kleur van winterlemmetjies. "Jy kan maar die mandjie los," troos hy. Sy maak haar oë toe. Dit is wel so: hier is sy veilig, word sy vasgehou, no strings attached. Die kat se vag is glad en sag. Dis goed om iets te hê om te streel.

"Dis verweef in die karos van herinneringe, Jaan, jy weet dit mos."

Die klop aan die deur bring haar terug, sy vlieg op, vat na haar hare: "Binne." Dié vrou se bewegings, soos haar manier van praat, is in die mineurtoon. Dit kan ontsenuend wees. Selfs 'n donderslag, soos gister, is met sereniteit bestryk: "Haai, Hanna, hoe gaan dit?"

"Goed, dankie. En jy?"

"Ek was groots op jou gister. Dit was nie vir jou maklik nie, was dit?"

Hanna skud haar kop: "Die ander het my gehelp. Ek weet ek sal hulle, wel, die meeste van hulle, waarskynlik nie weer sien ná ek hier uit is nie, maar hulle het in dié tyd, veral gister, nader aan my gekom as sommige mense wat ek al jare ken."

Verkeerd. Sy sál hulle, of van hulle, waarskynlik weer sien. Baie hou agterna kontak met mekaar. Kan nie anders nie. Dié groep het 'n interressante dinamika; dis hoekom sy hulle hul gang laat gaan, minder leiding gee as gewoonlik. Wat meer is, in Hanna se lewe is daar ook te veel stiltes en allenigheid, sy sal moet uitreik. Miskien by die AA aansluit. Name en nommers hê om te bel. In dié stadium dink sy dalk nog sy's anders as ander mense by die AA; sy sal ontdek sy's nie.

Sy onthou die eerste AA-vergadering wat sy as gas bygewoon het, sy het pas gekwalifiseer as terapeut.

Dis nog nie sewe-uur die oggend nie, 'n Dinsdag, toe sy buite die Rooms-Katolieke kerk in Buitenkantstraat stilhou. In die skemer het die groepie - agt, nege, sy't nie getel nie - 'n laaste sigaret op die trap na binne staan en rook. Hulle het geskerts, gisteraand se nuus op TV uitgeruil, party het mekaar met die groetslag gedruk, een het vir die ander 'n boek teruggegee.

University of Cape Town

Hulle is nie onvriendelik nie, maar van die oomblik dat sy haar motordeur enkele meters van hulle oopmaak, uitklim en sluit, is sy die buitestaander. Haar bloed het nie en sal ook nooit met hulle s'n in 'n verbond van gedeelde donkerte versny nie. Al lees sy elke sielkundige handboek op aarde oor middelverslawing, al luister sy maand na maand na eiesoortig eenderse verhale. Sy sal nooit in haar vesels voel hoe dit is om oor en oor en elke keer dieper in te waad in die waters van geheueverlies nie.

Die meeste van hulle is gewone mense op pad werk toe. Tweemaal 'n week doen hulle eers net hier aan, soos ander mense eers stop by 'n gimnasium of 'n gebedsgroep.

Die vergadering word in een van die kantore van die kerk gehou. Almal skuif in om 'n lang ou houttafel, een wat kan doen met bietjie olie. Rondom is twee wit plastiektuinstoele, die res regop houtstoele; die leersitplekke gekraak en pap. Tessa, Max, Peter, Colleen. Hier het jy nie 'n van nie; jy hoef selfs nie eens jou regte naam te gebruik nie. Wat jy buite hierdie vertrek doen - wie jy is - is van geen belang nie.

Net een lyk soos sy haar voorgestel het alkoholiste lyk: sy ligroos gesigvel afgerem en donkerder pers na die punt van sy neus; fyn violet spinnestrepies wat oor sy wange kruip. Sy outydse goueraambril, soos sy tande, lyk of dit iemand anders s'n, iemand groter s'n, is. "April is the cruellest month," is hoe hy sy bydrae later sou begin.

Langs dié oubaas sit 'n Romeense werktuigkundige, Xander, in 'n trui en jeans. Hy vertel hoedat hy sy vrou, wat hom oplaas uitgeskop het, en sy dogters mis. 'n Spiertjie pluk-pluk in sy regtermondhoek. 'n Vrou in 'n liggrys sweetpak haas haar na die ander in: haar jongste se skooldas was weg en hulle moes eers 'n ander plan maak. Daar is 'n ma en 'n dogter; sy kan die name nie onthou nie. Hulle sit aan teenoorgestelde kante van die tafel. Die dogter se vel bruinpers met akneemerke tegelyk opgehewe en ingesink; die vingers van die ma dra rookmerke soos ringe.

Sy word voorgestel as "Janie wat nie 'n alkoholis is nie".

University of Cape Town

Hierop, soos 'n inkantasie, prewel die eerste man: "I'm Anthony, I'm an alcoholic."

Ek is. Ek is 'n alkoholis. Al het jy twintig jaar laas drank geproe, is dit leisels waaraan jy steeds vashou.

Hulle praat ongedwonge en onverleë, hulle wat weet hoe voel die binnewande van 'n kloaak onder vingerpunte, hoedat dit ruik. Niemand oordryf of wys af of sê iets vir die effek nie. Hulle is nugter. Sonder insinuasies, truuks, leuens, verwyte of verwondering.

"Ek moes soggens eers 'n paar slukke brandewyn neem om my hande stil te kry dat ek my bloes kan vasknoop," onthou die vrou in die netjies broekpak wat nou die hoof is van openbare betrekkinge by 'n groot versekeringsmaatskappy. "Saans voor die televisie aan die slaap geraak en my dikwels natgemaak daar op die bank, of in die oprit agter die stuur. Dat ek by die huis gekom het, is 'n Godsgenade. Ek wonder baiemaal of ek in daardie laat nagte nie mense doodgery het nie: gestamp en aangery, semi-bewusteloos. Geen ooggetuie nie. Sal nie weet nie. Nes ek nie toe geweet het hoe my man en kinders my in die bed gekry het nie."

Janie kyk na haar lippe: ingekleur en sorgsaam omlyn. Haar naelrieme welversorg. Duur horlosie. Highlights. Wat laat 'n mens van só diep, waar daglig nie meer deurdring nie, weer opkom na die lig?

Sy het toe al geweet dis by hulle wat sy - dalk vir die res van haar lewe - sal moet leer.

Hanna praat vinniger en ook meer as gewoonlik: "Leila het gisteraand lank met my gepraat. Dis of sy dit alles vir my in konteks help sit het toe sy vertel van goed wat in haar lewe gebeur het, sommer soveel," sy soek na die regte woord, maak 'n gefrustreerde handgebaar, "soveel gemors midde-in die tyd toe hulle Vlakte toe moes trek. Dit was nie asof sy wou sê haar pyn is groter as myne nie, nie daardie soort ding nie. Al ons drade, het sy gesê, loop saam 'vir die over-all tapestry'. Ek het dit nog nooit só gesien nie."

University of Cape Town

Janie knik instemmend: "Ek het nou die dag iets gelees van Alice Walker. Sy sê elke skrywer skryf die uitstaande dele van 'n ander skrywer se storie. Maar dis nie beperk tot skrywers nie; dis ook maar wat hier gebeur."

Aan die agterkant van die borduurwerk, as Leila se vergelyking dan waar is, loop die skuldgevoelens soos wegsteekdrade. Nie vir skou nie. Dis onvermydelik en goed en wel vir die onderbou van 'n werklike borduurstuk (dis tog seker logies, al het sy nog nooit 'n steek in haar lewe borduur nie), maar jou skuld moet jy iewers stort. Nóg 'n afhaak van 'n Marko-waentjie.

"As jy nie rêrig binne-in jouself jammer is nie, sal jou skuldgevoel nie weggaan nie," het Paul gereken. "Hy sal baie gedaantes aanneem, maar hy sal bly."

Faffa het nie saamgestem nie: "Nee, die ouens wat jy kwaad aangedoen het, moet jou eers vergewe."

Die groep het stilgeraak, asof niemand iets verder wou waag nie. Dit was Leila wat weer gepraat het: "A bit of thruth in both, maar ek dink nogals jy moet jouselwers vergewe."

Suzy het net geluister. Haar geslag dra veel ligter aan die boggel van eie en kollektiewe skuld. Jy sien dit in hul verhoudings. Dis ook hoekom hulle makliker die wêreld plat reis - sy't nou die dag gelees hoeveel jong Suid-Afrikaners in Londen alleen werk - afsaal, tentpenne inslaan en oornag weer lig. Die erwe van die vaders, gelukkige boggers, is nie hulle s'n nie.

Hanna het niks gesê nie. Ná sy vertel het wat in Stockholm gebeur het, het sy broos gelyk. (Iewers het sy haarself in die rede geval: "Dit het nie net gebeur nie, ek het dit laat gebeur.")

Dis hiernatoe waarheen Janie haar terugdwing: "Ek voel die Sweedse episode is nog nie heeltemal afgehandel nie?"

Hanna antwoord nie; vou haar arms om haar asof sy koud kry.

"Dis of jy 'n blinde kol het oor daardie Emil in die hele gebeure. Asof hy net die passiewe deelnemer was, bykans 'n toeskouer."

University of Cape Town

Hanna rits haar moulose baadjie toe, sy sê niks. Die handelsnaam op die baadjie se treklussie lees: *Out of the blue.* Toe Janie haar die eerste keer hierin sien, het dit haar opgeval. Dis seisoengebonde, anders as haar ander klere, die winkels is op die oomblik hiervan vol. Sy't 'n terloopse aanmerking gemaak. Sy't afgekyk, met haar hande oor die pluisstof gestreel: "Dis my seun s'n." Sy het tegelyk verleë en trots geklink. "Hy't dit vir my geleen." (Janie het daarna verwys as 'n "puffer jacket". Die Engelse noem dit "puffa", het sy haar reggehelp.)

Maar dis Emil, nie Wim nie, oor wie Janie nou por: "Dink jy nie hy het ook 'n aandeel hieraan nie? Hy moes darem van beter geweet het, dink jy nie? Jy was jonk, weerloos, vreemde plek, klein baba, duidelik 'n bietjie post-natale depressie as ek jou so luister." Sy wil haar kans gee om dit self in te sien, vir hom kwaad te word selfs.

Dis of Hanna haar gedagtes lees: "Ek hét kwaad geword. Toe hy dood is, toe Ville terugkom en vertel."

"Wat vertel?"

"Hy het gebly om vir Kristi te help om sy sake af te handel. Toe het hy gehoor dat die jong meisie wat haarself aan hom as 'n kollega van sy pa voorgestel het in werklikheid 'n lover was. Wel, sy was 'n kollega ook, ook 'n argitek. Hy het saam met haar gaan ski die naweek voor sy dood. "

Toe het Hanna besef Ville was reg. Sy pa was 'n gewoonte-minnaar, 'n naai-slaaf. Dit stimuleer en verdoof ook - daardie opbou en ekstase.

Tóé was sy woedend, saam met die skok, verlies, verwarring.

Janie verstaan nie heeltemal nie: "Was dit 'n ski-ongeluk?"

"Nee, sy eie pa, Ville se oupa, is glo op ongeveer dieselfde ouderdom aan beroerte dood. Emil s'n was 'n serebrale aneurisme. Nie baie lank na ons in Swede was nie, omtrent twee jaar. Dis hoekom Ville, anders as wat hy gedink het, tog weer vir Kristi gesien het. Hy was binne ure in 'n koma, Ville het gevlieg en by die hospitaal gekom, maar dit was te laat."

Die verhaal wat voor Janie afspeel, is oud soos die berg wat sy deur die venster sien. Ander name, plekke, modes, gesigte, dieselfde storielyn.

University of Cape Town

'n Maand gelede was sy met verlof in die Kruger Wildtuin waar ongekende reëns vroeër vanjaar geval het. 'n Krokodil het in die restaurant in Skukuza ingeswem. Die vlakvarke se stertjies soos periskope penorent sigbaar in die ruisende watermassa rivier-af. Op die walle van die Sabie en die Krokodil het die natuurbewaarder beduie sulke reëns kom maar eenkeer in 'n leeftyd, en verander elke keer die rivier se loop.

Soos verwante gegewe anders stroom en kalwer deur elkeen wat hier by haar kom sit.

Terwyl Hanna en Ville met Wim in Swede was, het hulle vasgesit oor Wim steeds op die bors was. "Hy't tog sekerlik nou genoeg van die goeie gehad. Kan jy nie sien hy bind jou, ons, nie? Ons kan saans nêrens gaan nie," het hy geprotesteer.

"Ek gaan hom nie hier speen nie. Nie in die vreemde nie. Dit sal vir hom, en vir my, sleg wees," het Hanna teëgestribbel.

"Hoekom het jy hom dan nie by die huis afgehaal nie. Jy't tog geweet ons kom."

Sy het nie geantwoord nie. Sy het ook nie begryp hoe hy, dol oor Wim, nie alles in sy beste belang kon doen nie.

Ville het soms saans op sy eie van die kans gebruik gemaak om films te sien wat mens nie by die huis kon sien nie, en Wim het aand na aand by Hanna op die bed, waar sy hom lê en voed het, aan die slaap geraak. Dikwels het sy saam met hom ingesluimer, en het Ville hulle so kom kry. Sy het nie wakker geword wanneer hy die kleintjie uittel en in sy eie bed sit nie. In haar slaap het sy, onbewus, haar rug op hom gedraai.

Haar skuld het soos 'n skim, wat net sy kon sien, tussen hulle ingeskuif.

Sy en Ville het min bymekaar geslaap, twee keer, as sy reg onthou. Sy't ontdek die spookpersoon los op ná 'n paar drankies vodka - 'n elikser sonder gesig, geur of reuk, eintlik ook sonder smaak. Dit het ook die eintlike Hanna, so het sy geglo, uit alle skaduwees uit laat opstaan.

Twee keer met Ville. Een keer met Emil.

University of Cape Town

Terug by die huis het sy paniekerig geraak. Somme gemaak. Herhaaldelik teruggegaan na die kalender. Getel, weer getel. Syfers was nog nooit haar forté nie. Gaan soek in die biblioteek om seker te maak sy werk dit reg uit. Te skaam om dit vir die ginekoloog te vra - sy behoort dít tog te weet, dis darem basies. In haar angs kon sy nie helder dink nie: borsvoeding is mos veronderstel om 'n natuurlik kontrasepsie te wees, is dit nie? Haar melk het minder geword, maar sy't verseg om Wim te speen. Hy't nog saans aan haar gedrink; partykeer ook as hy in die nag by hulle wakkerword. As een nog op die bors is, is 'n tweede tog onmoontlik op pad?

Wim was in sy protesterende tweede jaar, sy naar, naarder as ooit met hom. Ville besig om sy eie kantoor oop te maak, en nóg minder by die huis. Sy't op die bed gelê en suig aan gemmerbeskuitjies gedoop in die koppie bitter, swart tee op die bedkassie.

"Wat ek gedoen het, het my toe eers ten volle getref. Ek weet nie wat die ergste was nie: die moontlikheid dat ek dalk swanger is met Ville se pa se kind, of die onsekerheid.

"Toe ek verwag, kon ek nie, wou ek ook nie, drink nie. Dit was eintlik maklik, want dit het my naar gemaak. Maar daarna." Sy sug effens. Maak 'n handgebaar asof sy 'n onaangename gedagte wil wegvee. "Alkohol is tog aanvaarbaar. Oral beskikbaar; moeiteloos. Dit dra ook minder van 'n vraagteken as om 'n voorskrif vir kalmeerpille of anti-depressante of wat ook al by die apteek te gaan haal."

Op Janie se lessenaar lui haar selfoon. "Jammer, "sy staan op, "ek het gedink ek het die ding afgesit." Sy maak die foon stil, sit dit in 'n laai, kom terug na die bank, vies vir haarself. So iets kan 'n oomblik vernietig. Maar Hanna gaan eenvoudig aan, amper asof sy, Janie, nie daar is nie. Dis selde dat sy heeltemal versonke raak, sy's gewoonlik meer waaksaam. In meer as een opsig soos 'n jagluiperd.

Emil het nie weer Suid-Afrika toe gekom soos hy beoog het nie. Sy dood was vir Hanna aanvanklik 'n verligting, asof dit haar bedrog kanselleer het. Hy het nooit

University of Cape Town

vir Anja gesien nie, buiten op foto's, en Hanna het ook nooit vir hom gesê sy vermoed hy is die pa nie.

Nie een van hulle twee het ooit weer, nie eens tussen die lyne, verwys na wat tussen hulle gebeur het nie. Immers in hul woorde kon hulle dit uitsny. Sy't altyd bly hoop haar gedagtes sou dit eendag nadoen. En alles, het sy geglo, tel in haar guns. Soos die afstand en kontras tussen hul onderskeie wêrelde.

Ná Anja se geboorte het sy beter gevoel as ná Wim s'n: "Dit het met my, met ons, goed gegaan. Dis in dié tyd dat ek die ontwerperskompetisie gewen het, finalis was vir 'n ander een. Onderhoude, meer werk. Maar die vals glans van daardie wêreld het my nie aangestaan nie. Ek dink ek het intuïtief geweet ek moet nie daar heul nie. My eie leuens is genoeg vir 'n leeftyd."

"Vertel my, die klerebedryf is 'n wêreld waarvan ek min weet."

Wrang laggie: "Ek dink nie jy wil weet nie. Hier word jy met dieselfde fanfare opgehemel as wat jy gekruisig word. Nyd loop dik. Voorkoms is alles. Ek kon ook net nie insien hoe ek vir die res van my lewe sou kon cope met die baie mense wat lewe van kokaïene en tandepasta nie."

Hanna vryf afgetrokke oor die hand wat seergekry het. Vanwaar Janie sit, lyk dit soos 'n merk op 'n landkaart. Mense se hande lieg nie. Naels tot in die lewe afgebyt. 'n Trouring wat afgehaal en aan 'n ander vinger gesteek word. Die handvel meer verweer as die gesig. 'n Hand wat die eerlikheid van die mond toemaak.

In daardie tyd het Hanna se suster, Karien, op 'n dag vir haar kom kuier. Karien was 'n musiekonderwyser in die Paarl; haar man, Kallie, 'n laerskoolhoof op dieselfde dorp. Hulle was aktief in hul gemeenskap. Karien was die voorsitter van die plaaslike VLV. Kallie van die Round Table. Albei het gewerk vir die kerk en skool: basaars, pretlope, jeugkampe.

"Daardie spesifieke dag was die mans nie by nie. Sy't kolwyntjies vir die kinders gebring, en Wim wou weet hoekom ek nie ook sulke papierkoekies kan bak nie."

Terwyl Hanna vir hulle tee gemaak het, het Karien deur die huis gedwaal. Nee, het Hanna gedink, moenie, dis te privaat, dis nie op skou nie. Maar sy't

University of Cape Town

stilgebly; dalk is dit 'n suster veroorloof. Alles wat Karien gesien het, was vir haar "mooi" en "interressant". Sy was so kinderlik eerlik Hanna het skaam gekry oor haar eie irritasie. Sy wou telkens weet waar kom dié of daai vandaan? Later, terwyl hulle tee drink, het sy in 'n ongewone oomblik van eerlikheid tussen hulle bely sy's jaloers daarop dat Hanna so haar eie mens is: "Jy is anders. Nes jou huis, jou man en jou kinders. Julle het almal 'n eie, ag, ek weet nie wat om dit te noem nie, sê maar etiket. Ek maak net sin binne die groep mense wat eintlik maar almal nes ek is. Selfs ons huise lyk die hele lot van binne half eenders."

Karien het so ongelukkig gelyk Hanna het voorgestel sy maak vir haar 'n kledingstuk, iets om haar op te beur. Iets wat anders is. "Dit was die eerste keer dat ek iets vir haar gemaak het, haar gemeet en laat pas het. Dis jammer dit het nooit weer gebeur nie, nie tot hulle weg is nie. Toe't ek vir haar 'n winterjas gemaak om saam te neem; mens moet mos 'n jas hê."

"Die bordjies tussen julle is eintlik toe al reeds verhang, is dit nie? Jy het altyd gedink sy is die een wat die pas aangee."

"Ek weet nie. Ek weet wel die flip side van anders wees, soos sy dit genoem het, is eensaamheid. It comes with the territory. Maar dit het ek nie vir haar gesê nie."

Ekself sou dit nie beter kon stel nie, dink Janie. Sy't lankal die handboekdefinisies van alkoholisme vergeet. Die plek daarvan is ingeneem deur dit wat sy elke dag sien: die rou en onverwerkte gevoelens van allenigheid vervleg met gesofistikeerde neuro-chemiese bedrywighede. Dis 'n dodelike samedans, wat selfs wilder afmetinge aanneem met 'n suiplap van 'n ma of pa agter die verhoog.

Hanna gaan aan: "Karien het Anja daardie dag opgetel en met haar gesels soos mens nou met 'n baba maak. 'Na wie lyk jy dan, jong? Na jou pa? Nee. Na jou boetie? Nee. Na jou ma? Miskien, hierdie reguit ou neusie van jou. Sê ek lyk na myself, tannie, dis na wie ek lyk!'

"Sulke aanmerkings het my altyd geruk."

"En na wie lyk sy?"

University of Cape Town

Hanna glimlag: "Wel, Karien was reg. Sy lyk na haarself. Sy is so 'n eiesoortige een. Sy's lig, soos Ville - en sy mense."

"En weet sy?"

"Nee. Hoe kan sy? Ekself weet nie eens nie."

"Al manier hoe jy ooit kan weet, is as jy Ville betrek met bloedtoetse. Sien jy daarvoor kans?"

Sy het klaarblyklik self reeds hieroor gedink. Haar antwoord is vinnig en beslis: "Nee. Ek weet dit kan my verlos, maar ek wil nie eens dink wat dit aan Anja sal doen nie."

Janie is bly die sessie is oor.

In 'n tyd voor die laaste biologiese en historiese besonderheid noukeurig op rekord geplaas is en ook omdat haar biologiese ouers sowel as haar aanneem-ouers Jehovagetuies was, is sy toegedraai in 'n kombers (inderhaas gekoop langspad, het sy gehoor) en met 'n paar klaargemaakte bottels weggery van die plek waar haar ma 'n dag tevore aan haar geboorte geskenk het. Sy was 'n skooldogter; hy 'n skoolseun.

Sy lewe 'n soektog. As sy haar nie betyds in die bek ruk nie, skat sy keer op keer die tekstuur van die nekvel, weeg die ouderdom van die hande, ontleed die werklike haarkleur en soek na 'n trek wat sy uit haar spieël sou herken in elke vrou wat sewentien jaar ouer as sy is. Elke man, amper afgetree, in die tou by die bank, agter die stuur van 'n Mercedes of op die sakeblad van die koerant, is haar pa.

En terwyl sy speur met die een oog probeer sy die ander een blind hou vir die kiekies in haar kop van haar papierma en papierpa. Soos 'n seeperdjie sien sy met elke oog iets anders.

University of Cape Town

Sewentien

Die fliek is nog nie kwartpad nie, toe Dirk uitloop.

Hy het onbeplan opgedaag en 'n kaartjie gekoop vir die eerste film wat volgende sou begin. Die buitenshuise waterverftonele draal van raam tot raam. Binnetonele rol ewe tydsaam in skemerte; die skaduwees van bonkige, donker meubelstukke wiegel teen mure. Die minnaars tas deur laag op laag klere. Knope en lussies is ingewikkeld klein. Kerse en lampe brand geduldig. Wanneer eers die vrou se borste en dan die man se laerug en boude verskyn (vir wat altyd die vrou van voor en die man van agter?), suig dit die laaste bietjie lig op, soos sponse. Mure, meubels en klere verdwyn agter die blanke rondings - handevol creme fraiche vars van die plaas. Hy self sou nou met 'n Tarantino kon doen.

Daar's nie eens tien mense in die ouditorium nie; dis in die middel van die Saterdagmiddag. Hy hoef goddank by niemand se bene verby te skuur nie.

Die foyer is verlate, buiten die drie Ster-Kinekor werknemers by die lekkergoedtoonbank. Die broek van die twee seuns wat oor die toonbank hang, blink op die sitvlak, die plekaanwyser-onderbaadjies van mock-fluweel vandag triester as gewoonlik. Jy merk dit nie so as hulle besig is tussen die fliekgangers in die foyer nie. Die een trek bubble-gum drade tussen sy tong en vingers; die ander een deel 'n sigaret met die vrou agter die toonbank. Haar hare is dieselfde rooi as op die boksies wine gums gepak in 'n piramide agter haar. Sy sit kruisbeen op 'n kroegstoeltjie, haar ski-pants vasgesuig aan haar middeljarige bene.

Seks beland mens in die stront. Hulle weet dit seker nog net nie. Hy stel hom voor hoe sy vir hulle ruik: jare se sigaretrook en goedkoop chemiese haarkleur (en wine gums?) tot in die pantie en bra ingetrek. (Sulke vroue, vermoed hy, dra goedkoop nylonpanties.) En iets sonder naam, iets wat praat met hul testostoroon. Vir eers voel hulle dalk veiliger by haar as by die girls van hul eie ouderdom.

Hy loop in by die naaste koffiewinkel. By die glaskas met koek stop hy. Hier moet jy wag tot 'n tafel vir jou aangewys word. "Smoking or non-smoking, Sir?" Dié een se donker dye is slank, haar noupassende broek klok met elke

University of Cape Town

tree om haar hoë enkels. Sy beweeg soos 'n danser, sonder die tien-oor-twee-voete. Mooi. Volmaak eintlik, maar hovaardig. Sy stap voor hom uit. Die boodskap van haar regop skouers onverbiddellik. Met die terugdraai na hom is haar glimlag kil, die hand wat beduie bleek: "Die rokersgedeelte; kies enige tafel. Ek stuur 'n kelner."

En jou moer ook.

'n Indiërkelner, 'n ouer man, bring vir hom 'n spyskaart, groet hartlik. Dirk wys dit weg; nie vandag nie. Toe hy registreer wie dit is, vra hy verskoning en wissel 'n paar woorde. Net koffie, swart, asseblief. Dié plek se koffie is altyd vars. Dis 'n substansiële koffie, dik soos die vrou nou die aand gesê het. Hanna, haar naam was Hanna. Hy't hulle al hier gevra na hul koffie, maar hulle wil nie sê nie. Kan hulle ook nie blameer nie.

Vir 'n oomblik sien hy haar weer: die stilte van die dun hande - hy het die letsel gesien; jy kan dit nie mis nie - die enkele ring van silwer, witgoud of platinum. Die onbewoë manier hoe sy jou kyk. Die rustigheid is eg; dit word weerspieël in haar eenvoudige klere, haar hare en haar stem wat sag is. Maar daaronder is nóg iets; hoekom anders sou sy dan by die kliniek wees. Hy wonder wat dit is.

Dis stil in die koffieplek, die middag luier in sy tussentyd. In die rokersdeel is daar net nog twee ander mense, twee mans. Die een, geffekteerd en ouer, praat luidrugtig op sy selfoon, rook met die hand wat sy uitroepe beaam. Sy maatjie is sigbaar geïrriteerd. Dié se oog vang Dirk s'n.

Van nou af kan ek weer sit waar ek wil. Dis 'n vreugdelose vooruitsig.

Ter wille van Nadia wat nie rook nie, het hulle altyd die nie-rook deel gekies. Dit het hom nie gepla nie; hy rook min genoeg. Nie eens ses op 'n dag nie, party dae dalk net twee. Nogtans het sy gekla: "Dit kom sit in my klere, en dit laat my hare ruik. Selfs ons kussingslope ruik. Vir wat kick jy dit nie, dis nie asof jy 'n kettingroker is nie?"

"Presies. Dis vir my lekker. As dit werklik vir jou so 'n probleem is, sal ek nie rook as ons saam is nie. Dis nie 'n issue nie."

University of Cape Town

Daardie oggend is sy weer puur ler: romerige vel, wenkbroue strepe steenkool. Haar oë so donker jy kan pupil en iris skaars onderskei. "Ek sal jou ook nooit verstaan nie," glimlag hy terwyl hy die sigaret terugglip in die pakkie langs die bed, "want soms rook jy lustig saam."

Hy trek haar nader, sy kom gewillig, rol laggend bo-op hom: "Aha, só lê ek jou plat!"

"Maar nie vir lank nie."

"Ek kom so agter," fluister sy naby sy oor voor sy liggies aan sy oorlel begin knabbel. Eers haar tande, toe haar tong en vir die derde lekker die lippe. Met haar mond masseer sy sy oor, skuur haar bekken ritmies teen hom terwyl hy die stuwing van bloed in sy onderlyf geniet. Meteens kom sy orent, handeviervoet oor hom, los hom net so. "Hardly, Dirklam, ek rook net as ek partytjie," tart sy voor haar mond hom verder, laer, loop soek. Die son val van agter deur haar bene op hul bed. As 'n blom swart kon wees, sou dit seker só kon lyk. Hy stoot die vingers van sy een hand deur die skurwe kroon op soek na die klam, gladde kelk. Die ander hand kom terug, dié een is vir hom. Hou dit by onder sy neus, maak sy oë toe. Nee, allermins 'n blom. Hy ruik gis.

Hy vat na sy sigarette by dié onthou.

Nadia kon met kinderlike oorgawe partytjie hou, uit haar hart uit. Dis waar hy haar die eerste keer gesien het. Soos kwik tussen die mense. Hy kon haar nie corner nie: die kind met die bos hare in 'n poniestert, inkswart soos die liewehere haar dit gegee het. Sy't later die aand met 'n meisie gedans en haar kort toppie het opgeskuif, haar naeltjie bo haar hipster 'n oog wat wink. Hier was haar vel net so lig, dit het hom geroep, die gladde strokie room skrams bo die ritmiese onderlyf. In 'n stadium het sy gedans met 'n botteltjie Corona in die een hand. Af en toe het sy uit die bottel gesluk. Haar mond om die kop van die bottel, die manier hoe haar vingers die glas vat.

Heelwat later die aand is hy ook op die vierkantjie dansplek ingedruk tussen die mense wat in aparte ritmes en patrone, of elkeen 'n eie musiek hoor, teen mekaar stamp. Só 'n dansplek laat hom meer alleen voel as enige ander plek op aarde. Maar hy weet, terwyl hy die mense om hom ruik, sy tong sou haar

University of Cape Town

proe voor die son opkom, eerste daai lintjie lyf wat in die lig van die strobes kom en gaan tussen die jeans se swart gordel en die soom van die skraps, lawwe hempie.

Niemand lag soos Nadia nie. 'n Tinktinkie, sou hy dink, en met sy kop in haar nek, waar die voëltjie woon, wegraak.

Die moer in is makliker. Minder seer.

Sy is besig om vanmiddag, nou, uit te trek. Dis hoekom hy kom fliek het. Dis hoekom hy die hel in is vir haar, oor haar impulsiwiteit. Hulle het die ding nie eens behoorlik deurgepraat nie. Ook oor haar dubbele boodskappe. Toe hy haar groet, keer sy die hele donnerse ding om: "Is jy OK, Dirkie?"

Hy het nie geantwoord nie. Omgedraai dat sy nie moet sien nie.

Agter hom het haar warm stem hom gesoek.

Die tong is net 'n spier, het hy homself gedwing om te dink, die stembande nóg spiere. Hy't steeds niks gesê nie.

"Ek sal in pop vanaand, maybe kan ons net..."

Hy't haar nie kans gegee nie: "Asseblief nie. Los my net uit."

'n Onverkwiklike afskeid. Hoe lank was hulle bymekaar? 'n Bietjie meer as twee jaar, was dit al amper drie?

Sy't al voorheen haar goed gevat en geloop. Twee keer, maar elke keer weer teruggekom. In die nag, terug na hul bed, wanneer ook sy weerstand slaap. Dié keer, weet hy, is dit finaal. Die einde sit in homself. Buite die bed het die verhouding nêrens gegaan nie. Hy't die gevoel gekry sy ding met hom mee. Relax, het hy gepaai, ons is nie mededingers in 'n wedloop nie. Ja, maar sy's ook agtergeblewe, sou sy neuk, met a lot of catching up to do.

Nee, dis nie dit nie, dis die ding oor die kind.

Eenkeer toe hy voel, amper te laat, vir 'n kondoom in die pakkie in die bedkassie, was dit leeg. Onmoontlik. Sy het skuldig gelyk. Hy't opgestaan, die boodskap van sy woede nog nie heeltemal deur na sy ereksie nie. Hy't verneuk gevoel - die bons in sy penis met elke tree kombuis toe vir koffie ongevraag. Sy's oneerlik. Met die uitloop by die kamerdeur het hy gesien hoe sy vat aan haarself: dringend, nukkerig. Dié keer het dit hom koud gelaat.

University of Cape Town

Sy gedagtes word onderbreek deur die jong man van die ander tafeltjie. Sy tafelmaat klets steeds op die selfoon. Hy begin in Engels, maar dis duidelik nie sy eerste taal nie: "Sorry to bother you, do you have a light for me?" Sy oë sit te na aan mekaar.

Hierdie moffies wat ook fokol aanvoeling het vir 'n ander mens se ruimte. Hy slaan sommer oor Afrikaans toe; probeer nie te kortaf klink nie: "Natuurlik, help jouself. Bring dit net terug."

Skielik is die kind verbouereerd. Dis nie waarop hy gehoop het nie. Dirk weet. Hy wou hê hy moet die sigaret vir hom aansteek, dis 'n ou een. "Toevallig" sy hand raak, hom merk met die oog. Jy sal jou taktiek moet opskerp, dink hy. Ou Selfoon, seker bedreig toe sy lammetjie wegwei, knip sy gesprek net daar kort.

Toe hulle uitloop, mince die ouer een vooruit. Die ander een waai in Dirk se rigting. 'n Onseker, pap gebaar. Hoe depressing. Die jag is so lekker, die vangs so 'n fokop.

Sy koppie word aangevul. Dis 'n goeie kelner dié: hy lees sy klante en weet presies wat elkeen in die register van goeie diens verlang: onberispelike, koel professionele aandag; hartlikheid; komplimente; geselsies tot, as dit dan nodig blyk te wees, subtiele flirtasie. Jy gee hulle alles nes hulle dit wil hê, maar kruip nooit gat nie. Hy's al oud, oor die sestig, hy weet. Hy en Dirk gesels soms; nie vandag nie. Hy bring die middagkoerant wat op die toonbank lê. Sonder dat Dirk daarom gevra het, sonder 'n verduideliking.

Toe Dirk opkyk, staan Jaco in die ingang. Sal hy of sal hy nie? Maar voor hy kan besluit - dis nie presies wat hy in gedagte gehad het nie - sien Jaco hom en kom glimlaggend op hom afgestap; die hoogmoedige maître d' het nie 'n kat se kans om hom te keer nie. Hy praat van ver af; sy treë soos altyd lank en energiek. Hy lyk anders. Sy hare is heelwat korter (die kaal inhamme op sy voorkop minder opsigtelik) en hy't 'n dagoudbaard, die soort wat spreek van nougesette aandag en nie luiheid nie.

"Jis jis, dis nou 'n verrassing, man," hy trek ongenooid die stoel teenoor Dirk uit. "Mekaar seker 'n halfjaar laas gesien, hoe's dinge?"

University of Cape Town

"Nee, goed, en jy? Die nuwe baard, is dit 'n nuwe girl?"

Jaco maak 'n driftige gebaar met sy kop en skouers; ander mense sou net hulle hande gebruik het: "Jy maak seker 'n grap, ou Frederik. Nee wat, twee-en-veertig en ek het besluit te hel hiermee. Ek het nou die helfte van my lewe bestee aan rondhol agter vroue se ovaries aan, nou's ek klaar. Om nie te praat van die helfte van my geld nie." Jaco swaai om in sy stoel, wink die kelner nader. "Wat sal dit wees? Lus vir 'n dop?"

(Jaco is die enigste mens wat ooit vir hom Frederik sê. "Hoekom nie, mooi boerenaam, man," spot hy. "Ons moet vashou aan ons wortels, Frederik en Jakobus, anders gly ons in sulke KY-jelly name in. Goed soos Dee en Jakes.")

Jaco onderbreek homself nou net om twee Heinekens te bestel. Ná al die jare hoor jy steeds die plaas in sy praat. Ondanks die kosmopolitiese snit van die hare en die trui ongeërg oor die skouers, het die stad se vernis nog nooit rêrig aan hom kom sit nie. Dirk het baie tyd vir hom; jy weet wat jy aan hom het. Hulle ken mekaar van hul BA dae op universiteit waar hulle saam in dieselfde plek loseer het. Baiemaal dieselfde meisies gevry. Saam Jaco se pa se motor sleg gestamp en skelm met hul beursgeld laat regmaak. Nie een van hulle het, soos aanvanklik beplan, onderwyser geword nie.

"Vroue is verward, het ek nou finaal besluit," Jaco is so vurig soos altyd, maar Dirk merk tog 'n moedeloosheid wat nuut is. Hy weet nie wat te fok hulle wil hê, stu hy voort. Sy teorie is dat hulle hul onsekerheid op mans projekteer. Hy's gatvol vir die wedywering en die verwyte en die blaam wat aan mans toegedig word vir alles wat verkeerd gaan op aarde. "Om my nuwe maagdelikheid te vier het ek die nuwe Alfa gekoop, lieflik, man, lieflik. Die 156, lekker nippy."

"Die twee liter of die twee-punt-vyf?"

Dirk beny Jaco sy kinderlike entoesiasme en moet lag toe hy beduie hoedat die rondings op die dash-board bokant die toereteller en die speedometer lyk soos vroueborste.

"So jy's eintlik maar terug by square one?"

"Nee, dié lyk altyd dieselfde - ís altyd dieselfde - en kry ook nie PMT nie." Weer die onrustige gebaar. "Maar hoe gaan dit met jou, man, en met Nadia?" Hy

University of Cape Town

grinnik, suurderig, sy motor van die jaar (laasjaar in Suid-Afrika, het hy Dirk herinner, die vorige jaar in Europa) klaar weer agtergelaat: "Miskien is julle die uitsondering. Die happily ever after soort."

"Nogal nie." Hy weet nie presies hoe om aan te gaan nie. "Dis nou geskiedenis, wel jong geskiedenis, maar geskiedenis." Hy kan homself so ver kry om haar naam te sê nie.

Jaco is opreg verbaas: "Jy speel, man."

Teen die tweede bier is hy selfs eerliker: "Moet my nou nie verkeerd verstaan nie, sy's 'n moerse nice girl en alles, maar ek het nooit eintlik gedink julle pas bymekaar nie." Hy probeer troos. Dirk laat hom begaan. "Te oppervlakkig."

Dirk laat hom nie vir 'n derde bier nooi nie. Dit sou 'n resep vir volslae melancholie wees. En al bedoel Jaco dit goed, hou hy nie daarvan dat hy Nadia so sit en dissekteer nie. Hy stuur die gesprek terug na die nuwe motor. "Die handvatsels op die agterdeure is versteek sodat jy die gevoel het van 'n tweedeur-coupé," volg Jaco sy aanvoering.

"Jy dink nie dit het meer met 'n manlike menopouse te doen as met 'n klassieke Italiaanse ontwerp nie?"

"Ag, wie sal weet, wie sal weet."

Net voor Dirk aanstaltes maak om te loop, onthou hy. Hy moet Jaco vra. "Jy weet nie van iemand wat in die lente sou lus wees vir 'n stap in die Kruger Wildtuin nie. Een van daai wat ietwat koloniaal is."

"Van die Out of Africa soort wat die Amerikaners en die Duitsers soek?"

"So iets. Die kok, 'n swart een, kom gooi voor dagbreek vir jou warm water in die waskom buite jou hut en maak etes in die lapa terwyl jy saam met die veldwagters agter die renosters aan loop, ver van die ruskampe. 'n Paar van ons het 'n jaar gelede bespreek, ná ek een gedoen het. Nadia was nooit juis keen nie, en haar plek is nou natuurlik oop. Ek sien die een of ander minister was onlangs op een, so dit kan seker nie heeltemal on-PC wees nie."

Jaco grinnik snedig: "Jy's seker nie ernstig nie, Dirk? Dink jy vir 'n oomblik dié ouens hou minder van hul geriefies as Pik Botha en trawante? Jissis nee,

University of Cape Town

we've come full circle. Nogal 'n verligting, is dit nie? Mandela se ideale wat mense soos tekste afgerammel het, al daai ou clichés, is oor en uit. Die hoendertjies kom huistoe. Maar vertel meer, klink soos iets waarmee ek kan doen."

Jaco lyk werklik geïnterresseerd, totdat hy die datums hoor. Hy is dan vir sake in Europa: "Tough, maar ek sal hoor. Beteken dit die een moet ook jou bed deel?"

"Verkieslik nie."

Toe hy terugkom by die huis, sien hy Nadia het nie alles geneem het nie. Prente, kombuisware, paar goed in die badkamer, die Romeense kelim in die voorportaal, 'n top en 'n pantie op die wasgoedlyn. In die agterplaas staan haar fiets. Sy sal dus terugwees.

Hy trek die foon uit, sit sy selfoon af en gaan lê op die bed. Toe hy sy hand onder sy kussing steek om sy lê kry, vat hy papier raak. Hy weet wat dit is voor hy die koevert uittrek en onoopgemaak in die laai van sy bedkassie gooi.

Hy vat sy kussing en loop lê op die bank op die sitkamer. Hy hou van dié enorme blou bank met die hoë rug en armleunings en drie kussings perfek gestop: nie te hard nie, nie te sag nie. Soos die bababeertjie se bed vir Gouelokkies, het hy eenkeer vir Nadia gesê.

Toe hy weer wakker word, is dit donker. Met oop oë lê en luister hy. Die stilte het 'n nuwe toonaard. Hy sal dit nou eers, weer, gewoond moet raak. Hy's verlig ook, dít kan hy nie ontken nie. Môre, dink hy, begin ek tuinmaak.

Sy sal ongetwyfeld by een van haar uitgebreide troep vriende wees, maar by wie? Hy's verbaas dat sy haar bedkussings, waarsonder hulle nie 'n naweek kon weggaan nie, gelos het. Sy's punteneurig oor haar kussings. Die een moet so pap wees dat sy hom kan dubbeld vou onder haar kop; die ander een effens stywer, want hom hou sy vas of druk dit tussen haar knieë. Hoe maak sy nou?

Toe hy weer aan die slaap raak, droom hy hy staan onder die skerp somerlig van die Swartland. Staan op die bult waar die grafstene van ligte marmer en graniet blink soos spieëls. Die grondpad vir die lykswa sny die

begraafplaas in twee, afgekamp met sipresse en bloekoms. Van hul toppe na hul voete word die bome al valer sodat die onderste stuk stam byna dieselfde kleur as die grond is. Sy ma draai om en kies sommer koers deur die mense, weg, nadat sy haar roosblare op sy pa se kis gegooi het. Hy kan die huil agter sy dasknoop nie meer inhou nie. Om hom is rompe en broekspype en skoene met stof op die punte. Hy is bang sy ma raak ook weg, soos sy pa, en hy begin hardloop. Sy skoene knars op die gruis. Toe sy hom hoor, draai sy om en maak haar arms vir hom oop. Haar sagte gesig teen syne (haar wange is nat), haar arms styf om hom, haar sterk heup. Dit sê alles.

Dis 'n droom dié wat hom besoek sedert sy pa se dood. Eers het dit hom ontstel - oor dit meer as net die verlies aan sy pa opklits - en hy sou lieg as hy sê hy't dit verwelkom. Maar dis lankal anders.

Dit kom wanneer hy moet kies. Dit klink die end van 'n besluit. 'n Verligting, soos Jaco gesê het, as die kring sluit. Hoop is 'n helse ding.

University of Cape Town

Agttien

Sommige films - *The sound of music* en *Tommy* en *Last tango in Paris* - is hoekstene van haar herinnering. Soos daardie huistoekom, meer as twee dekades gelede, wat nou ook soos 'n film in haar draai. Dié keer sien sy dit in groter detail as in baie jare.

Sy kan nie die presiese dag onthou nie, maar dit was 'n weekdag toe Ville haar en Wim, sewe dae oud, die kort entjie van die Mowbray-kraaminrigting hoofweglangs terugry Observatory toe.

Hy raak in die motor aan die slaap; sy handjies toegevou weerskante van sy wange. Af en toe, asof in 'n klein arabesque, strek hy 'n vingertjie, en elke keer is sy verstom oor die nael wat nes Ville s'n gevorm is, net in miniatuur. Die splintertjie skulp is nog half-deursigtig asof die proses wat eers soos 'n geheim in haar vermenigvuldig het nou aangaan vir almal om te sien. Die groei was meer robuust as delikaat, het sy besef toe sy hom die eerste keer vashou. Haar maag sit op 'n knop en tog, sy kan ook nie haar oë van hom afneem nie. Agter sy toe ooglede is 'n klein wiebeling van lewe. Sou hy droom van sy agtergelate waterwêreld?

Wrenschweg is uitgetap. Mense is weg werk toe. Nie eens 'n luggie wat roer nie. Selfs die son in en uit en verdwyn dan heeltemal agter 'n wolkevlies wat soos vuilgevatte perspex van die noordweste tussen haar en die hemel kom inskuif.

Hier staan die meeste motors snags buite - twee wiele op die sypaadjie; twee wiele in die straat - omdat min van die huise garages het. Enkeles, soos hulle s'n, het 'n oprit onder 'n prieël. Net twee van die losstaande huise, as sy dit reg het, het 'n eie motorhuis. Die deure van ou tannie Meyer s'n kan nie meer oop nie, omdat die sleutel lankal weg is. Sy't al "diederjare" vergeet wat agter die twee windskeef houtdeure met die hoë strokie ondeursigtige glas is.

Hanna het toe nog nie begryp hoedat mens jou so gelate van jou goed kan afskei nie.

Tannie Meyer is maar die meeste van die tyd by die huis. Daar's ook altyd iemand by die hoekhuis met die weird mense. En in die studentekommune

University of Cape Town

skuins oorkant slaap hulle tot middagete. Saans agtuur, nege-uur as jy hier verbystap, asem jy saam aan die soet, molme dampe. Oubaas Wrensch, die Duitse bakker wat dié stuk grond destyds langs die Liesbeek gekoop het om op te boer, draai in sy graf - hy en sy broer was gesiene mense in die gemeenskap. Ook as hy sien hoe die gebrandskilderde glas van die groot, gasvrye voordeur van die kommune met badkamerglas vervang is en die hout van die skuifraamvensters onder die nukke van die Kaap van Storms verweer en uiteindelik sal vrot. Die verwaarlosing van dié ou huis gee Ville die piep. Die onderdak-stoep loop om twee kante van die huis en is uitgevoer met terrazzo-teëltjies wat met elke nuwe jaar en nuwe sarsie studente verder tjip en nog sigaretbrandmerke bykry.

Ville laai haar en die baba net af, dan moet hy ook vort.

Toe hulle stilhou, neem sy sy hand in hare, druk dit teen haar mond. Sy maak haar oë toe, self onseker oor wat hy daarin sou kon lees. Woorde om na te soek is daar nie. Ook tussen hulle is dit 'n nuwe plek dié.

Hy gaan sit Wim in sy drabedjie (Karien se laaste kleintjie s'n) in die kamer wat hulle vir hom reggemaak het. Teen die een muur is 'n ietwat verbaasde sebra geraam. Teen die ander 'n alfabet: a vir 'n appel wat ter wille van die foto geboen is. Die tafel in die kamer is anders as die tafels waarop sy en Ville werk: dis snoesig, wit en gewatteer. Bo dit, van die plafon, hang 'n bewertjie wat hulle gedurende een van die laaste naweke gemaak het vir die baba toe nog sonder gesig of naam. Die halwe okkerneutdoppe met hul sneespapier-seile roei soetjies in die lugstrome van die vertrek met die hoë witgeverfde plankiesplafon. Vir eers werk sy seë sagkens met skippies van neutedop en papier.

Sy stel voor dat sy en Ville net gou saam koffie drink - die kleintjie slaap mos nou. Asseblief, toe. Maar dit kan nie, hy druk haar hand, hy's jammer. Hy moet binne 'n halfuur 'n kliënt by 'n terrein ontmoet. "Ek kom huistoe so gou ek kan," belowe hy. "Jy sal mos regkom, né?"

Dis 'n retoriese vraag, natuurlik sal sy regkom.

University of Cape Town

Voor hy haar kom groet, gaan draai hy weer 'n keer in die babakamer: "Hy lyk nes 'n regte mens, maar op kleiner skaal. Dis byna 'n bisarre gedagte. Dink jy ons was slim om so iets uit te dink?"

Sy gaan sien hom by die voorhekkie af. Waai toe hy wegry. Wag dat die motor se flikkerlig by die stopteken wegdraai waar hy liggies toet voor die stilte weer soos 'n koevert om die straat toemaak. Vir al wat sy weet, is sy nou die enigste asem.

Sy en Wim. Sy moet die naam nog gewoond raak: Wim. Vir die eerste keer maak sy die konneksie, en betwyfel vir 'n oomblik die keuse. Sê maar hulle spot hom eendag en noem hom Ajax, soos in Vim, of iets. Maar dis nou te laat, hy's klaar geregistreer. Boonop, dit het 'n soliede klank. Jy kan jou met Wim nie misgis nie. Jy kan dit sê in Engels en Sweeds en Duits en Spaans. En seker ook Xhosa, dink sy skuldig agterna.

Toe sy die voordeur agter haar toetrek, het sy nie die vaagste benul wat om volgende te doen nie. Dis die eerste keer dat sy heeltemal op haar eie met hom is. In die algemene kraamsaal was daar die ander ma's (en die uitruil van intieme detail aan iemand wie se van jy nooit sal weet nie en wie se naam jy klaar vergeet het) en die voortdurende suiggeluide van die verpleegsters se dienlike rubbersole op die linoleum. 'n Ongeduldige, haastige klank, maar ook vreemd gerusstellend.

Maar nou is daar niemand om te sê dis badtyd of drinktyd of ruil sy doek nie. Sy kyk op haar horlosie. Elfuur is een uur, twaalfuur twee, eenuur drie. Dis nou halfeen; nog 'n uur en 'n half voor twee-uur. As jy hom nader as vier ure aan mekaar voed, het die knap troep kraamsusters gemaan, gaan jy jou eie lewe ondraaglik maak, Mammie. Maar wat gebeur as hy voor dit wakker word en huil en nie ophou huil nie? Hoe weet jy of hy die vorige keer genoeg gedrink het? Sy maak vir haarself tee. Rooibostee, het hulle gesê. Sy haat rooibos.

Terwyl sy haar tee staan en drink, wonder sy of sy genoeg tyd sal hê om te bad. Want dis wat sy nou wil doen: lank en lui in haar eie bad dommel met haar eie lekkerruikgoed. In Mowbray was die baddens watergevlek en grof van ouderdom. Aan die begin in die kraaminrigting het sy sommer drie keer op 'n dag

University of Cape Town

gestort, net vir die warm verligting op die versteende seer goed wat eens haar borste was. Sou dit anders gewees as iemand haar gewaarsku het: dit gaan verdubbbel in grootte, Hanna. En die vroue met die epoulette wat die koorspen met militêre presiese skud, naderbring en terselfdertyd jou gewrig vasvat terwyl hulle vasberade afkyk vloer toe om die polsing van jou bloed soos sarsies skote te tel, gaan dit toepak met koolblare uit 'n koelkas tot dit lyk soos 'n beehive blarehut. En hoekom 'n koorspen, sy's mos nie siek nie?

Maar sê maar sy bad en hy huil en sy hoor hom nie? Tog, sy sien ook uit dat hy wakker word: om die speel-speel lyfie te koester, te koer, doek te ruil, te poeier, sy bekkie te sien plak aan haar tepel en die pluk daarvan iewers in haar bekken te registreer. Noudat die melk vloei, is die pyn verby en halfpad vergeet. Sy's verstom oor haar borste se funksionaliteit: waar word al hierdie melk gemaak en weer gemaak ad infinitum? Maar eintlik hoop sy hy bly slaap. Sy voel half bang. Eintlik, as sy moet eerlik wees, doodbang.

Terwyl sy haar sak in die kamer uitpak, word sy bewus van die stilte en sy los alles net so. Loop vinnig, drafstap amper, na sy kamer. Kyk stip na die kombers oor sy borskas om te sien of hy wel asemhaal, hierdie vreemde gesiggie so uitgelewer aan haar. Dít is die ergste: die wete as jy hom nou onder 'n bos loop los, gaan hy dood. Sy bring hom in sy drabedjie na hul kamer, sit dit op hulle bed. Sy mondjie roer en raak weer stil. Hy word nie wakker nie, en sy haal weer asem. Ná die badwater ingeloop het, sit sy die drabedjie in die deur van die badkamer. Nie te na aan die bad nie, sy weet nie of die stoom vir hom goed is nie.

Terwyl sy in die bad lê, luister sy na die huis. Dis dit wat haar netnou na sy kamer gejaag het. Dis steeds stil, asof sy steeds alleen is, maar dis ook anders. Vir altyd anders. Wat 'n verontrustende gedagte. Sy sit regop.

Oor die rand van die drabedjie roer die wit babakombers se wit reliëfpoppies en beertjies. Dis net 'n klein vroeteling, maar spel 'n ding vir haar uit: sy is ook gebore.

Dit weet sy, maar niks meer nie. Sy tap nog warm water in, maar bly koud.

University of Cape Town

Die doenwoord van oorlewing sal sy ken eers as sy die nuwe element waarin sy haar bevind, kan naam gee.

Die maklikste werkwoord herontdek sy met verdrag; byna toevallig. Almal kom kuier; val in. Haar en Ville se vriende het meestal nie kinders nie; baie wil nog eers reis en los loop, heelparty gay. Saam met hulle by die voordeur in kom presente en blomme en vonkelwyn gestapel en daardie bottel rooiwyn - die halfpadswart, verwarmende dop - wat al vir jare lê en wag vir só 'n okkasie. Wim word aangegee van arm tot arm, en asof sy en Ville 'n hengse prestasie behaal het, word glase weer en weer volgemaak en geklink. Sy kom agter dat hy heeltemal goed slaap met lawaai rondom hom. Ontdek ook dat sy vreemdheid afdop, saam met haar angs oor voedingstye en die regte interpretasie van elke huilgeluid.

Net die twee of wat keer 'n week wat dit voel sy gaan skeur by die nate - laatmiddag voor Ville by die huis is - skink sy 'n drankie, miskien twee. Vinnig en opsetlik. Dis 'n reguit doodeenvoudige leer op en uit na die lig. Jy merk die dwarslatte een, twee, drie vier soos jy die ure in Mowbray afgetel het op jou vingers. Borsel agterna jou tande. Spoel jou mond. Kam jou hare.

Dis wat sy nou alles onthou met die terugry huistoe van die kliniek saam met Nettie. Sy besef Nettie, wat haar by die kliniek kom haal het, het gepraat: "Jammer, Net, sê gou weer?"

"Die binnekant van die pastei is gaar, dis net die kors. Maar jy sal beter weet as ek hoe om dit te bak. Miskien moet jy 'n deel vries; ek het nou nie geweet Wim gaan nie hier wees nie." Nettie se man, Dolf, het bosluiskoors. Sy moet hom vertroetel en ook nog omsien na sy ouers wat by hulle kuier; twee brose oumense van die platteland. Sy kon darem 'n paar dae afkry by die werk.

"Dankie, waar kry jy nog tyd om 'n hoenderpastei te bak?"

"Was nie ek nie. Jy weet mos dis nie my departement nie, eerder joune. Ek het vir Miriam by die werk gevra. Haar tannie, haar antie Mymona, kook en bak mos so, ek het jou al vertel. Ek het sommer dat sy vir my ook 'n skottel

University of Cape Town

bobotie en 'n baksel koekies maak, goed waarvoor Dolf lief is. In die vadoek is 'n rosyntjiebrood."

Hanna vra na Dolf.

"Dis net so damn ironies, is dit nie? Mens het altyd gedink een van sy spinnekoppe gaan hom bykom en toe gaan hy byna dood van 'n bosluisbyt. Ons kan steeds nie dink waar hy dit opgetel het nie. Seker toe ons daardie naweek op Yzerfontein gekuier het, ons het lang stukke loop stap."

Nettie se man is 'n versamelaar van spinnekoppe. Een van die slaapkamers van hul huis (is dit die een waarin 'n kind sou bly?) is van die vloer tot by die plafon uitgevoer met hokkies van glas en fyn ogiesdraad en gaas. Dolf is 'n teruggetrokke man, en Hanna was verbaas toe hy haar die dag nooi om te kom kyk. Sy's met gemengde gevoelens agter hom aan. Mag mens, 'n grootmens, nog gril vir 'n spinnekop, of nog erger, openlik wys jy's bang? Nie net is dit sekerlik 'n teken van die een of ander vertraging in die proses van grootword nie, dis boonop nie polities korrek nie. Nie *save the spiders* nie. Maar hy lees haar gedagtes: "Toemaar, die meeste mense is maar skrikkerig, maar hulle kan nie uit nie."

Die spinnekoppe self onthou sy nie meer so goed nie. Hul webbe wel. Hy wys vir haar die slordige nes van die knopiespinnekop. "Hierdie een is 'n regte spinnerak," verduidelik hy. "Driedimensioneel en meer ingewikkeld as byvoorbeeld dié een." Nou weer draai hy na 'n hokkie waarin 'n web soos 'n enkele wasgoedlyn tussen twee houtjies gespan is. Sommige webbe is buisvormig, ander 'n onteenseglike tregter of wiel. Hanna beweeg al agter Dolf aan deur die kamer, skigtig. Sy verbeel haar die honderde speldekopogies hou haar stip dop.

Sy het dit nie toe ingesien nie, maar snap nou die ooreenkoms tussen leuens en spinnewebbe. Sommige ingewikkeld en verknot in verdraaiings. Ander kinderlik simpel.

Maar die plek tussen stilbly en lieg het nie 'n ooreenstemmende spinsel nie.

University of Cape Town

Toe Hanna die voordeur oopsluit, hoor sy Abbie se radio en sien terselfdertyd die pot met rose en gipskruid op die voorportaaltafel. Langsaan lê haar dagboek oop, asof sy nooit weg was nie. Sy sit haar sak neer en gaan groet. Abbie sit vooroorgebuig - te naby - oor 'n stuk handwerk. Het haar oë versleg? Ek moet met haar hieroor praat, dink sy, verlig oor elke klein dingetjie wat die aandag van haarself kan neem.

Eers toe Hanna agter haar praat, kyk sy op en laat sak sy die bostuk van die trourok waarop sy kraletjies borduur: "Goeiemôre, ek is bly Hanna is terug, die huis was soos 'n graf. As Hanna klaar afgepak het, het ek baie boodskappe. En die blomme daar is nou net afgelewer, van Miesies Gottlieb. Kan ek vir Hanna tee maak?"

Hanna waardeer die neutrale, nugtere verwelkoming. (Nie dat sy haar iets anders sou voorstel nie. In al die jare wat hulle saamwerk, het sy Abbie nog nooit emosioneel gesien nie.) "Nee toemaar, gaan jy maar aan. Gewoel, né," praat Hanna van voor die klere-reling op wiele waaraan klaar en halfklaar kledingstukke hang. Sy lig 'n los draadjie hier af, 'n denkbeeldige stoffie daar. Net om te kan raak. Dit ruik luuks. Ruik soos altyd na afwagting en oor begin. Dis die geur van omgee.

Maar vanoggend is daar nóg iets. Sy maak haar oë toe terwyl haar vingerpunte registreer: 'n angoramengsel, wol, viskose, spandex, linne, rou sy en die pluisfluweel van Inge se konsertrok. (Sy maak 'n vinnige berekening - hulle sal met dié een moet spring.) As Abbie nie hier was nie, sou sy haar arms oopgemaak, die klere nadergebondel en haar kop daarin gedruk het. Tog groet selfs net die geure van die werkkamer haar soos 'n geliefde. Dis of hierdie plek - onteenseglik vroulik - vir haar arms oopmaak.

Sy's die Maandagoggend van die hospitaal waar die brandplekke die vorige aand behandel is en sy 'n slaapmiddel ingespuit is, direk na die kliniek. (Vir middelafhanklikes. As die naam so vaag en veilig is, is die rede hoekom sy hier is seker nie so erg nie, het sy toe gedink; en gehoop Wim dink ook so.) Sy't nie eens self met Abbie gepraat nie. Net vir Wim die boodskap gegee: sê vir Abbie om klaar te maak wat sy kan en afsprake vir eers te kanselleer. Daar was,

University of Cape Town

soos die genade dit wil hê, nie enigiets wat onmiddellik moes afgelewer word nie. Abbie ken haar dagboek - amper beterder as die Koran, het sy eenkeer gespot en onmiddellik gesê haai, dis nou nie soos sy dit bedoel nie - sy moes al tevore oproepe namens haar maak en datums verskuif.

Oor haar migraine.

Maar wat Abbie dié keer vir die kliënte gesê het, weet sy nie. Wat Wim vir Abbie gesê het, weet sy ook nie. Hulle sal moet praat sodra Nettie weg is.

Terwyl Hanna haar goed gang-af kamer toe dra, hoor sy Nettie vir Abbie uitvra oor die stuk op haar skoot. "Mooi, né," spog Abbie.

'n Kort stilte. Toe Nettie weer praat, is dit nie met haar radiostem nie: "Pragtig."

Maar nou is Hanna buite hoorafstand. Vreemd, dis die soort rok, vroulik en dekoratief, wat Nettie nooit self sal dra nie. Sy't al bruide aangetrek in enigiets van konvensionele trourokke tot mini's en langbroeke, selfs formele snyerspakkies. Hulle kry dit deur die bank elke keer reg om iets romanties - die regte woord is dalk poëties - in 'n trouding te verweef, hoe subtiel ook al. Die kode van dié okkasie lê iewers in die onderbewuste, anderkant mode. En jy as kleremaker deel in hierdie oer-oue rite, hoe skrams ook al. Jy draai elke keer weer by jou tuisbasis. Sy moet Nettie tog vra wat sy op haar troudag gedra het.

Toe sy terugkom in die werkkamer is Nettie wel lus vir iets te drink: "Jy't altyd sulke interressante tee. Laas het jy vir my hibiskustee gegee, het jy nog daarvan? Snaaks, dis net by jou dat ek sulke anderse tee drink. By my eie huis bly ek by Ceylon en rooibos. Dink nie eens om iets anders te koop nie. Seker omdat ek in my hart steeds konserwatief is."

"Tee het niks met engheid te maak nie, Nettie, waar kom jy vandaan?"

"Dit het, vir my. My ma, en sy was nie eens Engels nie, het alles aan Britse standaarde gemeet, nee ek bedoel, koninklike standaarde. As jy by ons aan tafel was met 'n hoenderboudjie, sê maar, sou jy haar vra of die koningin die beentjie met haar hand sou af-eet en as die koningin dit doen, kon ons dit doen. Ceylon tee - altyd blaretee, mind you - koue melk eerste. Jy moet haar sien, sy dra nou nog sulke Queen Mum-hoede en -handsakke."

University of Cape Town

Hanna lag: "Jammer, Liesbet, maar hier kom selfs die hibiskustee in 'n sakkie."

Dis Nettie wat eerste ophou skerts toe hulle oorkant mekaar by die kombuistafel sit: "Ek gaan nie vir jou vra of jy orraait is nie, want dis seker 'n ontoepaslike vraag, vir die oomblik in elk geval. Maar ek wil net vir jou sê jy moet my bel, Hanna, en as jy my nie bel nie gaan ek jou bel. En kom kuier, al druk jy net, wanneer ook al. Ag, ek sê dit nou, welwetend mens doen dit nie, ménse doen dit net nie meer nie. Dolf hou van jou, " sy sluk aan haar tee, "hy sê van al my vrouevriendinne is jy die enigste een wat hy sal nooi om saam met hom te gaan kamp. Nou ja, jy ken Dolf, dis 'n hengse kompliment. En Wim, wanneer is hy terug?"

Wim het vriende se huis gaan oppas in Noordhoek. "Dis goed dat dit juis nou is," sê Hanna. "Ek dink hy het tyd nodig op sy eie. Hy moet my ook ophou oppas.

"Nes ek moet ophou skuldig voel jeens hom. Kry nog," Hanna hou die teepot vir Nettie. "Dis tog maar net nóg 'n vrot gewoonte, is dit nie? 'n Stommiteit, 'n verspilling van energie. Dit help nie, verander niks. Ons geslag, ek en jy, gesel onsself so goed, dink jy nie so nie? Ek het dit toenemend vermoed, soos ek ouer word. Maar tussen daardie ander mense het ek dit duidelik besef, en Janie het dit ook in soveel woorde gesê. Baie van ons het ons rug gekeer op 'n God wat ons ons verbeel het, is outoritêr, paternalisties en kwaai, gou om te straf. Net dat ons toe self 'n soortgelyke plek ingeneem het; self staan met die lat. En ons Afrikanervroue - of is ons nou Afrikaanse vroue? - veral ons doen dit uitmuntend. Nes ons glo meer as enige ander groep skelm drink vervolmaak het."

Nettie luister aandagtig: "Sjoe, dis nie dalk 'n growwe veralgemening nie?"

"Ongelukkig blykbaar nie. Maar om terug te kom by Wim. Hy't twee keer kom inloer. Hy is OK. Sal ook altyd OK wees - ek bedoel nou nie hy kry nie seer of raak nie teleurgesteld nie - maar uiteindelik sal hy alles goed verwerk omdat hy so uiters eerlik is. Hy is ook versigtig. Fools dare, dis nie Wim nie."

"Dis vreemd, seker omdat ek nie jou kinders werklik ken nie of dalk omdat ek kinders in die algemeen so hopeloos vrot..."

"Sien jy wat ek bedoel? Daar raas jy klaar weer met jouself." Hulle lag. "Toe, gaan aan."

"Ek hoor wat jy sê van Wim, maar Anja lyk, na buite, na die een wat vaster is met haar voete op die aarde. Happy go lucky, minder fynbesnaard as Wim. Asof sy sal terugbons van wat haar ook al tref."

Hanna skud haar kop: "Anja is die een oor wie ek bekommerd is." Sy draai die leë koppie om en om. Te grof na Nettie se ma se koninklike smaak. Pleks van countryside patroontjies trap 'n kat baldadige swart en pers spore al om die koppie en af op die piering.

Waar eindig die swye en begin die leuen? Jy kan dit nie skei soos 'n koppie en 'n piering nie, kan jy?

"Ek het in die afgelope tyd gesien, en gehoor, dat mens maar moet uitkom met goed. Geheime broei onheil. Inhou en toemaak, dis wat ek gedoen het. Van lank gelede, van toe my pa dood is, bietjie vir bietjie. Die omgekeerde ui-proses. En as jy dit eers een keer gedoen het, gaan dit die tweede keer makliker."

Verweg, waarskynlik in die hoofweg, loei 'n sirene eers nader en raak dan weer weg. As kind het alarms haar laat regopsit, uithardloop, vrae vra. Nou knip sy nie 'n oog nie; dis so deel van die agtergrondklank soos voëlsang en lugverkeer.

"Ek moet heelparty goed nou afskil, bekyk. Soos die feit dat ek nooit sal weet of Ville Anja se pa is of nie." Sy weet nie of sy dit ooit sal regkry om vir Nettie, nie eens Nettie nie, te sê wie vermoedelik die pa kan wees nie. Nettie vis ook nie.

Weer ervaar sy, soos by die kliniek, die enorme verligting van bloot iets sê. Sy wat net nou die dag nog so sinies hieroor was, kan dit nou erken. Sy stel nie belang in hoe die sielkundige proses werk nie. En as dit toorwerk is, is ook dit vir haar goed genoeg. Nou het sy wonderwerke so nodig soos brood.

University of Cape Town

"Ek sal gemoedsrus hê as as ek weet, maar daar's net een manier hoe ek kan weet en dis DNA-toetsing. Maar as jy dít doen, gaan jy daardie point of no return verby. Dan's daar nie omdraai nie. Dit sal almal in die proses traumatiseer, net om dalk te ontdek Ville is wél haar pa. Wat dan?

"Daarom neem ek die onsekerheid eerder op my. Dis in ieder geval al so lank al my skaduwee." Dit voer die binnekant van my skedel. Dis die slymvlies in my mond. Dis in elke woord wat ek sluk.

Nettie lyk nóg verras nóg geskok: "En Ville, weet hy?"

"Nee. Dis ook ironies, want hy was altyd so ongeërg, oënskynlik, oor sy pa se rondslapery."

Dis stil in die huis, buiten, dofweg, Abbie se radio. Nettie sê niks.

"Sien jy hoe my kop werk, Nettie, is ek reg? As, nee, gestel, die ander persoon is Anja se pa en gestel sy aanvaar dit so en vergewe my vir die leuen van 'n leeftyd, verkry ek, op 'n manier, absolusie."

Nettie skud haar kop: "Ek vermoed jy's reg. Maar dis rof. Dit klink soos 'n storiesom van waarheid en versoening, buiten dat die antwoord, anders as in 'n som, nie absoluut is nie."

Nettie neem weer haar hande, soos die dag by die kliniek. Haar stem vertederend, haar kop moederlik gekantel. Die deel van haar, vermoed Hanna, wat gebêre word vir Dolf Spinnekop: "Kyk, Hanna, ek kan waaragtig niks oplos of beter maak nie, maar ek kan sê ek gee vir jou om. Hierdie ding van jou het aan my gevat; my na myself laat kyk, maar dis 'n ander storie. Ek is altyd híér vir jou," sy huiwer voor sy aangaan, "nee, mens kan nie eens altyd sê nie. Vriendskappe verander, ons weet dit mos. Ek is nou hier, dis meer haalbaar.

"En ek sal vir jou bid."

Hanna se verbasing hieroor moet klaarblyklik wees, want Nettie kwalifiseer dadelik: "Ja, jong, ek vermoed ek is maar terug by die begin. As ek nie glo nie, het ek niks. Van al die ander beloftes wat aan ons opgedis is, het tog bogherol gekom: as jy groot is, as jy eers jou eie werk het, as jy eers getroud is, as jy eers kinders het, as ons eers 'n vrye demoktratiese verkiesing het. Nee wat, ek het

nie ophou vrae vra nie, bygesê, ek soek ook nie meer 'n antwoord in die val van elke blaar nie.

"Jy lyk skepties?"

"Meer verbaas," Hanna huiwer, "en miskien, miskien selfs in 'n mate verlig. Ek hoor wat jy sê, dit voel bekend. Dink jy dis die klein dividend saam met ons ouderdom?"

Nadat sy Nettie buite gaan afsien het, stop sy by die ruiker in die portaal. 'n Stywe, konvensionele rangskikking. Missus Gottlieb se van is verkeerd gespel op die bloemiste-kaartjie. As sy dit sou weet, sou sy waarskynlik weier om die rekening te betaal. "Because it's not me, is it?" hoor sy al die verontwaardige, slinkse ou kraaistem.

Missus Gottlieb en haar man het hul geld in die vorige eeu in die tekstielbedryf in die Kaap gemaak. Op twee-en-negentig is sy haar oudste kliënt, asook een van haar heel eerstes. Sy laat al haar klere by Hanna maak en gee haar elke jaar 'n bottel jenewer, toegedraai in die drankwinkel se Kerspapier. Dit sal vanjaar ook kom. En wat sal ek dan daarmee doen? Sal ek dit met 'n seker hand in die drom kan smyt of sal my oë, my ingewande, alles, onthou van my dors?

Janie se stem snip deur haar gedagtes: "n Dag op 'n keer, nee, 'n uur. Selfs 'n halfuur."

Toe Hanna vir Missus Gottlieb begin aantrek het, was sy reeds baie maer. Toe was sy nog 'n kettingroker. Pleks van gewig optel toe sy ophou rook, het sy nóg spier en vlees verloor. Soos om lappe om droë takke te drapeer. (Partykeer in die Karoo moes haar ma met sulke droë rangskikkings volstaan - takkies opgedoen met papierblomme, stukkies lap of Kersversierings.) Missus Gottlieb sit elke dag lipstiffie aan; elke dag oogskaduwee. Gaan Donderdae haarkapper toe dat die oorblywende bietjie hare in Schwarzkopf se smoky grey gespoel, geset en gekam kan word. Haar chauffeur ry hy haar rond in 'n ou BMW. Vrot van die geld, maar op haar manier ook lekker suinig. Komende van haar is die

University of Cape Town

blomme 'n verrassing. Wat sou Abbie haar vertel het (die kaartjie sê sy hoop sy word vinnig beter), maar dit maak nie werklik saak nie.

Sy druk die kaartjie terug tussen die stram blomme; sy moet haar bel. Sy tel die dagboek op en gaan werkkamer toe. Hier het Abbie 'n merkwaardige ent gevorder met die trourok se bodice. Sy't nog nooit iemand teëgekom wat vinniger kraletjies en blinkers kan aanwerk - en aanwerk dat dit sít - as sy nie: "Sien jy nog goed genoeg, jong, Abbie, hoekom hou jy die ding so na aan jou oë? Is dit nie tyd dat jy 'n bril kry met al hierdie fyn werk nie?"

Abbie lyk verleërig, asof sy uitgevang is: "Ek moes al eintlik my oë laat toets het, Hanna, daar's 'n brilplek daar naby my wat baie specials het, maar die tyd."

"Dan moet ons die tyd maak," sê Hanna terwyl sy die dagboek vir Abbie aangee. "Wil jy nou met my hieroor praat of later. Dis byna middagete."

Abbie neem die boek, maar maak dit toe en sit dit eenkant op die naaimasjien. Haar stem is sag: "Ek moet met Hanna praat oor iets anders."

Hier kom dit.

Automaties stuur sy die gesprek in 'n ander rigting, weg van haar verblyf in die kliniek. Sy dop haar huiswerk wat dit betref, maar spreek in die proses tog iets anders belangriks aan, iets wat sy nog nooit verwoord het nie, maar waarmee sy al vir hoeveel jare ook saamlewe: "Enigiets, Abbie, moet net nie vir my sê jy wil weggaan nie." Sy besef sy klink paniekerig. Sy besef ook sy's bereid om Abbie te smeek om te bly. Sonder haar. Sy wil nie eens daaraan dink nie.

Abbie sug, en tel 'n garetolletjie op en werk die los draad in: "Hanna, moet nie vir Wim kwaad wees nie, maar hy't vir my gesê."

"Wat het hy vir jou gesê?" Sy haal diep asem.

"Alles dit wat ek nie reeds geweet het nie. En daarom wil ek nou net vandag vir Hanna sê dat Hanna nie moet sleg voel nie." 'n Warmte vlek Abbie se nek, kruip op teen haar wange. Hanna dink nog wat sy kan sê om dit vir haar makliker te maak - weet sy nie van dié sukkel nie - maar Abbie gaan nieteenstaande net aan: "Ons het almal ons se failures. Hanna sien net nie myne nie, want Hanna is nie elke dag in my huis soos ek in Hanna s'n nie."

University of Cape Town

Die wending van die gesprek laat haar stom. Boonop, wat kan die vrome Abbie maak wat haar of enigiemand anders kwaad aandoen?

Toe die trane meteens oor Abbie se wange loop, probeer sy dit met die rug van haar een hand keer en met die ander hand die stuk rok van haar skoot weghou - een traanvlek kan ure van oorwerk kos. Hanna vat dit uit haar hande en sit dit bo-op die masjien terwyl sy terselfdertyd langs haar hurk en 'n snesie in haar eie baadjiesak soek. Abbie huil af in haar skoot, weg van Hanna se oë. Sy maak verskoning tussen die snikke.

"Nee, ek is die een wat moet sê ek is jammer. Dis ek wat dit aan jou gedoen het."

Abbie skud haar kop: "Dis nie wat Hanna dink dit is nie."

Toe sy klaar gehuil en haar neus gesnuit het, kyk sy Hanna met daardie oë wat haar elke oggend ingetoë en ongesteurd groet.

"Dis nie 'n mooi iets wat ek nou gaan sê nie, maar ek weet ook as iemand sal verstaan sal dit Hanna wees." Sy praat sagter, kyk weer na haar skoot. "Sien, kom hierdie Eid sal dit sewe jaar al wees dat ek iemand sien."

"Iemand sien?"

"Ja, 'n liefdesverhouding het."

"En?" Sy verstaan steeds nie. Voel Abbie sleg omdat sy wat Hanna is daarvan onbewus was of omdat sy dit as ontrou aan haar dooie verloofde beskou? "Dis wonderlik, Abbie, ek het altyd gehoop..."

Abbie val haar in die rede: "Hanna verstaan nie. Hy's 'n getroude man."

Nou wat sê jy hierop? Jy's bly? Jy's jammer?

"Kan julle, is daar enige moontlikheid dat hy miskien kan weggaan van sy vrou? Wil hy, sien hy daarvoor kans?" Sy's onmiddellik spyt oor haar simplistiese reaksie. Sy verbeel haar ook hoe die man die beste van twee beddens het; vonnis hom in sy afwesigheid.

"Nee, dis gans en al buite die kwessie, want sien, hy's 'n imam."

Sy staan op; haar knieë raak stram van so sit. Sy trek die ander stoel nader. In Abbie se oë, vermoed sy, is dit 'n dubbele belediging vir Allah.

University of Cape Town

"En eenkeer, van my eie stupidgeit het ek verwagtend geraak. Ek moes dit laat afdrywe, Hanna. Dít was Allah se straf.

"Verstaan Hanna nou? Toe Wim vir my sê wat hier gebeur het daardie aand was ek hartseer. Nie heeltemal gesurprise nie, maar baie hartseer." Sy skud haar kop. Stadig en treurig. "Ek het al baie gebid oor of ek Hanna moet vertel. En toe dit nou gebeur met Hanna was dit soos 'n antwoord op my gebede. Vir my eie susters kan ek dit nie sê nie. Ons Moslemvroue praat nie, Hanna, ons se eie kinders sal gemolesteer word onder ons eie dakke en ons sal nie sê nie."

Buite, meteens, gil die katte. Ontydige Augusmaand-skreeu. Hanna dink instinktief waar's Knip, maar dan's dit klaar weer oor. "Nee, ek dink jy's verkeerd, Abbie, dis nie net Moslemvroue wat nie praat nie, dis mense wat nie praat nie. Ek gaan kry eers vir ons tee; ek is nou heel van my eie koers af."

As woorde maar kon vlieg. Koersvas in wind en water soos daardie posduiwe wat oermoeder Anna se behoeftes van die eiland af Kaap toe gedra het en die antwoord weer terug. Nou's daar glad al kubersnelweë - sy kan darem al send and receive - en een van die dae iets selfs méér onsigbaar vinniger.

Maar die tong bly dom.

University of Cape Town

Negentien

Hanna se huis is so stil dis of mense pas vertrek het. Merendeels is dit die vel waarin sy tuis voel; waarin sy lang en produktiewe ure werk of lees.

Maar soms swaai dit om - dan hipnotiseer dit haar en sy kan nêrens anders kyk nie as vas in die afwesigheid van beweging of geluid welwetend wat kom.

As sy dan net kan stap tot in die sitkamer die deure van die jonkmanskas met haar musiek oopmaak 'n CD uit sy kassie haal in die laaitjie neerlê en die speler aansit - 'n simpel handeling sonder komma of punt - kan sy dit maak. Want saam met die musiek word 'n register van mensheid losgelaat, soos jy voëls uit 'n kou sou laat vlieg.

Maar baiemaal kan sy nie; ook nie nou nie.

Sy vlug buitentoe, tuin toe. Die dag is afgeloop, maar die aand het nog nie aangekom nie. Jy kan jou greep in hierdie uur verloor. Dis die interval uitgeknip vir verdowing.

Op die stoep konsentreer om asem te haal, diep en stadig nes die boek sê. Janie sê. Almal sê. Maar niemand, nie Janie of almal, is hier nie. Dis net 'n hond wat blaf, iemand wat gras sny, iewers huil 'n baba, motors. Die saai toonsetting van die suburbs. Maar dít maak nou die verskil. Stel haar gerus.

Die grond is droog, met geen vooruitsig van reën nie. Die tuinslang laat geel merke op die gras waar sy dit optel. Sy begin by die confettibos. Vroeër was hier verkleurmannetjies in dié ou bos wat lanklaas soos 'n fontein onder dae se swaar reën oopgevou het. Dis die insekdoders en die katte, insluitend Knip, wat verkleurmannetjies afmaai. Iemand het 'n *Friends of the chameleons* gestig, het sy op die biblioteek se aanplakbord gelees. Die soort organisasie waartoe Anja haar sal wend. Soos sy klaar 'n friend is van die Liesbeek, die Swartrivier en die Rondebosch-meent, die walvisse, die dolfyne en die pikkewyne. Anja kon nog nooit verstaan hoekom sy nie ekologies-vriendelike plakkers op haar motoragterruit wil hê nie. Een van hulle - *have you hugged your spider today?* - is op die ou-end op Abbie se naaimasjien geplak. "Omdat ek nie 'n sendeling is nie, dis al. Kry jy maar eendag jou eie ryding en plak na hartelus."

University of Cape Town

"OK, OK, lower the mercury; ek vra maar net."

Die klank van die lopende water sê afspoel; wegwas. Sy wens sy kon nou met haar voete iewers in vlak water gaan loop, maar sy kan nie. Daar's werk wat wag. Haar hart klop nie meer asof hy wil weghardloop nie, en sy sien haar tuin.

Weer is sy verbaas oor die eie lewe. Dit gebeur net, sonder haar inmenging. Sy't nie groen vingers nie. As sy met 'n plant praat, sy's doodseker daarvan, vrek hy.

Hier's 'n hand nodig: snoeiwerk, waterlote, leukemiese blare. Iemand het vertel van 'n Mara-vrou wat in haar bakkie kom met haar wolfhond, Storm, en haar vier werkers. Vir jare al werk dieselfde vier mans uit Heideveld en Hanover Park by haar. Net die oudste man, Meneer Robert, mag voor by Mara in die bakkie sit; Storm tussen hom en haar. Van die Baretta onder die groot T-hemp weet Meneer Robert, maar die ander drie nie. Dis haar nommer wat ek moet kry, dink Hanna, hierdie vrou sonder fieterjasies, wat glo bedag is op die waai van die heersende winde en nie die vloei van feng shui-energie deur jou beddings nie.

Twee kolganse flap bo die huise berg se kant toe. Klink hulle altyd so mateloos droefgeestig? Sy't iewers gelees hulle maak al hoe meer nes in die stad en die voorstede; 'n foto van twee ganse op 'n lysie onder 'n Standard Bank-teken as bewys.

Wanneer sy so staan, haar oë weggedraai van die aarde, is alles laer as die telefoondrade beuselagtig - miskien is dit een van die aantrekkings van die astronomie. Die wit koepel van die sterrewag tussen die Liesbeek se bome is net-net sigbaar, nie van hier onder nie, maar van haar stoep. Syself was nog nooit daar nie, maar een van Anja se kennisse, wat intussen Sutherland toe is, het daar gewerk. Toe hy eenkeer vir 'n naweek van Sutherland in die Kaap was, het hy by hulle kom eet. Sy dag tussen die teleskope in die Karoo begin met ontbyt as ander mense begin regmaak vir die bed en eindig soggens met die eerste sien van die sodiakale lig, die driehoek lig op die oosterkim 'n uur voor dagbreek. Dan drink hy 'n drankie, eet aandete, lees die koerant en gaan kruip in agter gordyne en blindings wat die daglig buite onmiddellik en volledig afsny, soos 'n lig wat jy afknip.

University of Cape Town

Sy trek die tuinslang na die Icebergs. Mense stap met hul honde op die sypaadjie verby. Sommige groet, ander nie. 'n Man trap stadig straat-af met 'n dogtertjie in 'n sitstoeltjie agterop sy fiets. 'n Vrou, wat lanklaas 'n ordentlike haarsny gehad het, kom met 'n stootwaentjie waarin twee kleintjies sit, die een voor die ander. Twee kinders op skaatsplanke; hul T-hemde hang lank oor hul los broeke. Bo die berg, na Constantia se kant, lyk 'n pluis wolk vir enkele tellings soos 'n stuk spookasem. Maar kleur staan nooit alleen nie, dit het haar werk haar geleer. Dit wat daarmee saam gebeur, dit sê alles.

Onder daardie wolk is 'n grot, Olifantsoog, sy en Ville het jare gelede eenkeer daarnatoe geloop. Een van haar kliënte, Ella, 'n gereelde stapper, sê dit was die vesting van 'n Hottentotstam met 'n vroueleier. Vandaar die naam van die nabygeleë waterval - Prinseskasteel - en die stroom wat laer om die enkels van die berg vloei, by die Tokai-herehuis verby.

Hanna was kort in die Kaap destyds toe 'n groep mense by 'n Oujaarsaandpartytjie, mense wat sy nie juis geken het nie, sê kom ons gaan Tokaibos toe, dit spook daar: klokslag twaalfuur hoor jy perdehoewe deur die bos al nader aan die groot ou opstal aan die voet van die berg.

Dan moet jy so na as moontlik aan die voortuin van die huis vir jou 'n goeie afstand van die groot houthekke tussen die ander middernagtelike nuuskieriges 'n staanplek kry. Hier word fluisterend gewag op die vrolike jong Oujaarsganger wat weer 'n keer sy hings by die steil opstal-trappe regs by die voorstoep op stuur, in by die reuse-houtdeur, om die twintig-sitplek tafel onder handeklap en gefluit, en weer uit by die deur en af by die trappe links. Die vroue snak na hul asem en druk hul heuglikheid aan dié jong Bataafse lyf, 'n donkeroog wat etlike van hulle afwisselend besoek, agter hul servette teen hul lippe stil. Bo die geswaelde rumoer van die agttiende eeuse jaarendfees, wanneer hy trap-af struikel en val, hoor jy sy perd runnik. 'n Skoot eggo deur die stilte van die bos. Die Bataafse ruiter, wat weliswaar die uitdaging gewen het, neem drie, stil, dae.

Die vertellers het toe nooit na die spookhuis opgeruk nie, want op daardie oomblik is 'n bottel regte Franse sjampanje, dit onthou sy goed, oopgeskiet.

University of Cape Town

Uit die hoek van haar oog merk sy nou 'n beweging in Pedro se tuin. Sy lappie gras lyk nóg slegter as hare; tussen die groen spriete staan die gesiggies van klein bolplantjies. Rositha sit in die middel van die grassie in die lotus-posisie. Oë toe, palms ontspanne geskulp na die son, duim en wysvinger in ligte, swewende kontak. Van iewers onder die dik bos hare wat soos 'n wigwam om haar kop staan, dreunsing sy die eentonige, uitgerekte uhm. Rositha is skynbaar onbewus van haar teenwoordigheid, al moet sy die tuinslang gehoor het. Sy self roer nie; dis die snuffelende Yorkies wat Hanna se aandag getrek het.

Rositha glo sy is hier op aarde om 'n onafgehandelde taaklys van 'n vorige lewe klaar te maak terwyl sy haarself en haar hondjies dokter met ingevoerde watertjies van Europese blomblare en sonlig. Sou sy ook geheime hê? Miskien. Demone? Onwaarskynlik.

Opeens storm albei honde verwoed na die tuinhekkie waar 'n vrou met 'n sak oor die skouer oor die hek hang. "Excuse me, mêrrim," haar versoek vir ou klere, ou bottels, ou koerante, brood begin heel bedeesd.

"Anything, mêrrim." Rositha knip nie 'n ooglid nie, terwyl haar honde besete teen die hek opspring. Die vrou sit haar sak sugtend neer, probeer weer: "Sorry to trouble you, mêrrim, but I'm just wondering, mêrrim, it's Elizabeth, you last gave me some old clothes and said I must come by you again." Sy skop met haar vodde tekkie teen die heksparre na die honde: "Sjarrap!"

En steeds sit Rositha, in die vrede van Sidharta Gautama en Jesus Christus sowel as die skares engele of is dit nou gidse? Die vrou klik haar tong ergerlik, sug luidrugtig en beur krom om die sak weer op haar rug te skud: "Moet fokkin mal wies of iets."

Maar die wondletsels op haar gesig kreukel toe sy Hanna sien. Sy kantel haar kop en die skril stem sing meteens preuts en etlike desibels laer: "My mêrrim!"

Dis jammer Nettie se antie Miriam se hoenderpastei, heeltemal te veel vir een, is nog nie gaar nie. Toe Hanna terugkom met 'n toebroodjie, 'n lemoen en 'n blokkie kaas, sit Elizabeth bo-op haar sak, elmboë op haar knieë. Sy bak haar hande soos 'n skotteltjie toe sy Hanna met die kos sien en staan op: "Dankie, my

University of Cape Town

mêrrim." Hanna registreer die skurwe vel. Sy onderskep haar blik in die rigting van Pedro se tuin waar net die blomgesiggies op die gras nou roer. Rositha en haar honde is weg asof hulle nooit daar was nie. Elizabeth kyk ook: "Sieker opgevaar na die hiemel en sitaanieregterhand van Godonsevader."

Hanna wou nog protesteer oor die mêrrim, maar sy't klaar gegroet en werk die kos in haar sak in. Dalk het die geloofsbelydenis ook in haar geheue geset omdat sy dalk ook in 'n pastorie grootgeword het. (Hier anderkant plak een wat in ouwêreldse Afrikaans vir jou vertel sy ouers was boere in die Noordweste en die Here sal jou seën; altyd die Here se seën uit die slootjies). Of miskien was Elizabeth die dogtertjie van die huisbediende wat saam met haar ma in die buitekamer geslaap en dus gesien het hoe die dominee (dit was 'n kollega van haar stiefpa) haar ma op die ysterkateljie met die grys kombers bykom.

Elizabeth slof straat-af. Hanna draai die tuinslang toe. Sy moet ingaan, daar's werk wat weg. Moet ook iets eet; haar bloedsuikervlakke moet bestendig bly. In die kombuis stel sy die oond vir die pastei. En toe, toe sy oor die oond staan, haar hand op die temperatuurknop, is sy weer op die rand van 'n magnetiese, swart put. Onder-in lê daardie Sondagaand.

Sy's weer bewus van haar hart agter haar hempsak. Sy voel die ongebleikte linne teen haar vel. Haar vingers vat van die laaste perlemoenknopie naby die soom tot bo by die kraag - huis paleis pondok varkhok huis - terwyl sy haarself doelbewus uit die kombuis neem na die telefoon in die voorportaal. Uit haar handsak haal sy die notaboekie met Leila se nommer. Sy praat haar hande aan om die telefoonknoppies in die regte volgorde te druk; die gehoorbuis vas te hou. Haar vingers roep haar elders - na die vorm van 'n bottel, die steel van 'n glas. Leila is voor haar huistoe. Iemand, dit klink na 'n jong meisie, antwoord die foon in Engels: "Hang net so aan; ek loop roep haar.

"Mammie!"

"Haai, Hanna, now that's telepathy for you. Weet jy, ek staan netma' toe ek die roti maak aan jou en dink - my seun-hulle kom eet môre - en toe dink ek ek moet maybe 'n paar by jou afdrop. My eerste dag was blerrie verskriklik, maar dis of ek al klaar aan die settle is. En jy?"

University of Cape Town

Sy verbeel haar Leila vee haar hande aan 'n voorskoot af. Sy voel die knoop op haar maag skietgee. Sy hoef niks te verduidelik nie. Hoef nie te sê jy's bang jy stamp dit wat nou hou - dit wat nie 'n naam het nie - af soos 'n roof. Hulle maak 'n afspraak vir die volgende dag. Vir die aflaai van die roti. Vir gesels.

"Voor jy gaan, laat ek jou net hierdie joke vertel. Wat het die blonde gesê toe die traffic-cop haar aftrek oordat sy agter die stuurwiel, whilst sy nou ry, sit en brei?"

"Nee, ek weet nie." Lanklaas 'n blondine-grappie gehoor. Die meeste mense wat sy ken, sorg dat ook hul grappies PC is.

"Hy over-take haar en roep deur sy oop ruit vir haar: pull over!" Leila lag so, sy moet eers asem skep: "Issie 'n pull-over nie, roep die blonde terug, is 'n scarf!"

Dis hoekom ek van Leila hou, dink sy ná sy afgelui het, omdat polities en seksisties en wat ook al korrek net nie deel van haar agenda is nie. Sy was ook die eerste mens, buiten Janie, met wie ek hieroor gepraat het. "Dis 'n dubbele shame as jy drink en jy's 'n vrou." Sy het dit as feit konstateer, sonder selfbejammering.

Sy slaan haar kliënte-telefoonboekie oop om nuwe afsprake te skeduleer, maar bel eerste vir Missus Gottlieb wat so hard praat, sy moet die gehoorbuis weghou van haar oor. "Well, my dear, I'm so glad everything is all-right," roep sy van Upper Claremont af.

Soos sy met die volgende mense praat, weeg sy die waarheid (sy's lugtig vir dié woord, eerder: dit wat gebeur het) teenoor haar privaatheid, en sluit aan by wat Abbie gesê het. Bietjie gaan uitrus, sê sy vir een (en is geamuseerd-bly dat die woord burn-out deesdae so 'n positiewe konnotasie het). Vir twee hoef sy niks te sê nie; hulle vra nie.

Inge se nommer bêre sy vir laaste. Daar's tye dat mens haar uitsnuffel, ander kere vermy - juis oor haar skerp waarneming. Hanna pons die syfers van haar nommer in; hoop aan die een kant dis die antwoordmasjien. Maar dis Inge self, bly om Hanna te hoor: "Kon jou nie uit my gedagtes kry nadat Abbie my gebel het nie. Hoekom voel dit vir my of iets nie pluis is nie?"

University of Cape Town

"Want dit was nie, maar dit gaan wees. Hanging-in there, vir nou. Dankie dat jy vra."

"Jy moet my vertel, as jy wil. Here, Hanna, daar's min goed wat my nog kan verras of ontstel, jy weet tog."

Miskien hiperbolies, maar nie ver van die waarheid nie. Sy kom al jare saam met Inge. As die land groter klassieke musiekgehore gehad het, sou sy waarskynlik 'n heeltydse konsertpianis gewees het. Hier moet sy ook klas gee aan die universiteit se College of Music, asook privaatles by haar huis. Sy het in Europa en Kanada gebly en gewerk vir 'n paar jaar, maar is terug: "Omdat die mededinging daar soveel groter is, moet jy soveel harder werk. Aan die een kant het dit die perspektief verskuif: daar was ek niemand, hier is ek darem so half en half iemand. Dis ook of jy daar 'n bykomende motivering voel om sukses te móét behaal, want jy moet vir die mense by die huis bewys jy was tog reg om weg te gaan; jy't die huis verruil vir iets beters. Hier dryf ek myself ook maar dikwels, maar hou my klavier my volkome en veilig. Daar was 'n rand van angs aan my spel. Ek hoor dit aan opnames."

Haar oë het goddeloos geblink en sy't gelag: "Wat meer is, Wenen was for starters heeltemal te ordentlik, maar die groot ding is eintlik dat ek na die prominade verlang het. Die naaste plek waar ek só 'n loop kon vind, was Stanley Park in Vancouver, maar dit was nie dieselfde nie. Ek het nooit bewustelik daaraan gedink nie, totdat ek dit begin mis het."

Hulle het in daardie tyd gewerk aan 'n rok vir haar vir 'n CD-omslag. Die rok sou ná die fotosessie verstel word sodat sy dit ook as konsertnommer sou kon dra. In só 'n noupassende bostuk sou sy skaars haar arms kon beweeg.

Met die eerste passing was die nek nie diep genoeg uitgehol nie en die middel te knap. Inge het klaarblyklik 'n pond of twee opgetel. Hanna het om haar beweeg en verstellings aangedui met spelde en 'n tekstielkryt. Sy't getroos toe Inge erken sy't geil geëet die laaste tyd: "Ontspan, ons maak 'n plan."

Inge het daardie dag, soos altyd, aaneen gepraat. Sy't probeer verduidelik hoekom sy haar stapplek tussen die vuurtoring by Groenpunt en die Seepuntse swembad gemis het: die Jodevroue met hul bonkige juweliersware onvanpas by

die leggings en die oefenskoene; nannies agter stootwaentjies; Duitse toeriste onder pith-helmets in kakie en goud; kinders op swart plastiekfietsies; designer-drawwers en later in die aand die balletiese posisies van die wagtende mans teen die handreling waaragter 'n eiland, vuurtoring, vragskepe en 'n marshmellow sonsondergang hang. En rondom jou, gemaklik en lig op die seebries, al die tale.

Spelde in die mond - eintlik net hoflikheidshalwe - het Hanna gevra: "En die misdaad in die Kaap, die terreur, die bomme?"

Inge het haar skouers opgehaal en haar nek te skielik gedraai; sy herinner haar om stil te hou.

"Ag, solank my hande en my kop en my klavier behoue bly. Ek het nie kinders nie, dalk maak dit dit vir my makliker."

Hanna het haar eie hande op Inge se heupe gesit en haar laat terugdraai na die spieël. Sy't agter haar gaan staan en saamgekyk. Die vrou wat in sneakers en jeans opgedaag het, het ondertussen opgelos. Dis iemand anders wat in die spieël staan. "Sjoe! Dit voel hoegenaamd nie soos ek nie," Inge het nie probeer om haar verwondering weg te steek nie.

"Ek dink dit werk. Bring volgende keer die nekketting saam dat ons kan sien. Het jy al gedink aan skoene?"

Sy het die rits losgetrek en Inge gehelp om haar arms uit die smal moue te kry sonder dat die spelde haar steek. "Kyk na Anne-Sophie Mutter se kaal skouers op haar CD-omslae, doelbewus sexy," het sy aangebabbel terwyl die meters en meters sy van die lang, wye romp oor haar kop ritsel, "en daardie een wat soos Tom Cruise lyk, Joshua Bell. Image is alles, en ek doen daaraan mee, nou, hier. Dít bedruk my in dié stadium meer as 'n bom."

Nadat sy en Inge afgelui het, gaan soek sy in die sitkamer vir die Goldberg-variasies en Inge op die CD-kassie in die magenta rok met die geleende halssnoer van goud, dik soos 'n fietsketting. "Dis ou geld dié," het Inge verduidelik toe sy dit die eerste keer saam met die rok om haar nek knip.

Hanna draai die volume wyd oop dat die note soos die stemme van baie mense in haar huis praat.

University of Cape Town

Die bodice van die trourok waarmee Abbie heeldag besig was, hang onder 'n katoenoortreksel. Sy lig die lap af. Die bruid het gesê sy wil die bostuk met kraletjies versier hê, sy't nie spesifiseer hoe en wat nie; enigiets solank dit romanties is. Een van daardie meisies wat leef om te trou. Dit lyk of sy die eerste aanbod wat verbygekom het, aanvaar het. Mag die ontnugtering drupsgewys kom, het Hanna vir haar gehoop, sy was nog jonk.

Met die bodice steeds in haar hande stap sy na die buislig sodat sy Abbie se handewerk nóg beter kan beskou. Die gestilleerde blomme en blare uitgewerk met blink draad, kraletjies en blinkers herhaal mekaar ritmies; die lyne is verweef en vloeiend. Dis onwaarskynlik dat die jong bruid van Llandudno of enige van haar gaste sal weet, maar Abbie se ontwerp is tipies van die Islamitiese arabesque styl. Dit was in die garderobe van die kunsteraad dat iemand dit vir haar verduidelik het: "Dis onse woord," het die seamstress geglimlag. "Dis nie deur die Bolshoi of Covent Garden uitgedink nie. 'It kom van die Arabic."

Sy besef nou eers, met die geborduurde bostuk in haar hand onder die openbarende buislig, Abbie het haar eie trourok gemaak. En doen dit al jare.

Abbie is keer op keer die bruid; ek die onoplettende gas.

Toe sy haar weer kom kry, sit sy die lig in Anja se kamer aan.

Sy weet wat sy moet doen; sy twyfel nie meer nie.

Nooit sal sy vir haar kan sê van die onsekerheid rondom haar vaderskap nie, maar sy wil met haar praat oor wat hier gebeur het. Vertel dit wat Wim gesien het. Ekskuus sê, nee, vra.

Maar hoe kyk jy jou kind aan die anderkant van die wêreld in die oë? Beslis nie met die internet nie. Sy moet by Wim hoor waar sy is, vasstel of sy haar kan uitvlieg. Syself kan onmoontlik nou weer weg.

Anja se kamer is 'n nes. Op die een muur is 'n plakkaat van 'n perd en Madonna weerskante van 'n foto-afdruk van 'n sensuele marmerbeeld van Rodin. 'n Paar keramiekstukke op die boekrak uit haar tyd by die Frank Joubert kunsskool. Haar Huppelkind-boeke. 'n Bybel. *The dream diet. Fat is a feminist issue. The drama of being a child.* Boeke oor Zen en Feng Shui. Sentimentele

sagtespeelgoed in ligblou en pienk bo-op die handgemaakte katoensprei uit Wes-Afrika oor haar bed. 'n Lapkaart van Suidelike Afrika teen 'n ander muur uitgewerk deur Zimbabwiese vroue. Twee van Wim se spotprente geraam. Op haar bedlampie 'n verinneweerde plakker van Charles Schultz se Lucy wat sê dit loon tóg die moeite om jou tande gereeld te borsel; sy't dit as laerskoolkind gekry van die tandarts. Teen die plafon is sterre wat neon skyn in die donker.

Hier's al Anja se ouderdomme en fases en belangstellings uitgestal vir almal om te sien. Sy maak verskoning vir niks en gaan, oënskynlik, sonder spyt aan.

Sy trek die stoel voor die lessenaar uit. Niks besonders aan die stoel nie, buiten dat dit Ville s'n was as student en Anja besitlik is hieroor. Noudat sy tussen haar besittings is, sien sy haar weer duidelik soos daardie dag toe sy Europa toe is: die katoenromp, lank en los, soos haar hare. Geen grimering nie. Dienlike stapskoene aan die voete. Walkman. *Let's Go Europe*. 'n Treinkaartjie in haar sak wat haar na haar pa en deur al die lande van Europa sal neem. Alleen tot daar, en dan deel van 'n netwerk van datums en konneksies en name van Suid-Afrikaners van haar eie portuur.

Jy dra jou lewe lank aan die bloudruk van jou kind. Dis die interne tekening van maande se binnelewe, verwagting en genetiese noodwendigheid wat herinner aan, maar nie dieselfde is nie, as die mens wat op 'n dag omdraai en met ontnugtering na jou kyk. Anja sê wat sy dink, dra die kleure en die klere van haar gevoel, sing vals onder die stort en probeer nie juis keer as sy wil huil nie. En tog, dis of sy haar hart vir haarself hou. Iewers van die tyd toe Ville geloop het.

Toe ek hom verloor, het sy ook, stuk-stuk en oor jare, begin padgee.

Sy is end negentien-agt-en-negentig weg. Op die lessenaar lê die stapeltjie poskaarte, briewe en drukstukke van e-pos van die jaar en hoeveel maande. Sy't gevra dat haar ma dit alles hou, want sy wil 'n plakboek kom maak. Hanna het so gemaak, byna seker sy sal nooit haar plan uitvoer nie. Wim hou gebeure en reise eerstens agtermekaar in sy kop. Soms sal hy memento's versamel, maar dan net die allernodigste chronologies gebêre. Anja gooi haar

University of Cape Town

herinneringe in 'n boks wat sy entoesiasties merk met 'n viltpen terwyl sy klaar al weer op pad is. Na mense, dinge, plekke. Enigiets - "solank mens net nie hier sit en stagneer nie".

Hanna het nie self toegang tot 'n rekenaar nie, maar Anja se vriendin, Jemma, wat nie ver van haar bly nie, bring pligsgetrou uitdrukke van al die elektroniese pos wat Anja vir haar en hul gemeenskaplike vriendekring stuur. Dan's daar natuurlik ook Wim s'n. Hoeveel sy van Anja se werklike e-pos vir hom te sien kry, weet sy nie, en sal sy ook nie vra nie. 'n Deel van Anja en Wim se vriendskap, van kleindag, sluit haar uit.

Sy blaai deur die papier, lees hier en daar: *Heel anders! Scary en opwindend en…!* (Anja lewe in uitroepe.) Dié een was een van die eerstes: *Ek sit hier in 'n piepklein internetplekkie in die skilderagtige antieke dorpie Skala Eressou waar dit my 750 dragmas per halfuur kos om te mail.* Agter-op 'n poskaart, ook uit Griekeland, maar van iewers anders: *Die deurmekaarste plek wat ek al ooit teëgekom het!! Soveel eenrigtingstrate dat mens nooit weet wanneer jy nou eintlik werklik in die regte rigting beweeg nie. 'n Miernes van mense, matte, scooters en toeriste. En heeltyd die bloedige hitte en stof wat goeie werk maak van my hangover.* En dan, Anja die behoeder van plante en diere in nood: *The bears are kept in horizontal positions in cages that resemble coffins and held down by a metal collar and pressure bars. A catheter is introduced into their body that continuously absorbs the liquid from their gall bladders. They remain in this condition of permanent pain for 15 tot 20 years.* Dié keer was sy besig om handtekeninge te werf vir 'n petisie aan die Chinese regering oor bere wat misbruik word. *The bile serves a disgusting market: for shampoos, aphrodisiacs and "miraculous" remedies.*

Sy rangskik die korrespondensie weer volgens datum. Dit gaan gou, daar's nie soveel nie. Sy lig die stapeltjie papier, ruik daaraan terwyl haar oë die opgestopte dinosourus-speelding op Anja se bed nie meer sien nie. Sy hou die duisende kilometers, die onbekende poskantoortoonbanke en poswerkerhande, naby haar gesig. 'n Onverstaanbare tongval kwetter ongeduldig om haar ore. Sy sien ander soort klere, onbekende materiale. Waar sal die lapwinkels wees?

University of Cape Town

Toe sy weer opkyk, kyk sy vas in die album. Sy erken dit aan die verbleikte rug. Dit staan direk voor haar tussen van die ander boeke op die boekrak bo Anja se lessenaar.

Toe Karien hulle agt jaar gelede weg is Nieu-Seeland toe het sy op die tippie dié foto-album met die madeliefie en die meisie voorop vir Hanna gegee: "Ek wou nog afdrukke van die foto's maak, maar het nie daarby uitgekom nie."

Hanna het halfhartig protesteer: "Nee, toemaar, neem dit maar. Jy kan dit mos daar maak en dan vir my die afdrukke of die oorspronklike laat terugkry."

Karien het haar kop geskud: "Nee, dis nie reg nie. Dit hoort hier. Ek sal skuldig voel as ek dit saamvat - en ek voel al klaar meer as genoeg so, sonder dat ek eers presies weet hoekom." Sy't haar oë geknip en die punt van haar neus het verkleur: "Ek weet steeds nie of ons die regte ding doen nie, dis absurd, ná ons die hele ordeal deur is."

Hanna kon haar nie antwoord nie. Sy het haar nadergetrek en vasgehou. Enigiets meer as net 'n oomblik sou hulle ongemaklik maak; hulle was nog nooit demonstratief in hul fisieke gebare jeens mekaar nie. Oor Karien se skouer het sy die laaste bewyse van groot en vinnige volstruisgeld nou onder breë stroke Pickfords-maskeerband in 'n krat oor die Indiese Oseaan sien reis: hul ouma Amelia se Engelse eetservies verpak in foamalite en toegedraai in borrelplastiek; die side-board, die een met die loodglas ruitjies; die handgekerfde babawiegie; hul ma se bal-en-klou kamerstel van Knysna-stinkhout. En Karien se klavier met die naklank van toonlere en arpeggio's deur die Karoo-pastorieë. Oor dié beeld skuif die wêreldkaart met die twee woedende skuins strepe in swart oor Nieu-Seeland wat sy in die kamer van Karien se jongste kind dae voor hul trek gesien het. Dít, asook die oë van die ou Labrador wat hulle uiteindelik moes laat slaapmaak omdat niemand vir haar 'n huis wou gee nie.

Dit moes hel gewees het vir Karien, en tog was dit daardie dag maklik om terug te glip in die bekende ou gevoel van jantjie wees. Asof Karien weer wen en sy weer verloor.

Toe Karien haar uit die ongewone omhelsing loswikkel, het Hanna haar probeer troos, ondanks haar eie gevoelens van verlies: "Toemaar, dis OK. Die wêreld word al kleiner. Dis makliker, die heen en weer."

Sy't nie toe haar eie woorde geglo nie. Haar kinders bewys haar nou eers dis wel waar, mits jy daarvoor kan betaal. Maar eweneens: hoe armer Afrika word, hoe verder val ons suid van die aardbol af.

En wanneer mense weggaan, is haar eerste reaksie, dit wat sy met niemand deel nie, steeds 'n gevoel van angs. Sy moet dit maar erken: die gerugte en berigte van oppakkers met eenrigtingkaartjies kring al nader. Sy's bang haar kinders gee ook pad, en dat sy alleen agterbly in 'n land waar die ligte, soos sy hulle geken het, een-een afgesit word.

Sy het gedink daardie foto-album is tussen die goed in die garage wat Karien in bokse vir haar gelos en wat sy nog nooit uitsorteer het nie. Toe sy die album nou uit Anja se boekrak trek, gly 'n foto uit en val gesig na bo op die lessenaar. Inge se Goldberg-variasies (opgeneem in 'n ateljee in gemaklike klere sonder 'n sent se grimering) word deur 'n enkele ander stem stilgemaak: "Moeder was lief om te vertel hoe die pikkewyne die nag van my geboorte soos donkies gebalk het."

Naand, Oupa.

University of Cape Town

Twintig

Sy en Karien, wat vir 'n week van die wintervakansie by hul oupa Hans kuier, staan weerskante van hom by sy lessenaar. Hy skuif sy Remington (*In Sake: Uself en Mevrou Jansen - Grensdispuut*) agtertoe om plek te maak vir die boks kiekies.

"Dink Oupa meisies kan ook in vuurtorings werk?" wil Hanna weet terwyl die sout en bamboes klaar al haar neus prik en die dieselmasjien diep in die maag van die see al verder dreun soos sy by die smal wenteltrap met die blinkgevatte houtreling op en op. Die mure rondom haar is dik. Jy weet dit oor die vet, klein venstertjie; sy vensterbank is twee voet en breër. Dis 'n suil van stilte. Sy is op pad boontoe, heel bo, na haar koepel van glas. Van hier sien jy tot waar die lug bo-op die see bymekaar gaan lê soos 'n man by sy vrou. Dis stil hier, maar nie sonder geluid nie. Die klank wat wel tot bo reis, is afgestomp. Die see sug. Die meeue flapper soos skoenlappers. Dis net die diep fondament van beton gegiet in die swart klipbank van die see wat jou op 'n manier nog anker in die wêreld daar onder. Andersins is jy los.

Oupa frons en sê hy persoonlik kan aan geen rede dink hoekom nie, maar, so ver sy beperkte kennis van verstand aan strek, was daar nog nooit in Suid-Afrika een nie, hoekom? Karien val hom snipperig in die rede: "Nee, daar sal ook nie wees nie, want niemand sal dan met haar wil trou nie."

"En waarom nie?" glimlag hy.

"Sommer nie."

"As iemand vir my sê ek moet kies," Hanna weeg 'n bruidegom op teen 'n vuurtoring, "dink ek ek sal eerder die toring kies."

"Nee, wag 'n bietjie." Hy haal sy bril van sy oë af, hou dit teen die lig, haal 'n stoflap, nuut en oranje, uit 'n lessenaarlaai, en vryf aan 'n merk op die glas. "Wag net so 'n kleine bietjie, veral jy Mejuffrou Parmant." Hy sit sy bril terug en kýk Karien: "Daar was tog wel. In die Tweede Wêreldoorlog; Kaap St. Lucia, Natal, krokodilwêreld. Ek het iewers 'n foto van haar gesien: swart dubbelborsbaadjie, pet, romp, die lot. 'n Missus Coward, nogal." Hy frons weer na Karien. "Sy was die assistent-wagter en hy, haar man, die

hoofwagter."

Hul oupa se antwoord maak albei vir 'n oomblik om uiteenlopende redes stil.

Buite, op die pieke van die Witzenberge en die Winterhoekberge en die Limietberge rondom Tulbagh, lê sneeu. Hulle bly bedags meestal binne omdat die wind wat oor daardie strooisuikerspitse dorp toe waai deur jou trui speerpunt - dis wat Oupa sê - al is daar son. Soggens hou hulle hulself besig, want hulle oupa moet kantoor toe.

Ouma Amelia se dood die vorige jaar het Hanna se woordeskat uitgebrei met die herhaalde aanhoor van die woord *karsinomatose*. Dit het haar mond volgemaak soos 'n te groot hap. 'n Ander nuutjie was grootmense wat *lastig* was. Lastigheid, het sy gedink, is beperk tot vlieë en kinders. Die weduwees en die oujongmeisies van die dorp het haar oupa lastig geval soos soldate 'n vyand aanval.

Sy is nog in die laerskool; Karien in haar tweede hoërskooljaar. Karien vaar hul oupa se kombuis daardie jaar in, haar agterhoede gedek deur wyshede van haar huishoudkundejuffrou en deur Nella, Oupa-hulle se bediende van jare. Nella maak agter haar skoon en dra middae die oorskiet van die suksesse huistoe, en so ook die flops: taai meringues glad nie eintlik wit nie ondanks die koeksoda of 'n karringmelkpoeding wat bly lê soos iets deur 'n motor gestamp. Daar's baie honger mondjies daar waar sy woon, verduidelik sy terwyl sy die plastieksak toeknoop.

Hanna verkyk haar aan haar suster in haar nuutgevonde terrein. Sy sif die meel met dieselfde hoë polse as wanneer sy klavier speel. Sy kry dit reg om eiers te skei sonder dat die geel breek en klop dit saam met die suiker tot dit mirakelagtig van kleur verander. Syself is tevrede om die bak uit te lek.

Oupa is altyd betyds terug vir middagete. Karien haal sinne uit die een hoofstuk voedingkunde in haar huishoudkundehandboek aan soos teksverse. Volgens haar sal al die stysel, koolhidrate eintlik, van Nella se kos - gortsop, melkaartappels, kluitjies, patatbredie - hulle vet maak. Middae wanneer Oupa rus, luister hulle saam met Nella na Liefdeslied, geborg deur Colgate-

University of Cape Town

Palmolive, op Springbokradio. Wanneer hy klaar gerus het, speel hulle Monopoly, eet monkey nuts en op die grammofoon sing iemand *The world is waiting for the sunrise.* "Het Oupa al gehoor van die Beatles?" wil Karien weet.

"As jy vandag nog nie van die Beatles gehoor het nie, is jy doof." Hy het 'n manier om die wind uit mens se seile te haal.

Later, voor hulle gaan stap, gaan hy weer studeerkamer toe. Dis op so 'n middag, toe sy Remington weer vanagter die toe deur ratel, dat hulle op die skoenboks met kiekies afkom.

Karien stel voor hulle sit die foto's as 'n verrassing vir hom in 'n foto-album, en hulle gaan koop skelmpies een oggend met hul eie sakgeld 'n album op die dorp in die CNA waar hulle stry oor watter een van die paar beskikbaar hulle sal neem. Hanna wil die een hê met die kolliehond op die buiteblad, maar Karien dring aan op die een met die meisie met die lang reguit blonde hare. Sy ruik aan 'n blom.

"Oupa sal dink dis stupid, en vir wat ruik sy aan die daisy, daisies ruik sleg," stribbel Hanna teë.

"Maar die hond lyk net so stupid," kap Karien terug, maar wen tog die argument; sy't in elk geval meer geld om by te dra.

Dis een van dié Brownie-boksfototjies wat nou in Anja se kamer uitval. Die vuilwit randjie is gekartel rondom 'n klein en vierkantige stoep, die een waar die pikkewyne geraas het die nag van hulle oupa se geboorte. Langsaan is die tweelingstoep van die ander helfte van die onopgesmukte skakelhuis; staangemaak met sy rug na Dasseneiland se vuurtoring wat in tagtig voet seeklip op die hoogste rant van die eiland ingebed is. Naas die breë rooi en wit bande op die gietystertoring lyk die huisie misrabel en plat. Jy sal Tafelberg beslis nie van hier, soos bo uit die toring, op 'n helder dag sien nie.

Dis dié foto wat in Anja se kamer uit die album gly, en die wintervakansie in die Land van Waveren (aardrykskunde bl. 36) terugbring: "Vader het die pikkewyne loop verjaag van die stoep," vertel Oupa, "seker ook

University of Cape Town

maar verlig om binne weg te kom van die vrouegoed. Die vrou van langensaan het kom help: komme warm water, lappe. Dit was eintlik Vader se skof, maar die ander wagter het vir hom ingestaan."

Die foto onder die stoep-foto is een van haar oumagrootjie, Anna, met oupa Hans op haar skoot. Hy dra iets wat lyk soos 'n rokkie.

Anna se man, Joshua, was een van die eerste vuurtoringwagters op dié laagliggende eiland in die Atlantiese Oseaan ses seemyle wes van Yzerfontein. Die eiland kry 'n paar maal naam en verloor hom weer soos die vroeë Portugese en Nederlandse en Britse seevaarders dit om die beurt toegeeïen het: Ilha Branca; Elizabeth-eiland; Coney Island. Maar dis die ander Hollandse naam wat vasgesteek en ook sin maak - die plek was immers oortrek met klipdassies, gejag vir verbyvarende skeepskombuise.

Rondom die eiland, net onder die wateroppervlak, lê 'n verraderlike rotsbank. Een van die baie skepe wat hier vergaan het, was die Childe Harold wat van Bombaai na Londen onderweg was. Dit was een-en-vyftig jaar voor hul oupa daar gebore is. Hul grootouma Anna het vir jare 'n verweerde ivoorbeeldjie van 'n lotusblom gehad wat sy tussen die rotse opgetel het. Dit het van dié wrak gekom, het hulle maar geraai - daar was glo kiste en kiste ivoor-artefakte aan boord. Maar dit kon ook eintlik enige ander skeepswrak gewees het, het hul oupa verduidelik, want die skepe uit die kolonies op pad terug Europa toe was boordensvol Oosterse ware om in Engeland en Europa te verwerk of net so van die hand te sit: koffie, kardemon, klapperhaar, tjalies, perlemoer, Arabiese gom. 'n Ander spoelstuk, 'n stel takbokhorings, het in die voorhuis van die huisie teen die muur gehang. Die eerste Windsor Castle was nóg 'n slagoffer voor die toring. "Vuurtorings was toe nog onder die jurisdiksie van Engeland. Vir alles wat jy wou hê, moes jy eers toestemming kry van Trinity House; hele uitgerekte prosedure wat jare kon duur. Die onderafdelings van die torings is daar gemaak, op die boot gesit, hier aanmekaargesit en betaal in ponde."

Die lig is toe nog met olie brandgemaak: "Die olie is in 'n groot graniettenk

University of Cape Town

aan die voet van die toring gebêre en elke druppel moes jy trap-op dra. Van al die trap klim het Vader stewige, goedontwikkelde kuite gehad. Ek moet julle eintlik die allemagtige glaspanele van daardie eerste lens loop wys, dit staan in die museum op Mosselbaai. As die son dit vang, lyk dit nes 'n reuse-heuningkoek."

Langer terug in die sestienhonderds, met 'n dringendheid om rotse en land vir verbygaande skepe te merk, is daar vuurgemaak. Die eerstes was op Robbeneiland, Minto-heuwel, en in die omgewing van die huidige Groenpunttoring: "Houtvure, wat natuurlik gou uitgebrand het, het plek gemaak vir brandende pik. Vure is ook aan die gang gehou met skaapvet en walvisolie."

Wanneer hy van die torings vertel, luister Hanna en Karien met dieselfde konsentrasie as wanneer hy vir hulle voorlees uit *The wonderful wizard of Oz,* of *Robinson Crusoe* of die Alice-boeke. Hulle is plattelandse kinders. Die andersheid van die seewêreld boei hulle. Hulle ken die gewig van 'n pampoen wat op 'n sinkdak neergesit word, en daarom is die seepampoentjie onmoontlik lig en broos. Die sandhaai se jellie-oog is selfs meer grillerig as die skaapoog in die skedel wat hulle ma destyds skrik op die lyf gejaag het. Vuurtorings met hul heldedade gegiet in klip, herroep verhale van prinsesse in torings wat deur prinse op wit perde verlos word. En geen musiek is meer melancholies as dié van die mishoring nie. Dit hipnotiseer mens.

Maar hulle oupa se seestories is op 'n manier beter as die sprokies: dis nader, en ook is hulle mos so verlangs deel daarvan, is hulle nie?

"Maar moenie 'n fout maak nie - dit was 'n harde, allenige lewe. Ek sou dit nie vir al die geld in die wêreld doen nie. Van al die torings was dié een, Dassen, die mees afgesonderde."

Hy haal 'n opgerolde, vergeelde kaart uit vanagter 'n ry boeke en wys: hier en hier: "En natuurlik Birdeiland, maar ons was nooit daar nie. Party van die wagters het, maar ook nie net hier nie, aan die drink gegaan. Een, dit was op Robbeneiland, het so desperaat geraak as sy drank op is, hy't die een of ander konkoksie uit parafien gestook, in 'n blik langs sy bed gesit en met 'n pypie lê

en uitsuig. So 'n eenkantlewe sit nie in almal se broek nie."

Sy oudste suster was vyf toe sy pa na Dasseneiland gestuur word, en sy moes in die Kaap agterbly om te kan skoolgaan. Dit was vir sy ma bitter swaar. Radioverbinding het eers met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog gekom, en die sleepboot het net eenmaal 'n maand geloop, mits die nukke en grille van die weer dit toegelaat het. Die mees gereelde kontak tussen haar en haar kind was die posduif. Maar wanneer die boot wel gekom het, was dit 'n fees: vars groente en vrugte en vleis, pos, brandstof, materiaal, kerse, medisyne en alles wat die vuurtoringmanne nodig het vir die instandhouding van hul lig.

Dit was met dié boot dat grootouma Anna veronderstel was om terug te gaan Kaap toe, betyds vir die bevalling. Sy sou op die kaai deur haar suster en swaer ontmoet word en hulle sou saam met die trem terug Mowbray toe. Maar sy het haar datums verkeerd gehad - die baba wat kwansuis 'n maand te vroeg gebore is onder pikkewyngebalk was nie 'n premature skepseltjie nie, maar 'n welgeskape voltermyn seun. Vroeër daardie jaar, negentienhonderd-en-een, sterf ou koningin Victoria op die Isle of Wight en haar oorskot word met die seiljag, Alberta, aan land gebring vir die begrafnis op 'n yskoue Engelse dag - en 'n nuwe sarsie Victoria's en Victors word die lewe ingestuur, maar sy naam is Johannes. In Amerika word die eerste tien-duim-plate gesny, met musiek op net een kant. Anna hoor ook op haar afgeleë blyplek van die bruin korrels in blikkies waarby jy net kookwater gooi en siedaar, jy't koffie.

Dit was ook 'n sleepboot uit die Kaapse hawe, waarskynlik dieselfde een wat sy gemis het, wat grootouma Anna se stoof en klavier gebring het. Die Welcome Dover het op die eiland agtergebly toe hulle tyd daar klaar was, maar die Blüthner het met haar en haar man saamgetrek van die een toring tot die volgende: "Nou nog, soms in die nag, word ek wakker van die see wat raas, die dieselenjin en nader, in die huis, Moeder wat sing: 'On wings of song, my dearest, I shall carry you away.'" Hy kyk na hulle asof hulle moet weet waarvan hy praat: "Ken julle dit nie: On wings of song?"

Nee, Oupa, maar ons ken die Rolling Stones en die Beatles en die Bee

University of Cape Town

Gees.

"Nee, o allemagtig, dan moet ek dit vir julle speel vanaand. Mendelssohn. Léhar. So goed julle het nooit leer lees nie."

As die weer dit toegelaat en die wind reg gewaai het, het Anna die vensters wyd oopgestoot dat Joshua haar bo in die toring, as hy die deur oopmaak, kan hoor: *You are my heart's delight*.

Die ligtoringlewe het Joshua en sy Anna skynbaar gepas: "Hulle was nie kuierige mense nie, maar op mekaar ingestem. Ek kan ook nie onthou dat een van hulle ooit hul stem verhef het teenoor ons of mekaar nie. Ek weet nie of hulle maar altyd so was en of die allenigheid hulle so gemaak het nie. Toe Vader dood is, het Moeder al minder gespeel; twee jaar en toe's sy ook weg."

Sy en Karien wil weet waar hy dan gespeel het op die eiland en waarmee? "Strandgoed opgetel, goed van die skepe. Eienaardige bottels, dryfhout, vreemde vrugte- of groentesoorte. Vere opgetel en Rooi Indiaan-kopgoed gemaak, visgevang en met skulpe patrone uitgepak, sandkastele, sandvuurtorings en op die rotse rondgeklouter, alikreukels afgehaal en huistoe geneem. Resies gehou met die skilpaaie, daar was baie. Konyne gejaag. En Vader gehelp poets aan die koperwerk. Mens weet natuurlik nie wat jy onthou en wat aan jou vertel is nie."

"Hase?" wil Karien weet.

"Nie hase nie, konyne, regte Europese konyne. Hulle is daar afgelaai toe die dassies nou behoorlik afgemaai is. Om te eet, kos vir die skepe."

Die wagters en hul gesinne het dikwels kreef geëet (hy wys met sy hand hoe groot die krewe toe nog was) en soms, wanneer kos skraps was, ook pikkewyneiers. "Naar, met asyn. Maar oorsee was dit glo 'n lekkerny. Dié dat ons eilande so besteel is, duisende op 'n keer weggedra."

Hy stop by 'n foto van Birdeiland. "Weet nie waar dié een vandaan kom nie," hy draai dit om, maar agterop is niks geskryf nie, "want Vader was nooit hier gestasioneer nie. Kyk die Malteserkruis," hy trek die kruis met sy vinger na, "mooi, maar dit moes hel gewees het in daardie eerste jare. Toetentaal afgesny van die wêreld; onherbergsaam. Die mense se kos het tot opgeraak.

University of Cape Town

Die eerste toring was sommer so 'n houtstallasie. Reënwater moes jy van die rotse opvang. Plant kon jy nie. Boonop is daar voortdurend die swetterjoel meeue, nee, eintlik malgasse. Jy's so alleen, naderhand smaak dit jou die voëls praat in mensestemme. Praat nie met jou nie, maar praat oor jou."

Hulle hoor van die vrou van een van die wagters wat hier in 'n put geval en verdrink het. Sommige het gesê sy't nie per ongeluk ingeval nie; sy's ingehelp - en sy loop tot vandag toe daar. Daardie swaar houtdeur stoot sy self oop, al weeg sy niks. Haar dood het 'n einde gemaak aan 'n lewe van teenspoed. Haar kind, 'n seuntjie van vyf, is dood tydens haar man se dienstermyn op Robbeneiland. Op dieselfde dag het die kat en die hond ook gevrek. Agterna is strignien glo in die koffie en suiker gekry, maar die skuldige is nooit aangekeer nie.

"Mens kan begryp dat daar vrae gevra is, want hoe, om mee te begin, het die troeteldiere suiker ingekry? Dit het gebeur terwyl die ma en pa by 'n begrafnis - dalk was dit nou 'n troue; ek kan nie meer onthou nie - in die Kaap was. En ses jaar tevore, toe hulle die toring by Kaappunt beman het, het hul huis helderdag afgebrand."

University of Cape Town

Wat Hanna betref, kan Oupa heeltyd bly vertel; hulle hoef nie eens te eet nie. Sy wou nog altyd, vandat sy kan onthou, 'n see hê.

Een van die vrouens wat hier by hulle in die pastorie op Victoria-Wes in die Karoo gewerk het, het vir haar en Karien vertel onder die Karoo lê 'n groot pan silwer water. As jy geduldig rondkrap tussen die klippe in die veld, het sy gesê, sal jy visgrate kry, meelwit gebak in die son. Die plat halfmaan goetertjies wat blink in verskillende afgewaterde kleure as jy dit net reg draai teen die lig is skubbe: "As jy met jou oor plat teen die grond lê in die nagte as almal slaap, sal jy hoor hoe roep die meisievisse met die mooi sterte, hulle roep baie soos uile. Hulle kom uit net as dit groot reën en dan vat hulle jou terug na hulle se waterwêreld. Die klein mensies wat eers hier gebly het, het hierdie plek só genoem: die droë plek, die K'roo, maar hulle het ook geweet van die water en die watermeisies. Jy moet hulle prentjies loep soek daar in

die koppe." Syself was baie ouer, maar in gestalte nie veel groter as Karien nie.

Toe Hanna in later jare vir haar ma oor hierdie vrou vra, het haar ma haar herinner: "Jou verbeelding het nog altyd met jou weggehol, my kind, en die meidjies het ook maar baie twak kwytgeraak." Dié bediende se naam was Fluitjie; hieroor het hulle saamgestem.

Die see is die eerste prys van water. Skynbaar anders as vir baie van die ander dorpskinders wat tevrede is om in die droë loop van die Brakrivier te speel. Hier is die sand kol-kol fyn en is grawe lekker maklik. Dis ook sagter as die dorp se gruis en grond onder mense se kaalvoete.

Sy onthou min van haar pa; dis maar 'n paar druppels en daarom is dit belangrik dat sy haar paar feite moet reg hê. Haar ma is nie meer daar nie, maar sy was ook altyd suinig met praat oor hulle pa. Dit help nie sy is nou sentimenteel en dink dit sou ooit anders wees nie.

Ek moet vir Karien bel; sy sal weet. In die voorportaal by haar telefoonboekie werk sy die tydsverskil tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland uit, maar die telefoon in Christchurch lui en lui net voor 'n eentonige Amerikaanse antwoordmasjienstem in haar oor nasaleer: "Please leave message."

Sy laat geen boodskap nie; dit sou absurd klink. Veral vir Karien, op haar nugter maag.

Dit moet tog nog iewers in my eie kop wees, want ek het dit dan met my eie oë gesien. Drank vernietig breinselle. Tog, daar moet meer as genoeg, ongebruik, oor wees.

Dis opvallend hoe baie Karien in die laaste tyd, wanneer sy vir haar skryf, na hul kinderjare verwys. Sou sy ook die verlede tot rus wil bring, aflê saam met haar vrugbare jare, of is dit 'n afstandbeheerde manier van 'n eie identiteit in 'n vreemde land vaslê?

Sy stap terug na Anja se kamer; sy moet die album gaan bêre.

'n Tyd gelede het Karien geskryf (na aanleiding van 'n bemoeisieke buurvrou van hulle) van die spesifieke ou weduwee van Victoria-Wes, wie se naam sy toe nie kon onthou nie, wat so baiemaal met klagtes en stories by die

University of Cape Town

pastorie opgedaag het: "Sy't altyd pantoffels en 'n voorskoot aangehad behalwe Sondae in die kerk, onthou jy, Hanna? Haar elmboë was ingebed in lae wit en pienk vleis." (Die Nieu-Seelandse buurvrou loop en stoel glo heeldag en aldag haar ligblou sweetpak vol.)

Ja, Karien, toe ek die millennium op die maat van my tien milligram Temazepam inslaap, het ek nie kon droom hierdie is my jaar vir terugloop nie. Maar twee tree agteruit vir elke een vorentoe. Hoekom al die bohaai; dis maar net een gewone kalenderdag wat in syfers en wysters oorloop in 'n ander kalenderdag - maar ek het myself probeer bluf. Eintlik was ek nie lus om weer 'n keer eenuur, twee-uur in die nag alleen terug te ry huistoe nie. Dan is die groot gevaar nie buite jou motor nie, maar jyself binne-in. Dis net dat jy dit seker nie sal verstaan nie, want jy't veilig gekies en met jou universiteitskys, jou veiligheidswag, getrou.

Wanneer die tannie met die elmboë in die sementtuinpaadjie, wat skuins deur die vetplante na die voordeur gestreep het, afgeslof kom, het hulle ma met haar vinger voor haar mond beduie sjuut. Dan het hulle nie die voordeur oopgemaak nie; terwyl sy een, twee, drie keer lui en agterna klop voor sy brom-brom omdraai en terugsloef-sloef. Dit kon hulle net doen as hul stiefpa nie daar was nie.

Maar sy't Dominee wel in die hande gekry oor die klonkie, Klaas-Jan, op haar suster se plaas in die distrik wat hom besig hou met Satansgoed - omdat hy water wys. Boonop gloei sy oë rooibruin. Hy't ook ligte sproete en sy hare is anders, Dominee, half oranje in die draai van elke kroes. Die tante het enorme donker halfmane onder haar arms.

En nou hoor sy haar pa se stem, asof hy hier by haar praat in Anja se kamer. Afgemete en kalm. Dis of sy dit in al die jare nooit vergeet het nie: "Met waterwys is natuurlik niks verkeerd nie, tant Bettie." 'n Goeie waterwyser in die Karoo is sy gewig in goud werd, dit behoort sy tog te weet. Dit was juis 'n NG-predikant wat groot waters aangewys het op Willowmore tot seën van baie.

Maar tannie Bettie het bly neul en een Saterdagmiddag het hy haar en

Karien geneem en het hulle na die plaas uitgery. Haar pa het haar op sy arm gedra toe hulle oor die werf na die platdakke van die plaaswerkers stap. Die kind, groter as Karien, maar nog nie uitgegroei nie, is geroep. Saam met hom het hy die mik van 'n kwepertak gedra. Hy is kruis en dwars oor die werf gestuur, maar die tak het roerloos in sy hande gebly. Toe het hulle saam met die boer en die kind se ma geloop in die rigting van 'n kolletjie groen; wat sou dit wees: kweper-, granaat- of bloekombome of klompies van elk? Hier het die seun stadiger gestap, asof sy voete sleep. Skielik het die tak ondertoe geruk in sy hande, sy dun arms agterna.

"Hy sien water onder die grond soos ander mense brandewyn in 'n glas," het die boer beduie.

Sy ma het geskerm: hy kry skeelhoofpyne as mense hom te veel lastig val; dit maak hom baie moeg. Hy kan tot binne-in die pens van 'n siek skaap sien. Tot 'n paar jaar gelede het hy gedink alle mense sien wat hy sien.

Eers in die koel skemerte van die opstal het haar pa haar weer neergesit. Wat van Klaas-Jan geword het, weet sy nie. Karien onthou die ligte sproete, anders as die ander bruin kinders. Sy het hieraan geen herinnering nie.

Wat sy onthou, is die krag waarmee die tak uit sy armpies, self nie veel meer as takkies nie, af grond toe geskiet het.

Op Victoria-Wes het hulle ook gehoor, meer as een keer, van die groot vloed van agttien-een-en-sewentig. Die Februarie-dag was snikheet en die Brakrivier deur die dorp horingdroog; die wolkbreuk letterlik uit die bloute.

Muile, skape, koeie en mense het daardie aand nege-uur in die hoofstraat tussen waskomme en tafels en stoele verbygestroom. Party mense het sonder 'n draad in bome gesit; ander in nagklere. Net een van die twee-en-twintig mense by 'n danspartytjie in Quirk se hotel is gered. 'n Ma het haar kind vir drie uur bo haar kop bo die malende waters gehou, en die mure van 'n modderbaksteenhuis het ingekalwer op 'n bruid wat haar trourok by die kleremaker aangepas het. Sy't haar rug gebreek en die volgende dag het sy in haar sanderige trourok, nou al aan die hard word, saam met baie ander gelê in

University of Cape Town

die biblioteeksaal wat as lykhuis ingerig is. Drie dae later is die dooies op osse- en perdewaens gelaai vir die rit kerk en dan kerkhof toe.

Die watermeisies moes hul hande volgehad het.

Op Hanover weer het die pastorie geplant gestaan in die middel van 'n allemintige ronde gruisbedding wat onder die draadheinings rondom die kerk tot bo-op Trappieskop kruip. Die kerk lyk soos koekoeklok, maar in die middel van 'n somerdag is die dorp die kleur van as.

Daar's die malvas, aalwyne, vetplante, Mevrou se een beddinkie bolle en die groentetuin by die pastorie, verder is daar nie juis plante en struike waarmee die dominee se tuinjong sy hande kan besig hou nie. Daarom hark hy daagliks die sirkel gruis rondom die kerk oorkant die pastorie sodat die son saans sak op 'n wydlopende, grinterige hekelsprei. In die middel van die lang somersdae rus hy langs sy hark onder 'n peperboom. Terugbeskouend het daardie kerktuin gelyk soos die Japanners se formele klippiestuine wat geharkt word om te lyk soos water - groot branders, klein kabbelingtjies, strome.

In dié tyd, wanneer ook haar ma bietjie lê, haar stiefpa preek voorberei en Karien dalk klavier oefen, speel Hanna op haar lekkerste. Sy soek tussen die vetplante en die rye witgekalkte klippe wat paadjies aandui rondom die kerk en pastorie vir takkies, bessies, klippies, uitgedroogde slakdoppe, stukkies geroeste draad en saadjies. Sodra sy genoeg bymekaar het, tap sy een van haar ma se can fruit flesse by die lamlendige kraan langs die vierkantjie gras vol. Versigtig dat die water nie die lagie sand onder-in nie omwoel nie. Hierin sak haar vondse een vir een. Hierdie is haar see: skulpe, vissies en seegras kompleet. Sy't nie meerminne nie, want hulle laat hulself nie sien nie. Vir hulle moet jy luister saam met die uile, as jy gelukkig is.

Om haar weg te verbeel het vanself gekom as kind.

University of Cape Town

Een-en-twintig

Hanna het tydsaam deur die foto-album geblaai en druk hom nou terug in die boekrak. Vir enkele tellings bly sit sy net so; haar gedagtes verder as net dié bundel foto's.

Van die kombuis kom die geur van lourierblaar, swartpeperkorrels en naeltjies, van 'n botterkors wat goudbruin bak rondom fynhoendervleis. Dis Nettie se omgee wat sy ruik.

Sy kan haar lewe nou soos 'n legkaart voor haar op Anja se lessenaarblad uitpak. Die prent gaan tot op die rand van die tafel en dan? Dan val mens af soos die ou seevaarders.

Sy staan op en sit die kamerlig af. Op pad na die kombuis om die pastei uit te haal, gaan bêre sy ook Inge se CD.

Sy't uiteindelik weer haar pa se stem gehoor, maar pleks van verligting kry sy seer. Die gemis van 'n leeftyd is in 'n paar tellings gekondenseer; dit weeg te swaar.

Nou bly daar seker nie meer verrassings oor nie.

Ook nie die vakuum tussen haar en die gangkas en dit wat in die kas in die voue van haar ma se damasktafeldoek lê nie. Die ander het Wim weggeneem. Dalk uitgegooi, sy weet nie. Drank wil nie gebottel bly nie; dit wil vloei. Af in die wasbak, af in mý keel waar die slymvlies soos 'n damkors in droogte kraak. Hierteen sal ek in aller ewigheid sluk.

Hoe gaan ek dit doen, dink sy paniekerig. Dis veel makliker om dit níé te doen nie; dan's hierdie baklei met haarself immers oor en uit.

Maar wat dan van jou kinders? Abbie. Nettie. Almal wat jou liefhet. Die vroue wat hierheen kom vir koestering. Jy red hulle - hulle sê dit soms; jy sien dit - maar jouself kan jy nie uithelp nie.

Sy vee en vat die fluisteringe, taai spinnedrade oor haar gesig, weg. Nog net hierdie een. Om die snykant van die allenigheid te verstomp.

Sy hou nie daarvan om dit só te doen nie, 'n koue bottel wyn oor 'n ete by mense is verkieslik, maar die drankwinkel is al ure toe. Boonop ís daar geen mense vir haar tafel nie. Miskien is hulle nou vir haar bang. Sy kan terwyl sy die

University of Cape Town

pastei eet, maar alleen drink saam met 'n bord kos is meer uitgerek eensaam as 'n paar vinnige slukke agter die deur van die gangkas.

Die laaste maal.

Die voos ou belofte staan regop saam met haar in die gang.

Meer gees as mens. Die skimmel oor die gestalte sonder begin of end roer soos die grassies in haar can-fruit fles nooit geroer het nie.

Hier is die voordeur waardeur sy buitentoe kan loop; daar is die gangkas se deur.

En tussen die twee, in die gang met sy breë sysagte oregonplanke, hang die troufoto: die een wat sy glasgesig in die aardbewing verloor het.

Maar toe sy hier kom - die harige kim suur in haar nek - kan sy by haar oupa Hans se oë nie verby nie. Ouma Amelia kyk haar nie; sy's te opgetoë met haar rok, haar man, haar dag. (So sou Hanna dit die volgende dag vertel vir Leila wat sou sê sien jy nou, dis mos nou evidence van die engele wat mens oppas. En dan sou Hanna ook onthou Rositha se beskermengele, wat sy ook haar gidse noem, is Michael en Percusious.)

Kom, gebied haar oupa Hans haar, nou gaan ons stap, come hell or high water, ek en jy en Fritz. En tip-tip trippel Fritz gehoorsaam op die plankvloer vooruit.

University of Cape Town

Sy gryp haar sleutels wat op die tafel in die portaal lê. Die voordeur klap. Buite blink Venus in 'n lug gladder as olie op water.

Mens loop lankal nie meer alleen nie, veral nie dié tyd van die aand nie, dis onnosel, uitdagend, onverantwoordelik. Sy't daarvoor gesoek, sal hulle sê.

Buite is stoepligte, die blou flikker van televisieskerms, honde agter hekke. Mense is nog wakker, dis nog nie nege-uur nie. Sy stap so driftig sy sien nie eens wie by haar verbykom nie.

Eers in laerhoofweg tussen die mense en die musiek en die dampe van uiteenlopende disse uit sewe, agt eetplekke bedaar sy. Mense wat sy ken, groet. Toe sy instap by Philip se plek ontmoet 'n kelner haar by die tafel: "Tafel vir een?"

Philip sien haar en waai; hy't sy hande vol, maar kom tog ná 'n oomblik. Hy druk haar teen sy voorskoot wat ruik na knoffel en meel: "Ons moet weer 'n slag inhaal, wanneer kan ek kom kuier?"

"Hoekom kom jy nie vir middagete môre nie; bel net dat ek eers na my afsprake kyk. Iemand bring vir my roti's." Philip sal Leila geniet, maar sy moet ook alleen met hom praat.

"Dis 'n vreemde versoek, Philip, maar kan ek iets warms kry, iets soos hot chocolate of warm melk?"

Hy sit sy hand op haar skouer, druk dit liggies: "Niks vreemds daaraan nie, natuurlik. Wat nog?"

"Eintlik niks, ek het iets by die huis." Sy kyk by hom verby.

Hy sien, soos hy al jare sien. Hy mis niks: "Weet jy wat? Doen my 'n guns, dis as jy wil.

"Iemand maak vir my by wyse van 'n eksperiment 'n sjokoladekoek vir nagereg. Dis glo een van daardie death by chocolate-nommers met baby marrow klandestien ingeroer vir klammigheid, maar ek het dit nog nie self geproe nie. Wil ook nie eintlik nie. Poedings is mos nie my forté nie, sal jy?" Hy wink 'n kelner nader. "Maar wees verskriklik eerlik, hoor. Diva's maak 'n goeie tiramisu en ons koek moet beter wees. Ek bring ook vir jou iets om te lees." Philip het seker die enigste pizzaplek in die stad met stapels en stapels tydskrifte van oor die hele wêreld, ook enkele boeke. Dit maak dit vir mense makliker om alleen te kom. Tog kan sy nie help om te dink nie, heeltemal neutraal: as dit alleen en nugter is, wonder sy hoekom nie meer mense halfpad en driekwartpad en papdronk, of gerook, is nie.

Sy kyk deur die stapeltjie wat hy haastig, met 'n vinnige waai van 'n soen, op die tafel neerplak. Sy blaai sonder veel belangstelling. Een ken sy nie: POZ. Lyk Amerikaans. *This year's backlash against PWAs ( people with Aids) is 'n direct result of the fact that we're no longer dying on schedule.*

Sy maak die boek toe, skuif dit eenkant. Neem 'n ander een en probeer die gedagtes wegblaai. Maar dit help nie. Ek lieg al slegter vir myself. Sy trek die tydskrif weer nader. Op die voorblad is 'n vrou van in haar vyftigs; bietjie ouer

University of Cape Town

as syself. Sy lag met plooie om 'n ingekleurde mond. Hare getint. Positief was nog nooit so negatief nie.

Later wil Philip nie hê sy moet op haar eie huistoe loop nie; hy stuur een van sy kelners saam wat die kans neem om te rook en haar ook as nie-amptelike toergids gebruik toe hy hoor sy woon al lank hier. Alles is vir dié entoesiastiese jong Amerikaner met die ring in sy tong "awesome". By die punt van Wrensch Road groet sy hom: dankie, sien, haar huis is net daar.

Dis eers toe hy van haar wegdraai dat sy die klavier uit die hoekhuis waar die sipres uitgehaal is, hoor. Dis nie 'n opname nie, ongetwyfeld nie. Deur die oop voordeur skyn lig van dieper agter in die huis, maar die voorvertrekke - dis hier waar die musiek vandaan kom - is donker. Dis die reëlmatige onreëlmatigheid van ragtime. Die hinkepink in die stap. En al Charleston jy hierop en lag met die rooi bek-reg-vir-soen soos daai vrou op die boek, klink die ingeboude klag van die kolgans. Dít - ragged time - sê meer van my tyd, dalk ook die Kaap s'n (wie sal weet) as die techno en house en hardbag wat die River Club se raves langs die sterrewag uitdoefedoef. Ragtime. Ragtrade.

Sy loop stadiger; wens sy was een van daardie soort mense wat sommer nou sal instap en klop en sê... wat sê?

Sy sien nuwe plante, sakke bemesting teen die stoep, 'n boonste deklaag wat lyk na boombas. 'n Spreier spuit tussen 'n lap varsgeplante varkblomme. Hier is iemand aan die werk wat weet, iemand wat nie 'n vrou in 'n bakkie met 'n wolfhond nodig het nie. En seker ook nie 'n vrou van glas nie.

Toe sy by haar eie hek kom, kan sy die musiek nie meer hoor nie. Sy sluit haar voordeur oop en gaan was dadelik haar hande; sy moet begin. Sy't bitter min uitgerig vandag; sy sal moet spring. Was dit werklik net gister dat sy teruggekom het? Die werkkamer ontvang haar nes toe. Soos daardie grot vir die Hottentotprinses, so is hierdie kamer met die komvenster vir my.

Daardie nag sit sy tot in die kleinure met Nelle se baadjie. Nelle het 'n stuk materiaal uit die Ooste gebring waaruit Hanna opsluit 'n baadjie móét maak. "Ek

University of Cape Town

sal probeer, Nelle, maar ek belowe niks."

Nelle was vasbeslote: "Nonsens, jy's 'n wizard en jy sal dit doen. Ek móét eenvoudig hierdie lap aan my lyf dra. Jy weet mos."

Sy weet. Dit was voor Kenilworth. Nelle is geduldig, sy't nog nie eens navraag gedoen nie. Miskien is haar immuunstelsel weer akuut teen die miëlien in haar brein en rugmurg in opstand.

Die materiaal is skaars groot genoeg en sy word verder gekniehalter deur die motief wat moet pas op die moue, voor in die middel en op die agternaat.

Maar sy wil dit terwille van Nelle doen. Nie net omdat sy 'n ou kliënt is nie, maar omdat sy, wat tot twaalf jaar gelede 'n provinsiale swemmer was, onlangs met veelvuldige sklerose gediagnoseer is. Die jarelange soektog van spreekkamer tot spreekkamer - Hanna het dit soos 'n vervolgverhaal aangehoor - is verby. Laas toe sy hier was, het sy gesukkel by die paar trappies teen die stoep op. Sy't haar deur die venster gesien en solank die voordeur gaan oopmaak. Nelle het nie probeer dapper wees nie. Haar sarkasme jeens haarself was bitter: "Môre, hier kom jou hotnosgot."

Toe Hanna uiteindelik die skêr optel, het sy die patroonstukke reeds op elke denkbare manier op die materiaal uitgepak. Maar nou gaan dit maklik; die tekstuur is grof en gly snip-snip.

Dit was daardie vakansie saam met Karien by haar oupa wat die saadjie geplant het vir haar droom om eendag die trekke van haar voorouers al met die kus langs na te ry en foto's te neem van hul vuurtorings. Dit moes swart en wit wees om die strak vorm te beklemtoon. Sy sou 'n uitstalling hou.

Maar hiervan het niks gekom nie: Tulbagh, die aanpassings in die stad toe sy kom studeer het, 'n vinnige affaire met Ville, 'n skielike baba, Swede, die lang ure tot laatnag toe sy vir haarself begin werk het, nóg 'n baba. Toe sy besef sy's swanger, is Wim nog op haar bors.

Verskonings is altyd in seisoen, weet sy deeglik teen nou.

Sy het min of meer van haar foto-droom vergeet, tot by die kliniek.

Maar hoekom foto's, sy's tog nie 'n fotograaf nie? Janie het voorgestel dat sy dalk "onbewustelik die behoefte koester vir 'n sterker medium om jouself in uit

University of Cape Town

te druk, die klere-ontwerp bevredig jou waarskynlik nie genoegsaam nie". Die terapie spoeg analises soos 'n geldoutomaat.

Maar dis hier en nou waar die cookie crumble. Wat, Janie, sê jy nou?

Sy stamp per ongeluk die bakkie met los spelde van die naaimasjien; 'n sagte klettering in die stilte. Sy moet weer vir haar 'n magneet kry, Rositha het hare kom leen vir die een of ander metode van polarisasie wat sy op haar honde wou toets en het dit nooit teruggebring nie. Toe sy weer regopkom nadat sy die spelde een vir een op haar knieë opgetel en teruggesit het in die ronde bakkie, vang haar oog die horlosie. Dis amper halfdrie toe sy agter die masjien gaan sit; sy trek Abbie se kussing onder haar uit. Die voering gly koel en glad onder haar linkerhand deur.

Die masjien brom en haar kop neem weer sy loop.

Die uitpraat tussen daardie mense, en alleen saam met Janie, het tog verandering begin. Dit kan sy nie ontken nie. En Janie was reg - sy moet praat met ander mense wat weet. Of dan net luister, hoor of hulle hande ook bly dwaal al by die koelkasdeur. Sy sal hoor by Leila.

Sy kan die foto-idee nie net as belaglik afmaak nie. Dit kom al 'n leeftyd saam met haar; mens ignoreer so iets nie sommer net nie. Dit gaan nie oor die argitektoniese lyne of die integriteit van eenvoud nie - dis die departement van mense soos Emil en Ville - dit gaan oor haar eie enkelheid. Indien dit 'n geen is, wil sy sien waar dit vandaan kom. Daardie verlede staan met sy fondamente in hierdie hede.

Maar kan 'n foto 'n eenkantlewe met 'n oop- en toegaan van 'n sluiter vang?

Die oog skandeer vanself dit wat hy sien. Die proses wat Wim met sy sketse gebruik is nie so gesofistikeerd nie. Hy dink, teken, scan en dan eers word dit opgeneem in die geheue van die moederbord.

Sy ruil die garetolletjie van die omkapper. Toets verskillende drade teen 'n snippertjie van die voering teen die lig. Die tweesnydende begeerte om op haar eie te wil loop moet sy bevestig. Vir haarself, en ook sodat sy kan bly wees 'n

University of Cape Town

kleremaker vir mense.

Jy maak nie vrede nie, sê Nelle, jy maak kennis.

Die nag hoor sy dit eerste op die daklig. Die dakvenster was destyds Ville se plan om lig in hul slaapkamer in te bring, en om die reën te hoor. Hulle het mekaar snags wakkergemaak. 'n Hand op die skouer of in die hare: hoor jy, dit reën? Hierna slaap jy dieper, meer tevrede.

Dit trommel nou liggies op die glasvesel - die garevoetjies van die watermeisies. Maar dié is nie Fluitjie se Karoo-meisies nie. Sy's nou in haar eie huis onder Duiwelspiek waar die berg draai. Dis 'n halfpadplek.

University of Cape Town

Twee-en-twintig

Miskien is dit te skielik. Dalk moes hy tog sy ma gewaarsku het Anja kom, dink Wim toe hy uitloop op die dek aan die voorkant van die huis in Noordhoek wat hy oppas, want Anja is so damn onvoorspelbaar. En met sy ma weet mens ook nie, hoewel sy beter lyk. Hy kan haar natuurlik nou nog bel, maar dan moet hy Anja eers wakkermaak om dit met haar uit te klaar.

Ag, los dit net, miskien is dit fine, besluit hy en sit sy koffie op die dekreling neer. Hy lees op die oomblik 'n boek wat klink of dit vir hom geskryf is. Dit bevestig wat hy lank al vermoed: hy moet ophou inmeng; hom losmaak van sy ma se ding sonder om op te hou om vir haar om te gee. Dít sal hy in elk geval nie kan nie.

Om die dek staan die melkhoute 'n dik blinkgroen rif. Dit was 'n kort nag, want hy en Anja het ure om gesels nadat hy haar vroeër die aand op die lughawe gaan haal het.

Die plek lê aan Noordhoek se Chapmanspiek kant teen die berg met 'n uitsig oor 'n breë stuk strand wat vir kilometers skoon en wit strek. Asof 'n stuk landkuns; iets geprakseer uit meters en meters wit seil, 'n topografiese doek van Andy Goldsworthy of Christo. Die huis sit versigtig in sy omgewing: dis van hout en klip en wanneer dit reën, hard reën, rammel die water op 'n sinkdak. Van die periodieke kuiergaste in die kombuis met sy agterdeur wat oopmaak teen die berghelling is bobbejane, slange, dassies, spinnekoppe en skugter streepmuisies. Terwyl hy gister skottelgoed gewas het, het hy gestaan en kyk hoe vyf, ses suikerbekkies hul middagete uit 'n protea haal. Anders as van die bure, het Jean-hulle nie probeer om die berg met kikoejoe en renonkels te manikuur nie. Jy staan op en gaan slaap met die suur van kruid in jou neusholtes, en buite die badkamervenster staan 'n boegoe wat roer en ruik elke keer as die vensterraam daarteen oopmaak. Hy stort meestal buite oor dit so lekker ruik, en nie omdat jy jou ablusies binne met die geitjies deel nie.

Met eerste lig vanoggend was hy wakker. Die klam gordel tussen die branders en die strand was enkele oomblikke gelede grys, maar skuif nou, soos die son opkom, deur die reënboog. Ver onder op die strand, dit sien hy sonder verkyker, ry Lego-mannetjies op Lego-perde. Stippels hond draf

University of Cape Town

agterna. Noordhoek is een van die stilste strande van die Skiereiland en daarom ook 'n ideale perdryplek. Verder strand-af as die perde staan 'n geroeste skoorsteen en stookketel swart uit die sand op. Jean, wat entoesiasties nalees oor skeepswrakke, het hom vertel van dié skip, die Kakapo, wat op haar eerste seereis van Swansea op pad na Sydney in 'n noordwesterstorm Chapmanspiek vir Kaappunt aangesien en volstoom links geswenk het. Nie een van die bemanningslede het iets oorgekom nie; hulle het in vlak water uitgestap. Nou lê haar houtromp hoog en droog in meters sand bo die hoogwatermerk ingebed. Honde en kinders hol daarnatoe; grootmense wandel agterna.

Agter die branderlyn golf vyf, ses branderplankryers in die sagte deining. Van hier kan jy hulle vir robbe aansien. Hy was nie deel van die groep surfers destyds by Michaelis nie, maar hy en een van dié ouens het na dieselfde meisie gevry. Die surfer (meer voorspelbaar blond en brons kon mens geen Adonis opdroom nie) het haar bedags Blue Water Bay en Noordhoek toe verlei; hy saans Labia toe en op volmaanaande Leeukop uit. Hy het die voordeel gehad van die nagtelike ure; die surfer die bonus van 'n Kombi. Intussen, maar dit het hy en die ander ou eers later uitgevind, het die meisie, haar naam was Michelle, 'n full-blown affaire met een van haar huismaats aan die gang. Ook die ene geelkoper en heuningblond van speel in die son, aangehelp deur die sonbrandolies op die mooi handpalms en vingers van Michelle. Toe hy vir Anja sê sy ding met Michelle is verby, het sy nie 'n oog geknip nie: "Great, ek het net begin dink my dag hou niks goeds in nie."

Vir eerlikheid kry Anja elke keer volpunte. Hy't nie reageer nie; omgedraai en geloop. Sy't hom later kom soek om te sê sy's jammer oor haar bruusk reaksie: "Maar..."

"Maar wat? Dat jy in werklikheid nooit van haar gehou het nie?"

"Daar was niks om ván te hou nie, Wim."

"Hoe bedoel jy?"

"Pe-le-ease, Wim, grow brains. Sy was nou nie juis die skerpste mes in die laai nie, was sy?"

Toe hulle gisteraand hier buite gesit het, het sy hom gevra na die naam van die lig wat oorkant die baai geflits het: "Dis reg, Slangkop. Kommetjie.

University of Cape Town

van die lig wat oorkant die baai geflits het: "Dis reg, Slangkop. Kommetjie. Ek moet weer 'n slag na daai album kyk. Onthou jy, Wimmie, Mamma se foto's van die funny persoontjie wat sy lewe omgesit het alleen bo in lighuise?"

"Daardie funny persoontjie was jou oupagrootjie." Wim het die "Mamma" opgetel.

"Nee, dit kan nie wees nie; jy's verkeerd. Hy was die pa van my oupagrootjie. What does that make him? My great-great-grandfather, oergrootjie of iets. Joune ook, by the way. Maar can you imagine, what a miserable life, hoewel die view seker opmaak vir die gebrek aan geselskap."

Anja se besoek is 'n verrassing vir hul ma. Nadat sy gisteraand haar goed in een van die kamers neergesit, vinnig onder die stort deur is en hulle 'n bottel wyn oopgemaak het, het hulle hier buite kom sit. Hy weet nie of hulle dit albei doelbewus uitgestel het om oor Hanna te praat nie, maar sy't heelwat later aan die beurt gekom.

Anja wou eers weet van al hul gemeenskaplike vriende. Sy praat self so baie en so aaneen, hy kry skaars 'n innings: "Up-date my nou, maar net human interest, asseblief. Here, Wimmie, wéét jy hoe mooi dit is, het dit jou ook so full-on getref toe jy terugkom? Ek bedoel kýk net," en sy't haar arms oopgemaak om die berg, die see en die strand in te sluit, "maar ek neem aan die gruesome details sal wel met my opvang voor vier-en-twintig uur verby is." Hy het aan haar versoek voldoen, maar haar nie van Philip gesê nie; dit sou sy weldra hoor.

"En het jy al weer vir Portia gesien?" wou sy weet.

"Portia én die baba, bedoel jy. Ja."

"En?"

"Ek weet nie." Hy't 'n hand gelig sodat sy sonder enige twyfel moet weet die onderwerp is gesluit.

Hulle het ook reisstories gedeel; opgetel waar hulle mekaar laas in Londen gesien het. Sy wou weet of hy weet wat van Dolf geword het. Hulle het Dolf (soos Anja in die rekenaarbedryf) in Londen ontmoet. "Hy was darem weird. Ek't nogals van hom gehou, net jammer van die stuk knoffel wat hy om sy nek gedra het," het Anja onthou en haar neus vieserig geplooi.

University of Cape Town

het geruik."

"Disgusting! Hoe weet jy?" Sy lag.

"Onthou ek en hy het saam in daardie benoude sitkamer geslaap en ons goed bedags agter die bank moes bêre, terwyl jy geëer is met Mienke se kamer. Ek dink nou nog sy't 'n oog op jou gehad."

Anja bloos maklik. Selfs net 'n subtiele suggestie kan haar verleë maak en die blos aansteek. Sy beskou dit as 'n defek, maar ander mense hou daarvan. Sy't 'n ligte vel met natuurlik rosige wange. Peaches and cream, sê Pedro. Wanneer sy skaam word, soos nou, verdiep die kleur weerskante van haar neus: "Moenie belaglik wees nie, maar weet jy wat; het ek dit vir jou geskryf? Nee, ek het nie. Daardie ou, onthou jy daardie crazy ou in die leathers wat gesê het hy is Mienke se neef? Onthou jy, ons het hom mos by daardie Spaanse plek ontmoet? Wat was sy naam nou weer? Raphael?"

"O hý, nee, man, nie Raphael nie, Ralph. Wat van hom?"

"Jy's reg, Ralph. Anyway, jy sal dit nie glo nie, Wimmie, dis nogals gory. Hy't voor 'n blêrrie tube ingespring."

Maer en bleek in sy swart leer. Min gepraat. 'n Spinnekop of sorts: lang ledemate; oë onpeilbaar donker en klein; geluidlose beweging. Hy was 'n Engelse onderwyser iewers in die ooste van Londen en kon in sy seldsame spraaksamige buie lang stukke uit Shakespeare voordra. Ná herhaalde waarskuwings oor 'n dwelm-besigheid, het hy sy werk verloor. (Hy't 'n voorliefde gehad vir Acid tabs met 'n pikkewyn-prentjie.) Dis tóé dat hulle hom saam met Mienke leer ken het. Hy en 'n ander ou, so 'n kleintjie met sproete, Puck, het hulle hom genoem, was altyd saam. Puck en Ralph se pa's het albei in die House of Lords gesit.

Nou eers, met Ralph se engel wat woordeloos oor die dekreling klouter, sy lenige deursigtige bene om hom toevou en tussen die fynbos agter Puck se koggellaggie aan wegraak, wil Anja weet van "hierdie plek" waar hul ma was.

Hy vertel wat hy weet. Feite, sonder om sy eie gevoelens in te bring. Van kleindag af is dit sy verantwoordelik om haar te help, te beskerm waar hy kan. Hy verwys na 'n ander boek, *Children of Alcoholics*, wat hy ook onlangs gelees het. Hy weet dit sal nie help om voor te stel dat sy dit ook lees nie - só

University of Cape Town

is sy - hy sal dit laat rondlê.

"So, die Queen of Cool kon haarself nie red nie?" Elke woord geknip.

"Dit help nie jy's vir haar kwaad nie, Anja. Dit sal, indien enigiets, haar net slegter laat voel en alles vererger. Ek dink wat sy nou gedoen het, is 'n moerse ding - en gee haar daarvoor krediet."

"My hart bloei. As dit dan so bad was, vir wat het sy nie lankal iets daaromtrent gedoen nie?"

"Ek dink nie ons begin eens om dit te verstaan nie. Sy kan dit nie eintlik help nie." Hy sê nie hy't al baie meer as dié een boek gelees nie. Sê nie hy kyk by die biblioteek vir nuwe titels; soek soms op die internet. Hy't nou die dag 'n artikel oor Alkoholiste Anoniem uitgeskeur en gebêre. Hy sal dit dalk mettertyd vir haar aangee, maar hy kan hom voorstel hoe sy nou sal reageer: sý is die een wat dit moet lees, Wim, nie ék nie!

"Sy's ook skaam, voel sleg. Sy voel sy't ons lewens opgeneuk."

"Dink jy sy het?"

"Nee. Ek dink nie ek en jy het meer gelukkige of ongelukkige kinderjare as miljoene ander mense gehad nie. In konteks van wat om ons gebeur, bevoorreg; en word nou maar naar oor die woord, dis 'n feit. Ek dink ons het eintlik nogal great tye gehad, want dis soos sy is. Sy's anders. Jy moet dít darem erken. Wou jy eerder 'n ma gehad het wat vir die kerkbasaar koek bak en agter Edgars se uitverkopings aan hardloop?"

Sy het nukkerig stilgebly. Haar wynglas teen die lig gehou, ingedagte daarna, of na die see daaragter, gekyk. Sy't die moeite gedoen om te kom, maar nou is dit alles te naby en te skielik. Hy het haar jammer gekry. Sy het met haar voete op die stoepreling gesit, skoene uitgeskop. Oorkant die baai het die lig ritmies gesein. Jy kon jou asemhaling daarmee koördineer.

Toe sy weer praat, was sy minder skerp: "Eintlik nogal sad, is dit nie? Maybe was sy ook net te lonely na Pa weg is en ons het dit nie eens geweet nie. Sy't nooit eintlik ander boyfriends gehad nie, het sy?"

"Ag, ek weet nie; wil ook nie eintlik nie." 'n Inventaris van mens se ma, of pa, se liefdeslewe is 'n ongemaklike gedagte. "Ek dink daar was, miskien, soms. Subtiel. Maar dis 'n siekte, Anja, as dit só raak dat jy dit móét doen - of jy nou binge of elke dag van die oggend dat jy jou oë oopgemaak het, drink of

University of Cape Town

wat ook al. As sy nou kanker gehad het, sê nou maar, sou jy tog simpatiek gewees het." Hy preek, besef hy, en bly stil. Die feit dat die terapeut wat sy ma behandel het voorgestel het dat hy en Anja ook vir 'n paar sessies gaan, by iemand anders as sy, sê hy nie. Nie nou al nie.

Sy glimag wrang: "Imagine jy sê vir mense, verskoon my ek moet net gou vir my ma in die hospitaal gaan kuier. Shame, vra hulle, wat's verkeerd? Nee, niks ernstigs nie, sy't net haar honderdste hangover met alkoholvergiftiging hovering in the wings." Sy lig haar wenkbroue gemaak dramaties, krap in die pap deurmekaar sak langs haar stoel en haal 'n verfrommelde pakkie sigarette te voorskyn.

Maar hy steur hom nie. Dís Anja: groot lawaai; klein hartjie. Sy sou nie gekom het as sy nie omgegee het nie.

Hy beduie na haar sigarette om die onderwerp te verander: "En wanneer het dít weer begin. Laas toe ek jou gesien het het jy vir weke al nie meer gerook nie."

Sy glimlag verleërig en beskou die sigaret nadenkend: "Ek weet. Dis net so lekker, dis die probleem. En as ek nie rook nie, eet ek. Wel, eet ek méér, ek eet in elk geval. Anyway, ek weet van erger gewoontes as dít. So van eet gepraat; sal ons nie 'n pizza of iets gaan kry nie? Houtbaai is mos net hier om die hoek. Die kos op die vliegtuig was on-blêrrie-uitstaanbaar. Hardgekookte eiers in 'n kerriesous en calamari wat na uitveër smaak, nie dat ek al uitveër geëet het nie, maar ek kan my net imagine."

"Nee, ek ry nou nêrens nie; dis laat. En nie een van ons kan nou bestuur nie. Hier's goed in die yskas, kom, ek wys jou."

Hy moet nog die aandkoerant lees voor hy gaan slaap, en los haar in die kombuis. Toe hy klaar sy tande geborsel het, gaan sê hy nag. Hy's bly sy's hier.

In die kombuis het sy die radio ontdek. Sy't ook die Labradors wat reeds agter in hul hokke geslaap het, laat inkom. Die honde slaap net verder op die vloer onder haar voete, maar dit pla haar blykbaar nie. "Hardly waghonde, hierdie. Hulle snork al vandat ek hier aangekom het," terg sy en krap die een, die reun, agter die ore. Hy roer nie; steun net.

Dis halfelf en sy's besig om heen en weer bo-oor die honde 'n tunaslaai

University of Cape Town

Dis halfelf en sy's besig om heen en weer bo-oor die honde 'n tunaslaai aanmekaar te slaan. Dis nog low-key Anja: dis nie vreemd om haar twaalfuur in die nag te kry waar sy doodhappy 'n sjokoladekoek staan en bak nie - omdat sy dán vir sjokoladekoek lus het.

"Kom laat ek jou hug," sê sy toe hy nag sê. "Jy's so nice, ek het al amper vergeet. Night, night, Boetie, don't let the bugs bite."

Haar sigaret brand 'n lang askop in iets wat ongetwyfeld nié 'n asbak is nie. Jean hulle is streng nie-rokers en sal die piep kry, maar hy bêre dit vir môre.

Sy het dit reggekry om die kombuis binne oomblikke om te dop: kaste en laaie is oop, goed staan rond. Hy weet nooit hoe sy dit doen nie. Hy weet ook nie hoe sy haar kop bymekaar kry om rekenaartegnologiese werk te doen nie. Môre sal sy twaalfuur nog slaap en hy sal haar moet wakker maak om betyds by hul ma te wees vir die middagete wat sy met hom gereël het. Geen wonder mense kan dikwels nie glo ons is broer en suster nie, dink hy met die wegstap, ons is so heeltemal uiteenlopend.

University of Cape Town

Drie-en-twintig

Sy wil vandag Sinai toe skryf van Wim se rekenaar, dink Anja toe sy en Wim oor Ou-Kaapse weg na Constantia se kant afsak. Sjoe, dis hier so radically anders as daar: hoe verduidelik 'n mens hierdie groen vir mense wat woon in 'n woestyn?

En die gedagte aan kleur bring die droom terug. Of dalk omdat die Skiereiland in 3-D voor haar oopmaak, en hulle weer hulle ma se opvanggebied binnery.

"Weet jy wat droom ek laasnag? Gee jy om as ek in die kar rook? Ons is by 'n mode-voorskou of iets, ek en Ma, jy's nie daar nie. Sy is so half die main persoon; daar's baie van haar goed. Sy stap by my verby vorentoe na die verhoog of ramp of ding. Ek sit tussen die mense, sien, en stop haar."

Sy beduie met haar hande dat hy mooi verstaan, maar hy bestuur en kan nou nie juis kyk nie; toemaar, hy's slim. "Ek hou van die nuwe kleure, sê ek vir haar; dis vir my mooi en ek sê nog iets, iets wat ek gedink het, is nogal profound, maar wat ek nou vergeet het. Sy sê baie dankie, Anja, maar dis obvious sy wil nie nou met my praat nie. Toe gaan staan sy voor die mense en begin. In die loop van haar speech verwys sy net so by the way na wat ek gesê het - sy noem my 'daardie kliënt' - en toe besef ek sy't nie 'n damn clue wie ek is nie. Can you believe it?"

"Nee, nogal nie. En wat is die kleure van die nuwe reeks?" vra Wim.

"Mooi. Swart, gryse, steenkool, off-white. En so 'n dowwe soort van silwer, maar miskien jok ek dit nou by. Maar kan jy glo sy herken my nie, Wimmie?"

Nou eers steek sy haar sigaret op. Sy't só unsettled uit die droom wakkergeword, sy't gedink sy sal die detail nie maklik vergeet nie. En tog, toe sy minder as 'n uur later met haar tee op die dek sit en terugdink, het dit klaar begin padgee. Regte blêrrie cock-teasers.

Wim en die honde was nie in die huis nie. Voor sy uitgeloop het, het sy deur Jean-hulle se CD's gekyk. Daar was maar min wat haar entoesiasties gemaak het: korale, cantates, kerkmusiek. Hier en daar 'n verdwaalde iets anders. Sy't Marianne Faithfull uitgehaal en die volume oopgedraai. Klink soos een wat baie gerook en gedrink het. Op die stoep

University of Cape Town

het sy gelees: *"The Ballad Of Lucy Jordan" comes from my heart to every woman who has lost her dreams or thinks she has (they are never lost, only sleeping).* Pe-le-ease. Is dit nodig om nou só selfblêrriebejammerend te wees. Maar die musiek is nie te bad nie. Bietjie blue, dink sy en maak die boekie toe om weer na die foto op die omslag te kyk - sou sy en haar ma omtrent ewe oud wees?. Dit gaan maar seker saam met daai ouderdom se territory. Sulke vroue maak altyd so 'n road-show van bygones en sulke goed. Sy sal dit nie doen nie. Mind you, haar ma is ook nie eintlik so nie.

Maar as sy nie so is nie, hoe ís sy dan?

Jy kon die see ruik van die dek; dit het eintlik seergemaak as jy diep inasem. Sy moet minder rook. Vir 'n oomblik het sy oorweeg om Wim en die honde te gaan soek, maar hulle kon net sowel berg-op wees as berg-af. Wim - so self-contained en tevrede soos altyd. Maar sy weet hy steek goed ook maar lekker weg. In die huis is 'n kamer in die kamer tot jy kom by daai laai met die brief. Dis hy.

"Jig," sy gril half vir die sigaret. Hoekom is dit nou dan so sleg? "Sorry, maar ek gaan dit nou in die asbak dooddruk, ek sal dit vir jou by die huis skoonmaak." Sy draai haar ruit af. Tyd dat sy ophou, wéér ophou.

"Nie eintlik 'n goeie begin vir die dag nie, is dit?"

"Dis tog net 'n droom, Anja," troos Wim.

Haar ma weet Wim kom vir middagete, maar nie dat sy by is nie. Sy wonder meteens of die verrassing so 'n goeie gedagte was: "Moes ons nie maar eerder vir Ma gesê het nie?"

"Hoekom? Dit was jou idee en ek dink dis great. Dit sal vir haar lekker wees, dink jy nie?"

"Mm, ek weet nie." Hy klink self nie dodelik seker nie. "Nevermaaind."

Wim stel voor dat hulle vir hulle ma blomme koop by die blommemark in Rondebosch, maar net voor hulle daar kom, ry hulle verby 'n vrou met bosse varklelies in 'n emmer.

"Kom ons kry eerder die varkblomme, Wim, toe, reverse gou."

Hulle sit die blomme in die boot. "Weet jy, een van die goed wat ek anderkant gemis het, strangely, was Afrikaans, al praat elke tweede mens

University of Cape Town

in Londen dit deesdae. Eenkeer op die tube, dieselfde dag as wat ek daar aangekom het, sê 'n vrou met twee babies net hier agter my, ek skrik my water weg: 'Ag, jissis tog.' So lekker uit haar guts. Anyway, waar was ek nou? O ja, dit was nogal vir my weird, maar hoe die bergies praat en mense soos hierdie vrou is 'n tipe poetry eintlik, is dit nie? Tipe liefdes-poem."

"Dit doen nogal iets as mens dit daar anderkant hoor."

"Of nie hoor nie. Ek wonder of mens jou taal heeltemal kan drop. Dink jy as jy lank genoeg weg is, sal jy ophou dink in Afrikaans, Wimmie? Of droom?"

"Ek weet nie. Maar droom mens nie in beelde eerder as woorde nie?"

Hulle draai by Groote Schuur-hospitaal af. Teen die skuinste is 'n nuwe gebouekompleks. Sy swaai in haar sitplek om: "Haai, stop, waar's die begraafplaas?"

"Nee man, jy kan later kom kyk," sê Wim en herinner haar dat die werk aan die sloping van die St Peter-begraafplaas begin het in die tyd toe sy weg is. "Dis die St Peter-winkelkompleks dié."

"Shame en waar's al die dooies? En al daai divine engele? Ek het altyd gedink ons moet een vir Ma se tuin vat. Sy kan doen met 'n celestial being in die ronde."

"Daar's 'n gedenktuin daar in die hoek, jy moet gaan kyk. Van die mooiste grafstene het behoue gebly, en die bene is daar begrawe. En dan sal jy ook van die kindergrafstene tussen die bevrore hoenders in Pick'nPay kry. Mens mag nie goed van grafte steel nie."

"Is jy ernstig? Het hulle regtig die klein graffies in Pick'nPay gesit?"

"Ja, Anja, en as die hemel val, dra ons almal blou mussies."

Sy lag. Dis altyd so ongekompliseerd lekker om saam met Wim te wees, hoekom kan dit nie so wees met ander mans, boyfriends en goed, nie? Buiten miskien - maar sy dwing haar gedagtes weg van hom, hierheen: "Jy laat dit klink of dit orraait is om goed van ander plekke te steel." Maar die grafte herroep 'n ander storie, sy't lanklaas daaraan gedink.

University of Cape Town

Sy onthou hoe sy en twee meisiemaatjies kleintyd eenkeer skelm oor die hoofweg na die verwaarloosde begraafplaas ge-slip het. Lower Main Road is te smal vir jaag en daar kon hulle maar kom en gaan solank hulle altyd twee was en nie in vreemde motors klim nie, maar die boonste hoofweg was verbode terrein. Dit was verder aan op dié pad, Soutrivier se kant toe, waarop die meisie wie se hart in die eerste hartoorplanting gebruik is, doodgery is. Sy en haar ma het oor die pad geloop om te gaan koek koop. (Dit was lank, lank voor haar geboorte en ook voor haar ma in die aardbewing was.) Die meisie se ma is op slag dood; syself breindood. Die naam van die bakkery wat die koek gebak het, was Wrensch Town en way back - dit was die punt van die hele storie - was dié bakkery aan die onderpunt, oorkant die spoor, van hulle straat.

Die een maatjie was Coco. Die ander een se naam het sy vergeet, want sy het vir die een of ander rede van haar screen af verdwyn; maybe getrek. Hulle het tussen die grafte gedwaal; gesoek na interressante stukke oorskietblompot of stolp. Coco het gesê mens kan oorbelle maak van die wit porseleinduifies in die stolpe.

Sy het die verbleikte foto, ingebed in 'n grafsteen, eerste gesien. Dit was weird om vas te kyk in 'n regte gesig, al was dit dof en skaars sigbaar, en te weet jy staan nou probably bo-op die skedel waarin daai oë weggevrot het, jig. Die onkruid het hoog in die paadjies en op die grafte gegroei; rankrose het mal gegaan. Hulle het mekaar fluisterend met stories oor spoke en geraamtes opgejaag. Waarom hulle sag gepraat het, weet sy nie; maybe oor die ingeboude ontsag vir dooies. Miskien oor hulle naakte, opwindende vrees vir iets deurskynends en swewends. Hulle wil so graag, maar ook nie.

Daar was niemand anders in die begraafplaas nie. Stil was dit nie, want die verkeer van die hoofweg het onverpoosd verbygedreun. Daarom was hulle byna op die gekraakte grafkelder wat by sy een hoek in die grond ingesak het, toe hulle iets van daaragter hoor, iets meer as 'n muis in die gras. Hulle het omgedraai en weggehardloop; die ander twee was haar ver voor. Maar hulle nuuskierigheid was groter as hulle vrees en op 'n veilige afstand (nie te ver van die gerusstellende verkeer nie) het hulle beplan:

University of Cape Town

hulle sou op en óm loop; die grafkelder van agter benader. Van bo het hulle sjuut-sjuut van die een grafsteen na die ander beweeg, maar kon die agterkant van die kelder nie lekker in sig kry nie. En toe, meteens, is dit daar in die ge-squasde gras: 'n plastiekwaterkan, 'n konka, 'n krat, platgedrukte bokse en 'n kombers - iemand se blyplek. Dit op sigself was nie vreemd nie. In Observatory is altyd mense wat huismaak in stegies en ingange, onder bome en brué. Dit was die man: hy het teen die agtermuur van die grafkelder gesit-lê, sy broek tot by sy knieë afgetrek. 'n Kind - so hulle grootte - het voor hom gekniel, sy hande om die man se bene, sy gesig teenaan sy anderding.

Hulle daarwees het die man nie van stryk laat bring nie, maar die kind moes gekliek het iets is verkeerd, want die man het sy kop ferm met albei sy hande gevat en teruggedruk, asof om te keer dat hy orent kom. Hulle het nie gewag om te sien wat verder gebeur nie.

Sy't nooit vir Wim hiervan vertel nie, ook nie vir haar ma nie - dan sou hulle weet sy was oor die boonste hoofweg. Sy en Coco het die insident oor en oor dissekteer. Vroue in verskillende stadiums van ontkleding was nie vir haar snaaks nie; haar pa het ook sonder klere geloop - toe sy nog klein was en hy nog by hulle gewoon het. Coco was ook kaal mense gewoond, want haar ma-hulle (haar pa se hare was net so lank soos haar ma s'n) het hulle gereeld Sandy Bay toe saamgeneem.

Tog het die toneel, wat net sekondes geduur het, ure in haar gedagtes in beslag geneem. Daardie seun en sy was seker ewe oud, maar sy kon haar nie indink dat sy so iets sou wil doen nie. En dan nog in 'n begraafplaas; dit was die heel gruesomeste deel van alles.

Maar die herinnering het mettertyd sy lê gekry tussen al die ander goed wat jy hier op straat sien. In retro was dit maar net nóg iets: soos die vrou wat salig op die sypaadjie sit en piepie, haar Patricia in die son. Bret en Paul wat French kiss in die deur van hulle winkel, Magpie, waar die mobiles hang soos spinnerakke, want dis hoe hulle pose vir 'n tydskrif en dis nou maar jammer vir almal met moffievrees.

Later het die episode selfs verder verwater. Sulke goed is nie tot boemelaars beperk nie, het sy in 'n oomblik van ademloos en ietwat

University of Cape Town

angstige afwagting ontdek. Sy't gewens sy kon haar oë rek om méér te kan sien: tot nou toe het sy net gehoor van die manlike geslagsorgaan se eie lewe. "Soos iets met 'n mind van sy eie," het Coco haar verseker.

Toe Coco haar eerste full-blown sekservaring iewers op 'n mat langs 'n hi-fi gehad het met iemand wie se van sy nie eens geken het nie, het Anja vir lank gevoel syself sal daardie holy grail nooit in haar hande hou nie. Vir starters is sy seker te vet. Teleurstelling en verligting het in haar beurte gemaak; sy't self nie lekker geweet wat is wat nie.

Haar maagdelikheid het sy, en sy weet dit klink far-fetched, bietjie vir bietjie afgestaan. "Onverdunde wins en zilch verlies," het Philip lank tevore geterg oor die werkwoord "verloor" wat tandem ry met "maagdelikheid". Hy en Wim het op 'n manier daaroor ge-smile wat haar uitgesluit het. Hulle was immers ouer. 'n Hele jaar en 'n bietjie.

Haar ma en Wim is nie by die huis nie, en Abbie is al weg. Hulle sit heel innocently op haar bed en blaai deur van haar ma se oorsese tydskrifte. Langs mekaar, rug teen die muur, sy en Philip. Dis lekker dat hy al sy aandag hierdie keer aan haar gee en nie, soos gewoonlik, aan Wim nie. Sy's sestien en hy het vir haar binne net een week anders begin lyk en homself voor ander gedagtes ingestoot in haar kop soos 'n ongeskikte kind wat indruk in 'n ry. Dis weird; dit voel nie meer of hy so half haar broer is nie.

Onverwags (miskien nie so onverwags nie, het sy later gedink want daar was tog iets in die lug in daardie saamwees en die uitwys van spesifieke foto's) sit hy sy hand op haar kaal been onder haar los kortbroek. Sy weet haar gesig doen al weer die flaming sunset ding, maar dit worry hom obviously nie.

"Is jy nog 'n virgin?" wil hy weet.

"Ja." Sy kan nie vir hom jok nie.

Hy bars uit van die lag: "Shame, Anna-Patat, dis nie asof jy kanker of iets het nie, dis OK. Kom ek wys jou iets, maar kom ons sluit net eers jou deur, net vir ingeval." Hy stroop sy klere vinnig van sy lyf en kom lê langs haar op die bed, op sy elmboog. Sy kan haar oë nie van hom afhou nie,

University of Cape Town

hoewel 'n deel van haar eintlik nie wil kyk nie en 'n ander deel sê sy moet cool en eintlik half bored lyk. Mens kan nie eintlik sê sy dinges, penis, is mooi nie, noudat sy dit van so naby vir so lank sien, interressant maybe. Lyk soos 'n ding wat sy dop verloor het, shame. Hy begin aan homself vat en onmiddellik word dit groter, net daar onder sy hand, asof hy 'n onsigbare klein pompie vashou waarmee hy dit doen.

Sy's heeltemal uitgeboul oor hy glad nie skaam is nie. Hy verduidelik hoe sy, as sy wil, dit wat hy met sy hand doen met haar mond kan doen - aha; die scene in die begraafplaas! Nie byt nie; nie kielie nie; dis reg, net so. Sy weet instinktief Philip weet presies waarvan hy praat en met die opkom om asem te skep, dis nogal harde werk, wil sy weet met wie hy dit al vantevore gedoen het, maar hy skud sy kop driftig nee: "Nee, nee, moet net nie nou ophou nie." Sy asemhaling verander; iets soos babahond-tjankgeluidjies glip uit. Sy kry lag, miskien speel hy net en dit is nogals half funny. Maar teen die sagte binnewande van haar mond word die bewys van Coco se woorde baie hard en glad - terwyl dit nóg groei, whow, dis magic. Sy wonder of mens kan versmoor of verstik of iets. Toe sy weer 'n slag opkyk, lyk dit of hy gaan huil.

Dit, besef sy, is for real. Sy's nou, vir 'n oomblik en in 'n baie funny posisie, in grootmenswêreld.

En toe is alles oor. Buite haar kamer staan die huis se gang en al die ander vertrekke nog net so. Hy begin aan haar vat, maar dis, somehow, minder great. Knip begin ook net toe aan die deur van buite krap en volgende gaan hy opspring na die deurknop.

Sy kan nie wag om Coco te sien nie.

Wim weet dit tot vandag toe nie. Hulle deel nie intieme details oor lovers nie, maar dié een wou sy vir seker altyd geheim hou. As hy vir Wim vertel, het sy Philip afgedreig, gaan sy haar ma vertel.

Vandag het sy Philip vandag seker net so lief soos vir Wim, maar heel anders. 'n Koppie olie en 'n koppie water - hul vul dieselfde inhoudsmaat en dis al.

"Ek wil in-pop by Philip as ons klaar gelunch het, of sal hy hier wees?"

University of Cape Town

wonder sy toe hulle voor die huis stilhou.

"Nee, dis net ons."

"Weet hy ek is hier?"

"Nee, ek het hom eintlik lanklaas gesien; op die oomblik net te besig. Hy't 'n nuwe lover, jy sal van hom hou. Of nie hou nie."

"Wat vir 'n statement is dít nou?"

"Wag maar en besluit self."

Wim het 'n huissleutel. Sy stap agter hom in. Haar ma kyk op - jislaaik, kyk haar nuwe hare - vanwaar sy in die werkkamer voor haar patroonbord staan.

Sy doen 'n double take, sit haar hand voor haar mond en kom verby Wim (wat nogals raar is, want hy's mos die een wat sy eerste liefgehad het and it shows) na haar toe. Sy maak haar arms oop en laat dit dan weer sak, dis of sy iets wil sê, maar sy skud net haar kop.

(Somehow is dit vir haar rêrig fine dat sy obviously 'n soft spot vir Wim het. Sy wens net haar ma wil dit eerder erken as ontken and get one with life. Dis as sy haar disappearing act doen reg voor mens se oë en jy maar kan praat en tekere gaan, dít is haar heel ergste.)

Toe haar ma teenaan haar is, maak sy haar oë toe. Die reuk van hierdie kamer van haar hug mens, soos sy haar ook nou vasvat en vashou. Sy ruik vaguely lekker. Haar eie borste maak die plek vol waar haar ma s'n was. Sy't foto's gesien waar haar en Wim se kop kleiner is as haar ma se bors terwyl sy voed, maar dis nie meer so nie.

Toe sy haar oë weer oopmaak, sien sy, oor haar ma se skouer, die mees amazing rok. Hoe is dit moontlik dat sy dit nie heel eerste met die inkomslag gesien het nie?

"En dit?" sy stap na die rok. Vat, dit weet sy, mag sy nie.

"Anja, liewe land, tik my om met 'n veer; waar kom jy vandaan?" wil haar ma, wat nou ook vir Wim hug en van die een na die ander kyk, weet. Sy lyk bly, maar ook onkant betrap.

"Kan ek met net een klein babavingertjie vat nadat ek my hande gewas het, asseblief?"

"Nee.

University of Cape Town

"Dis absurd. Wim? Anja? Hier stap jy in asof jy netnou hier weg is."

Anja weet nie eintlik wat sy verwag het nie, maar haar ma lyk nie sleg nie. Pretty much soos altyd. Miskien nóg dunner. "Haai, Ma, sorry, ek sê nie eens iets oor jou nuwe hare nie, maar jy kan nie sulke show-stoppers hier ophang en dan verwag mens moet enigiets anders raaksien nie. Is dit vir my? Dink jy ek sal daarin pas?"

"Hou jy daarvan? Die kliënt kom dit môre haal, ongelukkig." Soos altyd bly haar ma heeltemal neutraal oor haar eie goed; so damn irriterend: "Sy neem dit Wenen toe, vir 'n bal." Sy kyk afgetrokke, emosieloos, daarna. Asof dit niks met haar te doen het nie, asof dit haar gewoon net koud laat en as jy haar oor tien minute in 'n ander vertrek iets sou vra oor die rok sal sy sê watter rok?

"Vir 'n bal? Amazing, het die laaste bal nie saam met prinses Di in Parys ge-crash nie?"

"Vir 'n rave sal dit seker te warm wees, Anja, en ook te veel vloerspasie opneem. Maar dit ís mooi, Ma, ek kan sien waar jy jou inspirasie vandaan gekry het," praat Wim terwyl hy uitloop.

Terwyl die rok, wat nie tussen die ander klere hang nie, maar apart teen die kas, haar heeltemal uitfreak. Sy's nie eintlik een vir rokke nie. Sy dra meestal jeans en los lapbroeke. Soms 'n skirt - lank tot op haar enkels of so kort jy kan haar pantie sien, sê Wim - met 'n lang top bo-oor.

Maar dis iets anders. Dis die poue van Pamukale.

En terwyl daardie herinneringe download - heeltemal uit die bloute; sy't mos nou nie só iets verwag nie - brand dit agter haar oë. Jissistog, moet sy altyd tjank? Sy sluk, baklei teen die oorweldigende lus om haar arms om haar ma te gooi, soos 'n baba te huil en haar alles te vertel. "Dis ongelooflik mooi. Wat se lap is dit?" vra sy om op die hier en nou te fokus. Maar haar stem verklap haar, sy weet.

As haar ma iets opgemerk het, sê sy niks. Sy kom staan langs haar by die rok teen die kas en beduie met enkele ongeërgde, ligte handbewegings - sy't steeds die mooiste gewrigte. Die merk op haar hand, wel, dis seker nie te moeilik om uit te figure nie. Die inligting is nonchalant. Maar deur die

University of Cape Town

koel stemval streep haar eie gedagtes soos 'n elektriese stroom.

"Thai-sy," verduidelik haar ma van die noupassende poublou bostukkant. "Die moue ook." Dié is eenvoudig regaf en stop sommer so êrens tussen pols en elmboog. Die materiaal met die subtiele blink draad is so uitsonderlik jy hoef niks daarmee te doen nie. Die bostuk loop in 'n sagte v, bietjie konkaaf, af tot onder die naeltjie waar dit wegraak in lang en wye lae sy-organza. Die romp se some wissel - die langste hang seker op die grond - sodat die kleure oormekaar speel as jy loop. Die vier lae organza is smaraggroen, appelgroen, iets tussen geel en taan, en dan weer dieselfde poublou. Dit sal ook ritsel, miskien, nee, eerder swiesj - 'n geluid veel meer gedemp as wanneer die pou sy stertvere laat tril en ratel wanneer hy dit oopwaaier en pronk. Daar het hulle snags in die bome gaan sit. Soms kon jy hulle op die sinkdak van die huisie waarin hulle gebly het, hoor loop. Lang afgemete krapperige treë tik-tik en die sleep agterna, as jy mooi luister, oor die sink. Saans het hulle tot laat in die warmbaddens bly lê, bottels koue bronwater net 'n armlengte ver, terwyl die mooiste van alle fisante - Hassan weet; sy familie boer daarmee - die nag sny met daai roep tegelyk scary en sad.

As sy dié rok kon dra, sou sy weer onder sy vlerk wees, hulle albei onder die waaier van die sinkdak, terwyl hy met 'n veer oor haar lyf streel. Hier het sy vir die eerste keer vye gesien met 'n perserige skil. Soos 'n man se sakkie bietjie. Dis wat hulle vir ontbyt gehad het. Haar hande was nog taai van die soppige vleis, tegelyk glad en korrelrig in mens se mond.

Toe sy donker oë naby aan hare is, fluister hy dat die oog op die punt van elke pouveer dieselfde seegroen is as hare. Hy lyk puzzled, maar soen haar oë toe dat sy nie verder sien wat sy sien nie.

Toe eers, baie ver van die huis, weet sy wat Philip bedoel het toe hy so geheimsinnig was oor sy onverdunde wins.

University of Cape Town

Vier-en-twintig

Sy en haar ma en Wim sit om die kaggel wat hy gepak het. Steenkool, dennebolle en wingerdstompies. Waar sou hulle die wingerdstompe gekry het, wonder Anja afgetrokke. Wim blaai met tussenposes deur 'n Time. Sy staan op om 'n stuk steenkool wat afgerol het met die vuurtang terug te sit. Sy wil net vir 'n oomblik wegkom van haar ma se gesig wat so sukkel. Ná sy die stuk teruggesit het, krap sy sommer maar net in die vuur. Om nie te sien nie.

Sy't nie 'n emosionele show-down verwag nie, omdat haar ma net nie so is nie. Maar ook nie dít nie - haar ma se ongewone ongemak, maak haar amper meer verleë as die gegewe; sy kan self nie eintlik hiermee cope nie.

Sy draai terug; gaan sit weer. Haar ma lyk steeds afgeskil. "Jy hoef nie hieroor te praat nie, Ma, dit het mos nie eintlik iets met ons te doen nie." Sy kyk na Wim, maar hy help haar nie. Sy kan ook nie 'n damn ding op sy gesig lees nie, jissis, hoe kry hy dit reg?

"Nee. Dit hét met julle te doen, Anja. Is dit nie hoekom jy hier is nie, of is dit bloot toevallig?"

Sy voel uitgevang: "Nee, Wim het gesê."

Eers reageer Hanna nie. Toe sy wel praat, is dit amper of hulle weer klein is en sy hulle troos. Die aarde kan om haar vergaan, maar sy mellow maar voort. Altyd slightly uninvolved, bietjie soos 'n kat is, come to think of it. Nou ook: "Dis seker erg om te hoor mens se ma is in 'n kliniek vir middelverslaafdes." Stilte. Wim maak die boek op sy skoot toe. "En ek het nie die woorde nie, sal dit ook nooit hê nie, om vir julle te sê hoe spyt ek is nie. Ek kan ook niks doen om te vergoed nie."

"Wel, dis probably beter dat sy daar is en iets daaromtrent doen," onderbreek Anja haar.

"Sy?"

"Ek bedoel jy."

"Beter as wat?"

"Beter as... wel, beter as... do we really have to do this?"

Dis absurd. Almal is so gracious, terwyl die ou anger in haar flikker.

University of Cape Town

Eintlik wil sy haar sommer aanrand. Haar kop hard en oor en oor stamp teen die muur tot al daai goed wat sy daarin prop soos 'n hamster uitspat. Dat sy 'n slag kan voel hoe dit is om suiwer undiluted seer te wees.

Wim help haar uit: "Beter as net so aangaan - binge."

"Kan ons maar sê sóms oorboord gaan, te veel drink? As dit in orde is met julle?" Wim sê dis fine met hom.

"Anja?"

Sy skud maar net haar kop; sy weet tog nie. Sy weet net sy wil nie hier wees nie. Miskien as sy haar oë toemaak, gaan dit weg. Toe sy haar gesig in haar hande laat sak, brand die sout van die trane wat nie netnou by die rok gehuil is nie; wéér en erger. Maar sy sal nié. Almal sê altyd sy's die emosionele een: letting it all hang out. Sy sal hulle wys.

Om nie te huil nie konsentreer sy op die images wat haar altyd uitfreak en wat sy nog nooit kon delete nie.

Sy's nog in die kindertuin. Nóg 'n nagmerrie, en haar ma en pa wat dié keer nie kom toe sy roep nie. Sy loop naderhand, bang vir daardie donker gang, vinnig na hulle kamer toe. Sy weet nie hoekom haar pa nie in die bed is of waar hy is nie. Haar ma reageer steeds nie. Sy vat aan haar skouer, skud dit bietjie. Maar's sy's heeltemal te klein; dit help nie. Eers moet sy ruik hoe ruik 'n slaap wat so diep is sy lê soos 'n dier wat aan die anderkant van die lyf geskiet is, hier aan dié kant sien jy niks. Nou eers maak haar ma haar oë oop. Wim kom in: wat is dit? Hy vat haar aan haar arm, kom. Sy't al voorheen by hom in die bed geslaap. Hy troos, maar wil die volgende dag nie daaroor praat nie. Asof dit nie gebeur het nie. Sy gesig is net smal en bleek en hy sê toemaar, Anja, dis nie so erg nie.

Maar hy jok en hy weet dat sy weet.

'n Ander keer kom een van haar eerste flings kuier, en haar ma raak op die bank in die sitkamer aan die slaap. Sy maak of dit niks ongewoon is nie. Seker weer deur die nag gewerk, maak sy verskoning. Lieg sy. Maar jy moet 'n wizard wees om 'n hele grootmens wat uitgestrek lê op die bank in die middel van die huis langs 'n brandende lamp mis te kyk. Sy sit die lig by haar af, beweeg kombuis en kamer toe. Maar alles is opgemors; sy

University of Cape Town

wens hy wil loop. Hy wil haar soen - sy't só daarna uitgesien - maar draai nou weg.

Toe hy loop, sê hy sê maar cheers vir jou ma. Asof hy 'n goeie clue het.

En nie lank voor haar pa weg is nie, skreeu hy: "En dan ry jy met mý kinders!" Daar's min sulke scenes, maar wanneer hulle wel daar is, is dit een helse ontploffing. Wim gee pad na sy kamer, maak die deur toe. Sy probeer haar ma en pa keer - druk tussen hulle in; boks met haar vuisies. Haar ma se lyf lyk asof sy keer vir houe van haar pa, maar hy slaan haar nie. Hy skreeu net en sy gesig is pienk. Dit laat sy hare nóg witter lyk. Daardie een keer jaag hy háár weg.

Later kom sê hy in haar kamer hy's jammer; tel haar op sy skoot. Dit was, as sy nou terugdink, soos die virginity-ding. Dis die point of no return en niks kan dit ooit ongedaan maak nie. By hom het sy altyd veilig gevoel - nie altyd by haar ma nie - maar nie meer nie.

Die volgende dag is haar ma weer in koel wit; sy's lief vir wit. Regop en stil. Lekker kos. Musiek. Mense wat kom pas en oo en aa asof sy, haar ma, 'n engel is. Knip wat sy pote lek op die vensterbank - hy moet die skoonste voete hê in die wêreld - en met niemand praat nie. Abbie se kopdoek wat radio luister.

As mense sou kom om haar te interview en af te neem teen een van die cute Victoriaanse kaggels in die huis - soos hulle al gedoen het - sal hulle weer kan gush oor die *quiet creativity* en die *serenity* in die *quaint village* blissfully onbewus van die demone onder die beddens.

En toe gee haar pa tóg pad. Daardie leë plek was seker sy manier om hulle voor te berei. Hy het lang ente met hulle gaan stap by die see en op die meent, uitgeneem vir ete, gery Simonstad toe na die vuurtoring en daar sit en praat. Maar hy kon net sowel sy asem gespaar het. Aan die einde van die dag het dit plain beteken hy gee nie genoeg vir hulle om nie; hulle is net nie so belangrik soos ander dinge nie. Nevermaaind wat hy gesê het en al die briewe wat hy geskryf het ná hy weg is. Sy't baie nie eens oopgemaak nie; ander in die toilet afgespoel totdat dit eendag verstop het en haar ma haar uitgevind het.

University of Cape Town

Tog het hy deur die jare religiously kontak gehou. Altyd moeite gedoen om hulle te sien. Sy moes dit self later erken. Hulle het ook nooit te min gehad nie, sjoe, en sy't al horror stories gehoor van pa's .

Eers laasjaar toe sy by hom was, kon hulle daaroor praat. Toe het sy gehoor sy weggaan het niks te doen gehad het met sy gevoel vir hulle nie - hoewel sy dit mettertyd begin vermoed het, wou sy dit in sy eie woorde hoor. Hy het niks aakligs van hulle ma te sê nie. Al wat hy wel oor haar gesê het, is dat sy 'n besondere mens is (hoekom de hel het hy haar dan gelos?) Hy't ook aangebied sy kan by hom bly; dit haar base in die buiteland maak. Dit sal vir hom heerlik wees. "Jou wandellus en nuuskierigheid en energie is wonderlik. Sommer jou alles," en sy moes blind wees om die trots en liefde nie in sy oë te lees nie. Wanneer hy só lyk is hy die mees handsome man op aarde vir haar, wel, amper.

Sy en Wim het tevore sommige vakansies kom kuier. Maar dis of sy dié keer anders kyk. Nou eers rêrig sien hoe al hulle okkasies en ouderdomme en fases, alles wat hy gemis het, in sy huis en kantoor uitgestal is. Hulle ma het onvermoeid foto's bly stuur deur die jare.

As mens se ma en pa skei, gaan hulle verhouding op 'n weird manier aan. Nou wentel hulle net in aparte bane om haar en Wim, waar dit eers probably net een was.

Maar diep in haar hart het sy bly glo dit was haar ma; dat sy hom weggejaag het. Sy sou dit nooit vir Wim sê nie, want hy kies altyd haar kant. En sy pa het dit nooit ooit gesê nie, maar dit is so. Sy weet.

University of Cape Town

Haar ma luister haar uit: "En dis wat jy na al die jare nog altyd dink; dat ek hom weggedryf het?"

Sy sê nie ja nie, maar ook nie nee nie. Soek 'n sigaret in haar sak.

"Nee, Anja, so maklik is dit nie. Noudat julle groot is, moet julle dit dalk weet. Ek wou nie tevore nie omdat ek nie afstand wou skep tussen julle en julle pa nie - mens het na alles net een pa."

Sy sug liggies, skaars, net 'n dieper asemhaling. G'n wonder haar vel is so goed nie; onaangeraak deur tantrums en trane. "Maar miskien begryp jy, julle, iets as julle weet hy't destyds 'n verhouding gehad. En dit was vir

my baie, baie sleg."

Wim staan op en vra wie's lus vir iets om te drink, hy gaan vir hom water kry. Maar hy loop sommer; wag nie eens vir 'n antwoord nie.

"Maar dis sy saak, dis in elk geval nou al baie ou geskiedenis, en ek laat dit daar. Moet dit net nooit as vergelding gebruik nie; dit werk net nie so nie. Dankie, Wim, ekskuus, niks nou vir my nie. Anja wat van jou?"

"Nee, ek's fine."

"Dit gaan nou oor my." Sy praat sag, maar duidelik. Jy kan haar nie níé hoor nie: "Ek het julle te na gekom elke dag dat ek in my eie donkertes verdwyn het. Ek weet ek was nie vir julle dáár nie, al was ek fisiek daar. Ek het julle skaam gemaak en kwaad. Nie geluister toe jy met my probeer praat nie, Wim. My toegebou."

Wim staan in die deur met sy glas sodawater. Hy sê niks.

"Jy maak dit 'n duisend kere erger as wat dit is," probeer sy haar ma stilmaak; dis heeltemal te harrowing vir haar.

"Nee, help nie om dit te ignoreer nie. Stilbly het 'n manier om mens van kop tot tone toe te draai."

Soos 'n mummie, dink Anja en onthou hoe sy hulle gesien het, stokstyf. Sy't gedink hoe bly sy was sy was nie destyds 'n Egiptenaar nie - dis so half om vir ewig te idle by die punt van die dood.

"Miskien sal julle dit eendag weet, maar mens kan jou kinders nie teen jouself beskerm nie. Teen buitedinge en -mense, tot op 'n punt, maar nie teen dit wat jy is en word nie."

Anja weet niks van Alkoholiste Anoniem nie, maar dis twee van die woorde wat haar laat dink aan alles wat decrepit en seedy is. Haar ma sê dit is nie so nie. Daar's geen onderskeid tussen klas en ras, jobs en ouderdom nie: "Dis bietjie soos een van jou 'friends of', Anja. Mens het mense nodig vir wie jy nie hoef te verduidelik nie.

"En ek wil nie hê julle moet my oppas nie," en sy kyk na Wim, "of, as dit mag, verstoot nie."

Haar ma se eerlikheid en totale gebrek aan self-pity vang haar. Sy kan dit nie meer inhou nie - en toe kom haar ma na haar op die bank en hou háár vas, sy wat gedink het sy sal huistoe vlieg en haar 'n piece of her mind

University of Cape Town

kom gee én kom bystaan en what not.

"Kom hier, Wim, moenie so daar staan nie."

Wim kom sit by hulle. Hy lyk enorm ernstig toe hy sê: "Rehearse ons nou vir die volgende aflewering van Days of our lives?"

"Nee,"onderbreek hulle ma. "Ek glo nie in gelukkige eindes nie. Wat ek wel weet, julle is albei dapperder as ek en so volslae julle eie mense - en dit is 'n baie goeie begin."

Haar ma het niks vir middagete gemaak nie, en dis nogal 'n welkome verskil. Strange eintlik. Sy stel voor hulle gaan eet iewers: Rhodes Mem of Montebello: "Maar ek het Pedro se heuningkoek gemaak, vir as ons terugkom." (Wel, mens kan seker ook nou nie miracles verwag nie.)

By Montebello stap hulle onderdeur die groot ou kamferbome om binne in die gebou te kom. Hulle sit gewoonlik buite, maar dis te koud vandag. Daar's min ander mense; dis in die middel van die week. "Oral waar mens hier kyk is dit beautiful. Jy ry net 'n kilometer of stap net uit in jou tuin," merk Anja op nadat hulle bestel het.

"Wanneer laas was jy in Khayelitsha, Sus?" vra Wim.

"Ag, Wim, ek weet. Here, ek kon dit sien op pad terug van die lughawe. Raak dit nie beter nie, was dit nie die hele idee van die nuwe regering nie?"

"Nie die alleendoel nie, die ongeldige vorige bestel moes vervang word, maar om jou vraag te antwoord: nee, erger, if anything. En kritiek is uiters onwelkom."

Haar ma luister aandagtig. Eers neem sy nie aan die gesprek deel nie: "Ek dink darem jy moet die keiser gee wat die keiser toekom, Wim. Meer mense het lopende water en elektrisiteit, daar's 'n groot klomp goodwill en pogings."

Wim lyk geïrriteerd: "Kom ons praat tog asseblief net oor iets anders. Abbie sê my daar's nou die dag op haar bus geskiet met hierdie taxi-besigheid."

"So much for changing the topic," lag sy en voel vir die eerste keer vandag beter. Net toe kom die kelner met drie glase lime en soda.

University of Cape Town

Haar ma lyk ook ligter: "Hoekom drink ons dit? Dis darem heeltemal te koud hiervoor. Maar toemaar, ek wil julle iets anders vertel. Onthou jy, Wim, die boek wat ek gelees het daardie naweek, die een van Debora de Wit. Ek het jou nog vertel sy't eenkeer by my 'n hele klomp goed laat maak?"

Wim lig haar kortliks in: "En na alles skryf sy toe vir Ma 'n brief wat wys sy't nie al haar sjoklits in die boks nie."

Hulle ma hervat. "Een waarin sy my uittrap oor hoe swak die klere is, nadat sy eers gaande was. Maar dit daar gelaat. Toe ek die boek begin lees, was dit duidelik, miskien is ek verkeerd, dis outobiografies en net nie my soort boek nie. Ek wou nie aangaan nie, maar ek kry dit ook nog nie reg om iets net entweg te lees nie. Druk toe maar deur en, verrassing, lees oor myself: klere, hare, Observatory, die jasmyn op die stoep, tot die koppies waarin Abbie vir haar eindelose swart koffie aangedra het. En sy insinueer, nee, sy sê onomwonde hoedat ek homoseksuele seine na haar gestuur het; op suggestiewe maniere aan haar sou vat terwyl sy pas."

"Ag, pe-le-ease. Hoekom sue jy haar nie?"

Maar dis vir Wim wat haar ma eerste antwoord toe hy hierop vra hoekom sy dit nie daardie laatmiddag toe hulle buite op die patio daaroor gesels het, vir hom vertel het nie. Dit het haar tog duidelik ontstel.

"Ek weet nie. Nee, ek weet - dit kom vanself om eerder stil te bly. Nóg 'n slegte gewoonte.

"Nee, Anja, daar's niks om te dagvaar nie. Uiteindelik gaan dit net oor wondbaarheid en mens se onvermoë om daarmee te cope. Let alone om dit in eenvoudige woorde oor te dra. Haar boek is woedend, sy verniel daardie man van haar dat hy nooit weer sal regopstaan nie. Sy het haar as iets heeltemal anders voorgehou: sjiek en in beheer van haar wêreld waar geld alles kan koop. Mens loop met leuens soos krukke."

Toe hulle terug is by die huis ná Montebello stap sy na Philip toe. Hy sal nog by die huis wees. Sy bel hom doelbewus nie; sy wil hom verras. Immers weet sy hy's orraait met suprises.

Hy vra deur die interkom wie dit is.

University of Cape Town

"Iemand wat werk soek." Sy kan haar lag nie hou nie, maar hy herken blykbaar nie haar stem nie.

"By die pizzaplek?"

"Jip."

'n Oomblik van stilte. Verbeel sy haar hy sug? "Gee jy om om sesuur daarheen te kom? Ek sal jou daar kry, ek kan jou nie nou sien nie, jammer. Sê net wie is jy?"

"My naam is Anja."

Hy ontmoet haar halfpad trap af; hou haar lank en styf vas: "Jou liewe, lawwe meisiekind, kyk hoe blond is jy! Ek dag dis 'n sekswerker en wou net sê jy smous jou ware nou by die verkeerde adres, pop."

Hulle het 'n uur om te kuier voor hy moet gaan werk. Hy stel voor hulle drink iets buite op die balkon: "Hier's alles, wat wil jy hê?"

Sy besef sy praat onverpoosd, maar daar's so baie om te vertel. Hassan los sy vir laaste. Haar bier is byna op toe sy verskoning maak: "Jammer, ek vra nie eens hoe dit met jóú gaan nie. Jy't 'n baie mooi hemp aan. Vertel, vertel."

"O, dié." Hy kyk nadenkend na die materiaal. "Dit is mooi, né." Dit lyk na linne, 'n afgestemde nartjiekleur.

"Moenie so ernstig lyk nie, maak gou. Jy moet amper loop."

"Wat wil jy eerste hoor: die goeie nuus of die slegte nuus?"

"Geen nuus is veronderstel om goeie nuus te wees en jy't baie lanklaas vir my ge-e-mail. Hoekom was jy so stil? OK, eers die goeie."

En hy vertel haar van ander Philip: "Kom, ek wys jou 'n foto, jy sal hom nie vandag sien nie."

Hulle stap kamer toe. Op 'n laaikas van ligte hout (Ikea, sê hy toe sy jaloers met haar hand daaroor streel) staan 'n foto van hom en die nuwe Philip met hul arms om mekaar se skouers: "Wim het dit geneem."

Anja tel die foto op: "Hy lyk soos daai een ou van Back Street Boys, wat's sy naam nou weer? Man, Baby Boy, wie's hy nou weer in die regte lewe?"

"Nick Carter, in die regte lewe."

"Ja, Philip, dis nie 'n grap nie, sien jy nie hy lyk nogals soos Nick Carter

University of Cape Town

nie? Daai een is so cute jy wil hom in klein boksies vir meisies present gee."

"Of vir seuns." Philip lag: "Jy kan maar sê ek het hom op die straat opgetel, maar darem nie in 'n agterstraat nie."

"Nice, kan nie wag om hom te ontmoet nie. Wat doen hy? En die slegte nuus? Ly jy nou aan erotiese agterstand of iets?" Sy vroetel sy hare deurmekaar; dis so fantasties om hom te sien. Sy's seker sy's na al die jare tog nog slightly verlief op hom.

"Ek weet nog steeds nie hoe om dit vir mense te sê sonder dat dit soos 'n bomb-shell klink nie, maar ek is positief. Die groot A."

Sy gaan sit op die rand van die bed; stom. Hy kom sit langs haar en neem haar hand. Sy dink sy gaan al weer huil, dammit: "Nee, dit kan nie wees nie; ek glo dit nie."

"Ek het ook nie aanvanklik nie. Ek het vir dae lank eenvoudig geglo my toets het met iemand anders s'n deurmekaar geraak."

"Ek weet nie wat om te sê nie, buiten dat ek nou al weer wil tjank. Hoe, ek bedoel, wat nou? Jy lyk so positief en alles."

"No pun intended, hopelik." Hy lag. "Dis sleg, Ans, maar ek lewe nog en ek is ook nie aktief siek as jy weet wat ek bedoel nie; my CD4 count is nog fine. Ek weet dit al byna 'n jaar."

"Maar hoekom sê jy my dit nou eers? Hoekom het jy nie geskryf nie?" Dit voel vir haar of sy as vriendin te kort geskiet het.

"Omdat ek werklik nie geweet het hoe mense gaan reageer nie."

"Maar ek? Ek is soos jou suster, Philip, nóg nader. Ek is." Sy beduie onbeholpe met haar hande.

"Daar's 'n helse stigma, Anja, meer as net 'n vuil moffiesiekte wat jy in stasietoilette opdoen. Vir eers, aan die begin, kry jy jou troos maar by ander mense wat ook daarmee saamlewe."

Sy skud haar kop ergerlik. Hoe kón hy vir 'n oomblik dink sy sal hom verwerp of iets: "En medisyne en goed?"

"Sjoe, dis nogal 'n intellektuele uitdaging om te onthou watter pil of kapsule jy wanneer op watter dag saam met of sonder wat moet neem. Daar was 'n tyd, hier rondom Desember, dat ek gedink het ek raak siek.

University of Cape Town

Malaise, seer keel, nagsweet; sulke goed. My viruslading was ook toe hoër. Maar toe is my medikasie verander en het goed ingeskop; ek was gelukkig." Hy trek die laai van die kassie langs sy bed oop dat sy kan sien. Onberispelik langs mekaar: plakkies, boksies, 'n plat deurskynende plastiekdingetjie met rye verskillende pille. Na agter kondome.

"Dit lyk soos 'n halwe apteek." Hoe is dit moontlik? Pille hoort langs die bed van oumense wat anyway moet doodgaan.

"Toemaar, die viruslading is nou, soos hulle sê, undetectable. Ek het vir Philip maar eers anderdag gesê; ek was skytbang. Maar hy was regtig wonderlik. Hy gee werklik vir my om, lyk my. Ek bedoel wie wil nou 'n nuwe lover hê wat aan die dooi is veral as daar nou nie juis 'n wynlandgoed in die testament is nie?"

"Wat is viruslading?"

"Dis die hoeveelheid HIV, die human immunodeficiency virus, ek weet nie wat mens dit in Afrikaans noem nie, in mens se bloedplasma. In fact, die RNA van die HIV."

"Maar jy gaan seker tog nie nou al dood en goed nie?"

Hy beantwoord nie haar vraag direk nie: "Ek het iemand wat ek sien as ek voel ek kan net nie lekker cope nie. Hy help my baie. Hy het my nogals kwaai in die bek geruk omdat ek so negatief was aan die begin. Gesê ek kan nou maar afklim van Avbob se stoep."

Toe sy terugstap huistoe, neem sy 'n ompad. Sy't tyd nodig om haar kop te orden. Die gat op haar maag af te stap. Sou haar ma en Wim weet, sekerlik tog.

Woorde spring in haar kop rond. Protease inhibitors, limfosiete, Aida, waisting. Dis of Philip 'n ander taal praat. Om siek te wees, só, is miskien soos om in 'n ander land op 'n ander vasteland te woon. Oornag. Een wat jy nie gekies het nie.

"Hi, Anja," waai iemand van 'n stoep. 'n Jongerige girl. Sy waai terug, maar het nie 'n clue wie dit is nie; stap aan.

Is dit maybe ook so vir haar ma?

Wat 'n dag. Sy voel opeens oud, en ook alleen. Sy't altyd gedink sy

gaan eerder maar single bly. Affairs ja, maar nie serious langtermyngoed nie. Maar dalk help dit om iemand te hê om mens met al hierdie goed te help cope.

In Duitsland het sy 'n violis ontmoet, Holly, wie se lover jare gelede al dood is. Teen die uitgerekte einde het sy hom in haar arms soos 'n baba rondgedra in hulle woonstel - hy was teen daardie tyd net bene in 'n vel - om die drukking van die matras teen sy lyf te verlig. Hy wou nie hê die musiek moes vir 'n oomblik af wees nie. Met haar een arm onder sy nek en die ander in die waai van sy bene het sy versigtig op maat van die musiek van venster tot venster deur die woonstel geloop.

"A pavane without the regal robes and trains," het sy gesê. By elke venster het sy hom vertel wat sy buite sien, want teen daardie tyd was hy driekwart blind.

University of Cape Town

Vyf-en-twintig

Dis 'n ongewone winter. Daar was al enkele buie, maar stuifreën meer as iets anders. Die reën onttrek hom al van laasjaar geleidelik aan die skiereiland.

Dis soos Ville toe hy oor maande opgehou het om vir haar lief te wees - terugbeskoudend was sy blind om die tekens te mis.

Die vreemde en onvoorspelbare warm dae spat roekeloos silwerblou en onvanpas van die berg af, terwyl sy hunker na lae steenkoolwolke, swanger aan water, om op haar af te druk en haar na binne te dwing. Soms hoor sy snags iets op die daklig, luister spits, maar dikwels is dit net verbeelding.

Mense bespiegel oor die weerpatrone wat verander. 'n Kollega van haar wat Engeland toe emigreer het, Melanie, sê sy kom nou eers agter, noudat sy weg is, hoe klimaatbewus Suid-Afrikaners is: *Dink jy dis omdat so baie van ons voormense net anderdag nog geboer het? Of dalk is dit oor die weer by die huis so dramaties, amper hartstogtelik, uiteenlopend is van een plek tot 'n ander. Seker soos die mense. Die Engelse is anders, Hanna, I must add,* het sy eenkeer geskryf, *instant vergeleke by die koffiebone van die Suid-Afrikaners. Maar ek mis. Laasnaweek was ons Cambridge toe na Nico en sy lover wat heel depressed op die internet sit en kyk hoe die weer lyk op Kampsbaai.*

Wanneer 'n kliënt nuut en ongemaklik is, is die weer altyd 'n veilige onderwerp. Eers ná die reën, of deesdae meermale die afwesigheid daarvan, die hitte (hel vir menopousale vroue) en die wind kruip ander sake van algemene belang uit. Party praat versigtig; ander skiet uit die heup. Sy hoor soms hier by haar is van die min plekke waar hulle uit hul hart kan praat. Sy maak 'n punt daarvan om nooit in die teenwoordigheid van die een kliënt na 'n ander te verwys nie. Mits dit ter verduideliking is, en dan kry die snit of die materiaal nooit eienaar nie.

Haar werkkamer, vertrek van some en selfkante, bly 'n barometer van binnekamers en van die buitewêreld. Die vroue se vrese en verwondering kleef aan die drukwerk op die Victoriaanse plafon. Abbie ryg en pars dit in in die stukke. Dis een met die omboorsel.

Syself maak net niksseggende, neutrale geluide. Sy kan nie uitblaker en plakkate swaai nie; sy sal nooit verander nie. Haar laaste sin is dikwels 'n vraag.

'n Karakter wat deesdae voortdurend tussen die halfklaar klere, rolle lap en opeengestapelde wit staalmandjies met al die goetertjies - hakies, ogies, drukkertjies, rek, tape - soos 'n jack-in-the-box opwip, is die president wat Afrika na haar wedergeboorte sou lei. In die eerste jaar van die nuwe millennium verander die vrae. Sy hoor teleurstelling, verwarring, kritiek. Maar daar's 'n lewe wat voluit gelewe moet word; mens kan nie bly tob nie. En die man word in sy boks teruggeprop.

Hanna het 'n sagte plekkie vir die provinsiale premiersvrou, ondanks haar twyfelagtige kleur-voorkeure. Sy is op pad Bali toe (vir net vyf dae want haar man kan nie vir langer wegkom nie en Hanna moet tog net nie dink hulle is op die gravy train nie) vir hul silwerhuweliksherdenking. Terwyl sy in haar broekieskouse staan en wag dat Hanna eers die spelde uit haar Bermuda-kortbroek haal voor sy dit pas, merk sy op dat daar vanjaar nog nie een rasegte noordwesterstorm was nie: "Vandag se kinders sal ook nie meer weet hoekom dit die Cape of Storms genoem word nie."

Want bome is nog nie ontwortel en die hawe nie gesluit nie. Dit reën nie eenmaal vir sewe dae aaneen nie, en in die Kaapse metropool word verbruikers gewaarsku oor waterbeperkings wat vyf jaar kan duur. In die middel van die wintervakansie lê meisies in bikini's op Clifton en boere werk verwagte verliese op hul rekenaars uit.

Hanna vra Mara, die tuinvrou met die bakkie en die wolfhond wat haar tuin binne een dag omgekeer het, hieroor. "Die goed wat ek ingesit het, is inheems. Drink minder water," beduie sy, die pofferhandjies verpot teen die res van haar lyf. Sy is stewig onder die outsize T-hemp met ruim plek vir haar groot, los borste; ook ter wille van die onsigbare Baretta. "Mens moenie 'n soft target wees nie; dan's jy in jou moer." Hanna kry die gevoel die boodskap is op haar gemik.

Die grootste onkoste was die plantkos (sy kan nooit die sekwensie van syfers onthou wat dui op die verskillende soorte nie) wat Mara se manne ingespit het, en die deklaag kompos en bas wat gestrooi is. Mara het so

University of Cape Town

kwaai gesnoei sy't eintlik geskrik toe sy in die loop van die dag by die venster uitkyk. Sy't ook nuwe grondbedekkers ingesit. Aan die einde van die dag het sy kom roep: "Kom kyk hoe lyk jou tuin, jong."

Mara het voor geloop; geblaf in die rigting van die werkers wat al besig was om die gereedskap agter-op die bakkie te laai: "Moenie nou weer een van ons grawe loop staan en verloor nie; waar's daai kleintjie?"

Hanna het die name van die nuwe plante in haar gedagtes herhaal, maar al wat sy agterna kon herroep was dié een se blou blommetjie ('n lekker blou, man, beduie Mara, soos Windolene) en 'n ander een wat wild groei by Sandy Bay.

Sy het besef sy sal Mara nie gereeld kan gebruik nie; daarvoor is haar tuin te klein met te min om te doen. Dis jammer; sy hou van haar. Hulle is omtrent ewe oud, skat sy. Sy wonder of Mara ooit weer in 'n rok geklim het ná sy haar skoolrok uitgetrek het.

By die kliniek al het sy besef haar op en af in Observatory se strate, ongereelde stap op die Rondebosch-meent of op Kampsbaai kwalifiseer nie werklik as oefening nie. Dit was duidelik toe Rudi, die dokter, haar uitgevra het oor haar lewenswyse met die oog op die verlaging van haar bloeddruk en ook daarna, toe 'n sportwetenskaplike oor oefenprogramme kom praat.

Toemaar, het Rudi hulle in 'n groeplesing onder skaterlag verseker, oefening is maar net nóg 'n gewoonte en hulle, synde gewoonte-veterane, behoort nie 'n probleem te hê nie: "As daai endorfiene eers ingeskop het, is jy hooked."

Hulle is voorgestel aan verskillende, uiteenlopende, moontlikhede: skopboks, tai chi, joga, spoedstap, aërobiese oefening, fietsry. Sy kon oor niks entoesiasties raak nie en kon haar nie voorstel hoe sy elke oggend honderd maal tou of trampolien spring nie - terwyl hy praat, het sy het op haar skryfblok sit en krabbel. Leila het gesê sy gaan beslis terug na Walk for Life en Faffa het oorweeg om weer te begin squash speel. "Go for it, Faffa," het Paul gespot, maar net voor Faffa weg is, het hulle 'n afspraak gemaak. "Hy gaan om sy phantom pregnancy af te skud en ek gaan om die talent uit te check, you never know." Paul het sy heel campste

University of Cape Town

mannerismes altyd gebêre vir Faffa se siel. Vir iemand onbewus van hul gemene deler het dit seker na 'n onwaarskynlike vriendskap gelyk.

"Jy versondig die man so, sies vir jou," het Leila gemaak-kwaad tong geklik.

"Leerkurwes, Leila, leerkurwes."

Suzy het gesê sy sal maar aankarring by die Health & Racquet. Dit het geklink of dit nog presies dieselfde was as 'n paar jaar gelede toe sy dit oorweeg het om aan te sluit. Die walm chloor, verdoeselde sweet en dampe skoonmaakmiddels wat haar met die instap getref het, het haar afgesit. Die mense ook. Hier is die kontoere van jou lyf en die etikette van jou oefen-parafernalia in tel, het sy afgelei. Maar mettertyd het sy weer daaroor gedink en besluit sy's eintlik maar eng - die plek is tog seker 'n gerieflike, en veilige, omgewing vir die uitspeel van preliminêre paringsrituele.

"Maar steeds nie vir my nie," het sy vir Adriaan, 'n gereelde lid wat skynbaar nooit die sitvlakmate van enige nuweling-man ongetakseer laat verbygaan nie, net nou die dag verduidelik.

Hy het saamgestem: "Hoekom probeer jy nie daardie sportinstituut in Nuweland nie?"

"Instituut! Klink na tenniskampe en aflosresies en alles wat my heel ergste is."

Nogtans het hy 'n spesiale rit na haar huis gemaak om pamflette af te laai: "Sewentig persent van die mense wat daarheen gaan, doen dit ná hartoperasies en knie-chirurgie en sulke goed. Jy weet, as rehabilitasie van die een of ander aard."

"O, so dís hoekom jy my ook daarnatoe wil stuur: oor die re-hab?"

Hulle het gelag, meer oor hul albei se onuitgespelde ongemak as oor haar pittigheid. Adriaan is steeds nie oortuig dat dit vir haar nodig was om so 'n ingrypende ding soos die kliniek te doen nie. "As jy dit meet aan daardie lysies waarmee koerante en tydskrifte elke nou en dan uitkom, drink almal wat ek ken te veel. Die ironie is dat die joernaliste wat ek teëkom gewoonlik die grootste dors van almal het," het hy wal gegooi.

"Relax. Ek is nie nie besig om vir jou plek te reël in die Betty Ford

saam met Liza Minelli nie.

"Dit gaan oor my, Adriaan, en het, aan die einde van die dag, met baie meer as net vergryp aan alkohol te doen. Die drink - ontoepaslike drink, word dit baie fraai genoem - is net 'n simptoom." Sy skuif haar stoel sodat die skaduwee van die groot seilsambreel weer oor haar val. "Dit het altyd gevoel daar's monsters iewers in die donker. Ek het klomp goed uitgepak. Dis beter nou, minder monster."

Maar sê nie hoe sy soms nog smag nie.

Of dat sy gedrink het een middag toe een van haar kliënte haar uitgeneem het vir ete. Toe die kelner die bottel witwyn tussen hulle neersit, kon sy niks hoor wat die vrou sê nie. Haar eie opwinding en afwagting, én walging, het soos 'n stormwind in haar ore geloei. Toe sy van die eetplek in Kloofstraat wegry, het haar hande op die stuurwiel gebewe, haar hart gebons. Soos een wat te skielik te veel suiker ingekry het. Sy't die Observatory-afdraai verbygery; haar motor gestuur na Leila se huis. Gelukkig het Leila 'n ander keer, toe sy op die nippertjie nie kon kom nie, vir haar die pad beduie. Sy't dit vaagweg onthou en net eenkeer verkeerd afgedraai.

Dit was die eerste keer dat sy hier gekom het, en het eers agterna besef sy't nie eens registreer hoe dit lyk nie. Al wat getel het, was haar mollige, moederlike teenwoordigheid - te méér omdat sy weet. Leila het haar karringmelkbeskuit en tee gevoer en in haar TV-kamer het hulle het dieselfde ou pad weer uitgetrap: "Dat jy hier is, Hanna, is 'n miracle, prys die Here. Jy kon nou lekker dronk gelê het iewers anders, en vat dit as 'n kompliment, né. Wat het jy gedink gaan dit wees: 'n sunset cruise op 'n windstil dag? Forget it. Mens kan nie eens Pick'nPay toe gaan sonder om jou in bottels vas te loop nie."

Adriaan onderbreek haar gedagtes: "Maar jou lewe gaan nou so blêrrie saai wees."

"Ek sal skaars die verskil agterkom; my lewe was nog maar altyd redelik unglamourous en ordinêr. Dis aan die einde van die dag nie oor hoe dit óm my gaan nie, dis oor wat hier binne aangaan."

"God, Hanna, jy klink soos 'n Helen Steiner Rice-band vir blindes." Hy

University of Cape Town

die Kaap, het nie naby hom ontplof nie. Maar kort hierna word hy op kort afstand geskiet toe hy langs 'n snelweg met plakkerskampe en townships weerskante stilhou om 'n selfoonoproep te beantwoord.

Dis amper onmoontlik om te begryp dat een mens vir 'n tweede keer binne maande só getraumatiseer word. Dié keer gaan kuier sy vir hom in die hospitaal.

Sy is bly daar's niemand anders nie. Sy hand, wat die vorige dag geopereer is om die gebreekte beentjies te herstel, is groot en pof verbind. Hy lyk uitgewas, maar het sy sin vir humor behou: "Sien jy nou, 'n selfoon is meer as net 'n mode-aanhangsels soos jy mos glo. Miskien sal dít," en hy lig die lomp hand, "jou oortuig." Die selfoon het gekeer dat die koeël, wat van sentimeters langs sy kop deur die motorruit gevuur is, nie meer skade aanrig nie.

"Jy was gelukkig," is al wat sy hierop kon antwoord, welwetend hoe niksseggend dit klink, al is dit waar. Hy's nie in sy bagasiebak gedruk en iewers teen 'n afgeleë sandduin in die kop geskiet nie.

Om sy bed staan tien, twaalf ruikers. Van die kaartjies tussen-in het omgeval: "Gits, Adriaan, kyk net hier. Ek het nooit geweet jy't sóveel bewonderaars nie. Kyk net hierdie ongelooflike mooi irisse." Sy het haar bewustelik doenig gehou met die blomme - sy weet nie hoe mens met hom, wel, met enigiemand, wat só iets deur is, kontak maak nie: "Hoe voel jy?"

"Oorweldig. " Hy het die vetverbinde hand opgelig asof hy sy gesig wou toemaak; sy't aan Winnie the Pooh gedink. Sy gesig het verkleur en vertrek, maar hy het teen die trane gestry. Sy kop was gelyk met haar bors toe sy hom nadertrek en vashou. Dit was 'n ongemaklike omhelsing, want die arm naaste aan haar was aan 'n drup gekoppel. Met haar mond teen sy hare (hy sou buite homself wees as hy weet hoe olierig en yl dit vandag lyk) het sy haar oë toegemaak. Daar's niks om te sê nie.

Die hoofkarakter in die toneel hospitaalbed-met-blomme sou Philip wees, nie Adriaan nie. Wat sy vrees, gebeur meestal nie. Dis dit daaragter en daarrondom wat haar nog altyd skielik, sieklik, verras.

Eers toe hy sy gevoelens onder beheer het - en sy sou altyd bly soek na die rede waarom hy nie voor haar wou huil nie - het hy verder gepraat.

swembad toe. Dit was 'n gereelde afspraak, altyd op een van die week se twee vroueaande by die bad. Eers het hulle geswem (het sy toe ook 'n swempet gedra; sy kan nie onthou nie) en daarna in die stoombad sit en gesels terwyl elkeen geduldig haar beurt afwag op die Turkse masseuse, Kalila. Kalila teen die kennisgewingbord langs die betaalpunt, maar Lila, met 'n lang lee voor die la, as jy met haar praat.

In die bar sementvloervertrekke was Kalila se stem deurtastend, hees - maar dít het met rook te doen gehad en nie akoestiek nie. Hanna het haar nooit in enigiets anders gesien nie as die wit, effens gryswit, handdoek om haar onderlyf gedraai. Die ontblote dele van haar lyf, insluitend haar vol borste met die kakao blertse, was sonbruin en taai; die gleuf tussen haar borste amperswart en verrimpel. Haar lang donker hare was altyd klam langs haar gesig, en as sy te warm kry, het sy dit opgeswiep met 'n groot plastiekknippie wat geleidelik weer uitgly soos sy werk.

Sy het 'n intensiewe, selfs pynlike, massering van 'n ruim vyf-en-veertig minute gegee waartydens sy nooit ophou praat het nie. Sonder 'n glasbal en 'n geblomde kopdoek het sy elke onderafdeling van elkeen se lewe uitgeruik, verklaar en vooruitgesien. Haar gunstelingonderwerp was seks, waaroor sy gemaklik en in besonderhede gesels het asof sy praat van kosmaak. Vir hulle, toe agttien, negentien, was haar repertorium lyflike ervaringe onwerklik.

Ná elke twee masserings het sy eenkant op een van die groen houtbankies op haar rug gaan lê en rook, 'n glaskoppie koue swart tee langs haar op die vloer. Voor sy weer begin, het sy die sweet op haar gesig en van tussen haar borste afgevee en koue water oor haarself gesprinkel.

Aan die begin was haar naaktheid vreemd, maar hulle het hul verleentheid agter die nuutgevonde stadsbravade probeer verdoesel. Die ontblote liggaam, dit het hulle iedergeval ook by die akademie ontdek, is 'n onontkombare deel van die kleremaker se lewe.

Lila het maniere gehad van werk met die dwarskant van haar hand, sowel as haar plathand, wat Hanna nog nooit weer sedertdien teëgekom het nie. Jou boude het sy met haar vuiste geknie, en wanneer sy daarna jou arms en bene in die vier windrigtings rek, het jy geweet dis vir eers

verby en jy sal die reuk van Mentholsigarette en klapperolie vir 'n week mis.

Hoeveel van Lila se stories was waar, wonder sy terwyl 'n kinetiese geheue haar vorentoe dryf, hoeveel net onuitgespeelde begeerte?

Dit kom vanself om haar kop dwars te draai met elke vierde slag van haar arms en die lagie lug net bo die oppervlak van die water, wat klein rondom haar spat en skommel, met haar mond af te skep. Dis of haar lyf langsamerhand uit 'n lang slaap wakker word. Sy het vergeet hoe water mens in besonderhede kussing, afsluit en eenkant neem dat jou kop sy koers kan vind. Toe sy weer haar draai vat, duik sy af ondertoe. Hoe nader aan die bodem, hoe minder die weerstand.

Haar vel tintel toe sy haar lyf langs die swembad afdroog. Toe sy die swemkep aftrek, is dit of 'n onsigbare vlies saam aftrek. Sy's seker sy sien beter, dink helderder. Daardie aand slaap sy gou.

Drie dae later is sy terug. Sy's moeër as die vorige keer wat sy net-net ses lengtes gemaak het. Nou, ná net twee lengtes, rus sy teen die kant. Toe sy koud raak, dwing sy haarself om te bly beweeg. Sy't laas met die uitloop die temperatuurbord ontdek. Vandag is dit 26°C.

Dis meer as die afwesigheid van klank of die ophef van gewig, dink sy toe die water haar weer van voor na agter toerits. In haar laaste lengte - sy't oor 'n uur 'n afspraak - gly sy uit die water 'n asuurhemel in. Hier is dit so stil sy is seker sy kan haar eie hartklop hoor. Haar romp en ledemate, wat elke dag aan haar ruggraat hang, is gewigloos. Saam fluister al die selle van haar liggaam aan 'n leuen wat haar moeiteloos vorentoe projekteer: miskien kan jy tog dalk vlieg.

Toe sy klaar is, hang sy met 'n hand aan die rand van die swembad net om haar asem terug te kry voor sy uitklim. Skuins regs van haar hys 'n man in 'n swart Speedo hom oënskynlik ligweg uit die water; syself sal die trap gebruik. Hy haal sy swempet af en skud sy kop soos 'n nat hond.

Onmiskenbaar. Sy onthou die neutrale stemtoon waarin hy gesê het die kraai sien in die toekoms.

Hy vryf 'n paar hale met sy handdoek deur sy hare, gooi dit oor sy skouer en stap verby haar voor die ruite met die leë platane, in die rigting

University of Cape Town

van die manskleedkamer. Die winterlig van buite klou aan die druppeltjies op sy beenhare. Die boog van sy voet - die stukkie beskutte vlees wat langsaam verouder - is gelyk met haar oë. Onder die water trek haar vinger onwillekeurig teen die swembadteëltjies bo die wateroppervlak, maar sy vel daar moet gladder wees. Sy sak sonder 'n geluid terug in die water en swem die drie, vier meter onderwater na die trap. Toe sy opkom, is hy weg.

Mans stort vinniger as vroue, bereken sy, sy sal hom nie weer buite teëkom nie. Sy voel goed ná die swem, sy wil dit vashou. Nie die kans waag om iemand van die kliniek nou raak te loop nie - nie eens iemand van die groep nie - sy weet nie hoe sy sal reageer nie.

Terwyl die stort se water teen haar piets en sy die seep tot skuim werk, onthou haar hand hoe 'n man anders is. Die flenter vel langs die voetbrug, en miskien dié in die binne-elmboog, is van die plekke waar die tekstuur van 'n man en vrou se vel ooreenstem. 'n Man ruik ook anders, het sy destyds in die teater ontdek, 'n reuk wat niks met naskeermiddel of onderarmgoed te doen het nie.

Onthou sy nog werklik al hierdie dinge uit die chaos van 'n garderobe voor 'n opvoering of kruip dit uit vanonder die stilte van haar eie lakens. Hoe lank gelede was dit nie? Sy draai die krane toe.

Die deure van die aangrensende storthokkie gaan min of meer terselfdertyd as hare oop. Dis iemand wat sy ken, maar dis te laat om haar te vermy. Selina, 'n vrou vir wie sy eenmaal 'n jaar een uitrusting maak.

"Haai, Hanna, ek het nie geweet jy kom ook hiernatoe nie, hoe gaan dit?"

"Ek het maar pas begin, en jy?"

Hul sakke lê aan teenoorgestelde kante van die kleedkamer, maar Selina, duidelik tuis, bly praat bo-oor die ry lockers in die middel van die vertrek: "Ag, lank, seker al twee jaar. Dis my behoud, vrou." Terwyl hulle afdroog en aantrek, vertel Selina hoedat sy met 'n persoonlike afrigter begin het en nou op eie stoom aangaan. "Ek dink ek is 'n lekkerder mens om mee saam te leef," roep sy, "en wil nie meer my man eenmaal 'n maand vermoor nie. Die enigste nadeel is die hengse aptyt wat ek ontwikkel het,

University of Cape Town

maar dit maak ook nie meer saak nie."

Sy's voor Selina klaar en groet haar waar sy haar hare droogblaas voor 'n spieël met plek vir baie, 'n geblomde grimeersakkie eenkant. By die ontvangtoonbank gee sy die sleutel van haar locker in om haar motorsleutels, waaraan haar identiteitskaart van die instituut vas is, terug te kry. In die voorportaal balanseer sy vir 'n oomblik haar sak op haar een been terwyl sy haar sonbril binne-in soek. Met die opsit en opkyk, staan hy voor die koeldrankmasjien waar hy 'n blikkie Coke uitlig, omdraai en oopknak.

Toe hy die blikkie laat sak, sien sy huiwering en verbasing. Hy onthou iets, dink sy, maar dis vaag. Sy's verlig, en teleurgesteld.

Maar sy is verkeerd, want hy groet haar op haar naam.

"Jy's die een met die ouma," is haar reaksie. Wat 'n stupid ding om te sê.

Hy glimlag: "Mm, maar ek sien ons is ook bure, reg?" Hy sluk aan die Coke voor hy weer praat. "Buiten nou die ouma." Hulle loop saam die paar tree na die draaideur waar hy vir haar terugstaan.

Sy onthou. Dit was Philip wat die aand, daardie Sondagaand, gesê het die huis in die straat waar die sipres uitgehaal is, is gekoop deur 'n kok.

"En iemand by jou huis speel klavier?"

"As jy so vriendelik is om dit amptelik klavier speel te noem, ja. Ek mors maar eintlik net."

"Mors? Ek sou nie omgee as ek só kon mors nie."

Hy stap saam met haar tot by haar motor, sê dat iemand (sy lei af dis mevrou Meyer) hom eenkeer kom stilmaak het. Hy soek ook 'n loodgieter, weet sy van een? Sy T-hemp is oud en verbleikte ligpers olifantjies stap al om 'n ligpers aardbol, slurp aan stert.

Sy klim in agter die stuur, draai die ruit af en maak haar deur toe. Sy's bly oor haar sonbril toe hy vra: "En jy, Hanna? Hoe gaan dit?" Ongeërg, maar sy oë kyk tog vlietend weg en weer terug.

Sy weet hy weet. Natuurlik.

Sy steek die sleutel in die aansitter: "Dankie dat jy vra." Sy draai die sleutel en sit die motor in trurat.

University of Cape Town

'n Naaktheid te gou.

University of Cape Town

Ses-en-twintig

Anja en Wim het intussen huistoe gekom van Noordhoek. Wim bly besig. Hy werk vir Magda, hy's ook gevra om 'n kinderboek te illustreer en 'n reeks wynetikette te ontwerp. Hy gaan kuier soms vir Portia, maar bly nooit by haar oor nie. Hanna vermoed hy sien vir Magda oor meer as net werkdinge. Sy vra nie.

Anja help saans vir Philip uit. Hoe nader die studente aan hul eindeksamen kom, hoe besiger raak hy. Die dae rek en die reuk van jasmyn en honeysuckle maak mense lus vir uitgaan. Dis 'n lente met min definisie, soos ook die voorafgaande seisoen was. Philip vertel dat sy verskaffer van hout en kole, ná twee winters waarin dit merkbaar minder koud en nat was, die groot ou ramshackle eiendom wat hy in Rosebank gekoop het om op te knap, onverrigtersake weer in die mark moes sit. Hy en sy gesin is vort na 'n buurt one down; sy kantoor nou die een kant van die eetkamertafel.

Toemaar, dis alles net tydelik verseker Anja hulle; sy's al weer op pad. Presies wanneer weet niemand nie, omdat sy self nie weet nie.

Hanna het bly hoop Anja se rondreise is dalk vir eers verby, soos Wim s'n. Maar sy bly stil. Anja moet nie dink sy manupileer haar nie, al is dit subtiel. Anja mis niks.

Ek kan nie vir altyd dink ek skuld haar nie. Dis 'n selfbevlekkende vermorsing van emosie, en verander niks.

Maar hoe lewe mens onder só iets uit?

Sy is groots op haar kinders se entoesiastiese wandellus, die planne wat hulle maak om vir hul passasie te betaal en die dapperheid om 'n vreemde stad blind te vat. Terselfdertyd wil sy hulle binne reikafstand hou - net 'n oproep ver van haar etenstafel. Sy wil elkeen se kenmerkende geur met die groetslag, hoe skrams ook al, inadem. Dis die ruikgoed van liefde waaronder sy kan inkruip, sonder dat hulle dit in die geringste vermoed.

Soos sy vir jare met haar ouma Amelia se hekelkombers gedoen het. Sy't dié kombers na elke piekniek en braai en wegnaweek, elke oorslaap, saamgesleep. Dit het opgevou gelê op die voet van al haar beddens. Was saam op haar en Ville se wittebrood. Hy't dit met 'n versnit van vermaak en

University of Cape Town

afkeur haar "nare ou kombers" genoem, en gesê sy was dit so selde omdat sy bang is dit sal in die skuimwater oplos. En hy was reg. Eers toe sy Wim daarop sitmaak op die vloer by haar in die werkkamer het die kombers blokkie vir blokkie van haar losgeraak. Knip het dit ook al meer opgeeïs.

Die dag toe sy besef die kombers is gaar, het sy dit in Woolite gewas. Sy't gesorg niemand sien haar nie; sy wou nie kommentaar hê nie. Hierna het sy dit plat drooggemaak, opgevou en diep in haar hangkas weggebêre. Die satynrandjie, die koel troos teen haar wang, was gehawend.

Ouma Amelia het vir haar en Karien elkeen een gemaak; Karien s'n is saam Nieu-Seeland toe. Al die oorskietwolle uit haar eie wolmandjie en weggooiwolle van haar Tulbagh-vriendinne is hierin gehekel. Hanna het nooit daarvan moeg geraak om die verskillende wolle te identifiseer nie. Baie het sy nie herken nie en altyd bly wonder watter lyf het dit waarheen geneem.

Maar 'n kind maak nie los soos 'n voos kombers nie. Ek moet meer laat skiet. Raak dit makliker met oefening?

Een oggend, tussen kliënte, bring sy vir Anja tee bed toe. Dis halftwaalf en veilig genoeg nou. Elfuur is Anja se natuurlike "surfacing-tyd".

Sy gaan sit by haar op die bed. Anja kry dit reg om haar bed heeltemal om te dolwe in die nag. Wim s'n lyk weer asof hy skaars daarin was.

"Waitron, Ma, nie waitress nie," gaap Anja toe hulle gesels oor die werk wat sy gekry het op die Griekse eiland, Sciatos, waar 'n vriendin van haar, Blom, vir die somer as assistent-kok by 'n hotel aangestel is. Vir twee maande hier werk, verduidelik sy, spaar en dan Turkye toe. "Ek gaan vir jou 'n kelimpie koop. Jou badkamer het 'n kelim nodig."

"Dankie, my lief. Ek dag jy gaan terug Sinai toe?"

"Nee." Dis duidelik sy wil nie nou hierop uitbrei nie. Sy kyk anderpad; tel die tydskrif langs die bed onbelangstellend op. Sou daar iets in Sinai gebeur het; sy was dan eers so opgewonde oor die plek? Maar sy vra nie. Sedert haar terugkeer merk sy haar grense van privaatheid duideliker. Sy blaker nie meer heeltemal alles uit nie.

Haar gesig het ook verander. Dis smaller, sonder dat sy skynbaar

enigsins gewig verloor het. Vir een met 'n ligte vel en hare kry sy ongetwyfeld te veel son. Sy moet vir haar goeie sonbrandmiddel koop om saam te neem. Sy sal dit "toevallig" op haar bed los. Dis soos mens met Anja maak. Moet net nie fuss nie, Ma. Hou op stres, Ma.

Nee. Wat was die punt daarvan om my voering tussen vreemdes los te torring as ek steeds nie met my eie kind oor iets so simpel soos die son kan praat nie?

"Jy't 'n mooi vel, sisi, jy moet hom oppas." Sy talm. "Ek dink altyd 'n mooi vel neem 'n vrou verder as 'n mooi figuur." En net vir ingeval Anja haar verkeerd verstaan en dink sy vind fout met haar liggaam voeg sy by: "Nie dat jou figuur vir jou goeie vel hoef terug te staan nie."

Anja se handgebaar sê: genoeg. "Háár oppas. Sjoe, hoekom maak jy die tee so warm?"

"Haar oppas. Ons moet vir jou 'n sonbrandmiddel kry. Ek het ook nou die dag by Stuttafords 'n parfuum geruik en nogal gewonder of jy daarvan sal hou. Sitrusrig. Dan gaan eet ons iets."

Sy kreukel haar neus: "Maybe, ek's mos nie parfuumerig nie, Mamshu, maar as jy my wil treat, go ahead. Hoekom is ek so lui?" Sy rek haarself en Hanna kan nie anders as om haar borste wat teen die flenters T-hemp stoot te beny nie. Die tepel snipperig. "Maar net as jy vir jou ook iets kry vir 'n treat."

"Ek sal kyk. Kom, ek moet aangaan. Nog tee?"

Anja skud haar kop, glimlag ondeund en gly weer onder die duvet in: "Was nice, dankie."

In die deur draai Hanna om: "Ek sal jou mis as jy weg is. Sien dit as 'n variasie op 'ek is lief vir jou'. As jy hier is, is dit of," sy beduie die kamer in en terug na die res van die huis, "al die ligte aan is."

"OK, OK, I get the point," sy glimlag breed, "maar nou moet ek eers my beauty sleep kry." Sy sien Anja blom. Kan sy hoop die vreemde afstand tussen hulle krimp?

Net toe sy die deur agter haar wil toetrek, onthou Anja: "O ja, as Nonki bel, sê ek bel later terug. Thanks, Mamshu."

Nonki is 'n student wat ook by Philip werk. Sy en Anja het gou maats

gemaak. Sy't al 'n paar keer hier oornag: 'n lewendige, mooi meisiekind. As die kraletjies gevleg in haar skouerlengte hare klokkies was, sou sy gedurig klingel. Sy lag maklik, en uit haar lyf.

Toe Anja een aand by haar mense in Guguletu gaan oorslaap het, was Hanna skaam oor haar onmiddellike, outomatiese, reaksie: nee, te gevaarlik, Amy Biehl, ontvoering, verkragting - haar vrese soos 'n ketting gesnoer. Sy't haar mond gehou totdat Anja op pad was. Toe eers wou sy weet of sy seker is dis veilig. Sy't nie hard gepraat nie; Nonki het in die eetkamer met Wim sit en gesels.

Anja het haar fluisterstem verontwaardig geïgnoreer: "Ma, vat tog net bietjie die leap of faith uit jou eie ghetto uit. Ek loop alleen in London se strate en in Kaïro en Istanbul op die weirdste tye en nou wil jy weet of ek OK sal wees in my eie dorp sáám met mense, ín 'n motor."

"Guguletu is nie jou dorp nie."

"Says who?"

Later daardie dag ontmoet sy en Leila mekaar laatmiddag op die meent. Sedert hulle uit die kliniek is, is dit 'n semi-gereelde stap-afspraak. Elke keer kom Hanna verfris terug, en dit het met meer as die vars lug en die bietjie oefening te doen. Leila se skaaphond, Tammy, is altyd by. Die eerste keer toe Leila vir die hond aansê om vir haar hello te sê, het sy sonder 'n geluid haar tande ontbloot en langs Leila vasgesteek.

"Sies vir jou, Tammy. Sorry, ek dink sy ly aan white rage. Steur jou nie." Leila het so gelag, Hanna ook, die hond was skoon verbouereerd.

Terwyl hulle stap, Tammy nou snuffelend en ligvoets voorruit, vertel sy haar waar Anja is en bely haar reaksie. Leila aarsel, ongewoon vir haar: "Ek sal ook nervous wees as een van my kinders daar ingaan, maar ons sal maar net ons ways moet change, dis maar al. Ek wás nog nooit eens daar nie - ek het niks daar verloor nie - so wie's ek dan nou om te judge? What's more, ons mag nie ons kinders met onse parcels opsaal nie, né. Hulle sê gedurig vir my: 'Mammie, jy moet celebrate; dis mos nou die New South Africa wat jy wou gehad het.'"

Dis nie Nonki se oproep nie, en dit het wel gekom, maar die nuus wat Abbie

University of Cape Town

in die loop van die dag oordra wat Anja se weggaanplanne verander: "Nog 'n skip het gevergaan. Die visse en goed vrek al klaar."

"Olietenker?" vra Hanna sonder om op te kyk; dis maar soos sy en Abbie gesels wanneer hulle werk. Sy't spelde in haar mond en kan in elk geval net so uit die een hoek praat. Sy's doodseker hierdie materiaal het gekrimp met die was. Sy haal die maatband om haar nek af.

"Nee, hulle sê dis 'n ystererts draer. Naby Melkbos."

Naby Koeberg, dink Hanna. Wat 'n ironiese naam: Treasure. Sy wil nie eens dink aan olie in die verkoelingstelsel van die kernkragsentrale nie.

Saam met die middagkoerant later kom Anja met die olienuus en onmiddellik is daar 'n drukte wat vroeër, toe sy en Abbie en Wim ongesteurd gewerk het, nie daar was nie. Toe die skip die bodem tref - sy lê relatief vlak - bars haar olietenks. Hanna kyk oor Anja se skouer na die foto's: die oliekolle op die water (walvistjalies, dink sy) wat glo by die uur groei, is donkerder, maar soortgelyke poubloue as die bodice van die balrok wat nou al in Wenen is. Die pikkewyne en seemeeue en duikers staan troosteloos op die rotse. Hulle versmoor in hul wet-look pakkies; hul swart ogies onleesbaar. Dit herinner haar aan die outfit wat sy 'n paar jaar gelede vir Philip vir die jaarlikse Mother City Queer Project gemaak het. Sy het haar verwonder aan sy en sy vriende se vermoë om weke vooraf met soveel entoesiastiese toewyding aan hul kostuums te werk. G'n detail te gering nie, geen koste ontsien nie. Philip se speelsheid wys na haar plek - 'n inwonende vakuum - waar daar nie gespeel word nie.

Anja is driftig. Sy sit met 'n onaangesteekte sigaret in haar hand; sy mag nie in die huis rook nie: "Nee, maar enige ou rust bucket kan mos hier kom lê. Dat ons op die besigste skeepsroete in die wêreld is met die vrotse see-regulasies of wat jy dit ook al noem, is net heeltemal beside the point." Sy beduie vir Hanna hoe die ongewone winterweer die besoedeling vererger.

"Ek sou dink dis presies andersom."

"Waar val jy uit, Ma? Dis juis die kalm water en die gebrek aan wind wat maak dat die olie oor moviese oppervlaktes uitsprei. 'n Onstuimige see sou dit soort van opbreek." Sy leun fronsend oor die koerant.

University of Cape Town

Binne ure spoel die eerste seediere blinkswart uit. Die boodskap van die gitogies nou onteenseglik.

"En dis alles teenaan Robben- en Dasseneiland. Die helfte, Ma, die helfte, vyftig persent, van al die pikkewyne in die hele wye wêreld broei hier, híér, dáár. Dis 'n complete en utter disaster."

Hanna onthou hoe sy geskrik het vir Anja se uitbarstings toe sy maar net twee, drie jaar oud was. Haar woede en frustrasie is steeds soos vuurwerke: skouspelagtig en binne oomblikke verby. Sy was so iets met Wim glad nie gewoond nie. In haar tienerjare was dit nóg erger, maar toe was sy al in 'n mate voorbereid. Mens moet jou versigtig steur, het sy geleer, want terwyl jy nog koes, lê en blaai sy al weer op die bank deur 'n tydskrif asof niks gebeur het nie.

Anja bel eerste vir Philip. Die deur van die werkkamer is oop en Hanna kan elke woord wat sy oor die telefoon praat, hoor. Buiten wanneer Abbie stik. "Change of plan, jammer, Phil." Sy sou vir nog net twee weke werk. "Ag, come off it, daar's at least een tussen daai lot." Hierna maak sy verskeie ander oproepe.

In 'n stadium praat sy harder; bo die naaimasjien uit: "Toebroodjies, Ma, kan jy dalk maak? Ek kom help. Hi, Gavin, this is Anja."

Hanna sit haar werk neer. Dis die minste wat sy kan doen; pikkewyne sal sy nie was nie. Anja staan met die gehoorbuis in die een hand en haar telefoonboekie in die ander. Stralend. Sonder om op te hou praat, waai sy vir haar 'n soentjie met die vuilerige, oes boekie in haar hand. Haar aandag klaar by die volgende een: "Mobilising for Milnerton."

Dis waar Sanccob se hoofkantoor is. Ses jaar gelede toe die Apollo Sea gesink het, het sy Anja hoeveel keer heen en weer daarheen gery. Haar motor het vir weke daarna nog na skoonmaakmiddels en vis geruik. Die Apollo het meer olie as die Treasure gelek, maar verder van die broeikolonies.

"Vir hoeveel mense?" kom vra Hanna toe sy 'n gaping kry, nadat sy die yskas en die koskas nagegaan het.

"Hoeveel mense? Goodness, Ma, seker driehonderd of so, wat dink

University of Cape Town

jy?" Anja trek 'n snaakse gesig en wil nog iets sê toe iemand aan die anderkant optel. Wim word opgekommandeer om e-pos boodskappe te stuur: "Ons soek koerante, Wimmie, baie, en bokse. Handskoene, nie jou ouma se laces of jou gynae s'n nie, dikkes, daai rubber tipe. Tuinhandskoene is ook useless; kan net sowel 'n kondoom dra. En, while you're at it, geld ook. Maak sommer kollekteeroproepe na Raymond Ackerman en Anton Rupert en Oppenheimer en al jou uncles in die money business."

"Hy lewe nie meer nie," reageer Wim uit die eetkamer.

"Wie? Ag, it doesn't matter. Bel sy bankbestuurder. Wat van Goue Pam en Adéle Searle?"

"Ook smalls toe."

"Well, that explains things," lag Anja. "Die mense vat hulle comfort zones óf Kanada óf hemel toe. They don't know what they're missing, arme blêrrie fools."

Wim maak die eetkamerdeur tussen hom en Anja toe, maar aan haar is daar nou geen keer nie.

Vrywilligers vlieg in van onder meer Kanada, Noord-Amerika, Japan en Swede. Sy moet hulle van die lughawe aanry en word ook aangestel as een van dié wat hulle wys hoe om voëls skoon te maak en te voer. Party nagte kom sy nie eens huistoe nie, en Hanna het nie 'n idee waar sy dan bly nie.

Miskien leer ek tog, dink sy toe Anja uit die bloute ná so 'n nag bel en uit haar eie in die loop van 'n opgewonde gesprek noem dat 'n klomp van hulle in Blouberg by die een of ander ryk vrou - jy ken haar seker; sy was 'n opera-iemand - in haar gaste-suite oornag het. Die hoogtepunt van dié oorbly was die spa-bad waarin sy lê en week het: "Sy't daai katte met die baie hare en plat gesigte wat lyk na head-on pad victims, absoluut dreadful, maar sy's baie sweet. Shame, die katte was baie gestres oor ons en sy't heeltyd met haar varkvoetjies in hoëhakke gesqueeze met botteltjies Eco Vet agter hulle aangetrippel om hulle te kalmeer."

Wanneer Hanna voorstel dat sy bietjie rus en haar batterye herlaai, lag sy: "Jy verstaan nie hoe dit werk nie, Ma, moegheid is all in die mind. Weet

University of Cape Town

jy dit is die heel, heel grootste rescue effort nog ooit van seevoëls in die wêreld. Amazing, né."

Amazing Anja. Ek sou te skaam wees om enigiets só luidrugtig en ywerig te pak - netnou lag mense my uit. Sy is voorwaar anders as ek.

Anja se ligte hare, wat sy in 'n poniestert vasgevang het, is so vuil dis 'n paar skakerings donkerder. Hanna wil help met die bytplekke aan haar hande en arms - tot een op haar maag waar 'n pikkewyn haar bo haar gordel beetgekry het - maar daar's kwansuis nie tyd nie. "Neem dan net die Arnica saam en wat van ontsmettingsmiddel?"

"Daar's plenty. Emmersvol. Not to worry. Expect me when you see me, Mamshu."

Dis of Anja se alleenstoom van een vreemde plek na 'n volgende haar selfs meer haar eie mens gemaak het. Haar skynbaar bodemlose bron van energie en entoesiasme, veral rondom mens en dier in stres, is skerper geteken.

Op skool al het sy binne dae 'n bakkievrag klere uit maats en onderwysers en bure gekry vir 'n afgebrande plakkerskamp. 'n Verbygaande fase, het Hanna toe gedink.

As sosiale en ekologiese betrokkenheid karaktertrekke is wat mens in jou gene ronddra, kry sy dit van haar ouma Mary - maar dit sal ek natuurlik nooit weet nie.

Dis verleidelik om te glo dis dalk júís 'n aanduiding - dat Anja tog na haar ouma Mary via Ville aard. Ville is, was, nie so nie: hy sou broei oor die geringste besonderheid van 'n projek. Bekommerd na binne keer en hom geobsedeerd kwel oor die volmaakte deurhandvatsels van die Italianers se perdestalle vir wie hy 'n landgoed buite Stellenbosch ontwerp.

"Anja moet parlement toe," het Pedro nou die dag, in een van sy helder oomblikke opgemerk. "Patricia de Lille will pale by comparison." Pedro sukkel met die nuwe bedeling; veral met die vroue in gesagsposisies. Sy en die kinders het nou die dag gehoor toe hy in sy tuin stap en mor: "Mamphela Mamparra Mampoes!"

Anja het binnetoe gehardloop dat hy haar nie kon hoor lag nie. Wim

University of Cape Town

het geglimlag. Sy't haar verbeel hy let op háár reaksie. Hy hou haar steeds dop.

In hierdie dae is een van Wim se opdragte 'n spotprent van die kreupel Treasure wat minder as 'n maand voor die ramp in Brasilië seevaardig verklaar is. Binne drie weke hierna ter see ontstaan 'n gat in die romp. Drie verdiepings hoog en so breed soos 'n drie-baan-snelweg. Wanneer die John Ross-sleepboot die Treasure uit Tafelbaai sleep, breek die tou. 'n Helikopter probeer 'n reddingspan op die dek aflaai om die tou te herstel, maar die skip is reeds aan die sink. 'n Klug van cliché's.

Wim se feite kom uit die stapel koerante in sy kamer, die radio'tjie wat hy met hom saamdra en die televisie. Hy is gewoonlik aan een van dié drie bronne gekoppel. Dikwels bel hy ook kennisse met 'n aanvoeling vir bepaalde gebeure. Hy vra enkele vrae; luister aandagtig.

Dis min dat Anja op die oomblik saam met hulle eet, maar wanneer sy wel daar is, gesels hulle aaneen. Hanna luister merendeels.

Sy hoor Brasilië, Panama, Bermuda en Belize se see-veiligheid-standaarde is van die laagste ter wêreld en as jy twyfel oor jou skip se seevaardigheid doen jy hier aan. In die Kaapse hawe kry die skip agttien uur grasie om pad te gee. Nou kibbel die eienaars en die versekeraars oor die opruimingsrekening nes hulle toe gestry het oor wie die skade aan die skip, toe sy nog op die water was, moet betaal. Die minister van omgewingsake, die ANC se eie Trompie, was entoesiasties pikkewyne voor mediakameras terwyl 'n groep groenes voor die parlement teen Suid-Afrika se powere mariene besoedelingswetgewing betoog.

Sy kan nie help om te dink nie: elke drinksessie was 'n olie-lek. Minder of meer, maar elke keer het iets omgekom. Al verskil: my opruiming gaan nooit ophou nie.

"Waar's Bermuda en Belize?" wil Anja van Wim weet.

"Presies."

"Dink jy dis waarheen ons op pad is?" wil sy weet.

"In 'n land waar daar geen verband is tussen HIV en Aids nie, is alles seker moontlik."

"Hoe depressing, kom help eerder met die pikkewyne dan sal jy nie tyd

University of Cape Town

hê vir sulke morbiede gedagtes nie." Sy draai na Hanna: "By the way, ek het gister iemand daar ontmoet wat sê hy ken jou. Dirk. Hy woon hier iewers?"

"O, Dirk, ja, hy's 'n kok." Sy probeer doelbewus so neutraal as moontlik klink.

Maar Anja is nog nie klaar nie: "Hoe ken jy hom?"

"Hy's 'n vriend van Philip." En as nagedagte voeg sy by: "Hy was ook, is, neem ek aan, 'n kok by die kliniek."

"Is hy gay? Pity, hy's nogals sweet."

"Ek sal hom skaars beskryf as sweet."

Sy ignoreer die gay-opmerking. Sy gaan nie oor sy seksualiteit bespiegel nie. Allermins met haar dogter.

Gedagtes en vermoedens oor hom sedert die aand met Suzy, nee, die oggend met die teesakkie, is 'n binnespel wat hare alleen is. Soos goeie lap soek jou vingerpunte dit weer en weer. Jy ruik dit, streel dit teen jou wang. Jou sintuie vertaal. Tot al die onteenseglike moontlikhede in jou kop begin praat. Maar jy bly teruggaan na die lap; jy soek na daardie een uiteindelike vorm wat dit moet kry.

Vroeër die week het sy van hom gedroom. Hy't aan haar voordeur kom klop (iets wat hy nog nie gedoen het nie en wat sy so verkies; veiliger in haar kop as in die werklikheid). In sy hand was 'n opgevoude wit stuk moeselien bedruk met kinderlike vliegtuigies, ook wit. Net 'n tekstuurverskil tussen die agtergrond en die motief: "Dis vir jou, maar eers moet jy my hare sny."

Haar kind mag hieraan nie raak nie, maar Anja se aandag is lankal onverdeeld elders: "Which reminds me, as daar nog één beauty queen kom drool oor 'n pikkewyn en sê how sweet terwyl sy soos 'n imbesiel vir die kamera lag, word ek mal. Ek wens een word so gebyt dat hulle vir ewig ophou faff oor die damn goed asof hulle soft-toys is."

Dit laat Wim een van hul ou tergrympies onthou: "Jealousy makes you nasty and nastiness makes you fat. Fat makes you ugly and ugliness makes you?"

"Ja, jealous; lag jy maar. Jy sit lekker cosy eenkant op die kantlyn en

University of Cape Town

hoef nie met al hierdie mense te deal nie. Kry jou hande vuil, dan praat ons weer."

"Ag, toe, moenie snap nie."

"Maar hulle ís tog mooi, Anja, potsierlik as hulle so waggel af water toe. Jy en Wim het so gelyk toe julle nog in doeke was en ons by die see met julle gestap het."

Hanna sal jok as sy sê sy's bly oor die ramp, maar dit het Anja se gedagtes weggeswaai van Philip. Sy't te veel gebroei.

"En nou gaan jy seker sê hulle is so cute in hulle manelpakkies, is ek reg? Hierdie grasgoed wat jy by die pasta het, is fabulous, Mamshu, wat's dit?"

"Alfalfa. Jy's reg. Maar wat regtig ongelooflik is, is hoe hulle verander nes hulle in die water kom. Dan's al die wiggel-waggel weg."

"En hulle is amazingly vinnig. Hulle sal binne een dag van Boulders daar onder by Simonstad oor Valsbaai swem en terug. So hoor ek; don't quote me. Ma, het ek al vir jou 'n duisend maal gesê jy's 'n genie in die kombuis? You could consider a career change. Dan maak jy en die nuwe local sjef, Frik of whatever sy naam is, sommer weer 'n bakkery oop hier in Wrensch Road. Now there's a thought for you, ek moet waai. Tarra, Wims. Baai, Mams."

As Anja opstaan van 'n tafel, lyk dit altyd kleiner.

University of Cape Town

Sewe-en-twintig

Dirk steek sy hand uit sonder om sy oë oop te maak. Die volume waarteen 'n foon dié tyd van die dag lui, gee hom 'n idee van hoeveel uur slaap hy agter die rug het. Dis net sy ma wat so vroeg bel. Sy't lankal die seemeeue verjaag dat die streepkoppies kan kans kry. "Aasvoëls," sê sy van die meeue, "nes die insleepbakkies altyd grootlawaai eerste."

Hy's verkeerd. "Jis jis, jy slaap darem seker nie meer op só 'n fantastiese oggend nie?" Jaco klink of hy klaar 'n liter Game in het.

Dirk hou sy stem laag, hopelik kliek hy: "Wat bel jy mens in die nag?"

Maar te laat, hy's helder wakker en hy onthou. Die telefoon het die figuur langs hom gehinder, maar nie wakkergemaak nie. Sy draai net om. Haar asemhaling klaar weer egalig.

"Ontspan ontspan, dis agtuur, ou Dirk, kwart van die oggend is al oor. Toe ek netnou draf, kry ek skielik lus om uit te ry see toe vir die dag en synde dat jy ook weer 'n bachelor is, why not? Ek't 'n paar dae afgeneem, bou bietjie aan hier agter, maar ek dink ek's nou vir eers gatvol. Werk jy?"

"Ja, nee, nie eintlik nie."

"Wat beteken dit nou: ja of nee?"

"Nee, maar..."

"Nou vir wat dan nie? Ek tel jou op. Jy't nog nie die Alfa gery nie; dan neem ons haar vir 'n spin. Gaan eet brekfis in Houwhoek of so iets en skiet deur Pringlebaai toe, ons ry 'n slag óór die berg. Neels het laas gevra wanneer kom duik ek weer."

Dirk het sy oë intussen weer toegemaak. "Nee, nie vandag nie. Ek het iets aan. Anderdag." Hy gaap.

"Nee, man hoekom dan nie?" Jissis, Jaco. Aanhoudend soos 'n foksterrier.

"Ag, ek het goed aan, maar nou wil ek eers nog slaap."

Uiteindelik kom Jaco by: "OK, wel, dit klink of jy jou hande vol het." 'n Veelseggende laggie: "By wyse van spreke.

"Ja, ja." Dirk weet hy klink ongeduldig. "Sê net koebaai en sit die foon neer."

Gelukkig verstaan hulle mekaar. "Nee, dis orraait, ons probeer maar 'n

University of Cape Town

ander keer weer."

Dirk weet hy sal nie weer slaap nie, maar bly lê eers. Bewus van die ander lyf. Sy lê ver van hom, weggedraai. Asof sy alleen in die bed is. Hy't lus vir koffie. In die sitkamer lig hy die blindings, gooi die vensters wyd oop en sit musiek op: *It's a promise I promise to keep.* Nou eers draai hy om kombuis toe. Hy moet die water by die nuwe plante gaan oopdraai. *Come and give me your love that you're hiding.* Hy tel tien, twaalf voëls op die bird-feeder: 'n langstert-tinktinkie, janfredikke, glasogies. Miriam Makeba, dis een van haar ou songs. Mooi vrou, mooi stem. Onbewoë. 'n Vrou wat lankal weet. Die voëls is nog ver van mak en fladder weg toe hy uitkom. Hy buk by die varkblomme; blêrrie slakke. Eers is hy lus en smyt hulle in die pad, maar bedink hom. Hy vat hulle - daar's sewe, agt - en gaan sit hulle by die vrouebossie. Hulle groei so geil; nie 'n skare slakke sal hulle onderkry nie. Geranium incanum. Iemand het gesê hy moet pierings bier uitsit vir die slakke. Hy weet darem nie. Ruspes ook, maar hy moet hulle los. Dis voëlkos.

Toe hy terug is op die stoep ruik hy sy koffie. Hy's is seker die reuk alleen sit teen dié tyd 'n refleks aan die gang. Mens is ook maar nie veel meer as ou Pavlov se hond nie. Op pad uit met sy koffie draai hy terug. Hy wil die eerste snit weer hoor. *Your dreams will haunt you and like a ship in a storm you will toss and turn.* Hy gaan sit op die boonste trap: *forever till the end of time.* Hoe kan enige mens dit glo?

Miskien was dit after-all nie so slim om haar gisteraand hierheen terug te vra nie. Dit sou selfs beter gewees het as dit by haar plek was; dan kon hy immers loop wanneer hy wou. Hy ril, die eerste sluk koffie is so sterk en bitter.

Hy's bang vir vroue se vassuig, voor jy jou oë uitvryf.

Hulle het 'n pizza gaan eet. Dit was koud en reënerig; weet nie waar dit vanoggend is nie. Meteens was hy nie lus vir alleen slaap nie. Ná 'n paar doppe loop die vangnet van die lyf maklik vol; sleep sáám met die stroom. Die reuk van kerslig en knoffel ekstra aas. Alles werk mee.

Hy sou lieg as hy sê hy en Janie het 'n volskaalse verhouding. Maar daar's tog iets. Hy weet net nie wat nie. Hulle slaap ongereeld en meestal,

University of Cape Town

soos gisteraand, onbeplan by mekaar. Selfs 'n keer of wat toe hy en Nadia nog saam was - een van daai kere dat sy haar goed gevat het.

Dit was Janie wat destyds eerste hieroor gepraat het. Hulle was by haar huis ná 'n partytjie by Friedman. Haar vermoë om goed onder woorde te sit boul hom altyd uit. Hulle was warm en het bo-op die laken gelê. Sy't twee glase water gaan haal en teruggekom bed toe: "Jy ook hê? Nou moet ek eers rehidreer." Sy't haar glas vinnig leeggedrink. "Heerlik!" Sy't weer kom lê. "Dít was nou goed." Toe hy sy water na net 'n sluk of twee neersit, het sy oor hom geleun en dié ook gevat: "Dis beter." Sy het haar vingers gedoop in die glas, waarin nog 'n bietjie water was, en dit oor sy bors gesprinkel: "Jy's 'n lekker lover, Dirk, ek hoop iemand het jou dit al gesê?"

Hy't haar nie geantwoord nie, maar sy't ongesteurd aangegaan: "But no strings attached. 'n Belofte." Hy het nie geweet of dit 'n vraag of 'n stelling was nie. "Jy't 'n girlfriend, soos jy, en ek, weet."

"Wel, ek weet nie op die oomblik daarvan nie." Hy't besef dit klink lamsakkig.

"Kyk, Dirk, sy't dit tevore gedoen en sy sal dit weer doen. Dis maar die dinamika van julle verhouding. Sy probeer klaarblyklik vir jou iets sê; jy hoor net nie so lekker nie. Wat meer is, ons werk saam. Ek wil nie hê mense moet praat nie."

"Praat nie?"

"Dat die kok die kopkrink raps of alternatiewelik, die kopkrink die kok."

Raps. 'n Woord wat hy lanklaas gehoor het. Hy't gelag: "Komende van jou, Janie, is dit darem 'n growwe gender blaps. Was jy dalk in Pretoria op universiteit?"

"Baie snaaks. Nee, Dirk, hou op grappies maak. Ek's ernstig." Dit was laat, ná twaalf. Van haar bed sien jy Rhodes Memorial - 'n groot klip wat gedemp van binne gloei. Die universiteit se liggies het skerper geblink, skuins onder Rhodes. Hy't gedink aan die voëls wat in neste en op takke teen die berghang slaap. Hulle wat die bos saam afskakel en môre-oggend, oor 'n paar uur, weer gaan aansit. Maar nie die uile nie. Hul oë sou soos albasters skyn as jy hulle nou kollektief kon belig. Soos die

University of Cape Town

trapsgewyse ligte van die universiteit teen die berghang.

Hy en Janie kon mekaar bel en sê kom ons sien mekaar. Dit het hom gepas. By die werk was sy afstandelik; professioneel. In so 'n mate dat Jay eendag katterig opgemerk het: "She's a real snob that one, isn't she? Thinks herself above us, Sister Serious, just because she karrings in the mind and we karring in the kitchen."

Ai, Jay, as jy maar weet hoe lekker sy karring.

"Jou Afrikaans verbeter so hier in die Kaap, jou pa gaan jou mos onterf, jong."

"What do you mean?"

"Ek meen jy praat soveel beter en jy't self vir my gesê my family distrust blacks and Boere alike. Die meeste straight up and down Hindoe-meisies van Durban ken nie die woord karring nie, doen hulle?"

"Ag, Dirk, just stop talking in riddles. Say it like a recipe: step one, step two, step three. One always has to decode you, you know."

Maar Janie se kliniese houding het verander. Sy sê niks - en dis wat hom worry - maar hy voel dit aan. Al van 'n vorige keer. Kan nie sy vinger daarop lê nie. Hy verstom hom aan die mossies hier. In Kalkbaai het hy hulle selde gesien.

Gisteraand, terwyl hy voel hoe Janie se spiere om hom verander, het hy besef sy huil. Ook toe alles oor is. Sy't nie beweeg nie, nie eens haar gesig nie, en vir 'n oomlik het hy verbouereerd gewonder vanwaar die dun klank kom. Die woord "ween" het by hom opgekom. Dit het hom ontstel. By gebrek aan enigiets om te sê, het hy haar bly vashou. Hierna was sy stil, anders as gewoonlik, en totdat hulle aan die slaap geraak het, het sy teenaan hom, onder hom in, bly lê.

'n Sagte plofgeluid agter hom laat hom omkyk, maar daar's niks. Toe hy opkyk na die stoepplafon sien hy dis 'n stuk swaelnessie wat losgeraak en afgeval het. Toe hy na die huis kom kyk het, het hy dadelik die nessie op die hoek van die stoep gesien. Vir hom het dit maar redelik gehawend en ongebruik gelyk, maar die Lloyds het gesê die swaels keer elke jaar terug. Hoewel dit nou nog hopeloos te vroeg is. Hy wonder of iets anders

University of Cape Town

die nes oorgeneem het.

Hy kon hom altyd verkyk aan die metodiese orde van die Swartland se swaels. Hoe hulle in hul honderde op die telefoonlyne kom sit en luidrugtig kwetter voor die groot trek noord. Met die terugkom, die proses van modder gaan soek en klontjie vir klontjie terugdra. Die onveranderde vorm van die nes. Mens kon jou horlosie volgens hulle s'n instel. 'n Tyd nádat hulle teruggekom het - jy hoor die hoë twee-twee bo die gefladder van vlerke onder die voorstoepdak en in die waenhuis en dan weet jy - het sy ma Kerskoekbeslag in 'n groot emaljekom in die kombuis aangemaak. Die kombuis het geruik na speserye en brandewyn. Dit was ook die jaartyd vir gemmerbier met Jamaikagemmer en gis. En op die telefoonpale het die swartkoekoek geroep: "Krismisboks, Krismisboks."

Hy's lus om Rondevlei toe te ry, maar alleen. Hy los sy beker in die kombuis en loop terug kamer toe. Janie is aan die wakker word. Hy klim weer by haar in: "Ja, jong, dis al amper middag."

Sy vroetel nader aan hom en maak haar oë weer toe: "Ek het nou net van jou gedroom."

"Hoop dit was nie 'n nagmerrie nie."

Sy antwoord nie; lyk ingedagte.

"Tyd dat ek loop, Dirk."

Meteens, dofweg, onthou hy sy eie droom. Hy konsentreer om dit te gaan haal, maar dit bly vooruit loop. Dit was die stil vrou, die een in sy straat - maar wat?

Janie draai na hom, lig haar op haar elmboog: "Ek het nie die belofte gehou nie."

Sy was saam met hom op die plaas. Buite op die werf. Die kontoere van die land het mosterd en goudgeel agter haar rug gegolf. En hy't gedink dit is soos sy is, soos daardie lyne van sy hartland. Onopgesmuk. Soos haar oë sonder grimering. Hy onthou dit van daardie oggend toe hy opkyk in die kombuis by die werk. Hy het haar smal hande opgelet toe sy die teesakkie aanvat, en die merk. Maar toe draai sy sonder 'n woord om en stap weg, in die droom. En nou, het hy gedink, sal ek nooit weet nie.

Janie praat weer. Hy weet nie wat sy gesê het nie. Hy neem haar

University of Cape Town

hand. As verskoning, en as padwyser vir homself om weer by haar uit te kom.

'n Landskap van egalige heuwels waar hy vandaan kom. Borselkop ná oestyd. Golwend groen ander tye. Kleintyd het sy ma gesê binne die heuwels lê geheime.

"Wat se geheime?"

"Die grond s'n."

Eenkeer, hy was groter, maar nou met sy hare kort geskeer, het sy oor sy kop gevryf: "Molvelletjie vir bêregoed."

Soos Hanna se seunshare, dink hy toe sy hand oor Janie se hare stryk.

"Ons moet dit los, Dirk, my hart kom te saam."

Sy wag dat hy iets sê, maar al wat hy kan doen, is om haar teen hom te trek; sy lippe teen haar gladde hare wat nooit deurmekaar lyk nie. Sy mond ruik haargoed. Hy hou dit daar, asof dit die rede sou wees vir die afwesigheid van woorde.

Hulle bly kortstondig in dié omhelsing; gegiet in die sekondes van sluiting. Sy maak haar versigtig uit hom los. "Ek raak te betrokke." Sy kyk anderpad. "Begin oor jou droom; dink aan jou in die dag."

Hierdie bed bly so waar as waaragtig 'n aanloopbaan: neersit; oplig. Kom en gaan. Toe sy terugdraai, is haar oë kaler as die res van haar lyf. Beter om haar vas te hou, dan sien hy dit nie.

Hy sou lieg as hy sê hy deel haar sentiment. Hy hou van haar: haar lyf, haar geselskap, haar gladde hare. Dis al. Maar hy wil haar ook nie so sien nie. "Kan ek vir jou jou water bring, toe?" Sy drink eerste ding soggens 'n koppie kookwater met 'n skyfie suurlemoen. Hy wil iets doen om te vergoed. In die kombuis staan hy rond; voel simpel. Op die ingewing onthou hy die katjiepiering buite. Een van die enkele struike in die voortuin van die oumense wat hy gelos het. Hy gaan pluk een en die soetigheid draal al agter hom aan. Kom saam met die kookwater kamer toe.

Hy gaan sit aan haar kant van die bed en gee haar die blom: "Ek is jammer dat ek so 'n poephol is."

Vir die eerste keer vanoggend lag sy: "Jy is nie, dis die punt, Dirk." Sy ruik aan die blom; maak haar oë vlietend toe. "Ek het 'n werkaanbod by

University of Cape Town

iemand anders gekry; ek oorweeg dit. Dit sal dit makliker maak. My hormone bedaar."

Selfs sy, wat weet hoe hierdie goed werk, lieg vir haarself. Maar die laaste ding wat hy nou wil doen, is om haar hierop te wys.

Anders as Nadia sal sy nie terugkom nie. Te ferm. Trots. Bewus van haar eie geestelike welsyn. In haar eie woorde. Eienskappe, ironies, wat hom in haar interresseer. En haar hare wat nooit deurmekaar is nie. Altyd glimglad. Klink soos 'n sjampoe-advertensie, maar so what?

Net 'n paar woorde - so min as vier of vyf - kan albei se lewens verander. Maar hy kan nie. Hy haat die oomblik dat jy voel jy hou iemand anders se heil in jou hand. Lig soos stirofoam.

Benewens drie vriendelike ouer vroue met laphoedjies, verkykers en notaboekies, sien hy niemand anders by Rondevlei nie.

Dié vlei op die rand van die Kaapse Vlakte is die enigste in die Skiereiland met seekoeie. Hulle is skugter naglopers en min mense sien hulle ooit. 'n Paar jaar gelede was daar 'n kleintjie, met foto's ter stawing.

Hy klim op by die eerste houtuitkykpunt. Dis bewolk en koel. Olifantansooggrot 'n dowwe oog. Hy ken net die paadjies om die noordelike deel van die water. Verder suid na Muizenberg lê nog lappe water wat met 'n wetland aansluit by Sandvlei - die lae duine rondom onder kusfynbos en strandveld. Net bo die oppervlakte van die water skeer kwikkies. Bleshoenders, kolganse en wilde makoue dryf verby. Sy kop is leeg, voel dit. Sy asemhaling koppel aan die watervoëls se gladde gang. Lank volg die sirkels van sy verkyker hul ononderbroke glypas.

Glissade.

Hy hou steeds die verkyker voor sy oë, maar wat hy nou sien, is die hardeband oefeningboekie en Miss McKenna se rooi balpunt bo-oor sy Franse spelfoute. *Glissade = a gliding step; a preparatory movement for leaps*. Miss McKenna het vir jare vir hom eers in die kerksaal en daarna in 'n ou graanskuur ballet gegee. Hier het hy vir Stoffel ontmoet. Stoffel, wat in die lokasie gebly het, het hom gou verbygesteek en dans al vir lank in Londen. Nou is hy Christopher. Teen dié tyd meer choreograaf, hy's nou

te oud, as danser. Dirk het hom eenkeer gaan opsoek in Barons Court op die Piccadilly-lyn. Dit het gelyk of hy die sprong van Hopefield tot in Kensington met 'n soepel landing gemaak het. Stoffel het uit sy mense baie meer spot as hy moes verduur. Stoffel tussen die wit kinders, per spesiale toestemming, het ook die aandag van hom afgetrek.

Hy is soms by die skool geterg, maar sy ma het hom hierop voorberei. Meerendeels het mense hom uitgelos oor die dansery, maar hy weet daar's agteraf geskinder: "Ria maak 'n moffie groot."

Voor haar sou hulle - ene skynheilige belangstellende aaie - nie 'n woord suggereer nie. Mense was vir sy ma versigtig.

Toe was 'n kam in 'n sokkie - veral in die Afrikaanse platteland - die allerenigste teken van 'n gesonde man se belangstelling in sogenaamde vrouegoed: kos, hare, klere. Tights en balletskoene met 'n rekkie dwars oor die voetbrug noem jy nie eens nie. Die oogomlyner en lipstiffie vir die tweejaarlikse balletkonsert was selfs méér buitensporige detail, verkieslik verswyg - soos sy eerste probeerslae in die kombuis onder sy ma se oog. Die jaar tussen konsert en konsert was vir die eksamens van die Royal Academy of Dancing. Dit was juis 'n RAD-eksaminator, een met 'n porseleingesiggie en silwer hare in 'n bolla nes die prentjies, wat vir die wedergeboorte van Stoffel Vaalbooi gesorg het.

Hy en Lisa, die suster net ouer as hy, het albei by Miss McKenna ballet geneem. Maar dit was vir hóm wat sy woedend was toe hy die dag in standerd nege kom sê hy stop nou, Miss. "No, Frederik, you are throwing your life away. We do not have nearly enough good masculine dancers. This is a mistake and you will regret it one day."

Sy't gesmeek, gedreig en toe hy die dag kom groet, haar neus bly snuit in 'n klein wit sakdoekie: "I cannot tell you how much I will miss you."

Soms was hy spyt, maar nie ten diepste of vir baie lank nie. Net as hy die Nederlands Dans Theater sien, veral met 'n Balanchine-ballet, of as hy sit en kyk na die spaghetti-enkels van plaaslike mans, met enkele uitsonderings, die verwyfde nek en arms, dán. Nadat hy in die stad kom werk het, het hy vir jare eenmaal 'n week by 'n jazz-geselskap gedans. Die reuk van houtvloer, harpuis en vars sweet werk hom soos adrenalien.

University of Cape Town

Die eende dryf om 'n eiland waar die vinke kwetterend tussen die riete in en uit. Hulle duik soos vliegtuie, neus eerste. Sommige wieg aan die latte. Helse tjilpende kakofonie. Janie glip uit sy kop, maar onder die oppervlak roei die gewebde voetjies verbete.

Nader is dit stiller. Hier stofsuig die lepelaars bek onderstebo in die water. Links regs links regs stoot hul koppe asof op die maat van 'n metronoom. Die pelikane loop wyebeen agterna. Dra trots aan hulle snawelspense. Een lig moeiteloos uit die water en vlieg laag oor die watervlak weg. Die ander volg. Dat so 'n groot voël soos 'n vlieër kan oplig. Drie ibisse gly die sirkel van sy verkyker in. Die enigste rusversteuring is die karp wat spartelend net onder die water wei. Of paar, hy weet nie.

Ná die uitkyktoring stap hy teen die rand van die vlei langs. Bietou, blombosse, Septemberbossie, muggies. Hy kruis 'n seekoeivoetpad. Anderkant lê hul modderige voetspore, groot soos borde. Die vroue met die hoedjies kom van voor. Glimlag sameswerend; prewel voëlkykverse. Jaag muggies met hul notaboekies weg. Ja, ja, stem hy saam. Enjoy, enjoy.

Hy gaan sit in die verste skuiling waar die water onder die houtvloerplanke inspoel. Hier's dit so modderig , jy sien net die toppe van waterplante. En hier en daar teen die waterlatte ingedrywe chipspakkies.

Lank sit hy so. Net oorkant die water is dit so arm, as hy sy oë toe maak, behoort hy dit te ruik. Hy sal nooit die reuk vergeet van daai eerste keer in Lavender Hill nie. Hy't geruik: varkemmer, puttoilet, ou as en die pee van dekades ingetrek in matrasvesel. Vir 'n oomblik speel hy weer met die gedagte om daar te gaan wys wat om met kos te doen sodat jy dit aan ander mense kan verkoop; geld maak. Hy wil iets teruggee; waar de hel begin mens? Maar dis vlietend vandag. Sy kop wil nie nou sluit met die gruwelstatistieke van daardie plekke nie. Vandag bly dit dáár. Dis nie moeilik nie, want dis uit die oog. Hier sien hy die naby duiwe met die blote oog.

Haar oë is nie die grys van die rotsduif nie. Dis die afgestemde een,

University of Cape Town

die een afgespoel met sand. Die tortel, die grootring en die lemoenduifie s'n. Meer vaal as blou. Is haar huis ook swygsaam? Plek van kelders en solders weggesteek net meters van die sypaadjie. Wat jy sien, is nie wat jy kry nie.

Later tel hy weer sy verkyker op en onthou van die staptog in die Kruger. Hy moet nog iemand kry; hy beter roer. Maar hy's min lus. Sy brûe na Nadia, en Janie, is in ligtelaaie. Die vrou wat hom fassineer, oorweeg hy nie eens nie. Vingertjie vir vingertjie vermoedelik moet mens haar benader.

Jan. Hoe verder hy loop, ja, hoe beter. Teen die tyd dat hy sy motor oopsluit, weet hy hy gaan Jan-hulle bel nes hy by die huis is. Jan sal wil betaal - so't hulle ma hulle geleer - maar hy sal hom keer.

Hy wil dit vir hom gee.

Afkoopgeld om Nadia af te los. Ruilhandel vir sy skuld oor Janie. Hy wens hy kon homself nog bluf. Is dít die afstaan van onskuld: dat jy jou eie leuens skaars kan dink, let alone uitvoer?

By die huis laat hy 'n boodskap by die sekretaresse van die voël-instituut dat Jan hom moet bel. OK, dit sal nie vir hom sy vrede bring nie, maar Jan-hulle sal dit geniet. Hy dwaal in sy agterplaas. Nadia se fiets is weg; hy't nie eens opgelet nie. Nog 'n goeie plant wat die Lloyds vir hom hier gelos het, is die suurlemoenboom. Groot vrugte met 'n dik skil. Op die ingewing pluk hy ses van die geelstes. Een met opset saam met 'n stuk tak en blare. Lekker vir kook. Sou sy kook? Maak nie saak nie. Ruik lekker. Lyk mooi. Geler as enigiets anders waaraan hy nou kan dink. Nie eiergeel nie. Miskien nou se eiers. Op die plaas was eiergeel oranje en groot.

Hy klop aan haar voordeur. Niks. Klop weer. Hier kom iets. Dis nie sy nie; kleiner. 'n Kind dalk. Hy voel die oë deur die loergaatjie op hom. Dis 'n klein vroutjie in 'n kopdoek: "Môre, kan ek help?" Aan elke kant van haar mond, wanneer sy glimlag, is 'n dimpel.

"Is Hanna hier?"

"Nee, sy's nie nou hier nie, maar is daar iets waarmee ek u kan help?"

"As jy net vir haar dit kan gee." Hy hou die mandjie vir haar.

"Asseblief."

"Van wie moet ek sê kom dit?"

Sy sê hy moet wag, sy wil net sy naam en nommer neerskryf en draai om na 'n tafeltjie agter haar. Sy krap 'n notaboekie uit tussen ander papiere langs 'n telefoon. Eers lyk dit of sy die mandjie daar gaan los. "Laat ek dit net gou uitgooi in iets anders, dan gee ek u mandjie terug."

Sy's gang-af voor hy kan keer. Suurlemoene in 'n plastieksak is nie wat hy in gedagte gehad het nie. Miskien is daar 'n bak. 'n Groot dagboek lê oop op die tafelblad - haar handskrif is groot en rond. 'n Lang glasvaas met wit gladioli. Die water skitterskoon. Die tafel het elegante bene, lig soos geelhout. Sy oë gaan saam met die oreganplanke gang-af. Eenvoudig. Nes hy gedink het. Die vertrek links, die bietjie wat hy kan sien, lyk anders. Voller. Hy hoor 'n radio.

Hier kom sy. Kuis klein treetjies in haar prits en pruime rompie. Met sy leë mandjie. Sy groet, weer met die kuiltjies, haar een hand klaar op die deurknop: "Ek sal vir Hanna sê die suurlemoene kom van Dirk."

So much for trying.

Môre werk hy. Hy moet tog vir Theresa sê hy't vanoggend 'n fraiingpoot gesien. Was geluk maar altyd so beskeie.

Toe Dirk die volgende dag ná werk afdraai in Wrenschweg, sien hy sy ma se bakkie in die skadu van 'n boom oorkant sy huis. Hy sal dit tussen 'n plaat uitken - die verbleikte Datsun 1200 met die kappie. Sy sien hom nie omdat sy afkyk na haar skoot; soos altyd besig met 'n boek. Hy trek sy motor in die oprit, sluit en stap oor die straat. Dis eers toe hy teen die venster klop dat sy opkyk.

Sy draai die ruit af en lag op na hom: "Haai, my kind, hoe laat jy my nou skrik. Dag jy kom nooit hier uit nie."

"Ma het g'n geskrik nie, Ma't nog nie eens gekliek waar Ma is nie. Wat lees Ma so?"

"Ag, sommer 'n storie." Sy's klaar besig om die boek in haar gehawende mandjie tussen ander boeke in te druk. Op die vloer van die passasierskant lê nog boeke. "Kom, gee my eerder iets om te drink. Ek is

University of Cape Town

flou van die dors."

Sy klim uit met haar mandjie. Die res los sy net so: ruit oop; deur ongesluit. "Ma moet sluit. Ma's nie nou by die see nie."

Sy maak 'n vae handgebaar: "Die slot lol al weer, Dirk, miskien moet jy daarna kyk. As ek hom sluit, kry ek hom nie weer van buite oop nie. Dan moet ek by die anderkant inklim."

"En een van die dae sal Ma seker deur die klein agterruitjie moet wurm, né. Ek sal nie die deur regkry nie, Ma weet dit. Koop om vadersnaam net 'n ander ryding; dis so maklik soos val uit 'n boom. Hierdie ding gaan Ma nog sleg in die steek laat."

Hy wil weet of hy vir haar tee kan maak, maar sy wil net water hê, water met ys. Eers toe hulle om die kombuistafel sit, vra hy wat haar so onaangekondig Kaap toe bring.

"Vier goed. Die een... Dirk, het jy nie vir my brood en konfyt nie? Ek besef mos nou ek het nooit middagete geëet nie." Hy staan op om vir haar te sny. "Drie dinge. Een, ek wil by Lisa aangaan, want dit gaan nie goed daar nie."

Hy sit die brood, botter en konfyt voor haar op die tafel; draai om vir 'n bord en 'n mes. "Dankie. Dan was ek ook aan by Jan-hulle, maar hy's Overberg toe om die babapelikane op te saal met satellietsenders en derdens, jy."

"Ek?"

"Ja, jy jok vir my."

Hy draai terug na haar. Sy's besig met haar brood en kyk nie vir hom nie, hy's bly: "Hoe nou?"

"Jy sê my nie jy't Nadia gelos nie." Dirk haal die blok Gouda-kaas uit die koelkas. Hy't vir 'n oomblik vergeet - haar konfyt op brood kom altyd saam met soetmelkkaas.

"Dalk het sy mý gelos vir al wat Ma weet."

"Asseblief, Dirk, ek is nie onder 'n patrys uitgebroei nie. Ek sien wat ek sien. Jy is die een wat kouevoete kry, jou lewe lank al. En dis nou neither here nor there, dis jou saak, maar as jy omgekrap is, kan jy my maar sê. Ek is after-all jou ma."

University of Cape Town

"En wat is dit by Lisa?" probeer hy die onderwerp verander.

"Sy wil Pierre los. Of miskien moet ek sê: weer los."

"Hopelik sal daar seker darem algemene konsensus in die familie wees dat dit 'n stap vorentoe sal wees."

"Nee, jy't verkeerd. As jy 'n man vat, Dirk, vat jy hom vir altyd. Wat se nonsens is dit - oor simpel goed dat hulle kwansuis te uiteenlopend is? Ek kan my nie 'n saaier plek voorstel as 'n huwelik waar die man en vrou se belangstellings soos twee karperdjies saamdraf nie." Sy skud haar kop terwyl sy kou. "Nee, daar's kinders ook. Lisa en Pierre moet hul huis in orde kry en groter wees as hulle klein verskilletjies, maar moet nie nou die aandag van jouself probeer weglei nie."

Op die ingewing van die oomblik haal Dirk vir hom 'n bier uit die yskas: "Ma ook hê?"

"Ja, hoekom nie."

Hy gaan sit oorkant haar; wag.

"Eintlik is jy en Lisa presies eenders. Julle glo aan die een of ander opgedinkte ideaal van verhoudings en julle kry dit beslis nie van my nie. Dis pure snert. Ek en jou pa was weliswaar net vir agttien jaar getroud, maar ek weet waarvan ek praat."

Dirk laat haar begaan. Sy wil net haar sê sê.

"Is dit al?" wil hy weet terwyl sy kou.

Sy's minder heftig toe sy weer praat: "Ek raak ook nie jonger nie. Hoe ook al sy, ek was vaneffe by my ginekoloog. Sy wil hê ek moet môre-oggend kom vir 'n mammogram."

"Vir 'n knop of 'n ding?"

"Ek is bevrees, ja, maar dis nie noodwendig die einde van die wêreld nie."

"Het Ma nou weer te lank uitgestel?"

"Ag, Dirk, gister is verby en môre is 'n misterie. Kom ons wag maar eers en kyk, maar intussen moet jy vir my slaapplek gee vir die nag, asseblief. Ek laat dit môre-oggend net hier om die hoek van jou by die Vincent Pallotti doen."

Sy ma lê op sy bank in die sitkamer en lees, kussings onder haar kop

University of Cape Town

en voete op die armleuning, toe hy voorstel dat hulle sommer 'n pizza gaan eet vir aandete: "Ons stap sommer, dis naby."

Nou eers onthou sy sy't vir hom kos gebring: "O my genade, gaan kyk agter die sitplek; ek het skoon vergeet."

Toe hy die bak in die kombuis oopmaak, roep hy binnetoe: "Dankie, Ma, ek sit gou vir ons rys op." Hotnoskoolbredie met lieslappe, soos sy daardie stuk heerlike velletjie noem wat van die skaap se ribbetjies oor sy pens strek.

Terwyl hy in die kombuis besig is, kom sy op haar kaalvoete in. Hy hoor haar nie totdat sy agter hom praat nie: "Ek is jammer ek was netnou so skerp. Ek is jammer oor Nadia, my kind. Ai, man, kom, ek druk jou." Hy registreer haar borste teen sy lyf. "Ek het nogal van die kind gehou."

"Ek ook, nogal."

Later die aand terwyl sy ma in die ander kamer lê en lees, sit hy op die stoeptreetjies en rook. Hy kan nie sê dat hy al ooit, voor nou, aan sy ma se borste gedink het nie. Wat sou dit vir haar nou wees - daar's mos nie nou babas wat moet koskry nie, en wat seks betref, wel, sy's alleen.

University of Cape Town

Hy kry sy antwoord twee weke later toe hy ná die sewe-uur-besoek langs haar bed in die Vincent Pallotti staan. Dis die derde dag ná die verwydering van haar regterbors. Sy's in 'n privaatkamer; hy kan bly so lank hy wil. Dis byna nege-uur. Lisa en Jan en almal was vroeër hier en het te veel gepraat, het dit vir hom gevoel. Ma self was stil tussen haar blomme en vrugte en geskenke. Een van Jan se kleintjies wou weet of Ouma dan verjaar.

Waar sy nou met oë toe lê, lyk sy oud in die skyn van die enkele buislig bo haar bed. Langs haar op die bed lê die sakkie bloederige vloeistof wat van iewers onder haar armholte dreineer. Haar nagrok maak die pleisters op die wond toe, gelukkig. Die afwesigheid van haar bors is meer sigbaar as die aanwesigheid van die ander een. Hy draai van haar weg na die donker ruit waardeur 'n stuk spoorlyn oorkant die pad silwer in die helder ingangsligte van die hospitaal streep.

Net toe hy dink sy het aan die slaap geraak, praat sy en hy kom terug

na haar bed: "Ek het geweet dit gaan swaar wees, maar nie só nie." Vanonder haar toe ooglede loop trane. "Ek weet mens se herinneringe is in jou kop, Dirkie, maar dit voel of hulle 'n stuk van my lewe saam in die slopemmer weggesmyt het."

En hy onthou die geheime in die bulte van die Swartland, soos sy hom geleer het. Haar hande lê niksseggend op die deken. Met sy een vinger vee hy die trane, dis so min, van haar wange. Sy ander hand maak toe om haar twee hande; versigtig dat hy nie enige stremming op haar regterarm plaas nie.

Terwyl hy so staan, besef hy hy weet eintlik niks van wat aangaan tussen 'n vrou en haar borste nie - ondanks die ontelbare kere wat sy hande en sy lippe daar gewei het. Daarom kan hy vir sy ma ook niks sê nie. Hy voel onbeholpe - ongemaklik ook - maar hy wil ook nou nêrens anders wees as hier nie.

University of Cape Town

Agt-en-twintig

Die Kaapstad-Simonstad-lyn loop ook verby die sportinstituut in Nuweland, nes by die kliniek drie stasies verder suid in Kenilworth. Maar hier is dit so naby jy sien verbyflitsende brokke van die passasiers se klere: denimblou, wit, swart. En hier, anders as daar, voel jy soms die ligte bewing van 'n verbysnellende trein.

Dis spitstyd toe Hanna daardie eerste oggend in Junie saam met Rushmika na die klein toets-vertrek op die eerste verdieping is. Onder streep die kompartemente die een na die ander stad toe. 'n Vonk skiet uit die elektriese web tussen die treindak en die spoorkabels, terwyl Rushmika met die spreeuswart bob luister hoe die bloed deur haar are ruis.

Sou alles vir my anders uitgewerk het as ek ook elke dag iewers tussen mense gaan werk het, wonder sy met haar oë op die passasiers wat oënskynlik gedwee na kantore en winkels en fabrieke gependel word. Die oggendmimiek word van wa tot wa agter vaal vensters gedupliseer: brei, lees, grimeer, slaap, sit. In die derdeklas staan die mense soos skape in 'n Karoo-trok op pad slagpale toe. Sonder woorde is mense eenders.

Sy probeer om drie keer 'n week, soos Rushmika voorgestel het, te swem. Wanneer sy te besig is, gebeur dit net twee, selfs net een, maal. Dan kriewel 'n vreemde rusteloosheid wat sy eers weer in die water verloor. Soos sy fikser word en die inspanning geleidelik minder, word dit 'n plek waarin sy onaangeraak kan wegraak. Al wat hier is, is dit wat sy binne-in haarself daarnatoe saamdra.

So was haar gedagtewêreld as kind. 'n Koel bevryding in die dik halflig van die pastorie agter toe gordyne. Ná Tulbagh was dit nie meer hare alleen nie; die stomp vinger het hom ingeboor. Toe kom die stad: eers die akademie, hierna die kunsteraad. Partytjies en redes tot viering is ingeryg, altyd meer drank as kos. Ná 'n paar drankies het sy nie meer die toegeboude plek in haar kop nodig nie. Hierna is dit Ville en die babas, en sy verloor haar vermoë om dit te besoek. Behalwe as sy drink. Alkohol werk soos 'n raaisel: jy sluk dit en dan sluk dit jou. Soos Alice verword sy.

Die nuwe ruimte word ingekleur deur die soort drank, tyd van die maand, hoeveelheid. Dit wissel altyd. Sy kan die alternatiewe drankgids,

University of Cape Town

mét 'n sterstelsel, skryf.

Maar een reaksie is stiptelik, nes die treine. Soos die alkohol uit haar sisteem syfer, drup 'n donkerte in. Dít neem geen pynkapsule of anti-inflammatoriese pil weg nie.

Elke keer dat sy nou teen die drie, vier staaltrappies uit die swembad klim, neem sy 'n skeut van die water se stilte met haar saam. Dit pas gemaklik tussen haar take, filtreer deur haar gedagtes. Wim sê sy verander; niks meer nie. Sy kan skaars self haar vinger daarop lê. Dis 'n proses sonder nate en some.

Anders as die droom van Dirk wat 'n eie afgebakende plek in haar geheue het. Dit bly sy goed onthou van die begin tot die end. Hieruit het sy immers helder wakkergeskrik. Dit was vroeër die week, ná hy die suurlemoene gelos het. Sy't die dag daarna na sy huis geloop om vir hom dankie te sê. Sy't liggies geklop, maar niemand het oopgemaak nie. Haar verbeel sy hoor musiek; dalk was hy tog daar. Sy't vinnig padgegee, bang hy dink sy's lastig.

Maar daardie nag kry sy hom toe: sy hare is om haar nie soos 'n duvet of 'n kombers nie, maar 'n lap gedraai van bo haar skouers haar voete verby. Lig soos moeselien, maar met die draad van linne of crêpe.

Onmoontlik, jou hare is nie só lank dat dit my kan toedraai nie.

Jy is 'n vreemde vrou, Hanna, en hy neem haar kop in albei sy hande. Sy voel die kontoer van haar kakebeen onder sy vingers, haar nekvel teen sy duime. Sy hande definieer my. Ek sien my gesig daarbinne. Die punte van sy vingers raak my ore en ek hoor sy bloed waar dit bolmakiesie onder die nael, nes hy omswaai in die water. Ek soek die gewig en sterkte van sy hare, soos ek lap tussen duim en vinger voel. Ruik. Hoor. Vesel het stem. My oë loop al met die draad, die een-een haar, saam. Dis die kleur van grond. Die selfkant onder rou en onafgewerk.

Nee, keer hy, dis reg so.

Met hierdie lap maak ek niks. Dis klaar. Dit knip ek nie.

Toe sy wakkerword, is haar hande weerskante van haar gesig, maar dis sy stem deur haar vingers naby en versigtig in haar ore.

University of Cape Town

Saam met die komende jaarend kom gewoonlik meer werk.

Sy word genader vir 'n modeskou in die Mount Nelson in November ten bate van kinders met Aids, en vir die eerste keer in jare stem sy weer tot só iets in. Sy sal ekstra seamstresses uit die Bo-Kaap moet kry om te help; gelukkig is dit voor Ramadan.

Wanneer die Moslem-naaldwerkers teen die einde van die jaar vas, het sy saam met die gewone einde-van-die jaar ekstra's ook trourokke. Die bloedsuikervlakke van die naaldwerkers, insluitend Abbie, is laag en hulle is lam. Ná hul donkernag-ontbyt probeer hulle weer 'n slapie inkry. Maar word in dié tyd, wanneer die dag geleidelik vir ander mense breek, herhaaldelik uit die skigtige sluimering, vertel hulle, wakkergeruk. Kla nie; sê altyd ons is dit al gewoond. Maar die ongewone spysverterende aktiwiteite bring drogdrome wat kleef deur die lang, honger dag.

Modeskoue, soos die komende een, is alles wat 'n heilige vas nie is nie: uitasem uitroepe; wimpels goue gewrigte; 'n skril laklagie met die oggend-agterna klaar daaronder sigbaar. Dit bedreig nie meer nie. Dis eintlik net 'n effense irritasie - dis ook snaaks. Toe al wou sy lag, nou kan sy maar - oor die marionette en hul nydige meesters wat angstig suig aan sigarette en vonkelfluite. Liters mineraalwater. Skinkborde vingersnoepies - dié met die seldery en slaai sak altyd stadiger as die Mascarpone-happies en olierige angels on horseback. Daar sal minstens een rondslinger van aantygings wees; een skouspelagtige ineenstorting van senuwees.

Nou kan sy deel daarvan wees én apart.

Vroegoggend van daardie dag, soos elke dag sedert sy die middag saam met haar kliënt te veel gedrink en na meer gesmag het, sal sy die plat wit pil met sy afgemerkte kwarte, soos vier hartkamers, sluk.

Disulfiram. Die woord proe soos stof op haar tong. Partykeer neem sy dit en voel niks - kan net sowel parasetamol wees. Ander kere sluk sy dit met 'n glas vrugtesap en die high, die louter vreugde, dat sy in beheer en nugter is, is so salig soos vonkelwyndronkenskap. Of sy visualiseer bedruk 'n voorskrif wat ad infinitum herhaal word soos vir epilepsie en skisofrenie.

University of Cape Town

En soms sluk sy in skaamte. In die literatuur saam met die Antabuse staan die woord *afweermiddel* wat haar verlaag na 'n rot of 'n vlieg. As jy saam met jou Antabuse drink, word jy siek. So benoud of naar met jou hart wat uit jou borskas klim, jy sweer nooit weer nie.

Sy't gehoor van mense wat Antabuse-plakkers wat onder hul vel ingeïnplanteer is, uitkrap met passers. 'n Morbiede troos: immers is sy nie al een met 'n dors wat nie deur al die krane van die wêreld geles kan word nie.

Al wat oorbly, is die raaisel: hoekom sy vir weke, dikwels langer, sonder drank kan klaarkom, of een, net één, drankie kan drink en stop - en op 'n ander keer, in onder 'n halfuur, verdrink.

Soos die datums in haar dagboek omblaai, verander die platane buite die oefenplek. Sy staan gewoonlik met haar rug na die water en gesig na die bome wanneer sy eers haar handdoek om haar draai en bo haar borste omvou, haar swembril afhaal en dan die ergste water op die pet teen haar been afskud. Onder hul lentemantels is die platane ligter. Hulle sou soos appelgroen lugballonne kon oplig teen die reënkant van die berg. Maar dis nie die kleur van die blare wat sy in haar kop versamel nie. Die inspirasie is die stam in ligdeurlatende stof: sy-chiffon, tafetta, organza, rou-sy. Sjiek nousluitende lyne, kaal skouers, die enkele ry delikate glaskraletjies op die soom of as skouerbandjie. Afgestemde afwerkings, maar asemrowend. Sy stap baie myle op soek.

Wanneer sy van die swembad terugry huistoe en besef sy't uit vrye wil weer met niemand gepraat nie, weet sy nogeens haar alleenloop was haar keuse, maar is ook gesny na die patroon van haar voormense.

Agter-grootouers Joshua en Anna het al op die buitelyne van gedoen en lawaai getrek tot hulle nie meer verder kon nie as die eiland waar die suinige plante en gebrek aan beskutting spieël was van die makeer van mense. Hul seun, haar oupa Hans, en sy Amelia was anders. Met albei se begrafnis was die kerk uitgepak, al het haar oupa nie met die broers van die afdelingsraad saamgeloop nie. Haar eie pa, Hans se seun, verdwyn al verder in die verlede en sy sal nooit weet of hy makliker met sy gemeente

University of Cape Town

of met God gepraat het nie. Haar ma, dit weet sy, het haar take as predikantsvrou pligsgetrou uitgevoer, maar met weinig geklets - buiten die piekniek rondom die blomrangskikkings. Hanna kan nie rêrig vriendinne wat sommer ingeval het, herroep nie. Vroue van die gemeente, ja, maar dis iets anders. Dis kliënte.

Ook later in die ouetehuis was haar ma se geselskap haar radio en haar televisie. Die matrone het by geleentheid vir Hanna gesê sy's besorg: haar ma hou haar so eenkant en doen nie mee aan die bus-uitstappies na Kaappunt en die Waterfront en die Weskus se lenteblomme nie. Sy het na die einde nóg minder gepraat en iesegrimmig reageer as Hanna oor iets wou uitvra.

Groot brokke van my geskiedenis lê langbeen-kortbeen onder hierdie appelkooskleurige bedbaadjie, het sy gedink toe sy langs haar ma se laaste netjiese bed in die siekeboeg staan. Die appelkoosklossies om die skilpadkeel strik dit vir altyd in swye.

Die verlede bly fassinasie - en verskoning.

University of Cape Town

Toe sy dieselfde week weer vir Dirk by die instituut raakloop, is die droom tussen hulle sonder tong of taal, maar dáár. Die suurlemoene vergete. Hy kom net 'n paar tree agter haar, van 'n teenoorgestelde rigting, by die draaideur van die oefenplek aan. Sy's seker hy kan haar nagtelike uitvlugte - en homself daarin - ruik. Sy kan skaars maak of sy hom nie gesien het nie.

Hy is kaalvoet; handdoek om sy nek. Hy vra nie weer hoe dit met haar gaan nie. Sy sê iets oor die hitte. Ja, die swembadwater se veilige temperatuur. Die water, noem hy, het laas sy oë geïrriteer omdat hy sy swembril vergeet het. Vreemd, dis mos nie chloor nie. Dis in die middel van 'n Dinsdagoggend; die plek is leërig.

Eers toe sy afswem na die bodem - waar die stilte kompak is, maar sy ligter as ooit - onthou sy van die suurlemoene. Dalk ruik hy na sitrus. Sou dit nou afwas, saam met die bewyse van die loopplekke en neste waar hy dalk sou lê?

Soos sy Dirk meer plek in haar kop toelaat, volg Ville soos 'n

skaduwee. Toe sy hom leer ken het, was sy hare ook lank. Reguit en lig, soos Anja s'n nou. Hulle het mekaar die eerste keer op 'n partytjie raakgeloop. Hy het met iemand anders daar aangekom, maar weer en weer met haar gedans totdat die ander meisie se oë, selfs in die halfdonker van die bokshuisie in die Waterkant, haar verbouereerd buitentoe gejaag het. Sy was met haar sleutel in haar hand by haar Volksie toe hy haar aan haar skouers na hom terugdraai weg van die ligte op die inkblou water. Omdat hy groot is, het hy haar uitsig volledig afgesny.

Die eerste maande van hulle verhouding, die periode direk na Anja se geboorte en ander tye wat sy lankal nie meer aan 'n kalender kan koppel nie, was onbehoorlik lig en heerlik. Dit het gebeure en mense rondom hulle uitgesluit. Hulle het meer as genoeg aan mekaar gehad

Dis net Dirk en 'n vroueswemmer oor in die swembad toe sy uitklim. Die vrou in die onvermydelike swart eenstuk wat met breë bande oor haar blaaie kruis. Sou swem vir iemand wat haarself so moet dryf 'n kruis raak, sy wonder. Die androgene skouers en arms lig hoog en sterk uit die water. Vlinderslag. Hanna het hulle al hier sien oefen. Professionele swemmers, aldus Nelle, provinsiaal en nasionaal. (Nelle het gesê sy sal haar kom help met stylverbetering; iets wat sy met haar loopstokke van die kant kan doen.) Dis 'n onewewigte teenwoordigheid; naas hulle lyk selfs die bogemiddelde amateurswemmers lomp: 'n bolyf wat rol, 'n been wat weerbarstig skuins na links bly skop en voete wat met die induik soos dooie visse wegdrywe van mekaar. Aan die verste kant van die bad, daar waar jong palmbome in bakke staan en 'n rooi horlosie-arm die sekondes op 'n wit skyf afkap, draai die vroueswemmer lank voor Dirk rats om. Tuimel om en af en weer op. Sy trek die waterlyne van die dolfyn. Maar aan haar linkerpols kanselleer die bonkige waterbestande horlosie, wat onder die water verdwyn en weer verskyn, alle metafore met seewesens.

Sy pas is ongejaagd. Toe hy draai, keer sy haar rug op hulle. Sy't meer werk as in 'n lang tyd. Vandag is dit ook sy en Anja se rok. Sy't lanklaas vir haar iets gemaak, maar sy's maar tussen sewentien en nou verander 'n meisie se vorm gering. Gewig wat kom en gaan, is maklik. Sy

University of Cape Town

maak ook staat op die maat van haar oë. Dit moet klaar wees voor die partytjie wat Philip vroeg in September vir haar wil hou; voor sy weer vort. Sy sal al die werk hieraan skelm moet doen. Sy en Abbie. Gelukkig is hul hande met geheime vertroud.

Sy wil net loop toe Dirk agter haar praat. Hy hang met albei sy hande aan die rand: "Klaar?"

Sy knik.

"Hoekom so kort?"

"Ek moet gaan werk. O, ja, en dankie vir die suurlemoene. Kom dit uit jou tuin?"

Hy knik. "Plesier. Wat werk jy?"

"Ek maak klere."

Opeens hys hy hom glimlaggend hoër op dat sy elmboë ook op die rand rus: "A, dan kan jy my help." Hy vee sy neus met die agterkant van 'n hand af. "Ek het 'n stuk lap gekry. Iemand het dit vir my van Mombassa gebring vir 'n tafeldoek, het hulle gesê, maar dis te mooi. Ek dink ek wil eerder 'n hemp maak."

"'n Tafeldoek kan seker nooit te mooi wees nie?"

Hy skud sy kop, nee, hy stem nie saam nie: "Kan ek dit bring, die lap?"

"Ongelukkig nie."

"Hoekom nie?"

Katte se oë in dié skakering begin by oranje, kleur na verskillende dieptes van koper tot by die bruin van haselneut. Die water om hom lyk nou meer kunsmatig as ooit.

"Ek maak nie vir mans klere nie." Sy wil verduidelik: "Dis net dat."

Hy val haar in die rede: "Mens kan natuurlik altyd een uitsondering maak. As mens wil." En hiermee loods hy sy lyf, en sy oë, in sy waterbaan. Toe hy sy linkerarm lig, is sy oksel 'n nat swart gleuf. En dan is hy weg. Sy wou nog. Sy draai om om te gaan stort.

Toe sy die volgende vroegaand gaan stap, hurk hy op die houtblokke tussen grondbedekkers wat die rooigeverfde tuinpaadjie van die Lloyds vervang het. Voor hom is 'n ry gate en langs hom 'n ry plante in swart

University of Cape Town

plastiekhouers. 'n Jong kat - een wat Hanna nog nie in die buurt gesien het nie - sit en hou sy handewerk belangstellend dop vanagter die gate. Hy kap met sy poot na 'n droë blaartjie, maar lusteloos en afgetrokke. Sy eintlike belangstelling is Dirk se hande. Dis 'n semi-langhaar in 'n onmoontlike kombinasie van kleure. Op sy neus en in sy ore het hy swart sproete. Sy pels is deurmekaar, of hy pas getuimeldroog is. Nagaapgevreetjie.

Hanna kietsiekiets voor sy dink. Dirk kyk om en hulle groet gelyk. Hy gaan aan: "Jy wil haar nie dalk hê nie, wil jy?"

"Hoekom?" Hierop kom die kat, asof op que, stert in die lig na die hek aangestap. Sy't 'n hoë, fyn stemmetjie. Hanna lag, buk oor die lae houthekkie en tel haar op. "Sy weeg niks." Sy druk haar gesig in die pels: "En wat is jou naam?"

"Sy het nie 'n naam nie; ek noem haar sommer Kat. Jy kan haar regtig kry, ek's ernstig." Hy kyk steeds nie op vanwaar hy werk nie. "Jy't nie my versoek heroorweeg nie, het jy?"

Sy ignoreer sy vraag, maar stoot die hekkie, wat nie op knip is nie, met haar been oop: "Soek jy eerlik vir haar huis?"

"Ja, my sussie het haar hier aangebring. Sy dink ek ratel alleen in die huis en toe het ek nie die hart om haar weg te stuur met die kat nie, maar sy gaan die voëls vang."

"Rare kleurkombinasies, né."

"Dis hoekom my sussie haar Sif noem."

Hanna kliek nie dadelik nie: "Sif?"

"Ja, sy sê die kat het onder deur 'n sif geloop toe kattekleur uitgedeel het."

"Ek sou eerder sê Siffie. Sif klink te veel na sifilis."

"Ja, daaraan het ek nie eens gedink nie. Dis anyway stupid om katte na kombuisgoed te noem, maar dié sussie se bedrading is bietjie weird. Rasper, Ketel en Vergiettes? Ek dink die kat is maar net gekruis tussen 'n geelslang en 'n tortelduif en vir alle gebeurlikheide gekamoefleer."

"Wel, dan is sy eintlik Soldaat, is sy nie? Kyk, elke poot lyk anders." Die kat se spin is meer indrukwekkend as haar miaau. Hanna voel die lyfie

University of Cape Town

teen haar sidder van genot. Dirk strooi verskillende bietjies wit goed in die gate, woel dit om met sy hande. Dis seker soos hy kosmaak: ongeërg en sonder omhaal. Hy lig die eerste plastiekhouer met die een hand, dop dit om in die palm van die ander en stamp-stamp op die agterkant, waar fyn haarwortels uitrank, totdat die silindervormige stuk klam grond rondom die plantwortels begin uitskuif. Hy staan op, vee sy hande aan sy broek af en gaan haal 'n groter sak wat teen die stoep rus. Nóg goed kom in die gate.

Die kat maak haar week. Sy's lus vir die sagte lyfie.

"Jou tuin lyk mooi." Die tuin lyk inderdaad heeltemal anders. Die Lloyds was oud en die plek was onder kannas, varings, malvas. Hiervan sien sy niks meer nie. Dis vervang met sagte groen goed, plante wat sy glad nie ken nie, wat versigtig rondom die huis sit. Hulle sal al nader aan mekaar groei, die huis en die tuin, totdat hulle een is. Waar daar nog nie groen is nie, is die grond toe onder boombas. Aan die westekant is jong bome staangemaak. Die potplante op die stoep is weg. Die groot houtvoordeur staan wyd oop en die skuins laatmiddagson straal weerskante op die gebrandskilderde loodglasruite. Hy hou op werk, rus sy elmboë op sy knieë en kyk na haar. Die reënboogvlies van albei oë is amber gestip. Nes die strepe in die ordinêre bruin van sy hare. Sy regteroog, nou eers teen die son sien sy, is troebel.

"Ek sal dink oor die kat, die kinders sê ook ek moet weer 'n dier kry, maar ek weet nie. Dit bind mens."

Hy draai sy kop, begin neurie en gaan aan met sy werk; asof sy nie meer hier is nie. Sy kan hom nie blameer nie. Die leë swart sakkies sit hy eenkant op 'n hoop. Stukkies sement wat uit die grond kom, gaan op dieselfde hoop.

"O ja, ek het destyds jou dogter by die pikkewyne ontmoet, Anja. Sy's nogal iets, is sy nie?" Hy wag nie vir 'n antwoord nie. "Wat het jy nog?"

"'n Seun, Wim." Nogal iets, wat beteken dit?

"Wim? O, Wím, is hý jou seun; that figures. Ek weet wie hy is. Hy doen spotprente en goed. Philip se Wim. En wat nog?"

"Wat nog?"

Hy krap die grond van die blou Michell's-plantetiket af: "Het iemand al

University of Cape Town

ooit vir jou gesê dis 'n logistieke uitdaging om met jou kontak te maak." Dis die bewolkte oog wat haar vashou.

"Ek sal jou later oor die kat sê, laat ek net bietjie dink, ek moet nou eers loop."

Sy los die hek nes dit was.

Hy praat agter haar aan: "As ek vir jou die kat gee, kan jy vir my 'n hemp maak. Ek sal jou betaal ook, dis eintlik 'n bargain. En seker nie 'n buitengewone ruiling van vriendskaplikhede tussen bure nie, is dit?" Die stippels takseer haar; nie onvriendelik nie. Die kat skuur teen sy been.

Net dae ná die partytjie waarop sy Ville ontmoet het, nooi hy haar na sy huis. Dis die Wreschweg-huis, toe nog nie opgeknap nie. Toe sy oor die drumpel tree, sê haar intuïsie, wat tegelyk agteruit en vooruit voel: dis dit dié.

Hulle drink rooiwyn in die kombuis, teenoor mekaar by die tafel. Die ure en gebare wat die uitstel voorafgaan en verskerp, moet eers afwentel. Terwyl hulle afsonderlik, elk in sy eie intieme tyd, instel op die kollektiewe ritme van minnaars. Uit die koelkas haal Ville 'n erdebak komkommersop. Uit die vrieskas dop hy ysblokkies en voor die agterdeur pluk hy peppermentblare terwyl sy artisjokke stoom. Hy wys haar hoe om verby die skubbe by die hart te kom. Hulle eet amper klaar voor hy haar hemp oopknoop en afskil. Hy is 'n bedrewe kok.

Toe sy die volgende oggend in die vreemde kamer wakkerword - dit wat nou haar werkkamer is - weet sy nie onmiddellik waar sy is nie. Die kamer is te netjies; anders as haar eie een in die stad. Sy sien haar klere hang oor 'n stoel van seil en ligte hout. Sy klere is netjies gepak in groot oop kiste wat met ligte verf gewas is. Van 'n skeepswrak, hoor sy later. Voor die skuifraamvensters hang lang lengtes katoen wat roer op die maat van wat ook al buite gebeur.

Van daardie dag lê die hand van die aardrykskunde-onderwyser uit die aardbewing geleidelik ligter. Hy het mededinging. Ville is 'n perfeksionis, leer sy.

Ook 'n ambisieuse werkslaaf, 'n man vir dae na binne gekeer. As jy lol,

University of Cape Town

verdwyn hy deur die gaasagtige lap deur die ruit.

Maar hy wys ook die ander kant. Onverwagse trane - niks meer as 'n klammigheid nie - met die uitvou van haar lyf vir hom; die geboorte van eers Wim en toe Anja.

Hy leer haar goed - maar nooit hoe om te sê nie. Die mond bly 'n koevert, onoopgemaak. Hierin is ook sy swakheid versteek.

Hul wittebrood is twee nagte op Matjiesfontein.

Geboue, dit het sy nou al ontdek, is vir Ville soos mense. Hulle kan onvergeeflik pretensieus, pseudo of banaal wees. Of klassiek, stylvol en intelligent. Hulle het 'n sin vir die werklikheid of nie; selfs 'n sosio-politieke gewete. Tussen 'n muur en sy omgewing kan daar 'n spanning heers soos tussen mens en mens. Maar eers op Matjiesfontein weet sy dis dít (en nie sy eerste vlietende vrou, soos sy kortliks gevrees het nie) wat sy eerste liefde sal wees.

Die Saterdagaand word hulle tussen swaar silwerkandelare en massiewe side-boards bedien deur die plaaslike bevolking onvanpas in stywe Victoriaanse uniforms. Sy en Ville het die dag alles gesien wat daar te sien is. Hy vertel haar hoe hier kroket gespeel is, daar krieket, tennis en biljard. Hy wys die gietysterhekke by Tweedside vir haar uit, die huisie waarheen Olive Schreiner voortdurend teruggekom en lang briewe vir haar man geskryf het, die Londense lamppale. Matjiesfontein het die eerste lopende toilet in die land, hoor sy, so ook die eerste elektriese lig. Hy gaan vir 'n tweede keer terug na die museum onder die stasieperron - terwyl sy onder die hoë plafon van hul wittebroodsuite teen die Karoo-middag met 'n boek gaan lê.

Hoekom kon sy nie net vir hom sê nie: "Kyk na mý! Los nou daai damn ou Britse posbus."

Omdat sy besef sy's kinderagtig. Lagwekkend eintlik. Dié plek begin as 'n verversingstop vir treine in die middel van 'n halfwoestyn het tóg 'n interressante verlede. Hulle sal nie gou weer hier kom nie. Natuurlik is sy simpel.

Dit wat mens meer as dertig keer doen, word 'n gewoonte, het Karien altyd gesê. En teen dié tyd het sy haar woorde al baie meer as dertig keer

University of Cape Town

gesluk. Haar stilbly pak laag op dun laag binne-in haar aan nes die Karoo-water 'n nuwe witgrys lewe teen die binnewande van potte en ketels teel.

University of Cape Town

Nege-en-twintig

Sy begin soek by die job lotters in Soutrivier en Woodstock vir die materiaal van die rok wat sy vir Anja wil maak en gaan eerste na waar sy die eerste rok s'n gekry het, welwetend dis maande later. Sy en Abbie het omtrent twee weke; meer as genoeg tyd. Sy kan, met Abbie se hulp, so iets in twee dae maak.

Hierna moet sy dadelik met die Mount Nelson-reeks begin. Die opdrag is aanddrag, uitsluitlik. Dit voel, soos die Weense balrok, soos speeltyd tussen skoolperiodes. Haar deursnee-ontwerp moet dien as werk- én uitgaanklere. Vroue wil dit lank dra - tien jaar en meer - en koop veral nou duursame materiaal. Die meeste weet hoe om die gebruiksjare selfs langer te rek met handwas, omkeer-hang in die son of versigtig plat neerlê in die skaduwee.

Langs die sypaadjies waar sy stop, word raves, gigs, boksgevegte, cash loans en evangelical ministries van maande gelede op flenters en songebleikte plakkate adverteer. Agter groot diefwerende panele is die kafee's en groentewinkels budgie-hokke. Die deurpanele staan nou eenkant tussen stapels leë bokse. Die mense hier hou van agterstevoor pette en laslapleerbaadjies. Hulle ry in rooi sedans met ondeursigtige ruite en buitensporige lugdrade, en dra televisiestelle, mikrogolfoonde en CD-spelers in by pandjieswinkels of deur stowwerige deure kwik cash for all second hand goods - old or new.

Maar die lapplekke, waarvan een in die Oosterse plaza, vertel 'n ander storie, nes jy oor die drumpel tree. Die vesel wat jy ruik, is geweef in Frankryk, Egipte, Indië, China en Australië. Jim Thomson se nuwe sye kom uit Thailand. Dis op dié se spoor wat sy vir die bodice is.

Hier moet jy slim kyk, jou oë toemaak en jou vingerpunte inspan. Soms spaar jy jou kliënt honderde rande per meter. Omdat jy deur 'n mengelmoes moet speur en snuffel, is dié plekke, party groot soos pakhuise, vir haar lekkerder as die voorspelbare upmarket plekke.

Gesprekke met die werknemers op die vloer, hoofsaaklik vroue, en mede-kopers, vir die grootste gedeelte ook vroue, het weinig met 'n bestel buite die deur te doen. Dis 'n tydkapsule waarbinne 'n kameraderie volgens

University of Cape Town

ingewyde kodes en ordes verloop. Stories oor pypbomme, bankrowe, vloede, berg- en plakkersbrande, Aids-wesies of die moontlikheid dat Distrik Ses, klipgooi van hier, 'n handwringende herlewing mag beleef, lê laag op die agenda. Ruilhandel in gesteelde goedere enkele meters ver gebeur op 'n ander vasteland. Die taal is gerusstellend: krimp, was, sny, selfkant, viscose, dry-clean en voile. Honderd persent of sinteties. Smal of breed. As dit 'n goeie dag is, wag daar iewers tussen grond en plafon - en party van die plekke is meer pakhuis as winkel - kleur en tekstuur in 'n volmaakte samedans.

'n Plek soos dié definieer my. Wys hoe lossies die pante van my lewe geheg is, asof met rygdrade. Asof my hande so onbevlek is soos al dié s'n wat hier vat aan lap.

Waarvan sou Anja my beskuldig as sy meen selfs Wim sit op die kantlyn?

Maar eintlik gaan dit my nie aan nie, dink Hanna en voel 'n gemaklikheid in haar treë soos sy trap-op na die eerste verdieping, want dít was my keuse. Is dit vandag nog. As iemand, selfs my eie kind, dit bevraagteken, is dit nie my saak nie.

Maar haar gemoedstemming verander toe sy uit die winkel naaste aan die stad stap welwetend sy sal tóg in Mister Amhadiyya se oë moet loop kyk, want sy het alles vir die romp gekry en wel Thai-sy vir die bodice te sien, maar die blou is 'n skakering te lig. Dis nie reg nie.

Mister Amhadiyya is guur en sy lap die duurste - maar dikwels ook die beste - in die Skiereiland.

Hy't oorgeneem by Mister Amhadiyya senior, 'n liewe man altyd reg met tee en geselsies, maar hyself, glo ongetroud, kan skaars glimlag. Hanna het lankal besluit hy hou nie van vroue nie.

Sy naam ken sy net omdat sy werknemers, almal vroue, na hom verwys. *We first must ask Mister Amhadiyya.* Of: *Mister Amhadiyya doesn't like it if we cut a sample.* 'n Harem in dienlike skoene en eerbiedige kopdoekies. 'n Paar praat Afrikaans: "Wag net so; ek moet eers hoor by onse baas."

Dan staan sy maar: as jy verleë is, moet jy versigtig kieskeurig wees.

Buite in die wandelgang beweeg veiligheidswagte diskreet tussen potplante, praat sag in hul roepradio's. Dis aansienlik koeler in die lugversorgde winkel as buite. Toe sy inkom, loop sy direk na die gedeelte een trappie hoër as die res van die winkel. Heelwat van die materiale hier kos honderde, selfs duisende, rande per meter. Party, soos die handgeboorduurde sy, word agter glas toegesluit. Dit is die Rolls Royce'e van stowwe.

Maar in die stap na die regte rak sien sy klaar dis nie hier nie. Sy kyk rond, lig van die ander rolle op.

Die vrou wat hier bedien - sy dink haar naam is Wasifa - vra of sy kan help. Sy's bot, anders as die ander.

Sy beduie wat sy soek: "Ek het die ander plekke platgeloop."

Die uitdrukking op Wasifa se gesig is nie bemoedigend nie. Haar oë onbelangstellend, of dan net moeg.

Sal dit help as sy haar vertel - miskien het sy ook 'n dogter - dis lap vir 'n soenoffer. Dwaas of pateties, na gelang van jou invalshoek, want die een aan wie se voete jy dit neersit, is daarvan salig onbewus.

Sy en Abbie het na aanleiding van sy weet nie waarvan nie gewonder oor die Afrikaans vir "bias binding". Sy het die vertaling gevind en gekyk wat die verklarende woordeboek langsaan daarvan sê (niemand gebruik die woord nie en sy't dit klaar weer vergeet), maar het 'n paar bladsye verder vasgehaak by die definisie van 'n soenoffer: *offer gebring om (onopsetlike) sondes te versoen.*

Die melk skif tussen opsetlik en onopsetlik. Sou daar 'n spesiale afkoopgeskenk hiervoor wees?

Maar dis nie wat sy die vrou wat vermoedelik Wasifa heet, vra nie: "Daar's nie miskien iets agter nie?" As sy haar net op haar naam kan noem, maar kry sy dit verkeerd, verspeel sy dalk 'n laaste kans.

Die een wat dalk Wasifa is, sê met 'n moeë asemstoot sy sal gaan check. Sy bly lank weg. Seker 'n goeie teken; sy soek deeglik. Daar's honderde rolle.

Of dalk is sy toilet toe en bodder nie eens nie.

University of Cape Town

En dan is sy terug op die ligte marmerblad, haar oë so niksseggend soos netnou: "Ja, daar is 'n stukkie, maar dis nie te koop nie. Ek dink dit word vir 'n customer gebêre of dis die baas s'n. Kan self nie sê nie."

Hanna dink vinnig: "Is hy hier?"

"Ja, maar hy's nou besig met 'n customer."

"Ek sal vir hom wag."

Die wag is korter as wat sy gedink het. Nie 'n spiertjie verander in sy gladde, soel gesigvel toe hy na haar aankom nie. Mens sou nooit raai hy moes haar al seker 'n honderd maal of meer gesien en haar kredietkaartbesonderhede byna net soveel keer geprosseseer het. Sy oë is so donker, sy kan pupil en iris nie onderskei nie. Dit verbouereer haar. Dis eenrigtingglas en sy is aan die verkeerde kant.

"Is there 'n problem?" Dis niks dat hy haar nie groet nie. Dis nie wat sy soek nie. Sy soek net een-en-'n-kwart meter poublou Thai-sy. Sy kry skaam vir haar eie valsheid toe sy glimlag en môre sê en, asof dit nie reeds genoeg is nie, byvoeg sy bewonder nou net sy pragtige nuwe besending. En sy verduidelik so kalm as moontlik waarna sy op soek is.

"No, sold out."

Sy sien Anja se gesig toe sy daardie oggend ingestap het. 'n Venster op 'n skreef na haar jongvrouhart: die lekkertes van lyf; die ongekompliseerde verkwikking van iets wat mooi is sonder om eers te wonder of dit polities of sosiaal of wat ook al korrek is.

Nóg 'n glimlag: "Maar volgens daardie vrou," en haar oë soek haar in die winkel, maar nou is sy weg, "wat my gehelp het, is daar 'n stukkie agter in die winkel."

Hy frons, draai sonder 'n woord om en verdwyn uit haar gesigsveld. Sy kom agterna, maar stop toe sy hom en Wasifa sien praat. Dis duidelik dat hy haar en 'n kliënt in die middel van 'n gesprek langs die snytafel in die rede geval het. Die kliënt lyk ongesteurd. Sy streel (haar naels 'n soortgelyke skakering as die materiaal) versigtig oor haar lap wat oop op die tafel lê; die rol in die slootjie. Toe tel sy dit op en stap spieël toe daarmee. Sy hou die meters en meters versigtig opgerol in haar een arm. Die los stuk drapeer sy om haar skouers en bolyf. Sy kantel haar kop

University of Cape Town

tevrede.

Wasifa en Mister Amhadiyya verdwyn na agter. Die vrou voor die spieël sit die rol oor in die waai van haar ander arm, en vou haar nek en borste, haar ronde maag, weer toe in die lap. Haar kop rus nou na die anderkant, asof teen die wang van 'n minnaar.

Ek behoort haar te keer. Sy behoort nie kersierooi - veral nie met 'n blink draad - te dra nie. Dit pak kilogramme op haar plomp klein suikerfee-gestaltetjie. (Sy ken hulle, hulle is die behaaglikes. Hulle dra lekkerruikgoed en neig na knalrooi onderklere - snapsies kleur iewers te soek tussen vlesige voue.) Maar wat maak dit saak, want dit wat sy in die spieël sien, is welbehaaglik.

En dan is hy terug: "Come."

Wasifa wag geduldig eenkant dat die vrou klaarkry.

Mister Amhadiyya stap vooruit in sy klaarblyklik ingevoerde skoene, en vir die eerste keer voel Hanna paniekerig dat sy nie die lap betyds sal kry nie. Die snit van sy broek en hemp onberispelik. Noudat sy so naby aan hom is, sien sy sy dik bos hare is gekleur. Hulle loop deur die eerste pakkamer. Hier staan al die rolle in bokse. Hier was sy al. Hy sluit 'n volgende deur oop. Dit ruik nie meer soos materiaal nie. Op 'n eienaardige, enorme swart lessenaar staan twee telefone en eenkant 'n faksmasjien. Maar wat haar oë trek, is die afdruk van 'n jong Indiese meisie skraps toegewikkel in deursigtige lap. Haar oë onvermydelik groot en kinderlik.

En die mure kom nader terwyl die prent in Marge se badkamer op The Willows en alles daarna op Tulbagh terugdreun. Die meisie is so oud soos sy toe was. Mister Amhadiyya het 'n bos sleutels in sy hand en sy's alleen saam met hom in 'n hyser. In 'n motor. Haar wange word warm.

Dink aan Anja.

Dis net enkele treë na die staalkas in die hoek. Hy sluit oop. Lêers en enkele stukke gevoude lap. "I keep this," en sy hand rus op die materiaal waarna sy soek, toegevou in skoon plastiek, "for someone."

Haal diep en stadig asem.

Sy hand lig, kom na haar toe: "But you come regularly."

University of Cape Town

En dit is al - hy wou haar nie sien kruip of hom op haar afdwing nie. Dit lyk selfs of hy dit oorweeg om te glimlag, as hy net geweet het hoe.

Hy sukkel dalk net om te praat, dink sy toe sy uitstap met haar materiaal toegedraai in sneespapier en verseël in 'n sakkie met 'n dwars strokie kleeflint. Miskien wou hy nooit hierdie besigheid van sy pa hê nie. Dalk wou hy iewers in 'n toring of agter 'n naaimasjien sit. Sy brood eenkant bak, met net sy oë en sy hande.

University of Cape Town

Dertig

Philip sê met Anja is dit 'n kwessie van nimmereindigende afskeid: "As ek dink hoeveel keer ek jou al verwelkom en van afgeskeid het."

"Gelukkig jy's so mal daaroor," terg Anja terug. Hulle sit en koukus in die sitkamer. Hulle het Hanna geroep om te hoor wie hulle vergeet het; haar mense. Maar haar voorstelle, Pedro en Rositha, Nettie-hulle en Adriaan, is klaar op die lys. Sy sal self vir Leila nooi en het 'n boodskap gelaat op Suzy se antwoordmasjien, maar nog niks gehoor nie. Nadat hulle 'n maand of wat gelede saam gaan eet het, het hulle nie weer kontak gehad nie.

"We're doing this to death," sug Anja terwyl sy krabbel op haar bladsy met name en geregte. Selfs die tyd is 'n issue, want in die Kaap is mense altyd laat. "Maar maak ons dit vroeër," kla Anja, "rock daar altyd at least een mens betyds op terwyl jy nog in die bad lê, of faff oor die kerse."

Tog, stem hulle saam, is die reëlings eintlik half nicer as die eintlike partytjie. Philip stel voor almal bring hul eie drank.

Hanna weet hy doen dit vir haar. Wat sy selfs meer waardeer, is die wegskram, vandag, van 'n gesprek hieromtrent.

Wat die kos betref, het hy net een ononderhandelbare versoek: "Enigiets, net nie pizza's nie. Die dag as julle so 'n knoffel-en-ham whiff van Maitland se kant af kry, moet julle weet."

Anja gluur hom aan: "Hoekom sê jy altyd sulke goed? Dis so stupid!"

"Jy gaan ook eendag verbrand word, skattebol, jy't dit self vir my gesê. En omdat ek die dreaded disease het, mag ek nie daarvan praat nie?"

"Maar jy is nie besig om nou al dood te gaan nie," hou sy vol.

"Wel, ek is eintlik. So half in slow motion op maat van die een-twee-drie-terapie-wals."

Hanna wil Anja nie omkrap nie, maar wil Philip ook nie stilmaak nie: "Jy lyk vir my nou beter as 'n tyd gelede, Phil, hoe gaan dit?" Sy probeer altyd dié uitnodiging tot inligting so neutraal moontlik hou, maar vermoed sy kry dit nie reg nie. Dis 'n vraag met 'n albatros agterna.

"Op die oomblik gaan dit goed. Miskien is die heel ergste nou - dié maand; oor 'n week kan alles anders wees - die feit dat my hele lewe gereël

word deur my horlosie," hy beduie na sy linkerpols, "wat my elke vier uur herinner om my pille te neem; of ek nou slaap of in die fliek is of wat ook al. Nou die dag was ek by die Arbeidsdepartement besig om te sukkel om iets aan die verstand te bring van 'n volslae doos toe ek besef ek's oor my tyd. Nou moet ek eers alles los en die fruit-bar in my sak eet terwyl ek hol om 'n kraan te kry. Net om daarna weer agter in die que in te val.

"Maar minstens verstaan ek nou my pille. As a matter of fact, ek dink ek sal aptekerswese twee in die cyberspace loshande maak."

"Sjoe, onderbroke slaap maak mens op," onthou Hanna van haar kinders se babatyd. "Hoekom cyberspace?"

"Die nuutste inligting en goed is alles op die internet."

"Jy laat my sleg voel, Phil, ek sal werklik 'n plan moet maak. Ek is seker die laaste mens van my generasie wat rekenaar-ongeletterd is."

"You'll be surprised," lag hy. "Baie van jou generasie, moeder Hanna, kan skaars cope met 'n potlood. In hierdie land, anyway. Daarom weet ek rêrig nie hoe mens vir iemand wat nie kan lees en tel, kan leer om sy siekte te bestuur nie."

Anja onderbreek hulle. Geduldig was sy nog nooit en Philip moet nóú sê oor een of ander iets. Dis Hanna se kans om weg te kom: "Goed, ek moet aangaan. Sê net wat ek moet maak vir wanneer."

"Volgende Vrydagaand." Anja byt aan 'n los velletjie van 'n naelriem. Sy bedwing haarself om iets te sê. Sy't opgehou om haar naels te kou - nóg 'n uitvloeisel van haar omswerwinge - maar is steeds fyngevoelig oor enige opmerking. "Vrydae is eintlik tos, want almal is nog so half uitgefreak van die week, maar hy moet die volgende aand weer werk omdat Niel se suster trou of whatever. Niks, Mamshu, jy gee die venue."

Philip val Anja in die rede: "Niel is my nuwe second in charge, Hanna, jy't hom nog nie ontmoet nie.

"En jy's lekker grootbek, Anja, maar kom Vrydagmiddag gooi jy weer 'n spectacular wobbly omdat arme jý ook altyd álles moet doen. Nee, Hanna, baie dankie, maak asseblief twee dekandente koeke. Daai klam swarte wat jy by my geproe het - joune is anyway lekkerder - en nog iets, besluit maar self. Solank elke sny 'n duisend kalorieë bevat. Ek's 'n slag gatvol

University of Cape Town

van soetjies-poeperig eet."

Wim gaan cocktail-sosaties op die patio braai, Anja maak crudités en slaai en Philip sorg vir die brode. Hy gaan ook die glase huur. Philip tel die name: "Veertig. Maar who knows wie op die ou-end nie kom nie en wie sy nuwe naai saambring. Kom ons kry vir Dirk om vir ons 'n brood of twee te bak, dit sal 'n hit wees."

"Great plan," sê Anja, "community involvement en moenie daai woord sê nie."

Hanna is al in die deur toe sy weer draai na Philip, wat 'n kamma-vroom verskonende gebaar na Anja maak: "Vanwaar ken jy hom, vir Dirk?"

"Ek is nie presies seker nie. Soort van van altyd. In die trade. Ek sien hom meer vandat hy nou hier woon."

Anja se rok wag kant en klaar onder 'n sloop in die kas in die werkkamer.

Hanna voel tevrede as sy daaraan dink. Dit het niks aan die skuldgevoel gedoen nie, maar dit het 'n oop gesprek in haar kop met Anja aan die gang gesit - en dis 'n begin.

Eenkeer teen die einde het Anja uit die bloute, terwyl Abbie met afwerking besig was, by die voordeur ingeloop. Hanna het vinnig opgestaan en haar in die portaal gaan groet. Anja het haar in die verbygaan 'n piksoentjie gegee, haar sak en 'n baadjie halfpad kamer toe in die gang laat val en gevra of Blom gebel het. Toe hulle oomblikke later in die werkkamer instap, was die rok weg en Abbie druk besig met iets anders.

Pleks van haar gewone hanna-etiket het Abbie voorgestel sy handborduur een met Anja se naam.

"Goeie plan, waarmee?" wil Hanna weet.

"Ek het 'n bietjie rou sy in daai selfde blou by die huis. Dit sal mooi lyk op die cream." Abbie het 'n volledige naaldwerkkamer by die huis omdat sy oor naweke en saans vir mense in haar omgewing klere maak. "Wil Hanna die A met 'n kleine letter hê soos Hanna se label?"

"Ek dink nie so nie. Anja hou nie van die kleinletter nie. Sy dink dis pretensieus, en miskien het sy 'n punt," voeg sy by. Wat sy destyds as

University of Cape Town

beskeie vertolk het, lyk vandag anders.

"Ek voel altyd weer dis disrespekvol om iemand se naam so te skryf." Hiermee handel Abbie die saak af en Anja se rok kry 'n hoofletter A.

Hanna los die twee koeke met opset tot die Donderdagaand voor die partytjie.

Sy probeer saans besig bly: sy vermy die instituut se swembad omdat al die bane dan tot die maksimum beset is, nes Rushmika gewaarsku het. Vroegaande stap sy, beantwoord foonoproepe en pak werk wat die volgende oggend moet klaar wees en wat sy doelbewus los om die aand mee te vul. Sy gaan fliek of teater toe, meestal alleen. Sy lees meer as ooit. Op die oomblik, vir die eerste keer en heelwat after the fact, die eerste Harry Potter-boek. Sy vlieg, verstom, deur die blaaie en vermoed dié stories is verslawend. (Wim sê ja, dit is goed, maar Tolkien bly beter.) Professor Dumbledore is reg: Die Spieël van Erised wys jou jou diepste, mees desperate begeerte. Maar daardie is 'n towerspieël, want hier staan sy soms saam in die refleksie van 'n vrou se ergste vrees.

Aandete bied 'n ander uitkoms, want sy moet iets maak om te eet as Wim, of albei kinders, daar is. Welwetend sy kan haar nie verlaat op maaltye berei vir haar kinders nie. Wanneer dit gebeur, is dit 'n bonus.

As iemand my kop sou segmenteer soos mens warm beskuit breek wanneer dit uit die oond kom, sal hulle resepte en patrone uitlig, gekreukel soos die brein se voue, en wat nog? Dalk die antwoord op die raaisel: hoekom sy vir weke, dikwels langer, sonder drank kan klaarkom, of net een drankie kan drink en ophou - en op 'n ander keer, in onder 'n halfuur, verdrink.

Gewoonlik druk sy bessies of appelliefies in die kaaskoek net voor sy dit in die oond sit, maar vandag is sy lus vir iets anders. In die koskas kom sy af op 'n flessie groenvye, kap dit growwerig op en stoot dit met die toetspen tot net onder die oppervlak van die romerige beslag. Toe sy versigtig, bewus, na die oond stap met die vlak swart oondbak waarin die koek moet bak 'n derde vol kookwater, onthou sy dit wat die hele week aanklop.

University of Cape Town

Dis ook ingeskuif tussen die kos- en klereplanne. Dis dit wat glip tussen pleistering en baksteen. Wat wegraak, maar nie ophou bestaan net omdat dit uit die oog is nie. Van dieselfde mense van daardie ander aand gaan môre-aand hier wees en tussen die stemme sal staan: oop bottels, halwe en leë glase, ses koue blikkies onder gekondenseerde druppeltjies. Drank sal loop soos uit 'n oog.

Een drankie, net één, sal dit makliker maak. So min as 'n sluk whisky skoon uit 'n bottel. Dis nou as iemand whisky bring.

Ek stel uit om by die AA aan te sluit. As ek dit vroeër gedoen het, kon ek nou bel, dink sy toe sy die oonddeur versigtig toedruk. Goddank daar's nog 'n koek wat gebak moet word. Leila kan nie my enigste lewenslyn bly nie; dis ook nie reg teenoor haar nie. Maar terwyl sy haar nommer skakel, bid sy dat sy nog hierdie keer by die huis sal wees. Daar's Nettie ook. Nettie is simpatiek, het haar al kom oplaai en gesê nou gaan stap ons by die see. Tog voel sy sy moet steeds vir haar verduidelik, al vra sy nie.

Nie vir Leila nie. Sy weet. Sy's nog so bang vir die aande, sy drink elke aand halfnege 'n slaappil: "Dat ek net wegfloat, want hoe donkerder dit raak, hoe minder raak my expectations van myself."

Hanna kyk op haar horlosie terwyl sy skakel. Sy's nog hopelik veilig, kwart oor agt. Sy's ook gelukkig: dis Leila self wat antwoord en lostrek voor sy 'n woord kan sê: "O jinne, sorry, ek't jou nooit teruggebel nie. Ek moet jou eintlik sien, hier's klomp happenings aan die gebeur." Dit klink of sy haar hand om die gehoorbuis hou: "Kan nie eintlik nou praat nie."

Hanna snap dadelik:. "Hier's môre-aand so 'n bietjie van 'n totsiens vir Anja wat my ander kind - ek het jou al vertel van Philip - vir haar hou. Het jy nie lus om oor te kom nie?"

"Môre? Wag laat ek net so sien, my suster se dogter trou mos Sondag. Kom ek sê jou wat: ek pop net briefly in. Hoe's daai? Anders sien ek haar ook nooit voor sy weer gaan nie, né."

"Bring iemand saam dat jy nie alleen hoef te ry nie, een van jou kinders." Hanna vermoed hoe die wind waai en noem nie haar man nie.

"Maybe, ek sal maar sien. Kan ek 'n bordjie iets bring?"

Toe sy die foon neersit, sluit die twee halfrondes van Rondebosch-Oos

University of Cape Town

en Observatory weer iewers oor die meent. Só het Leila al 'n paar maal vir haar ook gebel, ondanks haar AA-konneksies.

Omdat alle mense, so glo sy, bad luck in common het. Die hoenderpoot wat by die doop met kohl op die Moslem-baba se voorkop geteken word, het sy vir Hanna verduidelik, en die skaap wat aan Allah geoffer word, is skraal troos: "Anyway is baie van onse mense te arm om 'n heel skaap te koop."

Toe hulle laas gaan stap het, het hulle besluit om 'n slag Keurboompark toe te gaan. Daar het Leila haar van die komende familietroue vertel. Sy moet help met die gebak vir die teedrinkery by haar suster se huis ná die moskee-seremonie, wat sonder die bruid gebeur. Sy't opgenoem: fancies, Hertzoggies, piesangpuri, koeksisters en Johnson's specials.

"En dit net vir 'n tee, dis nog nie eens die onthaal nie?"

"Nee, maar die tee is baie belangrik. Al die mans kom van die moskee af om geluk te wens en die bruid sit nou, for what it's worth, voor 'n spieël om die evil eye terug te stuur na een wat dalk met slegte intentions in sy hart daar aankom. Die man se mense steek ook nou die ring aan."

Leila se suster is met 'n dokter getroud. Die teken van hul welvarendheid word onder meer weerspieël in die drie uitrustings wat die susterskindbruid op haar troudag gaan dra.

Hanna lees tussen die lyne dat Leila se eie huwelik waarskynlik nou end se kant toe staan. Dis lank aan die kom, maar sy't gesê sy sal nog 'n een keer probeer. Sy is seker dis erger as mens na soveel jaar uitmekaargaan; sy sal moet uitkyk vir haar. Dis ironies dat dit juis nou, noudat sy nugter is, uitmekaarval. "Nee," verduidelik Leila, "dis nie eintlik nie. My shrink sê dis 'n classic case."

Leila praat dikwels en met verwondering van haar terapeut - 'n trotse toevoegsel tot haar uitgebreide familie. Hy is alles wat sy nie is nie: gay, jonk en "boonop 'n Christen. My pa draai in sy graf om, maar dan is hy seker al dronk van al die draai oor my".

Terwyl Hanna die baby marrows vir die sjokoladekoek rasper, dink sy aan die ortodokse oubaas wat roteer in sy graf in die Moslem-begraafplaas

University of Cape Town

teen die skuinste langs die Spaanschematrivier in Constantia.

Die kinders hou die ouers ongedurig. Deel van Leila se bad luck. Maar dra daartoe by dat ek vanaand hier staan. Dis kinders se taak op aarde, sou Rositha sê.

Later die aand is elke koek op 'n eie glasbord: een van ouma Amelia wat die aardbewing oorleef het en een van Sweedse glas wat sy van Ville present gekry.

Ek moet vir Ville skryf, 'n outydse brief met die hand vir 'n posbus waar dit ryp word soos 'n Krismiskoek. Mens gooi sulke goed nie oop in die kuberruim nie. Vir hom sê dit gaan goed met Wim. Anja ook, en sy's al weer op pad. En ek maak my vingers een een los van jou en van my ander eerste liefde ook. 'n Proses weliswaar agterstallig. Groete, Hanna.

University of Cape Town

Vroeër die middag het sy 'n nuwe kliënt vir 'n trourok gehad.

Toe die deurklokkie lui, sit en werk Abbie die etiket in Anja se rok (Anja is haarkapper toe; net vir 'n "trim") en hierna sal sy dit 'n laaste keer pars. Hanna kyk vinnig in haar dagboek voor sy die deur oopmaak om haar die naam te herinner: Janine.

Dis 'n lang, dun vrou wat straf rook. Sy sien en ruik dit nog voor sy deur die deur is. Haartekstuur, nikotiengekleurde tande en die geelbruin vlek tussen middel- en wysvinger. Laat-dertigs, hoewel die rook en te veel son haar ouer laat lyk.

Terwyl Hanna haar op haar gemak stel, vra Abbie wat sy wil drink. Hanna raai voor sy antwoord: swart koffie.

Dis haar tweede huwelik, verduidelik sy terwyl sy 'n sigaret uit 'n silwerhouer tik. Hanna wil haar net keer toe sy self onthou: "O ja, jammer. Dis nogals 'n oulike teken daar buite." Sy verwys na die Londense underground nie-rook-teken langs die voordeur. Iets wat Anja vir haar met haar eerste Londense besoek gestuur het.

"Vir my eerste troue het ek 'n spectacular outfit gehad, Errol Arendz, en die verhouding was 'n spectacular mislukking. Nou's ek so half bygelowig. Ek dink ek moet dit heeltemal down play, wat dink jy?"

Dis 'n middagtroue op Nederburg. Desember: kan snikheet wees, kan

ook reën. Hanna herinner haar vaagweg wie die bruidegom is; bekende sakeman. Sy skets en vra tegelyk: wat haar man gaan dra, of sy 'n gevolg gaan hê en of sy die trourok weer agterna wil dra. (Dis altyd 'n verligting wanneer 'n bruid haar outfit as eenmalig sien, hoewel sy begrip het vir die ekonomiese implikasies daarvan.)

Ná 'n uur en 'n kwart, toe sy Janine by die voordeur afsien, weet sy hoeveel gaste daar gaan wees, watter canapé's met die vonkelwyn bedien word, dat Janine reeds by haar aanstaande in Tamboerskloof woon (terwyl sy vrou in die loop van die "whirlwind romance" na Durbanville uitgewyk het) en dat 'n litteken soos 'n verskrompelde amputasie tussen haar borste hang. "Opehartopersie, maar die tissue oil help."

Soms kom die inspirasie uit die stem van 'n vrou, snippers vertel uit 'n vreemde lewe, of die manier hoe sy haar hande dra. Ander kere, soos nou, moet sy die bruid bou uit niks.

Toe sy terugkom in die werkkamer om die sketse en aantekeninge klaar te maak kyk Abbie vir net 'n oomblik op. Nie een sê 'n woord nie: dis nie die eerste keer dat hulle meewerk aan die oplossing vir 'n man se middeljarige krisis nie.

University of Cape Town

Die mense is vir agtuur genooi. Maar dis die Kaap en, soos Anja tereg opgemerk het, enigiemand (behalwe Pedro) kan enigetyd van halfagt tot tienuur opdaag. Anja en die Philips stoot laatmiddag die voordeur oop met Pick'nPay-sakke en borde en bokse en nóg blomme. Hulle sprei hulle uit oor die huis, elkeen entoesiasties doenig. Hulle skerts oor en weer en speel CD's.

Die musiek bly deel van hul agtergrond-gedoen.

Maar meteens is dit asof hulle sagter lawaai, plek gee vir die rokerige, aardse stem wat haar werkspoed binne oomblikke verbreek. Sy verstaan nie 'n woord wat die vrou sing nie - van die werkkamer tot die sitkamer kan sy nie eens die taal identifiseer nie - maar erken die klank van verlange en verlies. Hierdie vrou wieg soos 'n wilg in die winters en somers van etlike liefdes. Maar begeerte het nie seisoene nie; gaan nooit weg nie. Dis hoekom die kitare, tromme, klavier en saksofoon saam met haar sing.

Dis toe dat Philip (háár Philip; sy verwys na sy vriend as Ander Philip, die Wit-verwysing het nooit by haar tuisgekom nie) haar werkkamer speels ingewals kom: "En as jy so sit?"

"Wie's dié daar binne?"

"Waar binne?"

"Die vrou wat sing."

"O, Cesaria Evora. Sy sing die blues soos dit hoort, né, uit die mik van haar hart. Ongelooflik sexy, dink jy nie?" Toe sy geen herkenning wys nie, gaan hy aan: "Nee, jong, in watter kas sit jy jou lewe lank? Ek gaan haal vir jou die CD-omslag." Gang-af roep hy terug: "My contribution to adult education."

Anja se rok hang veilig onder 'n sloop binne-in die kas. Vroeër die middag het sy en Abbie saam daarna gestaan en kyk: "Ek weet nie hoekom nie, maar dit voel vir my bietjie soos 'n bruidsrok. Ek het 'n gevoelentheid sy't 'n outjie oor wie sy ernstig is."

"Het sy iets gesê?"

"Nie juis nie. Wag, ek wil nie laat wees vir daai bus nie," het Abbie die gesprek in 'n ander rigting gestuur - bushalte toe tussen waarheid en onwaarheid.

Hanna het dit daar gelaat. Abbie en Anja se verhouding is tussen hulle, maar sy sal tog bly wonder.

Philip kom terug met die omslag. Die kaalvoetvrou dra 'n vormlose tentrok waar sy staan op 'n strand. Ouer, oorgewig en aantreklik. "Sy sing in Portugees en sy's van die Kaap Verdiese-eilande en almal het gedink dis maar net nóg 'n vet meid met 'n mooi stem, totdat sy 'n paar jaar gelede die big time strike in Parys."

Vir die grootste deel van haar lewe is Evora se musiek net in Afrika versprei. In 'n stadium is sy Portugal toe vir opnames in elke denkbare ateljee, maar mense sê nee, te nie-Westers, te Afrika. Toe seil sy maar terug na haar eilande - en swymel verder met 'n whisky in die een hand; sigaar in die ander. Totdat 'n Parysenaar, verlangs van Kaap Verdi afkomstig, haar Parys toe nooi. Sedertdien hou haar konsertreise nie op nie.

University of Cape Town

Toe die een Philip loop, kom die ander een in: "Gee jy om? Mag mens?"

"Natuurlik, kom in."

Hy blaai versigtig deur alles wat hang en kyk ook aandagtig na die rolle en stukke opgevoude lap: "Jy maak ongelooflike lieflike goed; ek beny jou so. Ek wens ek kon ook met iets tasbaar werk, iets wat my hande kan voel. Dis wat ek eintlik wou doen, maar, ag, dis maar die óú storie."

Hanna weet hy skryf rekenaarprogramme. Dié belangstelling is vir haar nuut: "En jy sê my nou eers, maar dis nooit te laat om te begin nie."

"Waar begin mens? Ek kan nie nou ophou verdien nie, ek wil vir Philip help as dit moet."

Dít is commitment, dink sy, meer as 'n ring en 'n seremonie.

"Jy kom na my toe en ek wys jou," sy kyk hom in die oë dat hy weet sy's ernstig, "as jy regtig wil."

"Bedoel jy dit? Dan wys ek jou my sketse, sommer sulke prentjies van goed wat ek uitdink."

"Ek bedoel dit."

Toe die CD klaar is, gaan druk Hanna die replay-knoppie. Die twee Philips is intussen vort, Wim het gaan fietsry en Anja sê sy gaan bad.

Terwyl Anja in die bad is, lig sy die sloop van die rok en gaan hang dit teen haar slaapkamerkas. Sy staan terug en kyk. Trek hier, druk daar. Onder die arm hang 'n los draadjie wat sy afbreek. Nee, dit lyk nie reg hier teen die kas nie. Sy pak Anja se sagtespeelgoed eenkant, glip die rok van die skouertjie en lê dit op haar bed neer. Sy knip die bedliggie aan en trek die blinding af. Nou kry die kleur lewe, haal dit asem.

Anja bad lank en sy roep by die toe badkamerdeur: "Sien jou later, Ans, lekker bad."

Sy stap vinnig en ver. Sy dink aan Anja se reaksie - dit kan enigiets wees. En aan Wim wat vir Portia genooi het én vir Magda. "Jy sal Magda, van die tydskrif, vanaand ontmoet, Ma," het hy vroeër vandag gesê. "Ek het haar toe ook maar oorgenooi. Sy ken mos vir Stephanie."

"Dis goed so, Wim, ek sien uit."

University of Cape Town

Sy loop 'n ompad terug, en sy weet presies waarheen sy op pad is.

Hier klop sy 'n tweede maal en wil net omdraai - sy's waansinnig, wat doen sy hier? - toe Dirk oopmaak.

"Hanna," hy lyk verbaas. "Kom in, kom, ek's net besig in die kombuis."

Hy stap voor haar in die gang af. Sy registreer 'n pappegaaiblou bank, diep soos 'n boot, in 'n vertrek regs. Dis oor die kat, sê sy. "Jammer dat ek so lank geneem het, maar ek dink tog ek sal haar neem. Dis as jy nog wil."

Op die houttafel in die kombuis staan twee groot emaljekomme. Hy is klaarblyklik besig met die brode. Die een rus, vermoed sy, onder 'n doek. "Ek wil baie graag. Wil jy haar sommer nou hê, sy't netnou geëet?" Hy wys na die bakkies eenkant op die grond. Nie katbakkies nie: 'n Chinese ryskommetjie, 'n groen en wit gespikkelde emaljebakkie en 'n groot ou sopbak met 'n verweerde goue strepie om die skulprand.

"Nee, ek dink nie vanaand nie. Nie met al die mense nie." Sy huiwer voor sy aangaan, maar kyk direk na hom: "Philip het my gesê jy bring brood, en dat jy kom."

"Ek is bevrees dis laat, want ek het tot netnou nog gewerk. Sit, ek het nou net koffie gemaak." Hy trek vir haar 'n riempiestoel onder die tafel uit. Dis 'n ou kombuis: glasskuifvensters voor kaste, gaasdeurtjies en 'n ou enkelopwasbak. Eenkant staan 'n enorme ou vleiskapblok. Die holte bo-op lyk half na 'n voëldammetjie. 'n Boom vir die kombuis van 'n man.

"Kan ek vir jou ook gooi?" Hy wag nie vir 'n antwoord nie, maar pak klaar twee bekers uit. Uit die koelkas haal hy 'n melkbeker onder 'n doilie. "As ek nie nou kafeïen inkry nie gaan ek loop lê terwyl die brood bak en staan nooit weer op nie. Ek is flou. Wanneer laas het jy geswem?"

Sy verduidelik van die baie werk op die oomblik. Sy kom te min daar: "Dit frustreer my."

Hy maak die oonddeur oop; toets met sy hand: "My ook."

Op die tafel onder die doek is die deeg bottergeel. Hy lig die doek en gooi dit oor sy skouer. Hy toets die deeg met 'n vingerpunt, draai om om die koffie uit die perkoleeder te skink en sit die melkbeker voor haar. Hy stoot sy moue op en begin die beslag afknie. Eers met sy kneukels, later

ook met die vlesiger hak van sy hand. Die deeg kom agter sy hande aan.

Pampoenbrood, verduidelik hy toe hy eenkeer vir 'n sluk koffie stop. Hy vou en druk die deeg en draai dit kloksgewys, oor en oor. Dit word gladder en ronder en al meer elasties lyk dit vir haar, maar van brood weet sy niks. Die reuk van gis en pampoen versny met die koffiebone s'n, soos die beslag van sy een ligte hand na die ander lyf kry.

Hanna maak haar voordeur oop. Die soet geur van die St Josephlelies in die portaal is vir 'n oomblik oorweldigend ná die neutrale Septemberskemer buite. Ná Dirk se vars huis; sy broodkombuis.

Dan kom Anja uit haar kamer in die gang. Sy bring die reuk van haar bad agterna. Sy't haar hare lossies bo-op haar kop vasgesteek met fyn beengekerfde pennetjies wat plek-plek wegraak in die ivoor en seeblond van haar hare. 'n Klam sliert hang weerskante van elke slaap. Sy's kaalvoet; haar toonnaels geverf met donker naellak vol blinkertjies.

En die res is rok. Doodeenvoudig afgekyk, ja, dankie Mister Amhadiyya ook, van die waagmoedige en onbeskeie taal wat poue praat.

Hierdie kind - net so kleurryk en uitgesproke en vanaand aangrypend mooi - is myne. Sekerheid oor haar pa kan dit nooit verander nie.

Sy maak haar arms oop: "Mamshu."

Terwyl Anja haar so styf vasdruk dat die klammigheid van haar hare lig soos sproei op haar gesig kom lê, sê sy niks. Toe sy terugstaan, streep haar maskara onder haar oë: "Hoekom het jy dit vir my gemaak?"

Anja se verbasing herinner haar aan Dirk s'n toe hy sy voordeur netnou vir haar oopgemaak het.

Hoe sê mens dit nou?

"Omdat jy en die rok mekaar gesoek het. Omdat jy, vandat jy terug is, my herinner aan die liefde. En ook omdat ek vir jou lief is soos 'n ma vir 'n dogter. Dis al."

Anja het nie 'n lang spieël in haar kamer nie. "Kom, het jy al gesien hoe jy lyk?" Hanna loop die paar tree na die werkkamer se deur voor haar uit. "Maak eers jou oë toe." Sy neem Anja se hand in haar eie en posisioneer haar voor die spieël. "Nog nie oopmaak nie." Sy maak die rok oor die

University of Cape Town

skouers reg, trek die oorliggende lae van die romp mooier. Haar oë neem 'n kiekie: van haar die beenpennetjies tot die donker glimmende toonnaels: "Nou kan jy oopmaak."

Dis stil in die kamer terwyl Anja stadig om en om draai. Die vel van haar slank nek soepel soos sy strek en so ver as moontlik agter haar probeer kyk. Weerloos, dink Hanna, te oopgevlek nou vir my, hierdie nek van haar. Agter haar oë prik dit sout.

"Is dit rêrig ek?"

"Dis rêrig jy. 'n Baie mooi jy. Spaar jouself twyfel en glo dit."

Anja antwoord nie dadelik nie, en wanneer sy praat, is haar stem dromerig: "Jy sal seker weet, Mamshu, dis after-all jou territory."

"Jy's reg. Ek sal weet."

Met dié stap Wim, wat ook onbewus was van die rok, in: "Wow! Ek dag dit ball-room in Wenen."

"Nee, dis my regte egte eie een, Wimps, kan jy dit glo. Is dit nie stunning nie!"

Die oomblik is verby. Anja begin onmiddellik konsert hou. Toe die twee Philips kort hierna die klokkie lui, is daar aan haar geen keer nie. Wim sê sy moet buitentoe kom, hy wil haar afneem dat hulle vir hul pa 'n foto kan stuur.

"En jou inskryf vir Miss South Africa," giggel Philip, "dat ons almal lipstiek wen vir 'n jaar."

Pedro en Rositha is volgende in die portaal. "O my God," juig Rositha, "do you know that the peacock is symbol of..."

"Ja, ja," val Pedro haar ongeskik in die rede. "This young lady is symbol of bloody beauty, Rositha, that's all, " en hy swaai sy kierie om die ander mense ook stil te kry, "and if only I hadn't lost the peacock's ability to erect the feathers, damn you all."

Binne 'n uur dreun dit van mense en musiek. Anja geniet elke oomblik, sy speel met oorgawe prinses. Sy's elke nou en dan die middelpunt van die partytjie. Mooi woorde dryf soos veertjies oor die lawaai in Hanna se rigting; raak weer weg.

University of Cape Town

"Just for an in and out," sê Leila toe sy inkom. "En maak dadelik vir ons hot chocolate, want dis goed vir die blood sugar levels, het ek nou al geleer by paarties."

In 'n stadium beland sy en Nettie by die kombuistafel. Hanna, wat met almal 'n woordjie probeer gesels, kom sit ook by hulle twee wat krieket praat.

"Hansie tax my nerves, ek stop heeltyd chocolates in as hy op TV is," kla Leila. Sy luister aandagtig toe Nettie die nuutste openbaring van die dag met haar deel. "Sies, dan sê hy nogals is die duiwel, is nie hy nie," Sy sny vir haar nog 'n blokkie Camembert, druk dit op 'n soutbeskuitjie en vat 'n fyn happie asof sy die lekkerte lank wil rek, "bloody cheek."

Hanna noem dat Suzy se vriend haar netnou gebel het: "Ek het nie gedink iemand gaan terugkom nie, want ek het meer as een boodskap gelaat." Sy praat nou spesifiek met Leila: "Suzy is terug. Dit gaan met haar nie goed nie."

"Dis bad. Ons moet vir haar kuier, Hanna, sommer môre. Heretog, het die kind nie 'n ma nie?"

"'n Ma help nie; jy weet dit so goed soos ek."

"Is ook true, né. Maar kom ons wees nou nie morbid nie, ek moet amper al weer gaan."

Die kombuis raak stil toe Leila en Nettie saam met ander mense uitbeweeg. My oomblik om aan die kant te maak, dink Hanna. Ek en my Antabuse. Die kombuis is binne twee uur omgedolwe en sy wil nie hê die kinders moet laatnag staan en was nie. Dis hulle aand.

Sy staan by die opwasbak, haar rug na die kombuis, toe sy dit ruik. Sy draai nie om nie, want dalk is dit nie waar nie, miskien net weer 'n vroeggebore nagdroom of 'n laaste stukkie fantasie van 'n lang dag. Maar wat is dit wat so louwarm is tussen haar kraag en haar haarlyn? Dis 'n kniebare warmte, 'n klamte ingehou, soos 'n warmsak. Soos een menslyf teen 'n ander.

Om uit te vind sal sy moet omdraai.

"Vir jou." Elkeen van die brode is toegewikkel in 'n ou meelsak, dun

University of Cape Town

gewas deur die jare.

Sy is tegelyk bly en verleë: "Dankie, ek weet nie wanneer laas my huis 'n regte brood gesien het nie."

Sy regteroog lyk moeër as vroeër. Die kafeïen het nie tot daar gekom nie. Aan haar hande is opwashandskoene, en sy leun net vlugtig met haar wang teen syne. Hy ruik na haarsjampoe en brood en haar hele lyf voel vir saamkom.

"Ek is amper klaar, dan kom stel ek jou voor aan van die mense. Jy ken darem vir Philip."

"Toemaar, gaan jy aan. Ek sien heelparty bekendes. Hierdie dorp is eintlik heeltemal te klein."

"Kry vir jou iets om te drink, Dirk. Wim braai buite." Hy haal 'n hip flask uit 'n binnesak van sy denimbaadjie. "Jy gee nie om nie?"

"Nee, ek gee nie om nie, natuurlik nie. Daar's nog glase hier bo my." Sy beduie met haar kop en toe hy strek vir die glas skuur die denim teen haar kaal arm.

University of Cape Town

Die geweld van die bom wat tienuur daardie aand in die wit Citi Golf buite Obz Café in Laerhoofweg ontplof, ruk die deurwag se baadjie, ook denim, van sy lyf. Dit skiet die twee borde kos waarmee 'n kelner op pad na die voorste deel van die restaurant is uit sy hande. Hy bly glo verdwaas staan in die rook wat by die oop deur inborrel, sy hande leeg, sy klante onder hul tafel en die mooi kos aan skerwe tussen die glasstukke.

'n Vriendin van Anja wat daardie aand aan diens was, het later die naweek kom vertel alles wat die koerante nie geskryf het nie, of verkeerd gehad het. Buiten ligte skrape het niemand seergekry nie, want die motor was nader geparkeer aan Obz Café se diensdeur op die sypaadjie en Meneer Alperstein se hardewarewinkel langsaan. Die venster wat heeltemal uitgeskiet is, was die een in donker hout geraam voor blikke verf, emmers, sae, skrapers, troffels, skroewedraaiers en verskillende groottes geel en blou boksies Polyfilla.

Die personeel en die restaurant-eienaar is onkant betrap. Obz Café en Philip se pizzaplek is van die enkele Observatory-kuierplekke wat die

afgelope weke nog nie onder laataand-rooftogte deurgeloop het nie.

Tog is niemand histeries nie. Die voordeur word gesluit en vir almal wat wil bly, bied die bestuurder gratis drankies - net wat jy wil - uit die goedtoegeruste kroeg vol yuppie-snapsies aan. Buite is die straat afgekamp rondom die haastige heen en weer van polisiemanne en honde, verslaggewers en fotograwe.

Maar oral in die smal onderste hoofweg en sy nóg dunner systrate kuier mense hul Vrydagaand end-uit. Die lug is elektries: dit is karnaval en Oujaar opgeklits in 'n cocktail met 'n ekstra skop, en tussen die gemaal glim die oë van die bomeenheid se honde rooi in die lig van flitsende kameras. Mense is verlig, maar kollektief en onafgespreek sein hulle ook na die gesiglose bomplanters: ons laat ons nie intimideer nie.

University of Cape Town

Ook in Wrenschweg is die slag onmiskenbaar. Hier, soos in die nabygeleë voorstede, weet jy dadelik wat dit is wat jy hoor. Meer as een mens het agterna vertel hoedat 'n bedmaat, wat al geslaap het, regop sou sit: "O, dit was 'n bom." Net dit en verder slaap.

Die Heidelberg (maar toe was dit AK-47's en helikopters laag oor die voorstad vir ure agterna) en die pypbom by die Mowbray-polisiekantoor - ja, Woodstock ook - is nog helder in die geheue. Ander mense was in die omgewing van ander ontploffings: Kampsbaai, die Waterfront, Wynberg, Athlone of Adderleystraat. Die twaalfuur-kanon op Seinheuwel het oor die afgelope twee jaar ongereelde, maar veel luidrugtiger, mededinging gekry.

Philip bel pizzaplek toe, en iemand draai die musiek sagter toe hy kortliks verslag doen. In die agtergrond loei sirenes al nader. Nettie, en nog 'n persoon, stap uit op die voorstoep vir selfoonoproepe. 'n Paar van Anja se vriende, mense wat Hanna nie ken nie, wil gaan kyk en is daar weg. "Die een ou is 'n fotograaf by die Cape Times," sê iemand.

En toe gaan die partytjie rondom die poublou rok aan. Al die sosasties word opgeëet, albei Dirk se brode verdwyn en van die koek bly net krummels op die glasborde. Kerse brand laag.

Teen eenuur is Hanna se huis leeg. Wim het vir Portia en die baba, Luke, wat die aand stroopsoet omgeslaap het op haar bed, teruggeneem

huistoe. Magda het toe nooit gekom nie; sy't op die tippie gebel om te sê haar hond is te siek en sy wil hom nie alleen los nie.

Anja het in haar rok op haar bed aan die slaap geraak nadat die Philips weg is. Toe Hanna 'n kombers oor haar bene gaan gooi en haar liggie afsit, kom sy by. Sy vat-vat aan haar rok: "Dink jy ek kan maar so slaap?"

"Jy kan as jy moet, maar ek dink sy sal verkies as jy haar uittrek." Hierop sit sy regop en soek met dom hande na die ritssluiter. Hanna help haar en gee haar 'n nagsoen: "Jou partytjie was 'n reuse-sukses; toe slaap nou."

Sy maak die kamerdeur agter haar toe. Wim is nog nie terug nie. Sy's nie bekommerd nie. Sy't gesien wat sy gesien het, maar sy nag saam met 'n vrou en haar baba kan sy haar net verbeel.

In die sitkamer sit Dirk op die vloer voor haar CD-speler. Sy hemp hang agter by sy jeans uit.

"Ek sien jy hou ook van Cesario Evora."

"Ek hou van haar, maar het haar vandag eers ontmoet. Dis Philip of iemand se musiek dié. Wil jy tee of iets hê? "

"Nee, ek wil nie nou tee of iets hê nie, dankie, maar ek wil jou help met hierdie chaos."

Hulle dra stelselmatig alles kombuis toe. "Ek is verbaas dat jy nie protesteer nie," merk hy terloops op.

"Ek ook."

Hy begin opwas en omdat sy nie genoeg pakplek vir al die skottelgoed het nie droog sy af. Die deur na die patio staan oop en die naglug, met nog net die belofte van 'n regte lente op sy asem, is koel. Die eerste afdrooglap is nat en sy gaan hang dit buite oor 'n stoel. Iemand het 'n serp vergeet; sy bring dit in.

Hulle loop haal dit van ver, waar dit veilig is. Hy vertel haar van sy suster wat in Toronto woon en na aanleiding daarvan onthou sy iets wat Karien geskryf het uit Christchurch. En die kat, ja, die kat sal môre kom.

"Name is nie juis my forté nie," bieg Hanna.

"Myne ook nie. Benewens dat ek ook nie van katte hou nie."

"Ons dooie kat se naam was Knip."

"Jou lamp ruik na ons plek by die lagune," sê hy teen haar wang, "en maak my lus."

Hy dans maklik, moeiteloos. Nes haar vingers - wat jare hiervoor geoefen het - eers die katoen van sy hemp takseer voor dit soek na die vesel van sy vel daaronder, onder sy hare in. Hier is dit louwarm soos die nuwe brode van vroeër die aand. Haar hande lees ook die grein van sy hare, sy handpalm teen haar eie.

Hoe, meet sy toe-oë, sal dit dra en hoe lank kan dit duur?

Een lyf maak hom geleidelik en ten dele vir 'n ander oop, maar dans is selfs nader en lieg nie lig nie. Dit laat haar praat: "Philip vertel my hierdie vrou, net voor sy ontdek is, het gesê sy sal gaan vir opnames Parys toe, want sy's sewe-en-veertig, was dit toe, en het nou niks meer om te verloor nie."

"En jy het veel om te verloor, gaan jy nou sê," spring hy haar voor terwyl die tempo van die tromme toeneem en snare hul hartkleppe soos sluise laat ruis. Die stem van die saksofoon ruik na whisky en rook. Hul dye gaan saam die draai onder die straatlig in en weer uit. Die huis rondom hulle sug in sy slaap, en sy wil iets sê voor haar tong verdwaal: "As dit verlies is, Dirk, is dit goed."

En sy sien oor sy skouer twee mense gly soos een deur die spieël bo die kaggel agter haar woorde aan.

University of Cape Town

## Agterna

Ek het Hanna se storie nie alleen vertel nie.

Baie dankie, Hillette Stapelberg, couturier en kostumier; André du Plooy, berader en konsultant; prof. Morné du Plessis, direkteur van die Percy Fitzpatrick-instituut vir Ornitologie in Afrika aan die Universiteit van Kaapstad; Louis Heyneman, uitvoerende hoof van die Kaapse Filharmonie; Jean Green en Anna de Wet wat sê nes dit is, asook vriend Pieter Marais vir intieme besonderhede oor sy motor.

Personeel van die Crescent-kliniek vir middelafhanklikes in Kenilworth het vryelik aan tyd en kennis gedeel. Barney Geldenhuys van Vuurtoringdienste, Portnet, het my onder meer na Robbeneiland gebring en Dasseneiland toe gevlieg. Hy en sy mense was die optiese onveranderlike in uitgebreide rondvaringe. Mitzi Buys en Mariëtte Venter het gedagtes en briewe uit die diaspora gedeel.

"Each writer writes the missing part to the other writer's story," het Alice Walker gesê.[i] Verskeie nie-fiksie boeke het my gehelp, maar die twee wat ek wil uitsonder is*: Southern Lights - Lighthouses of Southern Africa* deur Harold Williams (William Waterman Publications,1993), *en A bottle in the cupboard - Women & Alcohol* deur Yvonne Ward (Attic Press 1993).
Desember, 2000.

My waardering ook vir die versigtige toesig van prof. Etienne van Heerden van die departement van Afrikaans en Neerlandistiek aan die Universiteit van Kaapstad.
Februarie 2001

University of Cape Town

---

[i] In search of our mothers' gardens, The Womens' Press, 1984.